NERINA BENNETT NTHNER 001

# STOORNIS

MASTERS DEGREE IN CREATIVE WRITING 2001

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

GRADUATE SCHOOL IN HUMANITIES

SUPERVISOR: PROF ER VAN HEERDEN

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Signed by candidate

University of Cape Town

# INHOUD

A. VERSAMELING VERHALE: *STOORNIS*

DIE BESOEKER 1
DIE SLAGDING 13
IMAGINE 17
WAG OP DIE KONINGIN 20
BUS 7070 29
AGTER DIE LIG 36
STAATSGREEP 43
DIE MEESTER 50
MAARTIN 64
DONKERKAMER 68
DIE GENERAAL EN DIE SIENER 73
NAKENNIS 78
DIE SMOKKELROETE 82
LêERS 86
MYNVELD 93
STOORNIS 98
VYF VROUE 106
BLOEDGELD 110

B. 'N FEMINISTIESE LESING VAN *STOORNIS* *118*

OPSOMMING 129
SUMMARY 130
BRONNELYS 131

# A. VERSAMELING VERHALE: STOORNIS

# DIE BESOEKER

Ek kan my voorstel hoe Leonore wakker word, reik na 'n sigaret en die droomjoernaal langs haar bed. Langs die joernaal lê 'n flits en bandmasjien. Sy sal nie die kamerlig aanskakel nie; 'n skerp lig is 'n skok op die onderbewussyn.

Sy kan PLAY druk, in 'n vaak stem, gevolg deur 'n rokershoesie, die hipnagogiese warreling van droombeelde uitpraat. Hoe langer sy in die newels van drome kan vertoef sonder om wákker te word, hoe beter sal sy onthou.

Of sy sal die flits aanskakel, haar naggesigte opteken: materiaal wat sy dalk later kan verwerk in 'n storie. Want Leonore is 'n droomskrywer. Voor haar bed hang 'n droomvanger, in die vorm van 'n ster, of web, gevleg met biesies en vere.

Ook die droomvanger trek energie uit haar drome.

Eendag, dit was kort nadat haar esoteriese boekwinkel, House of Mysteries, oopgemaak het, het sy by die toonbank gesit en skryf. " 'n Skrywer se identiteit lê verstrooi in sy werk," het sy vir my gesê. Sy het haar pen gelig, haar armbande het geklingel soos 'n tamboeryn: "Nothing is real..."

Die volgende oomblik was daar net wind. Ek het opgevlieg, gekeer dat die porseleinfaeries nie van die toonbank afval nie. Maar die rukwind het Leonore se droomstorie gekep; ons het net papiere sien waai en sý, ontsteld agterna: "Daar gaan my persona!"

Ná twee maande was besigheid nog stil. House of Mysteries was geleë op die derde vlak van 'n nuwe winkelsentrum in Waterkloof.

Bedags het ons voor die groot glaspanele gestaan en kyk, gehoop op klandisie: ryk vrouens wat in ski pants en platforms stywebene aanwikkel, boetieksakke in die hand. In teenstelling met ander esoteriese winkels wat skemer en gedemp is met die eerste intrapslag, was House of mysteries óóp, en lig, uitgelê volgens die wyshede van die Feng Shui. 'n Gesonde energievloei sou só resulteer in 'n gesonde wins. (In die kantoortjie was 'n agterdeur wat ons nooit mog oopgemaak het nie; ".....otherwise the profit is going to vanish out through the door," het die Feng Shui - argitek ons duidelik gewaarsku.

Uit nuuskierigheid het ek wél een dag die deur oopgemaak. Die grys sementgang het my gefassineer. Ek kon vir ure in dié identiteitlose gang afstaar. Enige iets was moontlik. Daar kon 'n lyk lê (wie sal weet?), of daar kon 'n engel aan my verskyn. Of 'n stem, wat eggo deur die leegheid. In House of Mysteries was enige iets moontlik.)

Daardie dag hét ons 'n verlies gely. Die deur is nooit weer oopgemaak nie.

En in House of Mysteries was enige iemand moontlik. Kunstenaars en psigiese, sensitiewe en soekende siele het hul weg na waarheid en saligheid die winkel binne gevind. Kleurryke karakters. Psigiatriese gevalle ook, soms, soos die man wat ons vertroulik meegedeel het dat die Profeet Elia hom in 'n visioen gewaarsku het dat die aarde waggel soos 'n dronk man en in die jaar 2003 sal vergaan. Sederdien het hy elke boek oor die Nuwe Millennuim gekoop.

Ook kerktannies het hul weg na die winkel gevind, maar om die gemeenskap teen dié New Age-winkel te waarsku. Hulle het vinnig van die boektitels neergekrabbel, asof hulle roofkyk.

Maar in meervoud het ons almal dopgehou. Daar was baie spieëls wat almal se lig kon vang en vermenigvuldig, reflekteer; só is die positiewe Ch'i bevorder en die negatiewe Sha gedeflekteer. Ook die kantoortjie het 'n spieëldeur gehad.

Eers ná tien het die eerste klante hul opwagting begin maak. Dan het Leonore se gesig verskyn bo die koerant; het ons die gewone winkeltakies begin verrig.

Skuins voor half agt loop ons mekaar in die gang raak: Leonore, bestuurder, rinkelende bos sleutels in die hand, en ek, Jacques en Mario, haar boekassistente.

Weer verkyk ek my aan my kollegas se uitrustings.

"Môre," sê Leonore; haar donker hare saamgevat in 'n franse vlegsel en hooftooisel; die geel kaftan wat ontplof in rooi sterre; haar oorringe kan die omtrek van twee CD's beslaan; 'n Rosery om haar nek.

Mario; ten volle geklee in swart, ook swart gekleurde weermagstewels en 'n ketting wat tot op sy maag hang en lyk of hy dit by 'n troeteldierwinkel gekoop het.

My verloofde, Jacques, wat in sy Pods bo ons almal uittroon en afbuig, my vlugtig soen: sy Yin-Yang-kettinkie iewers in my nek.

Leonore sluit die glasdeure oop. Ons volg.

Verby die displays, nuwe titels tussen die gooiing: *Angels within us*, in waaiervorm gesprei. *Many Lives, Many Masters*, in trapvorm gepak.

'n Trommel.

'n Verweerde houttrommel, iets uit die vorige eeu.

Dit is Leonore wat verbaas hurk. In die stilte wat tussen ons hang - waar kom dit vandaan? wie het dit hier neergesit? - forseer sy die trommel oop. Die knippe krys. En die deksel lig.

Dit ruik na stof en muf en verre verlede.

Sy huiwer, begin dan versigtig uitpak: 'n swart krawat, 'n keil, ystervarkpen, leë inkbotteltjie, 'n onderbaadjie, langbroek, manel, twee skoene met gespes, handskoene, hemp met 'n opslaanboordjie, 'n robynring.

Sy frons. Heel onder....haar hand lig: in 'n swierige silwer raampie, 'n bruingeel geglasuurde foto.

Woordeloos kyk ons na die meisie. Sy het 'n vol gesig. Haar regterskouer is teatraal opgetrek. Sy staar verlate voor haar uit, oë wég van die lens.

Ek kyk vinnig om. Leonore vang my oog en sy pak die Besoeker se besittings vinnig weer terug.

Sy dra die trommel tot agter die toonbank en pak die inhoud weer uit.

"Dis onmoontlik," breek sy die stilte. Sy begin senuagtig met haar gebedekrale speel. Mario voel aan sy moonbag: sy kaarte is nog daar. Hy dra sy Tarot-kaarte altyd aan sy lyf, oral met hom saam.

"Ek gaan my gids raadpleeg," is dit Jacques wat vorentoe tree.

"Die incense," sê-dink Leonore en krap onder die toonbank. Ek gaan haal die wierookbrander.

Mario trek 'n vuurhoutjie; die muskus-stokkie rook. Hy maak seker. Die bopunt begin gloei.

Die winkelsentrum is stil. Jacques loop op sy geluidlose Pods tot agter die toonbank, langs die trommel, en gaan staan.

Die wierook brand. Die geur van muskus rank na bo. Hy maak sy oë toe. In sy geestesoog dryf die gipsbordplafon weg; die sierade van son ín wolke.

'n Teenwoordigheid vul die winkel.

Jacques lig sy regterhand, lê lang, dun vingers oor sy bors. (Ons wag; uit ondervinding weet ek dat sy gawe om kontak te maak met spirituele gidse en engele gebore is uit eensaamheid. In sy tuinwoonstel in Hatfield, wat hy sy 'Secret garden' gedoop het, woon hy alleen met sy M.A. in Filosofie en ander geeste as enigste geselskap. Ons praat nooit veel nie - in die diep nagstiltes, as ek die ure kan hoor asemhaal, verstaan ek hom volkome, asof sy gedagtes myne word. Op 'n skisoïede wyse verpleeg ek ook sy eensaamheid.)

En eensaamheid leer 'n mens om fyn te luister.

Met oop palms raak hy aan sy wange, maak dan sirkelbewegings bo sy kop.

Hy begin sien.

En ek sien deur sy oë.

'n Goue lig, soos 'n stralekrans, verskyn rondom sy kop. Die binnereis begin. Sy hart word ontvanklik. Leonore en Mario wag gespanne, maar met ontsag.

Die hart-*chakra*, die energiesetel verbind met liefde en lewe, gaan oop. Hy haal diep asem. In, en uit.

Soos 'n veer asemhaal in wind, beweeg die energie, in, en uit.

Nou visualiseer hy homself in sy eie intieme Sanctorum. 'n Plek wat Hermann Hesse in sy essay, The Refuge, só sou beskryf:

*I seek and long for a refuge within myself, a place where only I am, whither the world cannot reach and where I alone dwell, safer than mountain or cave, safer and more hidden than coffin or tomb. That is my goal, there nothing shall be able to intrude unless it become completely I.*

Hy loop deur 'n park. Reuse Akasia Elatas se blare begin fluister. Hy is heeltemal alleen. Selfs op die helderkleurige banke sit daar niemand nie.

Verby 'n fontein, met water wat lyk of dit geweef word in parabole, dansend, spierwit, loop hy.

Tjoepstil kyk ek, Leonore en Mario hoe hy transendeer. Sy kop hang nou slap agtertoe; steeds maak hy die sirkelbewegings met sy hande. Die muskus raak bedwelmend.

Hy loop; kyk na die Sint Josefslelies, wilde katjiepiering, Aaronskelke, sterjasmyn.

Dan sien hy duiwe. Die duiwe vlieg op. Helderwit vlamme.

Hoe verder hy loop, hoe mistiger word dit. Maar nie onheilspellend of triestig nie; eerder soos watte wat versigtig uitgepluis word. Sy Meestergids, wat hom al eeue lank lei, is iewers in die mis.

Hy loop. Met 'n ligte tred, of gravitasie begin afneem.

Ook die gids kom nader.

Ek hou asem op. Lang, swart hare val oor Mario se gesig. Hy kyk af. Die oomblik van eteriese opwelling raak te veel. Ek kyk hoe trane uit sy oë en in sy baard begin afloop.

By 'n poel water gaan hy op sy hurke. Die water lyk soos 'n plaat akwamaryn, maar as hy oor die oppervlak streel voel dit soos sy. 'n Paar oomblikke kyk hy na sy rimpelende weerkaatsing; staan weer op. (In die nag is die poel seker vol maanverborge geheime.)

Die sereniteit is tasbaar. Leonore het teen die tyd seker al in 'n Delta-staat van drome versink. Ek voel diep, diep gelukkig.

Die Meestergids, gehul in 'n gewaad van mis, kom nader.

Jacques kyk op. "Meester..." sê hy.

Minute gaan verby. Slegs sy reëlmatige asemhaling is hoorbaar, en Mario se ligte gesnuif.

Eindelik maak hy sy oë oop. Die wierook brand laag.

"Ons is hier om liefde te leer..." Leonore begin met haar gebedekrale speel. Mario kyk skaam op.

"Al neem dit eeue. Al wat verander, is die verwysingsraamwerk: die tyd, omgewing en liggaam waarin jy gebore word."

"Nothing is real," sug Leonore.

"Hierdie liggaam," vervolg Jacques en ons kyk gelyktydig na sy lang, maer lyf in die wit hemp, Levi-jean in skerp nate gestryk, "...hierdie liggaam is net 'n voertuig om jou siel deur elke lewensreis te onderneem. Siele kom saam terug in groepe; deur baie leeftye migreer hulle saam. Dit is jou *soul family.*"

Soos Jacques, is ek ook liewer vir die verlede. Vergange dinge, dae. *Vergangenheit*.

"Dalk is die lewe 'n droom," mymer Leonore.

Mario broei sy stilte. Sy pinkiering met die kopbeen is verberg in 'n vuis op sy bobeen.

Hy vervolg: "Met julle drie hier," draai sy hand oor ons koppe, het ek ook 'n souling op een of ander manier." Hy bly stil.

"Of vlak."

Sy oog val op die trommel, oop en leeg en ongesê.

Leonore staar na die wierook se dun aswurm. "Drome besoek ons almal," voltooi ek haar gedagte.

Jacques kyk op en skrik vir sy ewebeeld in die spieël. Ek vat aan sy skouer. Nadat hy kontak gemaak het, is hy vir 'n rukkie nog ultra-sensitief.

"Kan jy daai hipnose-kasset van jou herroep?"

Ek draai na Leonore. "Hier? Nou?" Ek dink aan die selfhipnose-kassette wat ek saans in die donker lê en luister, en waarvan ek bitter min mense vertel. Ek het baie lewens gehad - maar die laaste een is nog helder in my gees.

"Die laaste een..." antwoord ek.

"Jy is buitengewoon suggereerbaar," sê Leonore. " 'n Kristal sal help."

Sy lig 'n seshoekige, helder kwartskristal van die toonbank op. Ek glimlag. (Dit bly altyd amusant om mense wat ek ken, in ánder rolverdelings, ánder historiese kontekste hulle lewens te sien speel. Maar dít hou ek vir myself.)

"Jy's 'n ou siel," lag Mario uit die bloute.

"Jy ook," kap ek terug.

Hy bly stil.

"Die ligstrale van die helder kwarts sny soos 'n skalpel diep in die onbewuste - deur die stoornisse van die slegte en van siekwees..." begin Leonore.

Jacques bring 'n kussing. Ek gaan lê op my rug, langs die trommel.

Leonore hou die kristal voor my.

Ek kyk na die reënboogwitlig. Sy verander haar stemtoon en hou aan praat    haar stem word die van die vrou op die kasset

*In a moment I am going to count backwards, from five to one. With each number, you will feel more and more peaceful and calm, and the level of your relaxed state will deepen and deepen, until by the time I reach one, you will be in a very deep state, your mind freed up beyond the normal limits of space and time....*

Telefoondrade. 'n Notebalk - van ver gesien, voëltjies, lig en donker, halwe en kwart note. Ek probeer met 'n wiegende vinger tydhou - die voëls raak onrustig, dit word herfs...

*Five...*
*Four, feeling more and more peaceful and relaxed...*
*Three, deeper and deeper and deeper...*

Ek dink aan die kurwes van wolke, 'n verblindende gloeidraad, en die son, 'n sweisvlam daarágter, iewers, die Oerlig van God.

*Two, nearly there...*

Ek sien 'n swerm trekvoëls.
Ek beweeg met die verskuiwende horison.
Ek *word*.

*One...*
*Allow your subconscious mind to choose the time, whether from this life or from any other.*
*You may be going back to a time from which a symptom of yours, a feeling, or a troubling relationship first arose, the root cause...*

Chopin se hart is in 'n goue kruik in Warschau begrawe; sy liggaam langs Bellini s'n in Parys.

Vir die soveelste maal probeer ek die Polonaise in A-mol Minieur speel. Dit reën nog steeds. Sal dit ooit ophou reën noudat jy my verlaat het, Marguerite?

Deur die gordynlose venster strek bome kaal teen die grys lug uit, waai hulle jou vaarwel in die reën, die reën 'n grys kantgordyn wat die hele Parys nou al vir dae toesluier.

Die eensaamheid neem tydloos van my besit. Ek voel vasgekeer in 'n grot: in 'n grot het tyd geen betekenis nie, is tyd die hol geklop en geklinker van water. Tik. Tak. Tok.

*See if any people from that lifetime are with you in your current life...*

Weer skemer dit deur. Jacques was my minnares, lank, lank gelede.

Weerlig slaan groot takke oor die hemelruim, vermenigvuldig my silhoeët in die oorkantste spieël. Dit reën harder; nou word die bome deurgehaal in dik, skuins strale.

Ek speel.

Chopin het die Polonaise gekomponeer toe sy verhouding met Georges Sand, Mme. Dudevant, hoogty gevier het.

Die Leitmotiv word deur die regterhand gelei.

Die basnote suggereer onrus; die gepeupel broei: weg met Lodewyk Filips!

Heildronke word ingestel. Eetmale en toesprake, opstande: die generaals vergader -

Die bymotief is liries en in die minieur. Ek konsentreer op uitdrukking; elke noot moet hoorbaar wees. 'n Klein vingergewrig...

Met haar pinkie vee Mme. Dudevant die nattigheid onder Frédéric se oë weg. Die geur van haar parfuum maak hom treurig. Sy streel oor sy skerp sleutelbene. Haar hande begin sy maerheid liefkoos; verpleeg sy teringlyf, voel hoe sy ribbes leerklim na sy hart. Sy tyd raak min, maar alles is op die spel: *Forza! Liberté!*

Sy bors versplinter in 'n hoesbui - 'n gehyg van versmorende engtevrees. Die deken glip van sy rukkende maag. Die linne word vol bloed.

Buite waai die wind, stuwend in ontploffende stofwolke en ruk aan die teëldakke.

'n Kadens: die spanning laai op.

Nog 'n hervormingseetmaal word gehou: weg met die vors!

Basnote: die perde trippel senuagtig.

Basnote: geheime vergaderings, vlugskrifte, opstand.

Basnote: met 'n rolbeweging skiet die perde vorentoe, die hoefslae dawerend. Soldate haal gewere oor; donder oor die malende gepeupel.

Die laaste eetmaal word 'n dodefees. Parys se strate bloei.

Die Leitmotiv - klimaks - is stormagtig, maar ook nostalgies en smekend.

Frédéric slaan sy naels in Georges se rug. Sý voer die botoon. Sý wil hom verlaat.

*die donkerste bloed bly blom*
*boorde van revolusies oor die deken**

Marguerite is weg.

Ek haal die robynring van my vinger af.

Ek voel aan my vinger. Waar die ring vir soveel jare was, is die vel nou dun en wit. Liefde se litteken: daardie kaal strokie ringvingervel.

'n Blits sweep uit die Ooste. Ek staan op en loop na my kamer. Trek my klere uit.

My borshare word grys. Waar die hare teruggekam is, is my voorkop ook oper. Weerloser.

Ek vat aan my geslag en dink terug aan jou, Marguerite, toe ons ook een maal voor dié spieël was.

Jy was besig om te grimeer. Jou wit gepoeierde gesig het my laat dink aan maanlig oor jou vel.

Ek, bewonderende Voyeur, het agter jou gestaan. Ek wou die foute aan jou lyf besing omdat dit myne is. Die duikies in jou bobene, en onder elke boud, drie vetwangetjies.

Ek het my arms om jou gevou. In elke hand was 'n bors. Jy het trae borste gehad, soos druppels, maar as my tong oor hulle gegaan het, het die tepels geknop en was hulle weer jonk.

Steeds nakend buk ek en trek 'n trommel nader. Ek haal jou foto van die spieëltafel af. Jy het altyd só geposeer; jou regterskouer effe opgetrek, jou oë ontwykend vir die lens.

Ek begin pak. Die foto heel eerste.

Dan 'n broek, hemp, onderbaadjie, handskoene, krawat, manel, keil, skoene, 'n pen en botteltjie ink, los velle papier.

Robynring.

*Now it is time to come back...*

Ek is vasbeslote: ek gaan jou soek!

*In a moment, I am going to count from one to five.*
*At the count of five, open your eyes and you will be wide awake.*

Beelde dryf uitmekaar. Bome.
Bome woon tussen hemel en aarde.
Die bome is stil. Herfs.
Winter.
Die bome se wortels verloor grondtoon.

Ek loop leeg, terug in die hede.

"Destiny deals a hand." - Mario se stem wat my tot nugterheid roep. Hy is besig om sorgvuldig sy pak Rider Waite-Tarotkaarte te skommel.

Leonore sit en dagdroom.

"Jy was lank weg," glimlag Jacques.

"Ja."

Ek kyk hoe Mario se vingers - spinnekopbene - deur die kaarte hardloop.

"Ons het die counter skoongemaak," sê Jacques.

Ek kyk: die kartonrakkies vol kaartjies, hopies pamflette en DBV-blikkie is in een hoek geskuif.

Die Besoeker se besittings lê nog verstrooi langs die trommel.

Mario frons, skommel en sny. Ons mag nooit aan enige van sy kaarte raak nie. Nie dié van die Groot óf die Klein Arcana nie. Sý vibrasies alleen laat die kaarte leef tot die Boom van die Lewe.

Agt en sewentig kaarte glip in nuwe posisies, rugkante na bo.

Hy kyk agterdogtig rond. Sy sesde sintuig tree in werking.

Agt en sewentig enigmas wag om gereduseer te word tot elf, wat hy volgens die Keltiese kruis-metode gaan pak. Die interpretasie is moeilik; onderhewig aan indringende studie en 'n baie sterk ontwikkelde *inner eye*, soos die wit oog van 'n flits in die nag.

Sy hande word stil.

Leonore kom by, knipper haar oë, wimpers dík van die mascara: " Die kaarte is net tydelike konstantes..." Nietemin leun sy nuuskierig vorentoe.

Versigtig pak Mario.

Die eerste kaart, gesig na bo, die openingskaart, is THE MAGICIAN.

Met die rugkant na bo bedek hy die openingskaart met 'n volgende een.

Die origes, almal rugkante na bo, volg.

Dit word stil.

Dan draai hy die kaarte om:




Hy staar. Hy wag dat die Orakel spreek.

Onder haar kaftan kruis Leonore 'n been.
Jacques vroetel met sy Yin-Yang-kettinkie.
Ek kug; dink: die betekenaars is so wisselend, *onvas..!*
"Ek gaan 'n algemene lesing doen, wat betrekking het op ons almal hier teenwoordig."
"Jy klink of jy 'n paganist meeting open," brom Leonore.
Mario ignoreer haar: "Die verlede - 'n oorsig; dít wat verteenwoordigend is van die hede, en moontlike leidrade vir die toekoms."
Leonore knik. Dit klink darem beter as 'fortuinvertellery'. 'n Lang rooi nael druk deur 'n foelieplaatjie *kliek! kliek!* Twee Syndols. Sy het weer hoofpyn.
En Mario begin: "Die hede...die kluisenaar staan met 'n lantern bo-op 'n sneeuberg...probeer sy koers bepaal...dui op innerlike refleksie...dan die maan, die kruiskaart; ook gesien as 'kruispad': hindernisse...die maan oorskadu die son - 'n eklips - onsekerheid, vrees...die hond blaf en die wolf huil...gevaar: psigiese bewuswording..." Sy stem raak yl.
Inkanterend vervolg hy: "...en die kroonkaart, wat die situasie onder die soeklig 'kroon'; die Drie van Swaarde. 'n Breuk, 'n pynlike breuk tussen twee mense, maar ook 'n lewensnoodsaaklike skeiding. Reën uit die hemele - trane, gevolg deur groei, later."
Jacques kyk na die verweerde trommel.
"...dan, die dood...fisies of metafisies - sluit moontlik aan by die Drie van Swaarde...transformasie deur einde en hergeboorte."
(Ek sou jou weer kon volg, Marguerite; hoe klein en buite konteks staan ons nie nou nie. Ek sou jou weer wou volg, al neem dit ook eeue en baie reise in retrospeksie. Soveel herontmoetings met my self.
Net liefde maak die swaard van karma stomp.
Hoe *buite* konteks is ons nie nou nie, my liewe Jacques!)
Hy vervolg: "...die verlede...die Ses van Swaarde...'n reis, in liggaam of gees...bestemming onseker - maar een ding is séker; die reis moet voortgaan."
Op 'n manier maak Mario my bang. Soos nou, as hy 'n sigaret uit die rooi *Life*-dosie haal en opsteek; dít nadat hy vroeër 'n sigaret - (*Death* - uit 'n swart dosie - ) doodgedruk het.
"Voordat jy aangaan," buig Leonore vorentoe en druk 'n rooi nael op die Ses van Swaarde, "ek kry gereeld 'n droom." Sy vertrek haar swaar gegrimeerde gesig. (Uit watter historie het sy ontsnap? 'n Gypsy in Spanje, of uit die Bybelse tyd?)
Nou lyk sy soos Carmen, toe sy haar vroeë dood in fortuinkaarte gelees het en voor Don José haar met 'n dolk in die hart gesteek het.
"My droom: ek is iewers op 'n trein, alleen. My bestemming is onbekend. Die stasies waar die trein stilhou, is grys en anoniem.
Ek kyk na die spoorlyn en dink: hoe vreemd - lank, lank gelede het 'n leer, wat kilometers hoog die lug kon instrek, omgeval. Nou lê die leer vasgegroei in die aarde, tussen gruis....van die sporte, of stawe, ontbreek.
Die gesigte van die mense wat op perronne wag, is strak.
Die trein hou stil. Ek weet nie waar ek is nie nie, maar my eindbestemming is nog ver.
Dan haak 'n groot trok, heel agter aan die trein, af. Die trein vertrek. En met 'n skok besef ek: my bagasie is nie in my kompartement nie! Ek het dit vergeet in daardie trok!

Afspring kan ek nie - die trein fluit en met 'n wasige spoed flits die dekor verby. Bome, bome, bome...

Die trok word aan 'n ánder trein gehaak. Nou vertrek daardie trein ook, maar in die teenoorgestelde rigting as die trein waarin ek my bevind. En ek het niks by my nie - geen reserwes, niks. Maar die reis gaan voort."

"Toe word jy seker wakker," sê Jacques.

"Goddank, ja."

"En jy teken die droom op," sê ek.

"Ja."

Mario vee 'n swart sliert van sy voorkop weg. Daar sit 'n kerfie tussen sy wenkbroue. "Kan ons aangaan..."

Ons leun weer nader.

"Dan, dit wat vorentoe wag - 'n oordeel, beslissing...nuwe begin; die engel Gabriël blaas op sy trompet, blaas heilige asem in die longe van dié wat dood was...hulle herrys uit hulle kiste...The voice of heaven has spoken - ons is ontsterflik!"

Jacques se oë begin blink.

"Die minnaars," vervolg Mario; "...die vereniging van opposisies...'n dualisme kan opgelos word met liefde."

Hy sit sy sigaret in die asbak neer; "...die gek het 'n nul-waarde...hy is alles of niks...dui op die toetrede van iets of iemand uit 'n onverwagte oord."

Leonore neem die sigaret uit die asbak. Sy trek die *Life* behaaglik in haar longe in. Die gek kan ook dui op waansin, dink ek.

"En die ster...word geassosieer met meditasie, selfrefleksie...openbaring...die verbintenis met jou Hoër Self - dan, die laaste kaart, die potensiële 'uitslag' van die lesing: 'n androgene engel giet wywater in die laer, aardse kruik. Die mens is net deel van 'n groter sirkel van aktiwiteit, en groei geskied stadig."

'n Lang stilte.

"Dit dan natuurlik baie oorsigtelik," sê Mario en bêre sy kaarte in 'n sydoek, wat hy met 'n ligte knoop toestrik. "Dis maar net mý interpretasie."

"En wat vir 'n manifesto!" jubel Leonore. Sy blaas kringetjies, mymer: " You are always free to change your mind and choose a different future, or a different past."

"Richard Bach," sê ek.

"*Illusions*," sê Jacques.

"Nou change julle mind dan," en Mario staan op. Hy bêre die sydoek in sy moonbag.

"Ons moet seker begin werk," sê Leonore.

"Ek maak eers vir ons koffie." Jacques se rug verdwyn in die kantoortjie. Die spieëldeur glip toe. 'n Optiese illusie: dit lyk of die spieël hom sopas ingesluk het.

Mario: "Dis my beurt om op te kas."

Ek: "Daar's 'n nuwe boks boeke om uit te pak."

Ons lywe verdwyn in die spieël. Agter ons lê die trommel wat die Besoeker so terloops, inderhaas neergesit het, dit kon maar altyd daar gelê het.

In die kantoor kyk Mario hoe ek my arms om Jacques vou. En Jacques sy arms om my. Ons is 'n Yin en 'n Yang. Ineen.

"Die returns!" hoor ons Leonore roep. Ek swaai om.

Die spieëldeur klap agter my toe. Leonore, op haar hurke, is besig om die besittings terug te pak in die trommel.

Ek teken die strokie en gee Naspers se koerante, wat nie gister verkoop het nie, vir die bode terug.

Sy druk die trommel op knip.

Leonore, droomskrywer, sal seker vanaand, voor sy aan die slaap raak, mediteer op die trommel.

Iewers sal sy wakker word - reik na 'n sigaret en haar flits aanskakel, fokus op haar droom en begin skryf in haar joernaal. En dít wat sy nie skryf nie of nie kan onthou nie, sal opgevang word in die droomvanger se web.

* Uit: *Die huis van die dowe*

DIE SLAGDING

"Hierdie slagdingetjie bêre ek vir Kersfees," sê mevroudominee en lig die kisvrieskas se deksel.

In die skemerlig van die garage kyk ek na die skapie, verwerk en verseël in groot snitte. Daar is ysdonsies op die plastiek.

"Ek het hom gistermiddag ingesit," en sy druk die deksel ingenome toe. "Een van my pasiënte - nou 'n goeie kennis van my - het dit gebring. Jy weet, toe my man nog in die bediening was, het die gemeente ons gereeld bederf. Ag, noem maar op: hoender, skaap, biltong, vrugte..." Sy sug en ek kyk na 'n spinnerak teen die enkele venster, dankbaar dat ek my oë afgewend hou: dit is die derde vrieskas, die ander twee in die kombuis is reeds stampvol. Van die vleis daarin is spierwit. Maar sy weier om iets weg te gooi.

"Eintlik bêre ek net kos vir die feesgety hiérin", vervolg sy. Vir 'n oomblik word die spinnerak silwer: 'n poeierige ligstraal, soos dié van 'n projektor, val deur die venster.

Dan verdwyn die son weer agter 'n wolk.

"Dit is positief," het die Wanda die tuisswangerskaptoets se brosjure na my uitgehou; "Nege-en-negentig persent seker."

Daar was 'n plakkaat van Celine Dion en Barbra Streisand teen die koshuiskamer se muur. *Higher Ground.* En ander, ou Prestik-kolle

"Hoeveel weke?" het ek huiwerig gevra.

"Ek dink so ses." In die agtergrond het 'n meisie skerp gelag.

Ek en mevroudominee drink tee uit Royal Albert-koppies. Sy het dit jare gelede aangeskaf: "Vir die Here gee jy net jou beste." Hoeveel gemeentelede het - soos die oorlede dominee telkens 'n nuwe beroep aanvaar het - ook uit my koppie gedrink?

Die gordyne is diggetrek teen die hitte. Ek kyk weer na die portret bo die staanhorlosie: hy was 'n waardige man met sy waaksame grys oë en Hitlersnorretjie. Onder die staanhorlosie, op die buffet, is die familiefoto's ook uitgestal. Ek herken 'n jonger Wanda wat oopgesig met tandedraadjies lag. Langs die foto's lê daar - terloops neergesit - 'n pamflet oor Voltaren-tablette, en bo-op, 'n vergrootglas.

"My oupa het altyd sy swart toga en wit das spesiaal gaan aantrek vir foto's," het Wanda my een dag vertel.

Mevroudominee sluk versigtig aan haar tee. Ons praat nooit veel nie, tog weet ek sy is baie geheg aan my. Ek luister altyd aandagtig na haar stories.

Die hoogtepunt van mevroudominee se week is as sy Dinsdae pastorale werk by Pretoria-Oos Hospitaal doen. Sy is die hoof pastorale werker.

Met 'n pak traktaatjies stap sy deur die lang, blink gange. Die traktaatjies begin al vergeel.

"Ek is mevroudominee Wolmarans," kondig sy in 'n welluidende stem aan; loop van bed tot bed met haar Bybel in die wit leeromhulsel. Sy is altyd geklee in 'n snyerspakkie. Maandae laat sy haar hare set.

Die boodskap van haar sterwensbegeleiding is eenvoudig: maak vrede met die Here Jesus.

Mevroudominee doen pastorale werk vir die Here, maar as haar R300-tjekkie laat is, bel sy die

hospitaal.

Die ander hoogtepunte is die *Rapport* Sondae en die *Huisgenoot* elke week. Bedags luister sy RSG of gaan winkels toe. Sy soek altyd die winskopies uit: *Special Value Offer. Buy one get one free. Sale½Prize.* Ek help haar met die inkopies - (lysie en calculator in die hand), dat sy nie verneuk word met die betaalslag nie. Of só dink sy. Maar met die tyd het my belangstelling in haar obsessies begin groei. Sou dit 'n vrees wees vir vrot, of verlies - die drie vrieskaste, die twee yskaste en die knaende onrus dat daar nie genoeg kruideniersware in die huis is nie? Sy koop twee of meer van die meeste afgemerkte items en bêre dit sorgvuldig in die kombuis se ingeboude kaste.

Ek tel tien kartonne langlewe melk, dertig toiletrolle en sewe blikke koffie.

Mevroudominee begin plek maak vir die surplus in die slaapkamers se hangkaste. Alle oorskietkos begin sy te vries, al is dit 'n eetlepel rys.

Een dag gaan ek en Wanda deur die huis, soos op 'n skattejag: in die drie jaar wat haar oupa reeds dood is, bly sy hartpille, ou preke, lekkers en gebruikte sakdoeke in die lessenaarlaaie lê. Ons ontdek 'n sakkie Cool Aid-koeldrank wat 10c kos. In een vrieskas is pakkies vleis, almal met 1992- etikette op, vasgeys in 'n minatuur-gletser, en ander bevrore kos, onherkenbaar verkleur en met die tyd in vreemde vorms gedruk.

Móét daar altyd iets ontbreek, het ek begin wonder, dat elke dag se inkopies 'n soort sending geword het? Of is dit reeds 'n ritueel?

Ek sit my lepel in die piering neer. Bo die eentonige getik van die staanhorlosie klink 'n ander geluid op: die gespit van die tuinman buite.

Mevroudominee staan op en gaan skep vir hom mieliegruis en sopbene in 'n blikbord, want "swartmense hou van mielies."

Ek sê niks van die baie sakke wit rys in haar kaste nie.

"Hoekom 'n blikbord en nie 'n gewone bord nie?" het ek al gevra.

"Want hy eet so baie," het sy teëgewerp. Ek het geswyg. Teen mevroudominee kan niemand 'n argument voer nie: jy loop jou telkens vas teen dieselfde blinde, wit muur.

"Jy moet my help, jou pa is 'n apteker," het Wanda gesmeek en die tissue in haar palm vasgeklem.

"Het jy die morning after pill probeer?"

"Nee. Maar die ander girls in die koshuis sê malariapille werk ook."

"Het jy dit gedrink?"

"Ek het nie daarvan nie."

"Jy weet aborsie is nou wettig," het ek gewaag. Sy het geskok na my gekyk en haar gesig vertrek; sy het 'n twintig-voor-vier mondjie, het dit deur my gedagtes gegaan. "Maar dis dan moord!"

"En malariapille...wat is die verskil?"

Sy het weer begin snik.

"Wanda," het ek nader geleun, "besef jy die gevolge - jy sit hier in Jasmyn-koshuis, pas tweede jaar, jou ouers bly op Waterval-Boven en jou ouma..."

"My ouma!" Sy het lelik gelag. "Sy sal my onterf. Sy dreig ons gereeld af met haar testament - daar's kastig altyd 'n 'nuwe' een op pad. O Here, ek sal die swartskaap in die familie word; my pa sal ophou betaal vir my studies..."

"Baie vroue gaan deesdae vir aborsies." Ek het opgekyk. Haar sproete was nou roesbruin en baie, want sy was bleek. "Ek het gehoor hulle druk iets in jou op en kap die fetus stukkend."

*'ELITE" One Step HCG Pregnancy Test* het ek oor en oor die brosjure se opskrif gelees maar kon niks registreer nie. In my geestesoog, bo die staanhorlosie, het die ou dominee se oë wakend op die familieportette gerus, maar nou het hy direk na my gekyk. Sy oë het my vermaan: ek sal in my graf omdraai. Maar ook: spaar haar dit, die laaste bietjie tyd wat vir haar uitgespaar is.

Ek het my kop geskud, in my gedagtes met die predikant geredeneer: ek sal dit doen vir Wanda, want sy is my beste vriendin.

Sy oë het skielik hard geword en na die Familiebybel, langs die foto's, gedraai. Lees, het hy my uit die koperraam beveel.

Ek het die Bybel oopgeslaan en na die inskripsies voor in gekyk. IN DIE LEWE VAN DIE VADER DIE MOEDER DIE KINDERS. Die staanhorlosie se getik het duideliker geword.

"Wat dink jy?" het Wanda dringend gevra. Ek het die brosjure in 'n kwart gevou, die papier se randte met my vingernael skerp gestryk. "Ek sal die malariapille kry."

"Dankie." Sy was verlig: "Dan is dit darem nie so...direk nie."

Die tuinman klap sy hande, hou hulle bak vooruit: mevroudominee oorhandig die blikbord. Dan gee sy die plastieklepel. Hy sê verleë dankie en verdwyn in die groot tuin, iewers na 'n skadukol.

Sy maak die yskaste oop en krap van die oorskietkos uit in papierborde, wat sy met Glad wrap verseël. "Hy kan hierdie maar saamvat huis toe," hoor ek haar in die kombuis, "want hulle is baie wat moet eet."

Wanda was besig om 'n kampusduif broodkrummels te voer toe sy my vertel het: Die swart sendelinge moes altyd agterom loop, hulle mag nie by die voordeur geklop het nie. En hulle het hulle koffie in die kombuis, en uit blikbekers gedrink.

Een maal elke ses weke help mevroudominee kook aan 'n liefdesmaal vir die gemeente. Sy hang uit: rangskik blomme, bestudeer nuwe resepte en besoek CUM-boekwinkel.

Die opwinding put haar vinnig uit. Haar bifocals laat haar oë traan en soms lees sy met 'n vergrootglas.

As ons terugkom van die winkels, is sy uitasem.

Maar ek deel nie in die kerk se liefdesmaal nie - ek ys by die gedagte aan die kos wat gekook, gevries, ontdooi en weer opgewarm word.

Sy spreek die NG-Dames toe oor die gevare van die New Age-beweging.

Ná die liefdesmaal vat hulle hande en bid. Dan bespreek hulle kwetterend die nuwe *Finesse.*

*Die Pretoriase Moord-en-roof-eenheid krap kop oor die grusame dood van 'n 43-jarige man wat dié week met 'n ongewone skietwond in sy kop in 'n kisvrieskas gevind is.*

*Die sleutel tot die oplossing van dié moord lê waarskynlik in die hande van 'n geheimsinnige Amerikaanse burger wat twee jaar saam met die oorledene gebly het, en omstreeks die tyd toe die moord gepleeg is, verdwyn het.*

Ek ril, blaai die BEELD om na die volgende bladsy.

Mevroudominee werskaf in die kombuis. Sou sy wonder wat om voor te sit vir môre, synde dit Goeie Vrydag is?

Dit is reeds twee weke sedert ek die malariapille vir Wanda gegee het. Te laat vir Ovral; enige ordentlike studenteslet weet dat sy binne 72 uur ná gemeenskap 'n draai by die kampusdokter kan gaan maak. Soos kondome word Ovral gratis uitgedeel, in die spreekkamer, daagliks.

Maar Wanda het net 'n ligte koors ontwikkel; van die "swaar periode" was nog geen teken nie. Sy het klasse en toetse begin mis en lusteloos op haar bed bly lê, haar arms bekermend om haar kussing.

Ek het versigtig by my pa begin uitvis en die naam van die pil neergeskryf dat ek dit nie vergeet nie.

Dit was nie moeilik om die medikasie in die hande te kry nie: in my pa se apteek, in die stoorkamer, het ek gereeld gehelp met voorraadopname.

Toe is ek na Wanda toe. Dit was gisteroggend.

"Ek het nie geweet waar my ma die volgende traktaatjie gaan wegsteek nie; in my kosblik, my skooltas, tussen my skoon wasgoed...?" Sy het die kussing soos 'n mens vasgehou.

"Ek het nooit pak gekry nie. Maar altyd geweet die teksverse kom - oor straf en die ewige vuur." Ek het geknik, gedink hoe ek die pil met 'n stamper in die vysel verpoeier het: skaars 'n halwe teelepel vol toe ek dit in die glasbotteltjie gooi, maar genoeg, genoeg om te termineer. Vreemd watter offers liefde van 'n mens kan eis. Want Wanda was die enigste suiwer vriendskap wat ek ooit gehad het. Daar was krag in my hand - ek het die stamper so styf vasgehou dat my vingers gepyn het; eers toe ek die botteltjie in my sak druk, het my hand gebewe: *abortus provocatus.* Ek het weer mevroudominee se hande - ligpers van die ouderdomsvlekke - op die kisvrieskas in die skemer garage onthou.

Ek het die Gin en Tonic begin skink; 'n bitter drank, en Wanda sou niks vermoed nie.

"As my oupa oor die oordeel gepraat het, het hy sy arms gelig en met die swart toga het hy gelyk soos 'n vlermuis wat wil opstyg. Hy het sy vinger na die gemeente gewys: die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind! Dit het gevoel of hy net met mý praat. Die kansel was sy troon en hy het dreigend die trappies op en af geklim. Ek het begin nagmerries kry en kon nie ophou bad nie. Dit was Jesus se bloed. Ek het bed nat gemaak tot in standerd drie. Toe begin ek menstrueer en my ma sê dis vuil en lelik en mens praat nie daaroor nie. Die volgende dag het daar 'n pakkie pads op my bed gelê."

Ek het Wanda haar glas gegee. Dit was 'n sterk dop. Ek het my kans afgewag.

"My ma het nes my ouma geword. Maar later - ek was so op hoërskool - het sy begin drink en OD's vat. Sy het haar whisky in die dak se luik weggesteek, die laaste plek waar die familie sou soek. En hét hulle nie gesoek nie! Deesdae is sy orraait. Sy gaan Sondae A.G.S-kerk toe. Sy val in die Gees."

Wanda het lank stilgebly. Dit is nou agt weke, het ek gedink. Sou sy steeds vurig bly hoop dat die malariapille gaan werk - het sy begin uitsien na daardie lam sensasie in haar onderlyf, die wete dit kom *uit?* Die afwagting en vrees as sy toilet toe gaan en haar broekie speur vir 'n eerste, huiwerige bloedkolletjie? Of sou dit uit die bloute wees, en baie bloed; kraampyne, dalk?

Laat sy dan glo dit is die malariapille en nie "direk" nie. Dit sou makliker só wees.

Wanda het 'n draai gaan loop en ek het my kans waargeneem. Die fyngedrukte *Misoprostol* het deelgeword van haar Gin en Tonic. Sy sou nie die effense dynserigheid in die glas opmerk nie.

*Die vrieskas is na die lykshuis geneem sodat die lyk daar verwyder kon word. Volgens Kapt. Danie Coertzen van die Pretoriase moord-en-roofeenheid sal dit eers teen Maandag moontlik wees om 'n lykskouing te doen, omdat die lyk nog nie heeltemal ontvries het nie.*

Ek vou die BEELD toe en sit dit op die koffietafel neer. My keel voel dik.

Ek dink, ek dink die dood skuil in mevroudominee se vrieskas.

"Ek wou ook wánted gevoel het," het Wanda gesê en my met groot bruin oë aangekyk. Sy het haar glas vinnig leeg gedrink.

Ek vat die teekoppies kombuis toe en groet mevroudominee. In 'n AMC-pot sidder 'n stuk stowevleis in sy eie vet. Sy sal môre seker die erediens bywoon voor sy die tafel vir haarself dek en eet.

Toe mevroudominee Sondagmiddag die voordeur oopmaak, weet ek daar is fout.

Haar katoenrok is gekreukel. Haar borste hang in die middel van haar maag. Maar dit is die treurigheid in haar oë, agter die halfmane van haar bifokale bril.

Woordeloos volg ek haar na die sitkamer. Die radio speel: die oggenddiens. Sy was nie vanoggend kerk toe nie.

"My vrieskas het gebreek," sê sy en lyk meteens baie moeg. Of dalk het sy ouer geword.

"Die een in die garage?"

"Ja."

Ek weet nie wat om te sê nie. Toe ruik ek dit. Die slagding.

Mevroudominee gaan sit. "Vanoggend het die hospitaal ook gebel. Wandatjie is baie siek. Vrydag het sy aanmekaar opgegooi. Sy het laas nag twee keer flou geword."

"Wat is fout?" vra ek sag.

"Die ginekoloog is by haar." Sy begin huil. Skielik hang die reuk die hele sitkamer vol. Ek dink hoe die slagding nou moet lyk: seker sag en warm van die hitte, sonder ysdonsies, maar druipend in bleek bloed en water.

"Ek wou jou gevra het," en sy draai haar kop stadig na my, "dink jy my slagdingetjie is..."

Uit die koperraam, bo die staanhorlosie, kyk die ou predikant na die stilte. Tik-tak-tik-tak.

"Nee," antwoord ek, my oë afgewend na die diggettrekte gordyn; "nee, ek dink hy is nou net góéd ryp."

# IMAGINE

"Imagine," sê hy en begin die Stuyvesant versigtig uithol, "ek wen drie miljoen by die Carousel."

Sy kyk na die dagga in die banksakkie. Dis goeie goed - Durban Poison - en sonder pitte of takkies. Hy het Vrydagaand vir die deur gespeel - R250 cover charge gemaak: in die kombuiskas is nuwe baked beans en sweet corn en 'n ekstra boks Namaqua. Hulle sal weer hou vir 'n paar dae.

"Dan trou ons dadelik," en hy maak die banksakkie oop, begin die sigaret slow boat: met 'n tweezer meng hy die tabak en dagga en druk dit terug in die leë Stuyvesant. Lang hare val uit sy onreëlmatige middelpaadjie en oor sy gesig met waterpokkiemerke, soos miniatuur kraters.

"Ek kry net daar vir my 'n finansiële adviseur, gee hierdie kak plek op en koop vir ons 'n moerse huis iewers...Waterkloof-rif..."

"Sandton lag vir Waterkloof," val sy hom in die rede. "Ons kry 'n plek iewers in Sandton, dan gaan shop ek elke dag in Sandton city soos 'n regte kugel. Smiddae kom ek tuis, die butler wag my in met 'n witwyntjie op ys en masseer my voete: ek is moeg ná 'n hele dag se ronddwaal in boetieks en afsprake met vriendinne."

"Of jy rus met jou voete in die spa. Of relax in die jacuzzi." Hy trek 'n vuurhoutjie en steek die daggasigaret aan. Rook krul blou uit sy mond. "En as jou senuwees klaar is van te veel shopping...só baie keuses en geld, sien, gaan lê jy 'n week in die Hydro." Hy lag, gee die sigaret vir haar.

"Imagine - dan hoef ek nie meer van groetekaartjies te leef nie. Hallmark-seisoene...Valentines. Moedersdag. Vadersdag. Kersfees... En dan kan ek vir ewig vergeet van everyday greetings. Verjaardae en huwelike. Babas se geboortes, eksamens, sterftes."

Hy skink vir hulle wyn in koeldrankglase. Die 5ℓ-boks word nat rondom die kraantjie.

Sy down haar glas. "Dink jy die redaktrise weet hoe gerook en gedrink ek is as ek greeting cards skryf? Vir mense wat trane in hulle oë kry as hulle dit lees..." Sy tel 'n draft van die koffietafel op.

> Man en vrou, verbind
> deur 'n belofte van ewige trou...
> Twee ringe, geruil
> as simbole: "ek behoort aan jou..."
> Twee harte, 'n gedeelde lewe
> en 'n wonderlike toekoms
> om in liefde saam te bou.

"Imagine," sê hy weer. Sy oë word glasig. "Imagine there's no heaven," en hy begin sing; staan op en gaan sit voor die stowwerige Otto Bach, 'n erfstuk van sy oupa. Die klavier vul die een helfte van hul tuinwoonstel, wat hulle teen R450 'n maand in Proklamasieheuwel huur. Die koperarmbande om sy polse beweeg as hy speel.

*Imagine all the people*
*living for today*

Sy kyk op, na die geel sinkdak en mure van klip. Wanneer kry hy weer 'n gig in 'n restaurant?

*Nothing to kill or to die for*

Só gaan dit al drie jaar. Sy, wat vryskut skryf vir Hallmark; hy, kitaar in die hand, hoed of kitaarkas langs hom, meesal op straat. Die Here weet hy is moeg vir busking. En sy vir inspirerende versies.

*All the people living life in peace*
*You may say I'm a dreamer*
*but I'm not the only one*

Langs die bed lê 'n stapel *Loopbaan 2000.* Dit het al gebeur dat hulle nie geld vir sigarette het nie en zolle rol van die ads. Werk is skaars.

*Imagine no posession*
*I wonder if you can*
*No need for greed or hunger*

Hy kyk op van sy hande, na 'n besie wat vasvlieg teen die ruit, op pad na die buislig bo die klavier. Ver in die agtergrond brand ISCOR se afvalgasse soos 'n blou fakkel, dag en nag.

*You may say I'm a dreamer...*

Hy fraseer; hou op sing. Die besie bots weer teen die ruit.
Sy maak hulle glase vol. Die sigaret het sy tot teen die filter, waar dit bitter raak, afgerook.
"Drie miljoen," sak hy langs haar op die rusbank neer. "Ek het gedink ek sou volgende week waitering gaan doen. Tips...gratis staff meals...af en toe 'n koeldrank by die soda fountain. Nou is dit nie nodig nie."
Sy hand met die vuil onder die naels gly oor haar skouer en swart T-hemp: *Metallica. Master of puppets*
Hy begin met die kruisie tussen haar borste speel. "Sal jy met my trou?"
Sy sluk aan haar wyn.
"Dink net: ek koop vir jou 'n 4x4, óf 'n Merc, óf 'n BM. Nes jy wil. Jy kan selfs jou eie chaffeur huur. Jy sal net designer klere dra. Ek kry vir jou 'n selfoon. En 'n rits goue kaarte. Desembers gaan ski ons in Switserland. Jy sal jou eie gim hê. En tennisbaan...'n verhitte swembad in die winter..."
"Drie miljoen is te min vir dit alles." Sy sit die glas beslis op die koffietafel neer. Die besie se geklop teen die ruit raak dringend. "En wat gaan jy doen met die geld?"
"Ek?" Hy lag, draai sy glas of hy 'n fynproewer is: "Ek bestúúr ons geld, my engel. Ek koop eiendomme, begin besighede, open oorsese bankrekenings..."
"Ek sê steeds drie miljoen is te min."
"Kom, wees nou realisties. As mens die geld reg belê, die regte advies inwin, kan dit net groei. Ons kan gaan perde speel - dink aan die Durban July. Ek sien jou al opgetof met een of ander groot, fancy hoed."
Hy lig die boks, nou suf en deurweek, van die tafel op.
"Jy mors op my kaartjies," sit sy ontsteld regop. "Kyk hoe lek die boks."
"Moenie worry nie." Hy buig wankelrig vooroor. "Ek kan nog uitmaak wat daar staan." Die foeliesak beur swaar teen die nat karton. "Sal ek vir jou lees? Daar staan..." en hy leun verder vooroor, "...dankie dat jy my geleer het dat liefde nie is om heeldag in mekaar se oë te staar nie, maar om saam vorentoe te kyk." Hy lag: "Dis nie meer nodig nie, engel. Vergeet die kaartjies - trou met my." Die kraantjie stotter louwarm, liggeel wyn in haar glas.
"Hoeveel gaan jy my van die drie miljoen géé? Fisies...cash?"
Hy dink na. "Ek sou sê so driehonderd duisend."
"Is dit maar al? Ek dag jy gaan my een punt vyf miljoen gee - die helfte. Ons het nog altyd alles gedeel!"

Hy vat aan haar wang. Sy het nog 'n skin rash ná Vrydagnag, van sy harde stoppelbaard, sy driftige soene; "Twee honderd en vyftig bucks," het sy gelag en hom neergetrek op die bed.

"Ek sal vir altyd vir jou sorg. Jy kan selfs elke maand 'n stuk van die rente op my beleggings kry. Maar vir eers gee ek jou driehonderd duisend."

"Een punt vyf miljoen!" hou sy vol.

Hy skud sy kop. "Ek wil 'n vakansiehuis in die Kaap ook koop. Een wat uitkyk oor die see. Die tye wat ons nie daar vakansie hou nie, kan ons dit uitverhuur. Die drie miljoen moet baie dinge koop, dis hoekom ek 'n finansiële adviseur..."

"Nog altyd het ons alles gedeel. Tot los sigarette. En toe jy heeltemal werkloos was, het ek jou onderhou met daai ekstra *Between you and me*-kaartjies. Ek het petrol in jou kar gegooi en jou maag vol gekry met sop. Onthou jy toe ons net drie rand gehad het, het ek mieliepitte gaan koop en pop corn geskiet; jy was nog honger toe sê ek vir jou drink net baie water, dit sal uitswel...en jy was versadig?"

Hy staan op, soek onder die deurweekte kaartjies vir die banksakkie dagga. "My bankie. Het jy dit gesien? Kom ons rook. Dan kan ons rustig alles deurpraat. Beplan." Hy steier effens.

"So, gaan jy die geld met my deel? Op die kop in die helfte..*verdeel?"*

"Jirre, maar jy raak greedy," sê hy verbaas. "Die drie miljoen moet ons lánk hou. Ons kan op die rente lewe...waag op die Beurs..."

Sy, dreigend: "Ek het jou nog altyd gehelp. Ek het meer as net gedeel. Toe ons net skimmelbrood in die huis gehad het, het ek dit getoast, dat jy darem kon eet. Soms het ek gemaak of ek op 'n dieet is en my kos vir jou gegee. Jy weet nie eens dat ek honger was nie. Hoeveel keer het ek Hallmark nie gesmeek vir ekstra werk nie - nadat elke denkbare everyday greeting geskryf was en dít nog buite seisoen ook!"

"Hallmark?" Hy lag. "Hy jy vergeet ék het daai job vir jou gekry deur een van my contacts? My networking! Anders het jy ook fokkol gehad." Hy lig 'n kaartjie op: GOD'S RYKSTE SEëN. "Waar's daai bankie nou? Hier's die vuurhoutjies. My bankie..." Hy trap skeef, verloor sy balans toe hy omdraai en steeds laggend na haar kyk.

"Toe ons arm was, het ons altyd gedeel," sneller dit uit haar.

Dis eers toe sy kop - 'n swaar, dowwe gewig - die oorkantste klipmuur tref dat sy haar arms laat sak; verbaas kyk na die besie wat argeloos aanvlieg na die lig, ver bo sy stil oë op die teëls.

# WAG OP DIE KONINGIN

My ouma se kore het my ontstel.

In 1976, met haar uittrede uit die onderwys het die kinderkoor die *Nuns chorus* uit Strauss se *Casanova* gesing tydens 'n groot kunswedstryd in die Oos-Kaap. Ek het by die skoolsaal se sydeur uitgehardloop en onder 'n groot akkerboom gaan huil.

Wat is fout? Wou almal ná die tyd weet. Niks, het ek geantwoord, onmagtig om te verduidelik hoe die suiwer kinderstemme in 'n skielike crescendo my oorval het soos 'n groot droefheid; hoe die blonde vrou voor die vleuel begelei én dirigeer, en ek het geweet, daar onder die akkerboom, dat die saal vol mense weer soos een man opstaan en hulle applous haar terugroep. Die stralende kindergesigte in die koor, vol bewondering op die vrou wat diep buig. "Mooi" of "ontroerend" was dit nie, meer as dit - die skoonheid van haar kore het my ontstel.

In dieselfde jaar het ek 'n termietnes in ons tuin in Valhalla oopgebreek. Dit was altyd my begeerte om die koningin te sien. 'n Hele middag het ek gegrawe en diep onder die grond, amper so diep soos in 'n graf, het ek haar uitgehaal: yslik, wit en wurmagtig. Rillend van afsku en bewondering het ek na die koningin gekyk, maar sy het net vir 'n paar sekondes geleef. Gekelder diep onder in haar paleisholte, was sy nooit blootgestel aan lig nie.

Nou, een-en-twintig jaar later, sit ek langs my ouma se bed en vertel vir haar stories. Sy is diep in die tagtig en sy het my gevra om haar huis "op te ruim" - briewe en dokumente en foto's. Sy vrees die dood en dit is winter, ook op haar dorp, Graaff-Reinet.

Bedags rol sy haar wit kop op die kussing en prewel: "Dit is my laaste jaar."

"Ag nooit, komaan Ouma!"

"Ek leef deesdae so in die verlede." Haar oë loop leeg deur die ruit en rus op die pers bougainvillea wat helder afwys teen die wit buitemure.

Ek haal 'n sigaret uit haar pakkie en steek dit vir haar aan. Dan maak ek die venster groot oop en skuif my stoel terug, want die rook laat my bors toetrek. In haar vanity case is 'n bottel

whisky waarvan sy saans drink as sy te veel na die verlede terug verlang.

Soms staan sy op uit haar bed en speel die *Autumn-Concerto* op haar Steinway. Haar altstem laat my aan swart heuning dink. Of sy speel *Kent Gij Dat Volk* of *Die Lied van Jong Suid-Afrika*. (Hoe dikwels het sy dit nie gespeel met Gelofte-vieringe nie?
Dan het dr. Treurnicht haar persoonlik "geprys".)
As die laaste note wegdraal en sy die pedaal stadig lig, sal sy trots na my kyk en sê: "Ek het 'n perfect pitch. Die professor op Stellenbosch het self so gesê."

Die afgelope twee weke wat ek by my ouma kuier, het ek die Reinet-huis, die Anton Rupert-museum en ander besienswaardighede besoek. Langs die Vallei van Verlatenheid het ek ook ure deurgebring. Maar die dae is te lank, tydloos eners met 'n spierwit winterson wat skyn oor die breë strate en gewelhuisies.

Soms gaan stap ek, vinnig, met my donkerbril op. Die dorpenaars, verveeld en versonke op hul voorstoepe, staar my agterna. So ver moontlik probeer ek ook familie vermy, want ek is nie lus vir hulle baie vrae en hul oë gretig vir nuus nie.

My ouma het met 'n vreemde versoek gekom - ek moet vir haar stories oor koninginne vertel. My sêgoed oor koninginne in die diereryk, sprokies, mitologie en geskiedenis het begin vorm aanneem in haar gedagtewêreld vol drome en dementia. By tye kon ek my verbeel hoe die koninginne wat ek optower, vervlees in haar fantasieë. Die notas vir nuwe stories het ek in 'n rooi skoendoos, gemerk PANDORA, in my kas gebêre.

"Elizabeth II was ses-en-twintig toe sy ingehuldig is as koningin," vertel ek my ouma een middag. Sy lê teen 'n Continentalkussing met haar hande gekruis op haar bors.

"Weet jy, " val sy my in die rede, "in 1947 het die koningin en George VI deur Graaff-Reinet se strate gery, verby die Hoër Volkskool. Elizabeth was nog 'n prinses. Die hoof het die blinds afgetrek, want hy wou nie die Ingelse sien nie. Daai jare het ons nog gevég om 'n onafhanklike volk te wees." Ek lag. "O, en die Ossewa-Brandwag... weet jy dat jou oupa 'n O.B. was?"

"Nee," jok ek.

"Ja, dit was in '38. Hy het groot toesprake gehou op sy dag. Toe versteek hy 'n De Beer. De Beer is gevang, maar hy het jou oupa verraai. My pa, jou grootjie Steynberg, het jou oupa toe uitgebail...en Vorster, dis nou John Vorster, het die saak waargeneem. Toe was hy nog nie minister nie, maar 'n advokaat. En jou oupa het die saak gewen..."

"Ouma," maak ek keelskoon, "hoekom het ek hom nooit geken nie?"

"Na ons egskeiding is hy oorlede...aan 'n hartaanval," sê sy vinnig.

Leuen. Maar ek gaan my ouma nie teë nie. Sy het al vergeet van

die dokumente in haar lessenaar se laaie.

"Jy's 'n Barnard, nie 'n Steynberg nie, " en sy draai haar kop na my. Ek knik ongemaklik. Dit is waar. Maar sy weet nie dat ek my oupa in 1986 opgespoor het deur sy adres in die Pretoria-telefoongids op te soek nie; sy weet ook nie dat ek tot in 1990 met hom gekorrespondeer het, voor hy wérklik in 1991 aan hartversaking oorlede is nie. Sedert die sestigerjare, toe my ma en haar broer universiteit toe is, het hulle finaal kontak met hom verloor.

My ouma is moeg. Haar gekreukelde ooglede met die blou kleursel gaan toe.

Ek staan op en loop na my kamer toe; my ouma se lewe stuk-stuk in vergeelde dokumente verstrooi op die bed. Langs haar getuigskrifte lê 'n ou koerant. Ek lees weer die artikel oor my familie, en merk die gedeeltes wat handel oor my oupa:
*Brandwag,* Vrydag, 7 November 1947:

**MY MOEDER**
NA DIE DAERAAD

*'n Ware verhaal in ons sukses-reeks.*
*Elke week verskyn die geskiedenis van die prestasies van 'n Afrikanergesin.*
*Vandeesweek se bydrae deur Frans Barnard.*

*....ons het begin groot word. Ben is Matriek deur, en Moeder hou vol dat hy universiteit toe moet gaan. Sy wou sorg dat haar kinders 'n goeie geleerdheid kry, al werk sy haar ook kapot, want dit was al wat sy hulle kon gee. Maar die hoë fooie, die boeke en die klere!...Gelukkig kry sy 'n klein leninkie, nie naastenby genoeg nie, maar dit sou baie help.*

*Die eerste dag wat Ouboet universiteit toe is, was ook die eerste dag wat hy 'n langbroek aangetrek het. Dit was 'n gedoente! Aantrek en uittrek, en weer aan.*

*Die universiteit was byna vier myl van ons huis af, en my broer het elke oggend gestap. Dan weer huis toe vir middagete, (wie kan mieliepap saam universiteit toe neem?), en weer terug vir die middagklas. Soms het hy sommer daar gebly. Drie jaar lank. Elke winteroggend met net 'n broek, hemp en baadjie. Altyd half vaal van die honger. Boeke koop was buite die kwessie. As hy smiddae terugkom van universiteit af, sluk hy gou iets af, neem sy aantekeningboeke en gaan sit en skryf af in die biblioteek tot wanneer hulle half-tien saans sluit. Dan kom studeer hy by flikkerende kerslig. Hy was een van die puik studente, voorsitter van ANS, in die studenteraad en het 'n leidende rol gespeel by baie ander studente-aangeleenthede. Hy was my moeder se arbeid waardig.*

*...my broer Ben het 'n pos as onderwyser by 'n plaasskool in die*

*Koffiefonteindistrik aanvaar. Arm soos sy was, het Moeder hom drie jaar lank op universiteit gehou, deur 1933 se depressie en al. Sy toekoms was verseker. Maar hy wou verder studeer, hy wou heel bo op die leer kom. Elke naweek het hy Bloemfontein toe gekom om eksterne geskiedenisklasse by dr. Barnard (tans Administrateur van die Vrystaat) te loop. Hy het sy M.A.-graad bekom. Later het hy 'n pos aan 'n hoërskool in die Kaapprovinsie gekry, en toe met private studie sy M. Educ.-graad verwerf. 'n Lang end pad tussen hom en daardie seuntjie wat soggens skemerdonker deur die plantasies van Simmer-en-Jack moes draf.*

Ek vou die artikel op en bêre dit in my rooi skoendoos.

Later die aand help ek my ouma was. Ek droog haar af met 'n nuwe badhanddoek, versigtig oor die boggeltjie, borsies wat aan velle hang, die geswolle knieë en enkels; dan help ek haar in 'n skoon nagrok.

Ek skink vir ons whisky uit die bottel in haar vanity case. My ouma drink met klein slukkies. Afwagtend kyk sy nou na my: dis weer tyd vir 'n storie. Ek haal diep asem:

"Eendag was daar 'n seuntjie wat elke oggend baie vroeg vir sy gesin brandhout in die plantasies van Simmer-en-Jack gesteel het..." En ek vertel haar van die koningin, 'n arm ou vrou wat in 'n washuis gewerk het om haar nege kinders groot te maak. Haar man het haar in die steek gelaat, want hy het gaan delf op Last Hope. Ek vertel my ouma ook dat die seuntjie op skool 'n baie goeie atleet was, omdat hy so baie moes weghardloop vir die polisie as hy gaan hout steel het. Die polisie het gedink hy steel die hout om dit te verkoop vir bioskoop-geld.

Maar my ouma herken nie die koningin as haar skoonma nie. Ook het sy vergeet dat die seuntjie later haar man sou word.

"Ek is ook daardeur," sê sy. " Jou oupa het my gelos en ek moes jou ma en oom Andries alleen grootmaak en universiteit toe stuur."

Leuen. Volgens die kontrakte in my skoendoos wou my ouma van my oupa skei. Al was sy baie lief vir die "arm, maar geleerde" man van Bloemfontein, was sy net so lief vir geld, "lime light" en partytjies. (Hy't altyd my ouma se bottels wyn in die wasbak se drein afgegooi en hom onttrek, gaan sit in sy studeerkamer. Hy het aan "Weltschmerz" gely.)

Op sy begrafnis Desember 1991 het sy dogter uit sy tweede huwelik my vertel dat hy glo altyd na sy asmapompie gegryp het as die famlilie saamkom; die Steynbergs het langs hulle neuse afgeloer na "die mannetjie met niks op sy naam nie." Blykbaar het grootjie Steynberg vir sy doktorale studies betaal,daarom het hy na die egskeiding geweier om sy titel te gebruik.

En die ánder leuens? Augustus 1950 is hulle amptelik geskei;

Maart 1951 is sy dogter uit sy tweede huwelik gebore. Baie onbekende familie, verlore bloed. En die leuens wat uitgekom het op sy begrafnis, het my na my asem laat snak. Die familie was nie verbaas om te sien dat ek 'n asmalyer is nie. Toe sy kis sak, was daar ook ánder tjiertsgeluide van asmapompies om my.

My ouma sit regop en skuif die duvet opsy. "Help my klavier toe." Ek gee haar driepoot-kierie aan.

Toe sy wankelrig opstaan, sien ek die nat kol op die paslaken. Swaar stap sy sitkamer toe. Dan gaan sit sy.

Sy het 'n heuweltjie op haar rug. Sy lig haar hande plegtig: *None but the lonely heart.* Terwyl sy vir my sing, wieg sy haar kop. (Wil sy huil?)

Die note breek stomp af. Sy bly soos 'n vraagteken oor die klavier hang.

"Ouma?"

"Ek't dit so baie gespeel toe ek jonk was. Daar's soveel herinneringe...ná my egskeiding. Gaan kyk gou in my vanity case vir 'n sakdoek."

By die vertoonkas in die gang staan ek stil en kyk na al die bekers wat my ouma met koorkompetisies gewen het.

Eens op 'n tyd was almal jonk en mooi.

Tussen die Be Sure-doekies en bolletjies sykouse is 'n rytjie sakdoeke: bontes, geruites en geblomdes in klein blokkies gestryk.

My ouma blaas haar neus. Haar brilglase is troebel. Sy rol die sakdoek in 'n bondeltjie en druk dit voor by haar mou in.

Sy skuif op toe ek langs haar op die klavierstoeltjie gaan sit: luister skuinskop hoe ék *None but the lonely heart* vir haar probeer speel. Dan onderbreek sy my: "Jy speel net. Jou tegniek is reg, maar jy vertólk nie." Sy skud haar kop. "Jy is nog nie matured genoeg nie." Dan sag: "Jy het nog nie liefgehad nie..."

In die slaapkamer kam ek haar wit hare. Dit troos. Sy het 'n pienk kopvel vol sproete.

"Ek wil 'n groot opkoms hê."

"Watse opkoms, Ouma?"

"Na my begrafnis."

"Ag, Ouma."

Later die aand, voor ek die duvet optrek tot onder haar ken, vertel ek: " Koningin Elizabeth het 'n rooi kissie waarin sy elke dag haar koerante en amptelike dokumente ontvang - die afgelope vyf en veertig jaar al. Dit maak nie saak waar in die wêreld sy haar bevind nie, sy kry haar kissie. Die Britte verwys daarna as "the queen doing her boxes."

"Dis mooi," gaap my ouma.

"Wie dink Ouma gaan haar troonopvolger wees?"

"Lady Diana," sê sy kinderlik en knip die bedliggie af.

In die donker kan sy nie sien hoe ek glimlag nie, want sy weet nie van my PANDORA-boks vol fantasieë oor koninginne nie. Nog minder weet sy van al die leidrade en leuens oor ons familie in daardie einste boks.

Die volgende oggend bel K my wakker. "Ek moet dringend met jou praat."

"Ja?" vra ek.

"Persoonlik. Dit kan nie langer wag nie."

"Waaroor?" (My keel trek toe. Is dit verby?)

" Nie oor die telefoon nie. Ek't al my dinge gereël hier in PE, dus - "

"Kom jy Graaff-Reinet toe?"

"Ja. Ek ry nou-nou. Maar ek sal jou bel op my sel."

Toe ek die gehoorbuis neersit, klop my hart vinnig. Eindelik kan ek wag op iets om te gebeur.

Voor haar spieëltafel tref ek my ouma aan, ten volle geklee in 'n driestukpakkie, sykouse en Klinik-skoene. Sy is besig om te grimeer.

"Hierdie costume van my is baie oud," sê sy tuitmond en sit haar lipstiffie aan. "Gaan kyk gou in my hangkas, daar is my aandrokke wat ek gedra het met groot funksies."

Die kasdeur kraak toe ek dit oopmaak. Dit is pragtige rokke: swart, goud, wynrooi en koningsblou. My hande streel oor die kant, chiffon, satyn, brokaat en ander eksotiese materiale wat ek nie ken nie.

"Ek wil hê jy moet die rokke vir jou vat. Ek het hulle nie beskryf in my testament nie. En ek wil hê jy moet hulle dra."

Sy poseer vir haarself in die spieël. "En jy moet my belowe jy sal hulle nóóit verkoop nie."

"Ek belowe, Ouma," en ek volg 'n goue stofstraal bo haar kop.

Sy is oud; oortrek met ouderdomsvlekke en haar ken is wollerig. Daar is 'n geel nikotienkol voor in haar hare en soms sy sit agterstevoor op die toilet om makliker op te kom.

Sy is oud, skíér in haar bejaardheid maar steeds waardig, tydloos in haar glorie as plattelandse musiekonderwyseres, koorleier en pianinste. (Miskien moet ek haar van ánder koninginne vertel. Van Greta Garbo of Marlene Dietrich, byvoorbeeld. Van divas en legendes, ontsterflik in die ewige bespiegeling rondom hulle.) Hoe groot en hoe klein is haar Karoo nie.

Na ontbyt lees my ouma die *Patriot* met koorsige wange. Sy haal swaar asem. Dan bestudeer sy haar stamregister, *Een Familie*.

"Ek is so bang ek het 'n swart nageslag," kerm sy. "Ek sal in my graf omdraai."

"Ouma..."

"Wanneer laas het jy 'n kêreltjie gehad? Ek wens ek kon jou troue

beleef."

"Ek gaan nie gou trou nie, Ouma."

Sy lag gemoedelik; daar is goud in haar voortand. "Ai, my kindjie...ja, só gaan die jare verby."

Lusteloos gaan sit ek op die stoep.

Die winter is feitlik verby. Vaagweg ruik ek jasmyn. En my ouma het nie gesterf, soos sy verwag het nie.

Ek kyk op my horlosie. Hoe lank sit ek al? Twee minute?

Dié dorpie, dié Karoo ken geen parameters van tyd nie. Hoe stedelik en stoccato het ek nie geword nie. En die wag, altyd die wag op iets om te gebeur. My familie wag dat ek moet trou, ek stap aan ses en twintig toe. Doen ek dit nie, dink hulle ek is 'n oujongnooi. "Siestog, sy sit nog op die rak." 'n Nul op die familiekontrak.

Watse storie sal ek vanmiddag vir my ouma vertel? Om oor feministe te praat, is uit - al besef my ouma nie dat sy haar hele lewe self 'n feminis was nie. Feministe is militante koninginne, en dit sal haar afskrik. Van die Koningin van Skeba wil sy ook niks weet nie, want sy was swart.

Miskien kan ek haar vertel van my liefde vir skaak; hoe ek so vinnig moontlik die pad oopmaak vir my koningin. Sy is die dodelikste wapen op my bord, die enigste speler wat vrymagtig kan beweeg. Verloor ek haar, het ek emosioneel reeds verloor.

Miskien moet ek moet haar vertel van die termietkoningin, die matriarg, die siel van die hele gemenebes. En ek sal vir haar sê dit word lente, Proserpina is nie meer Pluto se koningin nie. Ek sal vir haar sê dat Ceres weer juig en dat my ouma nie moet doodgaan nie, want sy is die enigste een wat ons stukkende familie nog bymekaar hou.

Vanaand, voor sy gaan slaap, sal ek vir haar 'n Psalm van Dawid lees: Vir die koorleier.

Skielik roep my ouma benoud.

Ek vlieg op uit die houtbank, net betyds om die koppie tee uit haar hand te ruk. Sy het gestik.

"Ouma!" Ek dwing haar arms in die lug, maar sy beduie woes na die T.V.-skerm: *The death of Princess Diana.*

Ek voel bewerig.

My ouma haal hard en hortend asem. Sy haal haar bril af en laat val dit op die glase op die bedkassie.

Ek gaan sit langs haar en probeer troos, maar sy is reeds histeries. Ek druk haar teen my vas en vee die trane van haar geplooide gesig af. Sy huil oopmond.

Skielik lui die telefoon. Dis K. Haar stem klink ver en winderig op die selfoon.

"Ek is nou net ... Jansenville. Sien jou oor 'n uur."

"Het jy gehoor Lady Diana is dood?" vra ek dringend.

" ... mooi hoor nie. ... later."
Dan 'n besettoon.

"Wie was dit?" vra my ouma tranerig. Ek antwoord nie, maar kyk hoe honderde mense met blomme deur die strate van Londen loop - geskok, verslae.

My ouma se gesig lyk klein teen die Continentalkussing. Haar wange ruk.

"Sal jy vir my 'n gunsie doen, my kindjie?"

"Ja," sê ek sonder om te huiwer.

"Trek my trourok aan."

"Ekskuus?"

"In die kis in die gang is my trourok. En my *veil* en skoene ook. Trek dit aan, ek wil sien hoe jy lyk..."

Sy draai haar oë terug na die televisie, en ek weet ek het nie veel van 'n keuse nie. Ai, my ouma en haar geslag. (Hulle is die Boere-adel; waardeer hulle terwyl hulle nog daar is, het K eenkeer gesê.)

Tussen die voue van die sluier is die swart-en-wit troufoto. My ouma was beeldskoon toe sy jonk was. My oupa staan ingehaak by haar. Hy het 'n roomkleurige pak aan. Die troufoto ontsenu my; ek is my oupa se ewebeeld...! (Waarom wou hy my nooit ontmoet nie, maar net met my korrespondeer?)

Ek moet opskud. Nog 'n uur. K mag my nie in die trourok vang nie.

Voor ek probeer uitpluis hoe die hakies en knippies werk, bêre ek die troufoto eers in my PANDORA-skoendoos. In die agtergrond huil my ouma nog eenstryk deur.

"Jy het nog nie liefgehad nie," herhaal haar woorde in my kop. Maar wat weet sy van K?

Só sal ek my wortels hier agterlaat, my afgestorwenes, en met 'n skoendoos vol geheime en koninginne teruggaan Johannesburg toe.

Werktuiglik klim ek in die duur, roomkleurige trourok. (Met geen strooimeisie om my morele ondersteuning te bied nie.) Maar die rok is hopeloos te groot.

Voor die vollengtespieël streel ek oor my borste en die goue borduursels. Dan trek ek die sluier met die kroontjie oor my kortgeskeerde hare.

In die gang trap ek die sleep raak en slaan amper neer. Ook die skoene is te groot. Die reuk van motgif brand in my bors.

Ek haal diep asem: wat sal my ouma dink?
Maar my ouma bly verdrietig na 'n BBC-aanbieder staar.

Die voordeurklokkie. Die voordeurklokkie lui. Maar my ouma hoor nie; die dood van Lady Diana het alles rondom haar laat vervaag.

Deur die venster sien ek K se motor geparkeer in die straat. Deur die loergaatjie sien ek haar mooi gesig.

Ek maak oop. Net vir 'n oomblik lyk sy uit die veld geslaan.

"Ek was lánkal verby Jansenville toe ek gebel het. Ek wou jou verras." Sy knipoog. "Jy lyk pragtig."

Dan, sonder vrees of skaamte dat iemand ons kan sien, lig sy die sluier en soen my.

Die winkeltrollie vol pos kom in. Dan nog een. En 'n derde.

Die sup lyk moedeloos. Haar groot borste onder die blou poskantoortrui beweeg as sy sug: "Julle moet vinnig afbus vandag. En geen missorts nie, asseblief. Oormôre is dit Goeie Vrydag. En die paaspos is wéér vertraag."

Rita kyk na tant Miem en tannie Kleintjie. Sy begin die rekkies losmaak.

"Anders werk ons almal oortyd..." sê die soep.

Tannie Kleintjie se tong speel in die opening voor in haar tandvleis. "Daar moet net nie pamflette ôk wees nie. Anders slaap ons nóóit vannag nie."

Die posmeester kom staan agter die sup. Daar is wit vlokkies in sy snor. Seker weer sy maagmedisyne.

"Lilly, jy moet maar die boekpakkies doen. En die Business Reply Services." Hy kyk na die sup. Hy is bles en bekommerd. Daar was weer 'n strike op Boemfontein.

Die publiek hou nooit op kla nie.

Die posmeester en Lilly die sup stap weg.

Buite in die koue staan 'n posbus stampvol missorts.

Tannie Kleintjie fluit deur haar uit tand. Sy weeg die pos, en Rita en tant Miem maak rekkies los. Dan gly haar wysvinger vol poskantoorink oor die lys teen die muur. "Veertig kilogram! Dis omtrent vier duisend briewe!"

Dit is koud in die hok. Daar is geen lugreëling of mat nie, en die vensters is te hoog om die lae herfsonnetjie te vang. Die koue styg op uit die wit en swart teëlvloere en die wind sypel deur die posbusse as iemand oopsluit om uit te haal. En nou, met die koue front wat die Weerburo vir Pretoria voorspel het, word dit nog erger.

Tannie Kleintjie en tant Miem sit op kroegstoele en subsorteer die varsgeweegde pos volgens die eerste twee nommers van die posbusse. Behendig kam hulle vingers deur die stapels en flap die briewe in die posrakke teen die muur. Dit is Rita se werk om die subsorts in die vier duisend agthonderd posbusse te gooi. Eers as al die pos klaar gesubsort is, help tannie Kleintjie en tant Miem om te res te sorteer. Filamon is al 'n week af siek.

"Hy's net lui," brom tant Miem. " Dis oor hy weet dis paaspos. Lékker, nou moet ons als doen." Daar is lang hare op haar bolip, soos dié van 'n walrus.Sy is taai en sinies gewerk na vyf en twintig jaar in die poskantoor.

Tannie Kleintjie is maer en bruin. Die tellers skinder dat sy nooit

naby 'n badkamer kom nie. Haar man is retrenched, nou moet sy die pot aan die kook hou. Sy suig ingedagte aan haar tong en klap haar lippe. As sy konsentreer, sien 'n mens iets pienks deur haar uit tand loer.

"Dalk is Filamon rêrig siek." Rita dwing haar skouers agteruit; haar rug pyn weer. As kind is sy nooit behandel vir skoliose nie. Op die dokter se onlangse plate kon sy duidelik die s in haar ruggraat sien. Hy het 'n oefenprogram en rugstut voorgestel, maar hoe kan sy dan buk en strek om die pos te sorteer? Tog gaan daar nie 'n dag om wat sy nie pyn het nie. Maar pos sorteer bring brood en botter op haar tafel. Sy doen dit al sedert sy sestien is, en met net 'n J.C. agter haar naam is werk maar skaars. Sy weier om te kla: sy huur 'n buitekamer, sy volg elke aand die sepies op TV en in haar af tye gaan sy biblioteek toe en neem arms vol liefdesverhale uit. Haar enigste geheim is dat sy soms by winkels, wat tweedehandse trourokke verhuur, inglip en droomverlore die rokke aanpas. Sy is vyf en dertig en nog 'n virgin. Sou iemand vir haar vra wanneer sy dan trou, sal sy seergemaak antwoord: "Jesus is my bruidegom."

Elke middag na werk week sy broodkorsies in 'n roomysbak en kyk verwonderd hoe die voëltjies toesak op haar liefdesmaal.

In die winter kook sy spesiaal sop vir die poskantoor se mense; die datumstempel laat die tellers se gewrigte pyn en die poshanteerders se hande bly skurf en blou. Om met handskoene te sorteer, werk nie: mens kan die briewe net nie lekker raakvat nie.

Langs die hok is die kleinhok, waar Hannatjie en Ella al die geregistreerde pos, fast mails, priority mails en couriers doen. Die tralies voor die tellers se hokkies is onlangs vervang met bulletproof-glas.

In stilte sorteer hulle. Af en toe klap tannie Kleintjie se tong. Sara bring hulle koffie: dit wasem in die koue hok.

Tant Miem haal nors haar toebroodjies uit haar kosblik.

"Polony," snuif tannie Kleintjie opgewonde, maar tant Miem bied nie vir haar aan nie. Sy sug en draai die handradio met die halwe antenna op Radio Kansel. Dan steek sy 'n sigaret aan en rook vinnig. Slegs met breaks mag hulle rook. En sy wil nie weer op die rooi tapyt gaan staan nie. Die posmeester, ou Dikkop, het haar behoorlik ingevlie toe daar eendag rook uit 'n posbus geborrel het - sy kon nie betyds dooddruk nie, en ou Dikkop het mos so 'n manier om te sluip. Sy was net betyds om haar asbak in 'n posbus te druk. Maar die laaste keer was daar egter groot moeilikheid. Sy het haar asbak in 'n posbus vergeet. Toe iemand oopsluit om pos uit te haal, lê daar 'n stink asbak vol stompies - dit is summier aan ou Dikkop gerapporteer. Toe moes sy weer op die rooi tapyt verskyn. Die posmeester se wit snor het gebewe. Hy het sy bottel Mucaine vasgeklou, so kwaad was hy.

Rita drink klaar. Sy werk vinnig. Al het sy 'n boggel wat swaarder raak soos die ure verbysleep, is sy rats: 7016; 7098; 7042; 70...

Na negentien jaar van pos afgooi kry haar hand outomaties die regte bus. Soos in 'n refleksbeweging.

So met die sorteerdery loop haar gedagtes ver. Die meerderheid briewe is rekeninge. Mense skryf nie meer baie vir mekaar nie. Miskien is dit omdat mense nie meer vir mekaar voel nie. En nou met die e-mails en alles raak dit makliker en goedkoper om jou pos met 'n computer te stuur. Maar ook meer onpersoonlik, dink Rita.

'n Poskaart uit Amerika met 'n kaal man voorop, wat sy eers blosend bestudeer voor sy dit ingooi; 'n half-geadresseerde briefie in 'n kinderhandskrif wat sy eenkant sit, om later met groot moeite en 'n adreslys uit te pluis in watter bus dit hoort. Sy het baie deernis met kinderbriewe. Sy probeer ook begrip hê met mense wat nie hulle poskodes ken nie, al moet sy die regte kodes opsoek en dit met 'n rooi pen oorskryf.

Haar hart klop vinnig. Sal hy weer daar wees, vanoggend elfuur? Sal sy handsome oë weer na haar kyk deur posbus 7070?

Soms sluit iemand oop, die blou deurtjie krys en die son val wit in die skemer hok. 'n Hand ritsel, papier kraak en skuif geheimsinnig na buite. Dan klap die deurtjie toe: die geluid van 'n sleutel in 'n slot.

Die son wat so skielik van buite ingeval het, word weer weggesluit.

Skielik voel Rita moeg. Die nommers begin swem voor haar oë. Die brandpyn in haar rug raak erger. Sy probeer aan iets anders dink. Sy dink aan die woorde van die predikant oor die radio. En aan die liefdesverhaal, *Dokter in saal sewe*, wat sy gisteraand in haar bed lê en lees het. Die smaak van die *Black Magic* uit bus 7070 kom lê soet op haar tong. Gister was die heel eerste keer in haar lewe wat sy sjokolade van 'n man gekry het.

Tienuur, en tea break.

Sara sit hulle bekers Milo op die houtlessenaar neer. Die kroegstoele krys agteruit.

"Is dit weer met kookwater en Cremora gamaak?"

"Natuurlik," sug tant Miem. Maar tannie Kleintjie gee nie om nie. Geld vir kos is amper op; wie kan nou uitkom op 'n poshanteerder se salaris - R1800 'n maand?

Hulle rus nie 'n kwartier, soos gewoonlik met tea breaks nie. Volgens ou Dikkop kan hulle maklik oor die sesduisend briewe 'n dag sorteer, elke tien sekondes 'n brief, lunch, tea breaks en toilet-toe-gaan ingereken.

Tant Miem gluur na tannie Kleintjie. Rita laat haar kop verleë sak.

"Hoe vra 'n mens 'n kollega om te bad?" fluister tant Miem opsetlik hard aan Rita. Tannie Kleintjie maak of sy nie hoor nie en Rita kyk anderpad. Ook die sup het al daaroor gekla.

Hulle het klaar gesubsorteer. Met trollies vol pos in rooi poskantoorskottels begin hulle by die grootste nommers en werk na Rita toe. Tant Miem het die stasie verander, en gelukkig vang die halwe antenna Nicky van den Berg se

stem darem duidelik op.

Rita se oë kyk ver, verder as die reëlmaat van die grys, stowwerige posbusse.

Sy het nog die *S.A. Birdwatching*-tydskrif in 'n bus gedruk, toe gaan die deurtjie oop.

"Haai," het hy gesê. Sy het nie gekoes toe die posbus oopgaan nie. Dis nou wel 'n aardige gevoel as iemand sy pos uithaal en van buite na jou kyk, maar sy groet die publiek altyd vriendelik.

"Wat is jou naam?"

"Rita."

Sy oë het haar vasgehou. So, aan weerskante van die posbus, was hulle gesigte baie na aan mekaar.

Sy het nie geweet wat om te sê nie. "Jy hou van voëls?"

"Ja," het hy gelag, "ek kan nie meer my posbus by my huis gebruik nie."

"Hoekom nie?" het sy verbaas, maar meer op haar gemak gevra. Pos is haar terrein.

"Daar bly nou mossies in my posbus. Hulle broei daar. Toe kry ek maar vir my hierdie een. Mossies is maar so - maak enige plek nes."

Dit was 'n week gelede. Die volgende dag het 'n posbus lank oopgestaan, so lank dat sy na die ligstraal toe geloop het want sy het gedink iemand het vergeet om te sluit. Dit was weer bus 7070. Sy gesig in die grys vierkant het vir haar geglimlag.

"Môre elfuur," het hy gefluister voor hy die deurtjie sluit.

Mnr. A. J. Joubert, het sy op sy pos gesien. Sy het sy naam op die poskantoor se naamlys opgesoek: hy bly op 'n kleinhoewe. Hy het net 'n huistelefoonnommer.

Die reëlmaat van die enerse posbusse het vir Rita die reëlmaat van tralies begin aanneem. Sy het hartseer gedink aan haar roomysbak en die gewone voëltjies wat daaruit eet: little brown jobs, vinke, swaeltjies en duiwe. Skielik was sy intens bewus van mense wat oopsluit - hoe die verkeer en lewe daar buite vir 'n paar oomblikke harder opklink deur die oop posbusse. En die geknars van sleutels in slotte. Hoe dit klingelend wegsterf. Soms kon sy papier hoor skeur nadat die posbus gesluit is, dan 'n stilte. En voetstappe, weg, al hoe verder weg.

Vier duisend agt honderd geslote wêreldjies, het sy gedink. En sy moet die duisende briewe per dag na elkeen se bestemming bring. Vir negentien jaar al het sy eelte aan haar voete en poskantoorink skrop jy nie maklik af nie.

Die volgende oggend elfuur het sy gewag voor bus 7070. Die deurtjie het oopgeswaai soos 'n mossie se piep.

"Hallo, mnr. Joubert," het sy te vinnig gesê.

"Sommer Anton." Hy het geknipoog en Rita het gedink haar hart mis 'n slag.

"Het my boek oor posduiwe al gekom?"

"Nee, maar ek het nog nie klaar afge... ek bedoel gesorteer nie."

"Hmm. Het jy geweet die ou Romeinse soldate het posduiwe gebruik as boodskappers? Dan het hulle briefies aan hulle pote vasgemaak en hulle laat vlieg. Maak nie saak waar jy 'n posduif loslaat nie, hy vlieg altyd terug na sy hok toe."

*Posduiwe*. Hoe mooi klink dit skielik, het Rita gedink. Maar in haar geestesoog kon sy net die vet, lui duiwe in haar roomysbak sien.

"Vandag noem ons hulle wedvlugduiwe." Sy oë was bruin en helder. En hare blou, soos lug; vol verwondering oor duiwe.

'n Streep lig skiet oor die skemer vloer.

"Haai," sê hy.

Rita sluk. Sal hy nog van haar hou as hy weet hoe krom sy is? So krom soos 'n ou vrou wat dringend 'n loopring nodig het? Of staar hy hom net blind teen haar oë, of haar gesig wat die hele hokkie vul?

"Hallo, Anton." Die son is nou agter sy kop.

"Ek het vir jou iets gebring." Hy maak sy hand oop. In sy palm lê 'n rooi angelier. "Dis plastiek. Maar dit moet vir ewig hou."

Sy trek haar asem in. "O, dankie. Baie dankie. Dis prágtig."

"Nog iets. Wanneer het jy môre lunch?"

"Tussen twaalf en een, " sê Rita verleë. "Môre werk ons net tot drie, want Vrydag begin die paasnaweek mos."

"Goed. Sal jy môre saam met my gaan eet?"

"Ja," sê sy vinnig.

"Dan kry ek jou buite voor die glasdeure. Dra die angelier teen jou bors, dat ek nie die verkeerde meisie vra nie."

Sy rek haar oë om hom beter te hoor. "Dankie, Anton. Ek sal daar wees."

Hy knipoog en die deurtjie gaan geluidloos toe, voor die sleutel amper onhoorbaar draai.

Rita sug gelukkig. Party mense het so 'n manier om hulle posbusse hard toe te klap en die sleutel te laat knars in die slot, amper of hulle afreken met hul pos, of met hulle rekeninge, of - so voel dit soms vir haar - afreken met die mense wat die pos in hulle busse moet gooi. Maar Anton is sensitief, dit kan sy hoor aan die manier hoe hy sy posbus sluit.

Half vyf, toe niemand kyk nie, druk sy die angelier in haar handsak.

Die winkeltrollie vol pos kom in. Nog een. En 'n derde.

"Pááspós!" kerm die sup. Die posmeester staan langs haar. Hy lyk bekommerd, maar sy snor is nog skoon. "As julle nie klaarkry nie, kan niemand drie-uur huis toe gaan nie. Julle ry te veel met die gravy train. Vinnig en reg afbus, dis ons leuse. Nie missort! missort! nie!"

"Ja, meneer," sê hulle onderdanig.

"Én - " vervolg sy bewende snor, "wie steel bus 8740 se *XXX-Rated-Magazine*? En drie maande na mekaar?"

"Wat is dit?" vra die sup besorg.

"Dis die naam van die tydskrif. *XXX-Rated*, 'n pornografiese tydskrif uit Amerika."

Hulle skud hulle koppe.

"Dis Filamon," sê die posmeester en vryf oor sy maag. "Julle vroumense sal nie so iets steel nie. Die man is baie kwaad, hy soek sy tydskrif. Hy betaal duur om dit van Amerika te bestel."

Rita word rooi: sy het gesien hoe Filamon 'n tydskrif met *Adults only* voor op in sy werkstas druk. Dit was net voor hulle gesluit het een middag, en Filamon het haar nie gesien nie. Sy het hom nie gerapporteer nie. Hulle het almal 'n eed afgelê dat hulle nie pos sal steel nie - dit sou Filamon sy werk kos.

Maar Rita bly stil. Filamon het 'n vrou en babaseuntjie om voor te sorg.

Die posmeester draai kortaf om en die soep stap saam met hom weg.

Die gewone roetine gaan sy gang. Tannie Kleintjie se tong klap en tant Miem sug.

By bus 7070 staan Rita stil en frons. Onder aan 'n groot wit koevert staan *Die Gauteng Beheerliggaam Vir Gestremdes* gedruk. Dan gooi sy dit met 'n ligte polsbeweging in die bus.

Met tea break drink sy met versigtige lippe haar Milo, sodat haar rooi lipstiffie nie smeer nie. Dit is die eerste keer in maande dat sy make-up aansit; dit laat haar mooi en waardig voel. So of sy haar pose beter kan hou. Ook die pienk oogskadu wat, so glo sy, die helderblou van haar oë beklemtoon. Tot een van die tellers het vir haar gefluit en gevra vir wie lyk sy so sexy.

Toe haar rug te veel begin brand, gaan sit sy op 'n bankie.

"A-nee-a," raas tant Miem. "Dís mos nou lekker. Kleintjie, ek dink ek en jy moet ook daar gaan park."

Meteens voel Rita rebels. Sy kyk uitdagend na tant Miem, maar staan tog op. Gaan sy die res van haar lewe so deurbring, met die klaende sup elke oggend half agt; met die reuk van tannie Kleintjie se sweet wat meng met die reuk van tant Miem se polony-toebroodjies; met Filamon wat die tydskrifte vol kaalbas-meisies so steel; met haar rug wat met die gebuk en -strek tussen die grys poshokkies nog meer pyn?

'n Verlange na die lewe aan die ánder kant, die blou kant van die posbusse waarin die sleutels draai, neem van haar besit.

Die pos is ver van klaar.

In die kleedkamer druk sy haar hare reg. Vaalblonde hare wat steil afhang. Haar grimering hou nog. Sy steek die angelier teen haar blou poskantoorbloes se kraag vas.

Sy glimlag vir haarself.

Dan stap sy uit, haar handsak koesterend onder haar arm.

By die glasdeure kyk sy rond. 'n Bejaarde man druk op sy kierie

verby. Hy is so oud, hy lyk skoon verdwaas van die ouderdom.

'n Poskantoorbakkie. 'n Vrou wat 'n pamflet geïrriteerd opskeur.

Sy frons teen die son: 'n man in 'n rolstoel. 7070 ís 'n lae posbus!

"Rita." Dit is sy stem. Sy arms, sterk en bruingebrand, roei aan die groot wiele na haar toe.

'n Pyn skiet deur haar stuitjie.

"Anton," glimlag hy, en steek sy hand uit. Hy wag dat sy groet, vervolg dan joviaal: "Ek het gedink ek gaan haal pos uit, toe haal ek vir jóú uit." Hy knipoog.

Sy probeer dink aan iets om te sê. Iets sinvol. Maar sy bly kyk: tussen die twee wiele van die rolstoel, twee stompies sonder knieë in 'n kortbroek.

"Is Mike's kitchen reg met jou?" Hy glimlag weer, skynbaar min gepla dat sy so openlik na sy gebrek staar. "Jy weet, omdat ek voëls goed ken, ken ek mense nog beter. As jy voëls baie met 'n verkyker dophou, leer jy later om 'n nabykyker van mense te wees.

Sy trap ongemaklik rond.

"...juis omdat mense so bevange is, takseer jy hulle makliker op face value."

Vir die eerste keer praat sy: "Nee, nee, ek dink jy maak 'n fout."

"Rita?"

Maar sy wil nie verder hoor nie; draai vinnig om en hardloop, potsierlik, haar handsak skommelend oor haar skouer en die angelier wat voel of dit met elke tree groter word.

'n Posduif keer altyd terug na sy hok, onthou sy in die verbygaan sy woorde.

## AGTER DIE LIG

Sy maagspiere ruk soos hy huil.

En hoe meer ek hoor, hoe kwater word ek: ek's lus en rapporteer die bliksem by die T.O.D. En hy sal sy job as onnie, as adjunkhoof, kwyt wees. Dat my ou kan ophou om in vrees te leef vir sy volgende pass.

1990, en ek en Pieter is in Matriek. Ons gaan vas uit, sedert standerd sewe al. Al die meisies is jaloers, want Pieter is 'n hunk: loshande die sexyste ou in Hoërskool E. 1.9 m lank, blond en die are bult op sy biceps.

My hand gly oor sy maag, die lieflike six-pack spiere, en my vingers speel met sy borshare. Sy ma is Checkers toe; dit beteken ons kan rook en vry op sy bed. Die bandspeler met *Waking up the neighbours* van Bryan Adams het afgeloop.

Vergeet die T.O.D," en hy blaas sy neus, "dit was al vernederend genoeg. Almal weet Smit is 'n queen. En ek wil nie 'n label om my nek ook hê nie."

Dit is waar. Maar ek is magteloos van woede. Om te dink: my kompetisie is nie die ander girls in ons skool nie. My kompetisie is 'n poefter - en boonop ons Matriekvoog - wat my ou se lyf soek. Met poefters het ek nie 'n probleem nie, maar dan moet hulle die jong laaities, soos Pieter, uitlos.

"Kom ons trek hom 'n streep," stel ek voor.

Van die gehuil is sy oë nóg blouer. "Soos..?"

"Wraak," druk ek die Stuyvesant in die asbak dood.

Hy kyk stip na die plakkaat van Madonna bo sy lessenaar. Sy het 'n mean trek om haar mond, rig haar wysvinger na 'n mal skare, haar staalbra punt in die wind.

Pieter is nie 'n ou vir tale nie. Ek moet hom help met ons voorgeskrewe Afrikaans. Maar hy het 'n brein vir Wiskunde en Wetenskap.

Ek draai my kop na hom: "Kom ons blaas sy lapa op. Die einste fokken lapa waar hy jou boud gestreel het. Waarheen gaan hy dán die outjies vat vir 'ekstra Afrikaanse lesse'? Na sy slaapkamer toe?"

Hy sit regop, trek nog 'n Stuyvesant uit die pakkie onder die kussing.

"Maar as ons uitgevang word..."

"Ons is agtien, Pieter, te oud vir 'n verbeteringskool. Die tronk? Ons moet net damn versigtig wees. Die hele ding goed beplan."

Hy speel met die Stuyvesant: hou dit tussen sy duim, tweede en derde vinger vas. Macho. Ek tease hom: my vingers skiet sy jockey se rek.

"Ons kan 'n bom van natrium en magnesium maak en dit op sy lapa se grasdak gooi."

Ek hits hom aan, streel die donsies rondom sy naeltjie. "Dit gaan fireworks afgee. As daai gras eers vlam vat, stort die hele gedoente in mekaar. 'n Moerse ontploffing. Brand..."

Die enkelbed kraak soos hy rondskuif. "Hy het vir ou Gert probeer soen, ook daar onder die lapa. Maar Gert is 'n prefek en te bang om te praat."

'n Motor dreun in die oprit, remme knars voor die garage.

"My ma!" Pieter vlieg op, laat glip die asbak met die brandende sigaret onder die bed in en druk sy hemp in sy jeans. Ek trek die duvet reg en blitsvinnig gaan sit hy agter sy lessenaar. 'n Deur klap, sakke ritsel en haar polvye klap oor die plaveisel, reguit buitekamer toe. Sy kom check altyd op ons. Ek gryp die naaste voorgeskrewe boek en begin hard lees:

"Armed vision

Die Gesig raak gewapen: binne:
die klein, dun, skuilende siel:

minder as Lig: anders as lig: Lig"

*(Tok-tok-tok)*

"Verstaan jy nou, Pieter?" skree-vra ek. "Gaan weer my notas deur. N.P. Van Wyk Louw was 'n groot digter..."

Tok. Die deur draai oop. "Kom julle tweetjies reg?"

"Hallo, Tannie," sê ek beleef. "Ja, Pieter vorder baie mooi."

Haar bril glip oor haar neus. Haar oë flits oor die bed.

"Ek het vir julle outjies lemoensap gekoop. En 'n geskenkie vir jou, my seun. Kom, kom ons gaan drink in die kombuis."

Pieter neem die geel plastieksakke by haar. Ek hou asem op, maar sy sê niks van die Stuyvesant-walms nie.

Sorgvuldig skink sy vir ons elkeen 'n groot glas. Ek bedank haar hoflik, soos die meeste middae as ons ná Pieter se 'hulp met die Afrikaans' by die kombuistafel aansit vir sap.

"Jy weet, Marietjie, julle voorgeskrewe gedigte is darem moeilik. En Pietertjie móét dit deurkom op hoër graad as hy universiteit wil gaan. Ek kry julle kinders so jammer..."

'n Ysblokkie kraak in my mond. "Dis 'n gróót plesier, Tannie. Maar Pieter help my ook baie met die Chemie." (Wat waar is. Ek het nie 'n buitekamer soos hy waar mens gewaarsku word as 'n ma aankom nie.)

Sy kry 'n surprise-uitdrukking en grawe in haar handsak; bring 'n CNA-sakkie te voorskyn. "En nou vir die geskenkie," koer sy. Pieter se oë rek: *'n Pot vol winter.* Hy sluk. "Dankie...Ma."

Sy lig haar wenkbroue waarskuwend na my: "En jy, Marietjie, moet dit óók lees."

Ek, vroom: "O, ja, Tannie. Die boek...e...verkoop goed."

Ek laat sak my kop. Dit help nie om pleisters in my nek te plak nie. Almal weet tog dis lovebites.

"Sit!"

Sy stem, te teatraal vir 'n man, styg.

Ek kyk na Pieter se krullerige agterkop. Ek sit in die bank derde van voor. En Pieter in die dog-box. Die stout kinders sit altyd in die dog-box. Almal seuns, want dit is meneer Smit se klas. En Pieter was nie stout nie. Hy het net oorgeleun om my 'n vraag te vra, toe haal Smit vir Henk, wat sy "vaderlike" attensies rooigesig verduur het, uit die dog-box. Nou sit arme Pieter daar, reg onder sy neus, reg voor die podium.

En hy corner hom met *Kringe in 'n Bos,* moeilike vrae wat Pieter tog nooit sal kan beantwoord nie. Dan trek hy sy oor, klap hom op sy rug, boks hom op die arm en maak grappies, so obviously net vir hulle twee bedoel dat ek kan ontplof.

"Nee, Meneer, ek weet nie."

"Regtigwaar, Meneer, dit het my nou ontgaan."

"Nee..."

Ek klem my vuiste onder die houtbank en maak my regterpalm oop; dis klam. Dan steek ek my hand in die lug: "Hier is ander leerlinge wat óók vrae kan beantwoord."

Dit is stil in die klas. Agt en twintig pare oë kyk afwagtend na my. Die stories oor Smit lóóp: een jaar het die matrieks tydens die Forty Days-konsert *Playing with the boys* van Kenny Loggins vir hom gespeel. Hy het glo gaan huil by die hoof, dr. Steyn. En die Forty Days-konserte is summier afgeskaf.

Hy gluur na my. Ek is Pieter se girl. En hy merk my altyd negatief op alles - veral opstelle. Hy soek réde om op my te bitch: my boeke is nie reg oorgetrek nie, my romp is te kort en my naels te lank.

Ek begin duisel van woede. En ek kry guts. Ek beweeg my kop 'n paar sentimeter agtertoe en laat my oë stadig oor sy pofferige lyf sak. Die yslike maag wat sy broek in 'n halfmaan afdwing. Dit lyk of die vet tot in sy gulp uitgesak het. Die knock knees. Die pienk hande wat so kan flap en met seuns wil vroetel.

Sy krokodil-oë kyk smalend na die elektoplast-pleister in my nek. Dan glimlag ek soos 'n yskoningin. Hier kom dit.

"In *Kringe in 'n Bos* is daar iets te vind van die mens se obsessionele preokkupasie met die dier. Met watter werk van Hemingway kan ons dit vergelyk?"

Dít was 'n lae een. Onregverdig. Maar ek ken die antwoord. En ek is lam van verligting.

"Wel, Meneer, dis nou nie deel van ons leerplan nie, maar ek sal dit antwoord. Dit is *The Old Man and the Sea.*"

Hy knik sy kop, verbaas. Daar is 'n roering onder die kinders. Cool. Hy moenie met my sukkel nie. Die vonke gaan nog spat.

Die klok lui: langpouse.

"Great girl," wag Pieter my by die trap in. Kinders druk by ons verby, haastig op pad snoepie toe. Op sy slap rugsak is I ♥ M met 'n rooi pen uitgekrap. Hy ruik na aftershave. Dáároor het Smit ook al 'n tantrum gegooi.

Ons loop stadig na die tydelike klasse toe: Houtwerk, Huishoudkunde en Wetenskap.

"Hou jy kywie," sê hy en kyk om hom rond. Daar is nie 'n prefek in sig nie.

"Vat my baadjie." Ek maak my rug hol en strek my arms agteruit. Galant, soos 'n lakei, laat glip Pieter die kleurbaadjie van my wit, deurskynende skoolhempie af.

"Ek laaik jou bra."

"Dis vir jou, my lief..."

"Trek die baadjie weer aan as ek terug is. Ek wil nie hê die ander ouens moet die hartjies sien nie."

"Natuurlik, my lief. En wees versigtig. Ek sal nies as iemand aankom. Dan moet jy wegkruip, die lokaal is groot."

Hy stap bakarm weg. James Dean se moses .

Ek maak of ek dagdroom: bespied die rooi stofgrond en lang grys geboue. Niemand nie.

Twee minute later stap Pieter nonchalant by die deur uit, die kleurbaadjie in 'n effense bondel oor sy voorarm.

"Alles gekry," glimlag hy.

"Cool," vorm my lippe 'n soen.

Die laaste drie periodes sit ons langs mekaar. Dit is 30° C en soos baie ander kinders lê ek op my arms. Hulle, van moegheid en hitte. Ek, van hitte omdat die ander ouens nie my hartjies-bra mag sien nie.

En omdat ek onderlangs glimlag vir Pieter se hand onder my romp.

In sy buitekamer haal Pieter die bottel natrium en rol magnesiumlint wat hy in die lab se stoorkamer gesteel het, uit sy skoolsak. Sy ma is uit (die lemoensap is in die yskas) en *'n Pot vol winter* lê nog in die sakkie op sy bedkassie.

Hy rook en beduie driftig: "Ek maak die bom: draai die lint om die natriumstafies terwyl dit nog nat is van die paraffien. Dan steek ek dit aan die brand en gooi dit op die grasdak. Maar ons moet blerrie vinnig speel."

"Jy beter. As natrium droog is, slaan dit spontaan aan die brand. Netnou blaas jy jouself op in die proses. Moet ons dit nie liewer los nie? Ek sal hom gaan aangee by die T.O.D. Hulle sal hom fire en dan..."

Pieter blaas die rook deur sy neus; 'n lang sug. "Dan staan ek bekend as die prooi van 'n wellustige omie? Shame. Miskien moet ek jou tóg vertel. Hy het nie net aan my boud gevat nie. Ons het onder sy lapa gesit terwyl hy praat oor 'die poësie'. Vars lug en die sterrehemel is glo nodig om 'digterlik gefokus' te raak. Toe vra hy my: weet jy wat beteken 'Ars poetica?' En ek skrik my gat af: 'n Arse! Ek sê vir hom nee, ek wil ook nie weet nie...en hy het sy hand op my..."

Sy ooglede tril skielik vol trane. Op sy borskas trek my vingers vuis; voel ek sy hart klop: "Pieter! VANAAND pos ons daai lapa! En die ou perv ook, as hy nog so sit en droom oor Ars poeticas." Ek druk my kop in sy nek en streel sy bewende adamsappel.

"Nee, relax. Ons kan nie dít doen nie. Dis moord."

"Is dit veilig? Die bom?" Ek klou aan sy hand.

"Honderd persent. As hy die cops wil laat kom, sal hulle net 'n bietjie magnesium en natrium - of paraffien - kan trace. Maar natrium en magnesium is ook deel van sement, en hy het onlangs nuwe plaveisel aangebring in sy tuin. Wat die paraffien betref...kan hulle dink dis afkomstig van die Blitz langs sy braaier. Blitz is mos paraffienblokkies. En in elk geval sal die cops eerder soek vir plofstof."

"MacGuiver se moer..." Ek rol om. Die bed begin kraak. Dit is warm. Ons lywe raak klam, ons skoolklere kreukel. Ons sê ons is lief vir mekaar, met *Almost Paradise* uit Footloose hard in die

speler. Ons hoor nie die motor voor die garage stilhou nie. Verstyf net in mekaar se arms:
"Hallóé julle tweetjies! As julle klaar geleer het, is daar koekies in die kombuis. Angel's Delights!"

Agtuur, toe dit mooi donker is in Wierdapark, hou Pieter se Yamaha voor ons huis stil. Ek het 'n swart sweetpak en Nike-hardloopskoene aan. Met bouncy sole, dat ek katvoet kan weghardloop ná die kloppe aan Smit se deur. My verskoning aan my ouers is: ek gaan na Pieter toe, ons skryf môre 'n Wetenskaptoets. Sy verskoning aan sy ouers is: hy gaan na Marietjie toe, ons skryf môre 'n Afrikaanstoets.

Agterop die motorfiets voel ek die bombenodigdhede in sy swart leerbaadjie.
Die bloed bruis deur my are. Die kragtige bike vibreer onder my boude. As ek Smit dan nie uit sy pawn seat kan lig nie, sal hy vir ewig gelig wees uit sy lapa se bank.

Ons parkeer op die hoek van Loerielaan. Dit is ongeveer honderd en vyftig meter van Smit se huis terug na die motorfiets. Dan verdwyn ons in 'n systraat of drie.

"Die balaklavas," sê Pieter ernstig toe ons ons valhelms afhaal, "dra ons eers as alles veilig is. Na ons die huis en straat gecheck het. Daarna hóú ons dit aan."

Hy soen my, kort maar innig: sy ken sandpapier teen my wang.

"Versigtig wees. In hemelsnaam Pieter..."

Die huis is nie groot nie, 'n tweeslaapkamer. In die eerste vertrek brand 'n lig en deur die gordyne flikker 'n televisie.

Die straat is stil; rysmiere om die straatligte.

Versigtig lig Pieter die hekkie se knip. Goddank, dit piep nie. Koes-koes en met lang treë verdwyn ons om 'n buitekamer en agter 'n reuse denneboom in. 'n Creepy-crawley tik-tik in die swembad.

Dan sien ons die lapa, met sy groot, sambreelvormige grasdak. 'n Patio. 'n Wit plastiektuinstel. Braairoosters op 'n baksteenformasie. En langs dit, charcoal en 'n boksie Blitz.

My opdrag is duidelik: drie kloppe aan die voordeur en ek laat spaander. Pieter is bang om die magnesiumlint om die natriumstafies te draai.

Terwyl ek by die buitekamer verbysluip, skiet 'n gebed deur my kop. Ag Here, laat hy net nie seerkry nie. Onder die balaklava brand my gesig van hitte en vrees.

*Tok-tok-tok.*

Skielik, uit die bloute, sonder blits of donderslag, sak 'n reënbui oor my uit. Harde, reguit strale. En dit begin giet of die hemel in 'n oogwink oopgebreek het.

Ek swenk om; sien 'n wit vonk bo die huis se dak opspring en hardloop - nie straat toe, soos ons afgespreek het nie - maar reguit na Pieter toe. Die vlamme gaan doodreën! Dinge loop skeef!

In die verbygaan hoor ek 'n sleutel in die voordeur draai. Uitasem skuil ek agter die yslike denneboom. Pieter, styfgedruk teen die stam, vee denkbeeldige sweet met sy handskoen van sy balaklava af.

Die agterdeur swaai oop. Smit, in 'n pienk japon en pienk pantoffels, stap uit en versteen op 'n lappie gras.

*Dit is 'n ongelooflike gesig. In plaas van vuur, gloei 'n groot, verblindende wit lig bo-op die lapa. Die lig, soos 'n skitterende son, druis geheimsinnig en bly brand ten spyte van die stortende reën.*

Dit is so mooi, ek vergeet skoon van my vrees. Pieter ook, en ons loop oopmond nader.

Dan gebeur 'n vreemde ding: Smit, nou sopnat gereën, val op sy knieë en begin onbedaardelik snik.

Die volgende oomblik is nog iemand op die toneel. 'n Man met 'n videokamera. (Sy lover?)

"Shit," hoor ek Pieter sis. Hy gryp my aan die hand en ons hardloop - net betyds, want 'n helse ontploffing laat die aarde onder ons sidder. Gelyktydig val ons plat en kyk om. Vonke, soos verskietende sterre, blits die nagruim in.

Nóg 'n oorverdowende slag, die grond ruk, en ons is weer op die been.

Die man met die videokamera staan nou wydsbeen en op 'n veilige afstand. En Smit, nog steeds op sy knieë, se arms is in die lug.

Nat, vol modder, en ligte brandwonde sluip ons in Pieter se buitekamer in en sluit die deur.
"Wat de donder het gebeur?" vra ek skril en ruk die balaklava af.
"Relax. Trek eers droë klere aan." Uit die hangkas haal hy twee skoon sweetpakke en begin bibberend uittrek. "Daar is Anethaine in my bedkassie."
Tam gooi ek my nat sweetpak oor die lessenaar en gaan sit op die bed. Pieter maak my bra versigtig los.
"'n Stukkie natrium het jou geklits. Nothing serious," en hy smeer die salf op die brandplek naby my bra se strap. Dan gaan lê hy in sy jockey dat ek hom kan nurse. Op sy bobeen is 'n rooi vlek sonder vel.
"Daar is twee moontlikhede. Een: die lapa se grasdak is behandel met chemikalieë sodat dit nie kan brand nie. Twee: Ek het die magnesiumlint, wat ek om die natriumstafies gedraai het, met 'n vuurhoutjie aan die brand gesteek en op die dak gegooi. Die hitte van die vlam het die natrium ook laat brand. En natrium reageer met vog in die lug om waterstof te vorm. Toe begin dit reën, en die vlam van die magnesium laat die waterstof ontplof. Fok. Dit beteken die grasdak het niks oorgekom nie."
"Daai mooi wit vlam was maar net magnesium, nè?"
"Ja, en water kan nie brandende natrium óf magnesium blus nie." Hy haal 'n Stuyvesant onder die kopkussing uit.
"Daar is net een ding wat my worry, " puff hy, "en dis daai ou wat ons op band vasgelê het." Ek tuit my lippe; hy druk die sigaret in my mond en ek blaas die rook deur my neus.
"Maar met ons swart klere en balaklavas?"
"Hmmm..."
Ek staan op, buk en bêre die Anethaine in die bedkassie. Toe ek omdraai, lê Pieter op sy maag. "En nou?" terg ek.
"Dink jy nie ons moet maar ons klere aantrek nie?"

Die volgende oggend halfagt loop die hoofseun met 'n interkom oor die skoolterrein: "Daar is saalopening vanoggend. Almal saal toe, asseblief..."
Dis vreemd. Volgens reël is daar net Maandagoggende saal, met Skriflesing en Gebed.
Die Matrieks sit op die galery. Op die gladde, grys vloer sit standerd ses tot agt, en heel agter, die standerdneges op stoele. Gewoonlik sit die onnies op die verhoog agter die podium, maar nou is daar 'n reuse-videoskerm opgestel; die onnies sit op stoele teen die mure.
Dalk is daar weer 'n noodtoestand of bomdreigement of aanslag op ons skool. Sports - dan mis ons klasse en word geleer om onder ons banke in te duik en vinnig en flink te marsjeer tot op die oostelike rugbyveld.
Die hoof klim die trap op na die verhoog, 'n Bybel onder sy arm. Hy kug. Dit word doodstil in die saal.
"Dames en here, kinders - ons vergader vandag om te deel in 'n wonderlike gebeurtenis. Ons almal weet uit Openbaring ons leef in die laaste dae. Maar dit is so tragies dat nou, te midde van die tekens van die tye, daar baie is wat afvallig raak en eerder die wêreld as vir Christus aanhang. Juis dáárom is ons so dankbaar as ons nog die getuienis kan aanhoor van iemand wat 'n kragtige openbaring van God gesien het. Iemand wat verswak het in die geloof en gisteraand op 'n wonderbaarlike wyse aangespreek is deur die Heilige Gees. Iemand wat 'n ware Damaskus-ontmoeting met Hom gehad het."
Die hoof se stem bewe. "Ek stel vir meneer Smit aan die woord."
Langs my vorm Pieter se lippe 'n woord sonder klank.
Smit staan op, klim saggies en versigtig die trap op. (Het sy manier van loop verander?)
Sy stem kom hees deur die mikrofoon: "Gisteraand, terwyl ek televisie gekyk het, het ek drie kloppe aan my voordeur gehoor. Toe ek oopmaak, was daar niks. Toe maak ek die agterdeur oop...en sién dit...'n lig, die lig van God soos 'n stralekrans in my tuin bo die lapa. Dit het begin reën, oorvloediglik, o dank Hom daarvoor...en die lig het bly brand soos iets uit die hemel self..."
Hy haal 'n sakdoek uit sy broeksak.
"Ek het op my knieë neergeval en geweet nou is ek voor die aangesig van God. My buurman, wat toevallig besig was om 'n video-opname te maak van sy vrou, wat gister verjaar het, het ook die lig gesien. Die Here het toegelaat dat hy my tuin binnekom en die lig op band vaslê. Die volgende oomblik was daar 'n helse, nee hemelse ontploffing...of iets soos 'n weerligstraal. Maar

niemand het seergekry nie! Ek het voor Sy aangesig bly lê op die grond..." Trane loop oor sy wange.

"...en besef Hy het my aangespreek oor my verkeerde weë. Soos vir Saulus op pad na Jerusalem. Daarna was die Teenwoordigheid weg. Ek en my buurman, meneer Van Wyk, het op ons knieë gegaan en Hom gedank. Ek het daar en dan tot bekering gekom. Ek is nuut gebore, mense, uit water en Gees is ek wedergebore! Prys die Here!"

Pieter word al bleker. My hart kramp. Angina.

"En nou gaan ons die video van die wonderbaarlike lig vir julle wys..."

Die saal sit in gespanne afwagting. Almal begin saggies praat. Meneer Smit blaas sy neus en glimlag salig vir die verwonderde kindergesigte. Ek kry nie meer asem nie.

Meneer Van Wyk druk 'n video in die masjien op die verhoog: beelde van 'n laggende vrou met 'n geskenkpakkie spring oor die skerm. Hy fast-forward.

Die kinders se monde hang oop. In die blink reën straal die lig soos 'n twaalfuur-middagson. En dáár, agter die lig, staan twee swart silhoeëtte, 'n korte en 'n lange: ek en Pieter! Hier vries meneer Van Wyk die beeld. Smit beduie opgewonde: "Sien julle, in die agtergrond staan twee engele!"

Pieter sug verlig, gly 'n aks laer in sy stoel.

"Halleluja!" roep die Huishoudkunde-onderwyseres opgewonde. Iewers begin iemand snik.

Dan volg die ontploffing: blitsvinnig zoem die kamera 'n ent agteruit. Uitroepe van verbasing. Dit lyk soos 'n aksiefliek se special effects. Beslis nie na iets wat in iemand se agtertuin in Wierdapark gebeur nie.

Die res van die dag word die video druk bespreek.

Die "brandende grasdak" word onder meer met Moses se brandende braambos vergelyk. Iemand merk op dat die *drie* kloppe 'n heilige, magiese getal is.

"Klop, en daar sal vir jou oopgemaak word," hoor ek die Tik-onderwyseres op die stoep sê.

"Sonder twyfel 'n Damaskus-ontmoeting," reken die leier van die ACSV. "Die weerligstraal..."

Hoërskool E. is in vervoering en almal smeek om kopieë van die band.

Kortpouse sit ek en Pieter verslae onder 'n bloekomboom.

"So, ons is die engele," sê ek en vat 'n toebroodjie uit sy kosblik.

"Ek voel skuldig," sug hy.

"Hoekom?"

"Omdat ons wou wraak neem en nou..."

"...het dit geboemerang."

Ek dink aan Smit se hand op Pieter se stywe sitvlak, vat 'n groot hap en vra versigtig: "Dink jy regtig so?"

Die dog-box in Smit se klas bestaan nie meer nie.

Hy trippel droomverlore deur die lokaal asof hy op fluweel loop. Hy swymel tussen "Armed vision" en Matteus 6:22 en 23. Die kinders spook met hulle notas; die gedig word al hoe moeiliker.

Net voor die klok lui, haal hy diep asem, vou sy hand oor sy hart en maak keelskoon: " Aan elkeen in hierdie klas wat ek ooit te na gekom het, vra ek opreg om verskoning." Sy oë rus op my en ek knik heftig. "Ek het berou..." en sy oë skuif na Pieter, wat sy kop laat sak.

"Onthou net, van vandag af is ek 'n splinternuwe mens. Skoongewas van...sonde."

Die klok lui. Die kinders pak hulle boeke saggies in hulle tasse en staan versigtig op. Die atmosfeer is plegtig en broos.

In die dae wat volg, raak die gebeure in Smit se tuin al meer fantasties. Die engele word groter en blinker, die ontploffing word 'n aardbewing en Smit word 'n geroepene.

Al die omliggende kerke in die omgewing nooi hom en meneer Van Wyk om hulle getuienis te lewer.

Smit verskyn stralend op die voorblad van Centurion se grootste poniekoerant.

Die kinders groet hom met ontsag. Hy word nooit meer sonder 'n glimlag gesien nie. Die ACSV se ledetal groei van sestig tot seshonderd. Pouses trek die kinderstemme ver: "Wat 'n Vriend het ons in Jesus...?"

"Ek voel skuldig," kerm Pieter een middag in die buitekamer.
"Hoekom?"
"Sondag is Smit op *Kruis en Kroniek*."
"Issit?"
"Ja, en hy en Van Wyk het die kopieregte van die video aan die Rhema-kerk verkoop. Die video verkoop soos soetkoek."
"Jislaaik, dis jammer ons kan nie kommissie kry nie. Ons speel ook in die video."
"My gewete pla my..."
"Ek soek na die pakkie, haal 'n Stuyvesant onder die kussing uit.
"Het jy gesien hoe't Smit verander? Genuine veránder?" vra hy, hou die aansteker vir my.
"Hm."
"Soms wonder ek of ons nie tog maar met die waarheid moet uitkom nie."
Ek draai dwars na hom: "Is jy mal? Wie sal óns nou glo?"
Hy bly 'n rukkie stil. "Ek het jou nog nie gesê nie. Smit het my gevra om sy ACSV-groep te join."
Hy staan op, druk *Waking up the neighbours* in die speler.
Ek trek diep aan die filter; blaas. My oë begin traan.
"Daar's rook in jou oë," glimlag hy, sy duime ingehaak voor by sy gordel.
Ek kyk deur 'n rookkolom na hom, sien hoe dit uitrafel: stof, silwer spikkels, 'n sonstraal iewers vanuit die gordyn; in 'n wollerige grys, sy agtienjarige lyf.

## STAATSGREEP

"Ons moet nou realisties wees en ophou droom om politieke mag oor die hele Suid-Afrika terug te kry. Het ons, as Boere-Afrikaners in 1993 al saamgestaan, was die Volkstaat nou gevestig. Tóé was ons bedingingsvermoë oor grond sterker."

"Dink net: 'n vrye, onafhanklike staat sonder volksvreemde arbeid, misdaad...'n staat met 'n sterk republikeinse inslag, selfbeskikking, volkseie onderwys, ons eie regstelsel..."

"...ons sal nie buig of ingee onder hierdie klomp sataniese, kommunistiese regerings nie. God, Volk en Vaderland - en niks minder nie!"

My vingers speel tussen FM en AM, terug na FM; ek draai die rooi Mhz-knoppie. Ek het reg gehoor.

"U is ingeskakel op Radio Pretoria. Die heer by my in die ateljee is..."

Ek sug, staan op en loop na die yskas toe. In die verbygaan sien ek my pa in die studeerkamer voor sy pc, sy arms gevou agter sy kop. Reeds verveeld. Dinsdagoggend, en hy is met verlof. My ma is 'n toergids, op die oomblik iewers in die Suide van Frankryk.

Voor ek twee biere uit die yskas haal, tel ek *BEELD*, dubbelgedruk in die veiligheidshek voor die voordeur op. Vandag het ek nie klas nie. Buite bereik van VF-Tuks en die ANC se jeugliga wat veral die BA's probeer aankeer: vrywillige gemeenskapsdiens vir Constand Viljoen of 'n Comrade vir die Studenteraad?

Bier vir ontbyt, twee Vitamien B 12's vir die lewer en senuwees en Radio Pretoria. Ek het al voorheen van hulle gehoor, maar nooit gedink mý radio kan 'n regse stasie opvang nie.

Daar is min dinge wat my en my pa nog laat tick.

AF ARM KEER JONG JAGTER GLAD NIE
BABA MET TWEE KOPPE STERF - NA 28 DAE
VROU GEVONNIS WAT DOGTER MET TUINSLANG SLAAN

Met 'n bier onder elke arm flap ek die koerant oop, lees 'n paar opskrifte en sit dit op die buffet neer. Die nuusmasjien; herhaling en recycling, papier, pulp, papier. *Pulp fiction.* Vandag se *BEELD,* môre se toiletrol.

Ek en my pa skep ons eie wêrelde. In ons huis broei en knoei ons, ontvlug en leef ons. Wat weet die buitewêreld van ons pampoen, bestraal en gebombardeer deur neutrone in 'n kernreaktor? Ons super-pampoen, wat ten spyte van die Julie-koue nog leef en reeds honderd kilogram weeg: ek voer haar hormone, streel haar reuse ranke en lees vir haar Eluard se poësie voor. Sy is die middelpunt van ons bestaan en daagliks swel sy groter, skynbaar immuun teen enige koue front en ek roei 'n Delicious monster uit om nog plek vir haar te maak.

Dan my drie kristalle: fanta orange, hemelsblou en 'n silwerige wit. Die sielsbeweging is die siel van instink en geheue, sê Eugène Marais. Maar wat van kristalle? En ek besluit ek wil weet, *ek wil leer van die siel van 'n kristal.*

"Julle is darem eksentriek," sê my vriendin Blanje en verskuif die baba op haar arm. Sy kyk simpatiek na my. "En julle leef soos kluisenaars." Die pokkel op haar skoot se oë verstar, sy gesig word rooi. Ek dink aan iets sinvol om te sê; gelukkig red sy die gesprek met die *Huisgenoot.*

"Het jy gelees van die vrou wat ná drie en twintig miskrame nou al agt maande swanger is? O, ek hoop vir haar part..." Die kind, nou bloedrooi, begin steun.

"Ag jitte Ma, kyk nou net. Dirkie?" (In my geestesoog stuur ek 'n vals berig...) "Dirkie, maak jy vir Mamma 'n siesie?" (...na Reuters. My vingers vlieg oor die sleutelbord - of skryf ek 'n storie?) "

Het Mamma 'n ekstra Nappy gebring?" (Ek vou my arms agter my kop en maak my oë toe; my lyf agter die pc raak lig, bevry van swaartekrag - ek ruk en tot my verbasing staan ek buite myself. Ek begin sweef, ek vlieg by die venster uit déúr die diefwering en beskou my lyf op 'n afstand, swaar en versonke in die stoel.)

Toe ek my oë oopmaak, staar Blanje my oopmond aan.

"Waaraan dink jy? Jy luister nie 'n woord..." Die kleintjie, nou verlig, lag vir my.

"Vlieg - ek het gedink hoe ek vlieg. Astral travelling. Ek oefen mos nou snags om via my astrale liggaam úít te beweeg, ander dimensies - "

"Groendakkies vir jou, ou pêl," en Blanje staan vinnig op.

Nog 'n vriendskap in die weegskaal.

Kon ek maar nuwe wêrelde skep met karakters, intriges en metamorfoses wat bo-oor die orde ontvou. 'n Ontvlugting: dimensieloos, gesigloos, tydloos.

Die Internet het sulke moontlikhede, dink ek toe ek die Castle langs my pa neersit. Hy dagdroom. (Ek vermoed dat hy 'n affair met sy rekenaar, Suzie aanhet. Sy is sy kameraad, sy student, sy meesteres, soms, sy terapeut. Wit en glimmend staan sy daar en saans gooi hy haar toe met 'n kombersie, teer soos 'n pa wat sy dogtertjie toetrek. Soms vee hy haar stofgesig versigtig met spiritus af. En soms, net soms hoor ek hom vloek: jou fokkin Jappanese bitch. Suzie haal al wat social skill is uit my pa, die sagte, skaam nerd. Meer as net 'n romanse...ek vermoed dat Suzie sy Doppelganger is. In watter vreemde simbiose leef hulle ineengestrengel, of dalk parallel?)

"Ons beoog om ongeveer twee miljoen Boere-Afrikaners in die Volkstaat te akkomodeer. Dit is minstens 5% van die R.S.A. se oppervlakte. Die hele R.S.A. beslaan 1.2 miljoen vierkante kilometer."

Ek knak my bier. Skuim sis; soos 'n groot sug ontsnap die koolsuurgas.

"5% van die R.S.A. gee ons ses duisend vierkante kilometer, dan bly daar nog VYF EN NEGENTIG persent van ons land se grond oor vir die Sosialiste!" Papiere kraak, skuifel en in die agtergrond begin 'n telefoon dringend huil. Die aanbieder maak keelskoon: " Dames en here, ek herhaal dat ons vanoggend geen inbelprogram het nie." Die telefoon hou aan lui. Ek sluk die Vitamien B 12's met my bier af. My oë traan.

"Ons kan die gebiede wat die Volkstaat beslaan, konsolideer, selfs blokke vorm. Nou is die volgende vier 'b's van die allergrootste belang - behalwe nou die 'b' wat vir Boer staan...(ingenome lag)...en dit is: bewoon, beset, bewerk en beveilig. Dié grond, wat aan die Volkstaat sal behoort, mag nóóít aan volksvreemdes verkoop word nie!" Die radio begin druis; in die agtergrond sing 'n vrou eentonig, inkanterend, hartseer.

"Alles is besig om weg te kalwer. Die medies, onderwys, regstelsel en ekonomie. Maar, soos Nehemia, het ons begin om te bou aan ons Volksmuur. 'n Kragtige Boere-ekonomie is onweerstaanbaar vir die vyand. In Pretoria het ons reeds 'n eie Suiderland-sakegemeenskap gestig, met opwindende gevolge. Séstig sakemanne en -vroue het reeds aangesluit en ons groei daagliks." 'n Lang stilte volg waarin ek my bierblik inmekaar druk.

"Veronderstel ons benader nou die R.S.A. vanaf Mars...watter dele sal die Volkstaat uitmaak?" Weer die telefoon in die agtergrond. 'n Fluisterstem ritsel. Die gechant nou harder:

"...Pretoria: Verwoerdburg, Wonderboom, Akasia..." Ek sit geskok regop. "...Bronkhorstspruit, Standerton, Ermelo, Carolina, Middelburg, Wonderfontein..." Weer 'n geritsel. Die aanbieder, nou uitasem: "U is ingeskakel op Radio Pretoria. Ek herhaal dat daar vanoggend geen inbelprogram is nie, alhoewel 'n dame van Kleinfontein geskakel het en gesê het ons moet die HELE land terugvat!" Sy lag bulk in die mikrofoon.

"Ek wil net aan voornemende Volkstaters sê dat ons reeds tien kaarte opgetrek het vir ons toekomstige Staat. Die gebiede kan ook in kantonne..." Sy stem verdwyn in Radio Islam; 'n koor weeklaende vroue chant nou luidkeels saam. Die Mhz-knop: " Ons bede vir die Volkstaat is Hebreërs 11; die Here sal ons red sodat ons nie meer bywoners op ons eie grond hoef te wees nie. Ons GROND...offergrond en BLOEDgrond!" Ek gaap. Die aanbieder vervolg geesdriftig:

"Waar die doodmoeë Bittereinder saans, ná 'n dag se stry en veg en hongerly, by 'n flikkerende duimpie kers of by 'n smorende misvuur moeisaam en vermoeid sy Bybel gelees het en daar krag en vastigheid gevind het, lê sy kleinkind saans voor die verbasterde kankerkassie of

by die dobbelhole of suippartye."

Ek draai die radio sagter; besluit om my Pa te roep - vir hom te sê: "Haai Pa, kom luister wat se snaakse stasie het ek ontdek." Maar ek bly sit, klem my bierblik dieper in mekaar. Saggies, weemoedig; begin pennefluitjies 'n deuntjie speel. Dit is 'n bekende deuntjie, waar het ek dit voorheen gehoor... Maar in my geestesoog sien ek net vet tannies voor reuse kastrolle, besig om pap te maak; Coca-Cola-sambrele, braaivleisvure en kinders in kakie-uniforms: ons skool se Voortrekkerspan, Die Arende van Verwoerdburg. Ek sien 'n vrou by die eerste kastrol, laggend, blink van die stoom - Tannie Vlok, wat haarself later geskiet het.

Ek onthou: Die Lied van Jong Suid-Afrika.

Ek sien Adriaan Vlok se gesig - WVK-Amnestie - is vanoggend voorbladnuus in *BEELD*.

Nog 'n bier.

Grond, dink ek en neem 'n groot sluk. Heimat? Nee, net dié stukkie aarde wat ek liefhet. Ek maak die vensters oop: ons klein tuintjie om ons huis in Hatfield, die mure met mossiedraad, die reuk van nat winterstof. En my pampoen. Die wêreld is nie 'n Heimat nie, het Peter- Paul Zahl gesê. 'n Heimat is die kettinkie om jou nek, 'n amulet, jou trouring, 'n foto van 'n dierbare, 'n tatoeëermerk, 'n vergeelde koerantuitknipsel.

Ek draai die volumeknop harder. Radio Pretoria - stasie van hunkering en verlies. Verydelde drome en volkseie fantasieë.

"Vervolgens lees ons vir u van die gedigte, soos gepubliseer in *Die Boerevolk se eie tydskrif, ONS EIE*. Die volgende bydrae kom van 'n Engelssprekende leseres, wat verkies om anoniem te bly."

My pa huiwer in die kosyn. Ek beduie vir hom om stil te bly:

"VERSKRIKKING

Die Satanshond breek uit sy hok
Hy steel, verbrand, verniel en skok
Deur duiwelsdade en mensenood
saai hy verwoesting, angs en dood.
Sy gruwelpote trap oor smart
Sy kleure is groen, geel en swart.

Die Satanshond loop deur ons land
en dwaal hier rond van kant tot kant
Afgryslik is sy groot, swart kop
Sy vuurvlamoë hou jou dop
Die rooi bloedskuim tap uit sy bek
Die Nobelprys hang om sy nek.

Die Satanshond moor dag en nag
Die dodesteken is sy vlag
Sy volkslied is "vermoor die Boer"
Hy maak 'n buitelandse toer
Hy lieg en sê: "Staak die geweld"
Die wêreld maak van hom 'n held."

"As u 'n kopie van dié gedig wil hê - dit is opgeneem in *ONS EIE*, Desember 1997."

Die bier stoot op in my keel; ek voel naar.

"Wat se stront is dit?" vra my pa; vat ontsteld aan sy poniestert.

"Radio Pretoria," sê ek flou. Hy skud sy kop. "Dit is laster."

"Ja, maar die dig...rymelaar is anoniem."

"Lafaards bly altyd anoniem."

Ek kyk na my pa. Hy is 'n wetenskaplike. 'n Towenaar. Hy bring saans Coke van die werk af, wat hy spesiaal vir my in sy laboratorium gemaak het. Hy gee vir my telefoonkaarte met 'n krediet van R6000, wat hy van die oorspronklike R10 "omgeswaai" het. Hy is 'n genie. 'n

Kluisenaar. En 'n uiters gevaarlike dromer.

"Kom ons gee die skape 'n herder," sê hy lakonies en stop sy pyp.
"Hoe?"
"Ons stuur 'n vals nuusberig wat die wêreld op hol jaag."
Ek knik.
"Reuters..?" My maagsenuwees voel warm en ontspanne na die derde bier.
Ek het al lankal dié idee gehad...net die berig, die storie het ontbreek. In ons land is enige iets moontlik en mense sal enige iets glo. Maar wat sal hulle nog verbyster?
"Ons noem hom Generaal Johannes X." Ek sien waarheen hy mik.
"'n Staatsgreep..."
Hy kyk verras na my, pluis sy poniestert se punte uit soos altyd wanneer hy 'n a-há-gedagte kry.
"Ruiter van die windjie..." snik Bles.
"Het hom!" Hy begin giggel. Ek sleep 'n stoel nader. Wat het hom laat tick?
"Jy weet Reuters se sekuriteit is iets ongelooflik. Hulle noem dit 'n Firewall. Onmoontlik om daar in te kom sonder 'n password. Maar ons kan Underground 'n program by hackers kry..."
"Ondergrondse bulletin-borde?"
Hy suig ingedagte aan sy pyp. "Ja. Sommige hackers adverteer op oop borde. Kyk," en hy kliek op PHONE DIRECTORY.
"Daar's een. DEVIL'S CAVE nogal."
"...met die ineenstorting van die Voortrekkerbeweging onder die dwaling van leiers wat dié beweging wil verkruppel tot dienstigheid aan die kommunistiese eenheidstaat, het dit duidelik geword dat ons volk sy eie nuwe jeugbeweging moet kry. Radio Pretoria..."
Die modem in DEVIL'S CAVE antwoord: 'n rits "spesiale programme."
"Daar's hy. *Password Cracker.* Nou moet ons net aflaai."
"Ek is die jeug. Ek is die sap
wat telkens na die winterrus
ryk van die lewe in die takke styg
(....)"
Dit herinner my ek moet nog die pampoen gaan natgooi.
Toe ek die tuinslang oprol, dink ek aan 'n scheme. Ons kan skatryk word uit ons super-pampoen. Veronderstel ons verkoop die pitte - wat oor dieselfde eienskappe as die moeder-pampoen beskik - ten duurste aan boere? Ons kan ons patent op Radio Pretoria adverteer. Maar wees gewaarsku, Boere, dis 'n volksvreemde pampoen dié. Gebore en bestraal in 'n kernreaktor in Amerika.
"Nou het ons die nodige gereedskap om Reuters wakker te skud!"
Ek gaan sit. Suzie wag; ek dikteer:

REUTERS

** NEWS FLASH **

PRETORIA. SOUTH AFRICA

COUP D'ETAT. RIGHTWING ELEMENTS FROM THE OLD APARTHEID REGIME TOOK CONTROL OF THE SOUTH AFRICAN NATIONAL DEFENCE FORCE, PROBABLY THE WORK OF A THIRD FORCE. THE "AFRIKANER WEERSTANDBEWEGING","WIT WOLWE", "VRYHEIDSFRONT" AND "DIE VOLK" HAD FORMED A UNITED MOVEMENT, THE "BOERE-KOMMANDO'S", UNDER THE LEADERSHIP OF A PERSON CALLING HIMSELF GENERAL JOHANNES X. HE SAID IT WAS A BLOODLESS COUP AND A NEW FAR-RIGHT ORGANISATION, "EENDRAG", WAS FORMED. JOHANNES X IS QUOTED OF SAYING THAT HE WILL RESTORE MANY WRONGS OF THE ANC. HE WILL ANNOUNCE HIS NEW CABINET SOON.

END OF NEWS FLASH

"Jissie, Pa, sal hulle dit glo?"
"Die Amerikaners? Definitief...veral as dit van 'n nuusagentskap afkom. Mense is so gebreinspoel dat hulle enige ding glo wat hulle op televisie sien."
"Ek is 'n Boer," sê 'n robuuste manstem. "My blik is helder en skerp en die Mauser lê seker en stewig in my hande."
"Die werklikheid is vreemder as fiksie," lag my pa. Hy begin weer tik. Onderaardse piep- en skreeugeluide volg: ons is verbind. Sy hand met die netjies versorgde naels skuif die merker op die menu na TELNET en druk ENTER. 'n Boodskap verskyn: wat is die adres? Ek dink aan grond, grense, geknelde en beloofde lande, ons tuin...
"Watter bord sal ons as tussenganger gebruik? Parys...nee, dis spitstyd daar. Kom ons probeer Israel."
'n Israeliese bulletin-bord heet ons welkom. AOL, tik my pa.
"America On Line. Die grootste Internet-verskaffer in die wêreld. Nou moet ons net by Reuters uitkom en ons nuusberig deurstuur."
"Maar hulle gaan ons trace, Pa!"
Hy leun sameswerend na my: "Nie op 'n BBS nie. In elk geval - ons maak vier spronge deur die elektroniese netwerk. Hulle sal hoogstens - en met 'n bietjie luck - die boodskap kan terugspoor tot in Israel. Daarvandaan sal die spoor doodloop. Van Internet moet jy ver wegbly, want deur die adres alleen kan hulle jou maklik naspoor. Maar TELNET op 'n bulletinbord is die geheim. TELNET gee net die bulletin-bord se adres, nie die omroeper s'n nie."
"....keer kan 'n mens hulle nie: hou die Boerejeug dop!" bulder die aanbieder.

Ek swaai my heupe op die maat van 'n Sitees. Ek ruik die rump steaks op die kole en bring vir my pa nog bier.
Ons het Generaal Johannes X vir julle geskep, sê ek vir my denkbeeldige gehoor. 'n Leier, 'n herder, 'n generaal om die Boerevolk te kom verlos. 'n Produk van ons verbeeldings aangehelp deur verveling en bier.
Politiek kan óns nie raak nie, vir my en my pa. Ons is onbetrokke, voorstedelik en passief. Ons is humaniste en ons credo is net *Habe Mitleid...*
Versigtig draai my pa die steaks om. Hy haat dit as sy hande vuil word.
"Onthou jy destyds met Treurnicht se 'sluipmoord'...'n hacker het 'n berig Reuters toe gestuur - die nuus is in Amerika uitbasuin, die SAUK het dit uitgesaai - vals beriggewing, toe geen sluipmoord nie?" Hy kyk op sy horlosie. Ons het die berig omstreeks tienuur weggestuur; dit is nou half elf. Tyd vir brunch. Nog bier.

(Sou my ma bedreig voel deur Suzie? Hoekom het sy 'n toergids geword?)
Ek loop rusteloos deur die huis, krap in my lessenaar se laaie, inspekteer my kaste en lees die titels van die baie boeke in ons huis. Ek tel my CD's, roep ou lêers in my woordverwerker op en gaan lees vir die pampoen uit Breyten se *Die huis van die dowe.* Surrealistiese poësie, het ek al agter gekom, laat haar vinniger groei.
Ek kyk hoe my kristalle, wat aan toutjies uit die dak hang, aan hulle versadigde oplossings in die glasbakkies op my lessenaar drink; hoe hulle misterieus groei, een millimeter 'n dag. Bariumchloried: wit. Koperchloried: oranje. Natriumchromaat: blou.
Ek dink hoe molekules saamkoek op 'n patroon.
Ná die ritueel gaan sit ek in die televisiekamer, die remote in my een hand en Dr. Loubscher se *Die raaisel hiernamaals* in die ander. Ek het my domein afgebaken, bevestig.
"...maar rus voort, o Bittereinder, sodat jy nooit hoef te aanskou wat my geslag maak met die erfenis wat jy vir ons losgely het nie..."
Ek begin vorder, dink ek en steek 'n sigaret aan, met my astrale projeksie. Laasnag het ek 'n paar keer geruk - verskriklik - soos doodsrukke - toe is ek terug. In my liggaam. My lyf het swaar en vreemd onder die blokkies-duvet bly lê en aan die slaap geraak. Hoe gaan ek my astrale koord verleng om úít...weg...?
CNN. Nuusflits - ek rig die remote:
"...reported from South Africa that right wingers had staged a successful Coup d'etat under the leadership of a person calling himself general Johannes X."
"Pa!" Ek storm uit. "CNN! Ons berig!"

Hy glimlag rustig, streel Suzie se klawers. "Die BBC is volgende..."
"Wag Pa by die radio - "...in die verbygaan ruk ek 'n sixpack uit die yskas..."...nou vir die Vastrap-polka..." - gooi vir hom een, wat hy vervaard vang, weggeruk uit 'n droom oor Suzie se thrilling software.
Ek spring van kanaal tot kanaal: 'n heruitsending van Heidi; 'n fifties-fliek, die Wit Renoster.
In die agtergrond: Radio Punt - "Driepunt met Karen en Randell"; Classic FM - Mahler se Eerste; Radio Kansel - "...angel in die vlees"; RSG - "...waar u toekoms tel."
BBC. "...and said it was a bloodless coup."
"Pa! Die BBC!" Ek kyk op my horlosie; vyf voor elf - elfuur, nuus; gou 'n draai loop... die bier.
Radio Punt: " Joe Modise, minister van Verdediging, ontken gerugte van 'n beweerde staatsgreep deur 'n onbekende regse leier, wat homself generaal Johannes X noem. Sydney Mufamadi ontken ook dié gerugte, maar waarsku dat die polisie nie sal versuim om oproerige regse elemente onder beheer te bring nie. Die prys van brandstof sal vanaf..."
Versigtig bewoord, dink ek en sit die remote neer. Nou gaan die mense begin inbel.
RSG is nog oningelig.
Radio Pretoria ook.
Radio Kansel gospel jubelend voort; salig en onbewus.
702: The Division Bell van Pink Floyd.
Ek gryp die remote; die jong man lyk strak en onvoorbereid:" ...verskuilde agenda... ...oorblyfsels uit die ou Apartheidsregering."
Classic FM: Schubert se Onvoltooide.
RSG: 'n Mooi nommertjie van Patricia Lewis.
"Pa!" Ek voel effens dronk. Nog 'n Vitamien B 12, ek kan nie nou...
My pa hang bleek aan die kosyn. Skielik onthou ek - hy het bloedsuikerprobleme. Sterk, swart koffie: dis wat ons nou nodig het. Sy hare sliert los oor sy skouers. Sy stoppelbaard lyk onverwags donker in sy wit gesig. Hy is natgesweet.
Ek help sy lang lyf tot op die bank, sit die ketel aan, dink dat ek gou kafee toe moet draf om Lucozade te gaan koop toe die telefoon lui.
My ma, op haar sel:
"Wat gaan aan? Is julle veilig? Is die kabinet onder arres? Waarheen het die Boere-kommando's opgeruk? Is Madiba in die buiteland?"
"Waar hoor Ma..."
"Hoekom sleep jou tong so?"
Ek, sagter: "Ma se sel se battery is seker pap."
"AFP sê daar het 'n staatsgreep..."
In die televisiekamer begin my pa kreun. Ek sit die foon neer, systap 'n varing...tonele van marsjerende soldate, 'n brullende Terre'Blanche, vliegdekskepe, die Enterprise, die Missisippi, met genoeg straalvegters aan boord om die gekombineerde lugmag van Afrika lam te lê.
Die Amerikaners stuur twee vliegdekskepe om 'n vlootblokkade teen ons in te stel! Sê nou net hulle spoor ons terug - "Pappie!"
Sy oë lyk glasig.
"Ek verstaan nog nie hoekom dit so maklik was nie." Ek lig sy kop op en dink absurd dat hy nou, soos 'n sterwende in 'n speurverhaal enkele kardinale leidrade moet verstrek voor hy die aftog blaas.
"TELNET-verbindings is oop..." Ek knik dringend:
"...en as dit van 'n huurlyn kom kan hulle die sender nie opspoor nie." Sy oë gaan toe.
"En dan? En dan?"
"...ons het vanaf ons bulletin-bord na 'n bulletin-bord...in Israel gespring...daarvandaan na AOL....en daarvandaan weer na Reuters. Die TELNET-deurgang is...'n agterdeur wat hulle...vergeet het...om..te...sluit."
Sy oë val toe.

"Thanks Daddy," sê ek sag en stut sy kop op 'n kussing.
Die ketel het vanself afgeskakel.
Blanje bel. "Ek wil net vir julle twee kluisenaars sê daar's 'n stáátsgreep - julle weet mos nie

wat in die buitewêreld aangaan nie."
"Dankie, Blanje. Ek het so gehoor, ja."
Glukose vir my pa - netnou gaan hy in 'n koma!

In Burnettstraat beur ek deur 'n skare woedende studente. Plakkate: oranje, wit, blou en Constand Viljoen. Die Vierkleur. Jaap Marais se gesig met die ek-weet-tog-iets-wat-julle-nie-weet-nie-uitdrukking.

"Vry-heids-frónt! Vry-heids-frónt! Volk-stáát!"

"AMA-A-ANDLA!"

Uit Duncanstraat dreun 'n reuse skare - vuiste en ANC-vlae omhoog - die ANC se jeugliga.

Ek stoei deur die stuwende truie, baadjies en windbreakers - ruk die hele kampus nou op? - glip by 'n kafee in, betaal, mik vir 'n gaping in die malende massa arms en oop monde.

Waarheen kan ek vlug? My ma is in Frankryk, my pa lê omgedop op die bank...ek kan my kristalle nie saamneem nie, nêrens nie, hulle het nog nie klaar gekristalliseer nie en die surplus oplossings is *giftig*. My pampoen kan ek nie verplant nie - sy't klaar geklimatiseer in ons tuin.

Ek hardloop in 'n systraat af, kyk kort-kort om - paranoiës -(Janus? Lot se vrou?) - koes vir 'n Casspir en voel 'n gek dat ek nou juis met 'n bottel Lucozade in my hand moet nael.

"O hoor jy die magtige dreuning..." vang ek Radio Pretoria, sluit die deur.

Vervaard hardloop ek tussen die radio en televisie - is dít hoe dit voel om 'n skisofreniese breakdown te kry?

"Meneer Parks Mankahlana ontken gerugte...die Gautengse premier, doktor Mathole Motshekga sê in 'n persverklaring dat die Weermag nie...Eendrag...die PAC reken dis 'n rookskerm van die ANC om chaos te skep voor volgende jaar se algemene verkiesing, maar verklaar oorlog as...Daryl Swanepoel beskuldig die ANC se propagandamasjien...derde mag elemente moontlik die werk van oud-BSB-lede...volskaalse chaos...generaal Johannes X...Bantu Holomisa beroep alla UDM-volgelinge...die DP vra almal om kalm te bly...Trevor Manuel dreig om te bedank...SAKP-Cosatu-alliansie...AWB-ystergarde...die beurs stuur op 'n...South African People's Army...Eendrag...Mangosuthu Buthelezi beskuldig die ANC van nalatige...Mandela in die buiteland...waarnemende president, Thabo Mbeki...plek van veiligheid...georganiseerde Boere-kommando's...aMabuthu...anargie...diplomatieke betrekkinge verbreek...Apartheid...vra dat Johannes X...plek van veiligheid...homself sal identifiseer..."

Ek huil. Ek val in 'n fetusposisie op die mat voel hoe die snikke harder en vinniger uit my longe skeur en my snikke gille word ek voel my pa se hand op my wang brand jy's histéries!

Hy sit sy arm om my. Die televisie word stil. Ek kyk na die lang, grys borshare wat bo sy hemp se eerste knoop uitspriet. Hy is so weerloos. Ek hoor Radio Pretoria se Boeremusiek en verlang skielik na die verlede. Nie na my verlede nie, maar na enige iemand anders se verlede. Ek sien die televisie harder word en voel hoe ek wegdryf, onwerklik, buite myself. Ek sien in stadige aksie 'n man met kakie-klere en 'n baard sy arm halfmas lig en knik en sê ék is generaal Johannes X.

21 Julie 1998

## DIE MEESTER

Toe Emma Botes by die voordeur instap, sluit sy die swart veiligheidshek agter haar en sit die mandjie op die buffet neer. In die hoofslaapkamer haal sy 'n grys sweetpakbroek en 'n T-hemp uit die kas en draai die stortkrane oop.

Terug in die slaapkamer blaas sy nie haar hare droog nie, maar kam dit in 'n skuinspaadjie voordat sy die rekenaar in die studeerkamer aanskakel.

Sy merk dat haar man, Johan, 'n nuwe lêer met die naam ZXCCQ geskep het. Hoekom nie eerder 'n beskrywende naam nie? frons sy en probeer die lêer oopmaak om dit te lees, maar die rekenaar reageer met PASSWORD PLEASE.

Nadat sy verskeie kombinasies probeer het, maar WRONG PASSWORD telkens op die skerm verskyn, draai sy die beeld af en besluit om haar neef te bel. Die telefoon lui drie maal voor 'n falsetto-stem antwoord.

"Hallo...Steven?"

"Haai Emma! Wat 'n verrassing! Hoe gaan dit?"

"Goed dankie, met jou?"

"Goed, goed."

"En hoe gaan dit met die M.Sc?"

"Okay, dankie. Gaan dit goed met Johan?"

"Dit gaan altyd goed met Johan (laggie). Hy's vir 'n paar dae Kaap toe vir besigheid."

"Kaap toe? O, lekker."

"Hoor hier Steven, weet jy dalk hoe breek 'n mens in op 'n rekenaar-lêer wat met 'n password beskerm is?"

Stilte. "Met watter woordverwerker of editor is dit mee geskryf?"

"Word Perfect vir Windows 95."

(Kug) "Jissie, dis 'n moeilike ding wat jy nou vra. Net 'n top hacker kan dit doen."

"Jy het tog hacker-vriende op Internet?"

"Ja..?"

"As ek 'n kopie van die lêer vir jou aanstuur, kan jy iemand kry om dit te ontsyfer?" Sy hoor hy trek sy asem in:

"Okay...(stilte)...stuur dit maar aan, ons kan kyk."

"Gebruik my e-pos adres by die bib as jy iets uitvind, Steven. Jy het dit nog?"

"Ja. Maar weet Johan hiervan?"

"Kom ons hou die gesprek vertroulik?"

"Nee, dis reg. Jy weet jy kan my vertrou."

"Ek weet, Steven. Thanks, man."

Toe sy neersit, gaan tap sy water in 'n maatbeker in die kombuis en gooi die vorige dag se water uit die blompot met die rose wat Johan vir haar gegee het voordat hy lughawe toe is. Terwyl sy die skoon water deur die smal nek giet, dink sy aan Steven se woorde. Hy het met sy poniestert gespeel toe hy eendag teenoor haar opgemerk het: "Die rekenaar is 'n persona. 'n Bode. In die Bybel moes die boodskappers weke lank draf om 'n boodskap - van byvoorbeeld oorlog - oor te dra," en hy het gelag.

Die volgende oggend staan sy op, bad en eet twee snye roosterbrood. Sy trek 'n rok met 'n geblomde motief aan en kam haar neklengte hare in 'n skuinspaadjie. Haar poniestert bind sy met 'n geblomde strik saam. Sy het 'n bypassende strik vir elke uitrusting. Dan haal sy haar sigarette - sy beperk haarself tot drie 'n dag - uit die boksie en sit dit in 'n ou Strepsil-blikkie, wat in noodgevalle as asbak dien.

By die groot biblioteek in die Noorde van Johannesburg drink sy tee, lees boektitels met 'n infrarooistrepiesleser in en stempel hulle dan.

In haar vrye tyd voltooi sy Groot Blokraaisels sonder moeite.

As sy daarna voel, staan sy op en gaan haal enige boek van haar keuse uit die baie rakke.

Sy glimlag selde. Sy het geen lyftaal nie. Maar sy het 'n Pentium Pro se geheue, spot die ander bibliotekaresses onder mekaar.

Soms verlustig sy haar bloot in die aura van duisende boeke; 'n diep stilte. Sy voel veilig en verskans tussen die magdom literatuur.

Laatoggend sien sy dat daar e-pos vir haar wag. Dit is 'n boodskap van Cyber Demon. Address: Anonymous Site. Die boodskap bevat net een woord: BLACK.

Die middag by haar en Johan se huis in Linden tik sy die instruksies om die geheimsinnige lêer op die woordverwerker op te roep. Toe die rekenaar vir 'n slagwoord vra, tik sy BLACK en voel hoe haar hart vinniger klop toe LOADING op die skerm verskyn. Haar groot oë agter die dik brilglase rek nog groter toe sy begin lees:

- Area: Internet E-Mail ----------------------------------------

Msg#: 131 Date: 5 Mar 97 19:16:47
From: Johan@edgar.co.za
To: Michelle@icon.co.za
Subj: Playboy 3

---

my enigste liefling

natuurlik sal jou suspenders swart wees. en jou bra en g-string ook.

ons het vandag in volle vaart begin werk. gelukkig sorg die winkel goed vir bestuurslui - die p.hotel is stunning en die see is so-te-sê "oorkant die straat."

ek het juis netnou beach rd afgeloop en skuldig gevoel omdat ek my nie besimpeld draf soos party hier nie.

sweet dreams, j

Met 'n gloed op haar wange log sy in op haar en Johan se gesamentlike Internet-rekening en roep die log-lêer op. Haar vermoede was reg:

LOG OF OUTGOING MAIL

| File Name | Type | To | Date |
|---|---|---|---|
| PLAYBOY 1 | E | michelle@icon.co.za | 03-03-97 |
| PLAYBOY 2 | E | michelle@icon.co.za | 04-03-97 |
| PLAYBOY 3 | E | michelle@icon.co.za | 05-03-97 |

Sy sukkel om te sluk terwyl sy koorsagtig tik; kliek om die inkomende pos te sien.

LOG OF INCOMING MAIL

| File Name | Type | From | Date |
|---|---|---|---|
| DARLING 1 | E | michelle@icon.co.za | 03-03-97 |
| DARLING 2 | E | michelle@icon.co.za | 04-03-97 |
| DARLING 3 | E | michelle@icon.co.za | 05-03-97 |

Dan maak sy PLAYBOY 1 oop:

Date: 3 Mar 97 19:21:56

my enigste liefling

soos ek hier sit, raak ek warm net as ek aan jou dink. ek wens die sake-trip is al verby, ek smag na jou sexy lyf...

laasnag het ek gedroom ons maak liefde in 'n digte woud. jy het net 'n g-string, suspenders en satynbra aangehad, met 'n hoed op jou kop. jy het op my heupe gesit en my masseer; jou tieties het soos klokkies bo my gesig geswaai...toe skuif jy op na my maag om my skouers by te kom, want ek is mos 'n lang ou. Ek was amper van my kop af.

o, jy was hot. ons het elke posisie onder die son probeer, en toe ek kom, het ek uitgepass. dit was eens te veel. (ek het nooit geweet 'n vrou kan vier keer na mekaar kom nie!)

jy het my gelawe, maar toe ek bykom, is jy 'n suster van die Rooi Kruis.

snaakse goed wat mens soms droom...
j xxx

Voordat sy DARLING 1 oopmaak, sug sy, sluk, en haal haar bril af om haar oë te vryf. (Presies tienuur saans stel sy haar wekker vir 6:00 die volgende oggend, bêre haar *1000 IQ Puzzles* in haar mandjie en knip die bedliggie af. Sy moet uitgerus wees vir die volgende dag se werk.)

Date 3 Mar 97 20:58:51

ai, my diertjie, dat jy nou al droompies oor my kry. nog net 10 slapies, dan lê ek weer in jou arm.

hier op kantoor gaan dit woes. die army werk elke dag meer op my gat. soms is ek lus en kry eerder vir my 'n job by N.I.A. - hulle het altyd kriptograwe nodig.

moenie dat Emma iets vermoed nie. ek wil nie moeilikheid hê nie.

sterkte met die vlug môre-oggend, en moenie iets doen wat ek nie sal doen nie!

lovies, m
ns: ek soek solank die woud, en jy kry die suspenders en hoed. maar moenie dink ek gaan jou verpleeg nie!

Sy staan op en gaan haal 'n nuwe bottel brandewyn uit die drankrakkie in die sitkamer. Die glas is halfvol met vier blokkies ys toe sy tik om PLAYBOY 2 te lees:

Date: 4 Mar 97 19:22:37

my enigste liefling

as jy maar weet hoe ek verlang...

ek het 'n bietjie in die kroeg gaan sit en 'n paar doppe gemaak. toe is ek kamer toe - m-net gekyk.

ek sal maar môre strand toe gaan. voel nog te moeg na die vlug. gelukkig het my kamer 'n uitsig op die see. vandag kan ek nog 'n bietjie relax, môre begin ons volstoom met die projek.

dis 'n goeie plan om vir jou 'n job te kry by N.I.A. - hulle betaal bleddie goed.

snaaks, al is ek hoe moeg, raak ek jags net as ek aan jou dink. ontspan, Emma vermoed niks.

altyd, j xxx
ns: ons moet juis nou 'n nuwe onderklere-reeks ook launch. jy sal jou suspenders kry...

Sy vat 'n groot sluk en roep DARLING 2 op:

Date: 4 Mar 97 21:09:56

engel, jou briefie maak my dag...

ek is bly jy het veilig in seepunt aangekom. is dit 'n nice hotel?

na werk het ek 'n take away gekoop. die robot in D.F.-Malan is weer stukkend.

ek het toe probeer TV kyk, maar was nie lus vir 'n aksiefliek nie. hou mos meer van psychological thrillers. toe het ek maar ingelog op die web site en gelees oor The Doors. het jy geweet Jim Morisson was ook 'n digter? wil sy werk in die hande kry. mens kan nie poësie waardeer op die web nie, jy moet die boek in jou hande vashou.

ek verlang. hoe sing The Doors dit?

"...people are ugly when you're alone..."

lovies, m

ns: my suspenders moet swart wees!

Sy drink die res van die brandewyn klaar, en sit die glas langs die sleutelbord neer. Sy lig haar regterhand en tik: die sagte vleis van haar palm, links van die noodlotslyn, raak rooi en pofferig. Sy lees eers PLAYBOY 3 weer, dan roep sy DARLING 3 op:

Date: 5 Mar 97 20:19:01

ja, my engel, as jy eers terug is, moet ons meer oefening kry (op my queen natuurlik). met al die promosie en goed rits jy mos baie rond, Emma sal nie weet nie. sy is in elk geval te deur die mis om te weet wat om haar aangaan.

Ek wens ek kon jou en Emma in die bed sien. Sy is seker nog 'n virgin. Net ek weet YOU'RE THE STUD OF THE CENTURY!

lovies, m

Die trane loop uit onder haar dik brilglase.

Sy het verskeie kere op papiertjies met telefoonnommers in sy baadjiesak afgekom. Candy, Sheila, Nicky; toe sy die nommers skakel, was dit gesellinklubs. Hy het dit joviaal afgelag - die nommers was kwansuis vir 'n alleenloper-vriend van hom wat 'n bietjie geselskap gesoek het.

Sy ís lief vir hom, besef sy. Maar sy gaan hom 'n les leer - Michelle sal dié Don Juan soos 'n warm patat los.

Sy draai die rekenaar se beeld af; loop kombuis toe om die leë glas in die wasbak te sit. Dan lui die telefoon:

"Hallo...?"

"Haai Emma!"

"Hoe gaan dit, Steven?" Haar lag oortuig nie.

Stilte." Ek wou net geweet het of jy reggekom het."

"Een honderd persent. Thanks man. Dit moet genius verg om die password te kry...en so vinnig."

"Hy ís 'n genius."

"Ken jy hom, Steven?"

"Nie persoonlik nie, nee. Cyber Demon - skuilnaam. Ek weet nie wie of wat hy is nie".

"O. Sê vir hom baie dankie."

"Ek sal. Hoor hier, Emma, is daar enige probleme?"

"Niks wat ek nie kan hanteer nie, Steven."

"Okay..."

Toe sy die buis neersit, loop sy kombuis toe en kook pasta vir ses

minute - aldanté - soos sy daarvan hou. Sy klop die kitssous met 'n vurk.

Dan eet sy, wag en dink.

Twintig jaar gelede het hulle wittebrood in Seepunt gehou. Dominee van der Spuy het sy enigste dogter - vars uit die pastorie - afgegee aan Johan Botes, 'n ambisieuse toonbankassistent by 'n klerewinkel.

Wittebrood, Seepunt. Sou hy ook daaraan dink?

'n Paar minute voor half sewe skuif sy weer agter die rekenaar in en begin tik, 'n brief aan Michelle:

Date: 6 Mar 97 18:31:19

my enigste liefling

ek het nou net teruggkom van die strand. sunset beach en queens beach is wel klein en rotsagtig, maar die see bly altyd pragtig. ek het gehoop om so ontslae te raak van my hoofpyn - kan nie konsentreer nie en die steekpyne in my kop maak dat ek nie lekker kan onthou nie. het op die rotse gesit en verlang (nie na Emma nie!) en gewonder hoe dit sou wees as jy hier was...

ek gaan maar vroeg slaap. hoop ek voel môre beter.

wat 'n verrassing dat jy ook van Jim Morisson hou! ek het etenstyd gou gaan inloer by 'n groot boekwinkel hier in Main rd en op WILDERNESS van hom afgekom - spesiaal vir jou gekoop. hierdie gedig het my baie getref:

and I came to you<br>
    for peace<br>
and I came to you<br>
    for gold<br>
and I came to you<br>
    for lies<br>
and you gave me fever<br>
    and wisdom<br>
    and tears of sorrow<br>
and we'll be here the next day<br>
and we'll be here the next day<br>
    and tomorrow

altyd, j

Sy kyk na hul troufoto, gebêre agter koperraam en glas, op die liasseerkabinet. Skynglans.

Maar daar bly iets tydloos omtrent 'n trouportret.

Terug van die kroeg in die hotelkamer skop Johan sy Carducci-skoene uit en skakel sy laptop-rekenaar aan.
Hy merk dat daar e-pos vir hom wag. Hy glimlag: 'n brief van Michelle.

Date: 6 Mar 97 19:40:28

my engel, ek is jammer om te hoor jy voel nie lekker nie. en die ergste van alles - jou Rooi Kruis- nursie kan jou nie eens verpleeg nie.

jy verras my elke dag meer - baie dankie vir die gedig, dis pragtig, veral die laaste drie reëls.

bel my as jy nie beter voel nie.
lovies, m

Hy staar verstom na die skerm en begin tik. Meer as 'n uur gelede is daar e-pos onder sy naam uitgestuur. Hy frons en roep die log-lêer op - sy frons word dieper as hy merk dat die pos aan Michelle geadresseer is. Hy roep die E-brief op en *voel* hoe hy verbleek.
Dit is nog lig wanneer hy Michelle se huisnommer skakel.

"Hallo Michelle?"
"Haai! My Engel, watter verrassing. Verlang jy só baie?" "
"Ernstig, Michelle. Iemand het half sewe 'n brief onder my naam na jou gestuur..."
"Wát?"
"Een of ander hacker onderskep ons pos."
Stilte. "Dis onmoontlik."
"Ek is ernstig, Michelle."
"Nee, Johan. Tot op hede kon niemand nog SCRAM breek nie - nie eens met 'n super hoofraam nie."
"Michelle, iemand - 'n hacker - is besig om die gek te skeer en briewe na jou te stuur wat ek nie gestuur het nie."
"Is jy seker jy voel all right? Johan?"
Stilte.
"Johan, in jou brief vanaand het jy gesê jy sukkel om te onthou."
Hy kyk by die venster uit en voel hoe 'n lam magteloosheid van hom besit neem.
"Johan..?"
"Ons moet 'n nuwe password kry. Ons moet ons pos scramble." Sy oë is steeds op die venster.
"BERGE, hoor jy? Die nuwe password is BERGE."
Stilte. "Johan..." Weer stilte.
"Okay dan."

Dan skakel hy sy huisnommer, maar die lyn is beset.

By die werk sien die bibliotekaresses Emma se rug tussen die rakke, tussen die duisende boeke se rugkante met titels. Haar dun lippe met die Cupido-bogie is soos gewoonlik geslote. Sy sukkel met small talk.

Sou 'n mens iemand - enige iemand - ook die ander dames agter die groot toonbank - vra watter kleur Emma se oë is, sal niemand kan sê nie. Miskien sal hulle skouerophalend wonder of dit nou juis belangrik is om te weet watter kleur haar oë is. Nog minder sou hulle agter gekom het dat die reuse oë agter die brilglase meer gekneus lyk by die dag; dat sy minder lees.

Sy beweeg geruisloos deur die rakke. Sy is onopsigtelik van persoon, grys en gedwee soos 'n mot in die gordyn.

Nadat sy vir haar brandewyn uit die driekwart bottel geskink het, skakel sy die rekenaar weer aan. Sy probeer die e-pos met BLACK oproep, maar die boodskap WRONG PASSWORD verskyn op die skerm. In die hoofslaapkamer skakel sy vir Steven.

"Hallo...Steven?"

"Emma! Hallo. Het jy weer hulp nodig?" Laggie.

"Ja, my korrespondensie is gescramle. Die password het verander."

"Okay, stuur vir my die lêer. Ons maak werk daarvan."

"Is dit moontlik, Steven?"

Laggie. "Underground is enige iets moontlik."

"Dankie, Steven..."

Sy stuur dadelik die onleesbare lêer en skink nog brandewyn. In die sitkamer drink sy met stadige teue. Sy dagdroom:

Voor die kaggel sit 'n vrou en staar na die vlamme. Sy huil, maar vee nie die trane wat reeds in haar nek afloop, weg nie. In haar hand lê 'n brief. Die papier daarvan is dun en vuilwit, amper liggeel, en die ink 'n dowwe blou. Dan staan die vrou op en gooi die brief met 'n stadige armbeweging in die vuur. Sy kyk hoe die papier opkrul en die vuur momenteel en met 'n ligte geknetter hoër vlam.

Daar is niks soos vuur nie, dink Emma. Slagwoord, wagwoord, trefwoord, teikenwoord, kodewoord, stuurwoord; woord, en wederwoord.

Sy skrik toe die telefoon lui.

Sy staan op en gaan antwoord, en 'n hees manstem fluister "berge" in haar oor. Toe gaan die lyn dood. Dit is reeds donker toe sy inlog en die inkomende brief lees.

Date: 7 Mar 97 17:45:07

liefling, ek is werklik bekommerd oor jou - jy tree vreemd op en kan nie

meer onthou wat jy doen nie.

as kriptograaf sê ek vir jou dis ONMOONTLIK om SCRAM te breek - dis 'n program wat deur militêre instansies gebruik word. ek werk dan daagliks daarmee.

laat my weet of jy beter voel.

altyd in my gedagtes, m

Dan roep sy Johan se brief op:

Date: 7 Mar 97 19:14:47

my enigste liefling

moenie oor my worry nie - ek is 100%. geen hacker kan ons pos verder onderskep met die nuwe password nie.

dit lyk of die onderklere-reeks 'n groot sukses gaan wees. maar ons werk hard - produkveranderings deur die handelsmerk te bekemtoon en selektiewe markdekking, want ons het 'n groot groei beleef.

ek gaan nou-nou bietjie swem en dan eet (heerlike swembad wat die hotel het.)

j xxx

Sy draai die rekenaar se beeld af en skakel die televisie in die hoofslaapkamer aan. Terwyl sy kyk, volg sy die horlosie se wysers teen die muur. 'n Bietjie minder as twee ure later draai sy weer die rekenaar se beeld aan en sit. Sy plaas haar hande op die sleutelbord soos 'n pianis, huiwer 'n oomblik en begin tik, 'n brief aan Michelle:

Date: 7 Mar 97 21:13:13

soos ek hier sit, tap die sweet my af - iemand is besig om my te agtervolg.

toe ek geswem het, het 'n man met 'n donkerbril my die hele tyd dopgehou. toe is ek eetsalon toe, maar hy het die tafel langs my geneem en steeds vir my bly kyk sonder om sy bril af te haal. toe ek gaan piepie het, staan hy skielik agter my by die krip. ek is toe kamer toe.

iemand is besig om my dop te hou, michelle. ek weet die man het duister

motiewe en is deel van 'n komplot teen my. ek kan net nie my vinger daarop lê nie. dalk is dit hy wat ons pos onderskep. het jy al aansoek gedoen by N.I.A.? is hierdie man nie van N.I.A. dat hy op my spioeneer nie?

antwoord dringend, j

Dan gaan lê sy op die dubbelbed in die hoofslaapkamer en rus. Later probeer sy kyk na 'n sagte pornografiese program wat elke Vrydagaand op 'n satellietsender uitgesaai word, maar gaap en draai op haar sy. Sy sluimer in.

Toe sy wakker word, maak sy haar weer tuis agter die rekenaar:

Date: 7 Mar 22:31:07

johan, jy het DRINGEND hulp nodig. ek vra jou mooi - bel asb. dr. Sharon Lewis en maak 'n afspraak. sy is 'n top psigiater en daar in seepunt. haar no. is: 4341249

sterkte, m

Terug van die kroeg roep Johan Michelle se brief op, asook die een wat onder sy naam gestuur is. Die hacker moes die foon afgeluister het toe ek die password vir Michelle gegee het, dink hy en voel nie die sweet wat uit sy effense grys hare loop nie, want sy hele lyf is yskoud.

Een ná die ander flits hulle deur sy geheue.

Lucy, met die gul rooi lippe en silikoon-borste.

Jenny, 'n blond uit Daspoort, maar 'n damn goeie en streetwise hoer.

Francis - was sy die een met die groen fanny dye?

Michelle.

Emma: hy word wakker ná sy liesbreukoperasie en sy sit langs sy bed; blomme en vrugtesap op die bedkassie en hy raak weer weg, maar telkens as hy sy oë oopmaak, weet hy sy is daar.

Die volgende oggend toe die poskantoor al oop is, stuur hy 'n telegram na Michelle om haar in te lig wat die nuwe slagwoord is. Die enkele woord op die telegram is AHNUNG. Een van die min frases wat hy nog van sy Matriek-Duits kan onthou, is "Ich habe keine blasse Ahnung."

Dan tik hy 'n brief op sy laptop-rekenaar, aan Michelle:

Date: 8 Mar 97 10:08:56

my enigste liefling

ek is bly jy snap so vinnig.

iewers is GROOT fout. toe ek die vorige passwoord vir jou gegee het, moes 'n hacker die foon afgeluister het, want ek het nie gisteraand vir jou 'n brief gestuur nie! ek was toe in die kroeg. 'n hacker het daardie brief onder my naam gestuur - iemand probeer my kranksinnig maak!

j

Emma eet middagete, was die skottelgoed en trek haar baaikostuum aan. Dan dompel sy haar wit, plomp lyf in die vlak kant van hul swembad.

Toe sy met droë klere agter die rekenaar inskuif, kliek sy op e-pos, maar sien dat die korrespondensie weer gescramble is.

Sy laat sak haar kop - klam, grys slierte - tussen haar hande. Dan besluit sy om te ry; dit is eers toe sy voor die troeteldierwinkel stilhou, toe sy intuïtief na die hok vol katjies toe loop dat sy besef: ek soek maar net 'n maat.

By die voordeur, met die persiese kat teen haar bors, hoor sy die telefoon lui. Net betyds antwoord sy.

"A-H-N-U-N-G," spel 'n hees manstem en die lyn gaan dood.

Die buis raak glipperig in haar hand: Cyber Demon is besig om hul korrespondensie te volg.

Haar hande bewe bo die sleutelbord toe sy Johan se laaste brief oproep.

"As jy my verlaat, maak dit ook nie meer saak nie," sê sy vir die kat, opgekrul op haar skoot.

Sy besluit om vir Steven te bel.

"Steven, wat gaan aan met my e-mail?"

"O, jy het agtergekom!" Laggie." Kom ek verduidelik: In elke boodskap wat met SCRAM gescramble word, word die password ook op 'n vaste plek in die lêer ingeskryf sodat die program weet waar om dit te kry. Die password wat die gebruiker insit, word ook gescramble, en daar is net een manier waarop die program die password in die lêer kan vergelyk: dit moet kul."

Stilte.

"Daarom is daar 'n ingeboude meester-password wat net die pragrammeerder ken, en die program gebruik dit om die ingeboude passwoord te ontsyfer."

"Steven, met ander woorde: deur programmering word die ingeboude password uitgespoeg wanneer jy die meester-passwoord insleutel..."

"Dis reg - enige boodskap wat met SCRAM gescramble is, kan ontsyfer word."

"Soos 'n lopersleutel. Maar wie ken dan die meester-passwoord?"

"Cyber Demon, en hy alleen. Maar moenie bang wees nie, Emma, hy probeer jou net help..."

Saterdag die agtste Maart is daar geen korrespondensie verder van Emma of Michelle nie.
Die Sondag log niemand in nie.

Sondagmiddag sit Johan in 'n kafeetjie wat uitkyk op Clifton; langs hom, 'n man met 'n donkerbril. Johan begin sweet.

*Dit is hy wat my dophou. Toe ek geswem het, in die eetsalon, langs die krip.*

*Daar staan hy nou op, haal iets onder sy baadjie uit. Waarom lag hy? 'n Magnum...vinger om die sneller; hy rig die loop op my!*

*Weet jy hoe lank soek ek jou al? vra die man.*

Johan vlieg op, stamp die wit plastiektafel om en skree "N-E-E-E!" tot sy stem breek.

Die man met die donkerbril laat sak sy spyskaart, verbaas.

Johan hardloop; spring in 'n taxi wat stilgehou het, en terwyl die bestuurder nog "Cape Town" roep, ry hulle al.

Johan huil, maar gooi 'n pienk noot na die verbaasde mense in die taxi toe hulle by die hotel stilhou vir iemand anders wat voor Johan gevra het om daar te stop.

Die res van die dag sluit hy hom in sy hotelkamer toe.

Die volgende middag gaan sit Emma voor die rekenaar. Sy glimlag, maar haar reuse oë bly strak wanneer sy 'n brief vir Michelle tik:

Date 10 Mar 97 14:18:02

my enigste liefling

vanoggend het die vergadering met nuwe oë na my gekyk. die direkteur het gesê ek is geniaal. my voorstel: ons moet kontrakte sluit met die Britse koningshuis en begin handel dryf met die koningin se tweedehandse rokkies.

vertel jou later meer - is tans besig met aankoopnavorsing daaroor.

altyd, j

Dan skink sy brandewyn uit die kwart bottel en skakel die televisie aan. Sy raak aan die slaap tot dit heeltemal donker is.

Date 10 Mar 97 18:41:15

johan

gaan ASB. vir behandeling! -no: 4341249

ek kan ongelukkig nie langer met jou kontak hê nie, maar hou duim vas dat dinge vir jou sal regkom.

michelle

Dinsdag, 11 Maart wag Emma Johan op Jan Smuts-lughawe in, soos 'n week tevore afgespreek.

Sy skrik toe sy hom sien.

Sy eens modieuse haarstyl sluik oor sy voorkop. Hy is bewerig en natgesweet. Speeksel vlok om sy mondhoeke. Hy kyk kort-kort om.

Sy soengroet hom: hoe gaan dit?

Goed.

Hoe was besigheid?

Goed.

By die motor leun hy teen die deur aan die passasierskant -bestuur jy maar.

Ten spyte van die middaghitte het hy nog nie sy baadjie uitgetrek toe hy tuis plaasneem agter die rekenaar nie. Hy probeer die lêer ZXCCQ oproep, maar laat sak sy kop in sy hande want hy kan nie die slagwoord onthou nie.

MAARTIN

*Ek praat. Ek praat, sodat iemand my hoor. Ek is verstrik in 'n verhaal wat my nie aan die woord wil laat kom nie, in 'n heillose en sprakelose aangeleentheid, sprakeloos omdat dit in geheimsinnigheid afspeel, sodat die betrokkenes swyg, ook as hulle met mekaar praat.*

\- Friedrich Dürrrenmatt

Graffiti het my nog altyd gefassineer. Veral in toilette en ná Maartin se dood.

Bedags het ek myself toegesluit in openbare kleedkamers en die skrif teen die muur bestudeer. Wat sou mense motiveer om anoniem te bly en steeds 'n "publieke" toetrede te maak? Wat se tipe mens doen dit?

ORAL SEX IS A MATTER OF TASTE

SULKE OPMERKINGS WALG MY. EK SWOT XONKUNDE

DIS DIE BLOND
DIS DIE BLOU

JESUS LOVES YOU

Ek het jou ontmoet in Denmar-kliniek, Garsfontein. Al die pasiënte, ook die verplegpersoneel, was bang vir jou. 'n Bosbefokte reccie, het hulle gesê. Hy breek sommer telefoonhokkies uitmekaar as dit buite werking is. Post traumatiese stressindroom. Dis al die derde keer in vyf maande wat hy hier is. Wees versigtig, hy's onvoorspelbaar en aggressief.

Ek was nie bang vir jou nie. Nee, ek het 'n bondgenoot in jou gekry. Ons het nooit veel gepraat nie, wanneer sou jy ophou om oor die oorlog te praat? Ons het ure swyend gesit en kyk na die ander pasiënte, ou vrouens wat neuroties sit en hekel in die son en jong mense wat nie kan ontsnap aan die bekoring van 'n vroeë selfvernietiging nie.

Ek was ook 'n slagoffer van PTSS, maar dit was anders. Jy was van die begin af opgelei, geviktimiseer om te moor. My aanvaller in daardie donker parkeerterrein was gesigloos en ék alleen daar op 'n Donderdagaand. Die wet van waarskynlikheid.

Met pas uit die malhuis het jy my jou huis in Faerie Glen gaan wys. Jou vrou en twee dogtertjies het by jou skoonma gebly tydens jou hospitalisasie.

Jy het trots jou uniform aangetrek en jou medaljes vasgespeld. Jy het vergeet om te skeer, ek onthou jou drie dae oue baard soos dorinkies teen my wang. Jy was baie weerloos, só in jou uniform.

VOELKIE?

Ons het net vir mekaar staan en kyk. Toe het jy jou hande onder my bobene gesit en my opgelig tot teen jou gulp. Jy het jou kop heen en weer geskud of jy my die eerste keer sien.

I♥J

Jou oë was te óóp. En ten spyte van al die EKB's, sederende anti-psigotiese middels, kalmeermiddels, anti-depressante en barbiturate kon ek jou konstante vrees aanvoel - die manier waarop jy sluipend loop en jou omgewing bespied.

Jy het die skrik in jou oë gehad: te óóp.

DIS DIE BROOKLAX WAT EK KOU

Stadig. Te stadig het jy my klere uitgetrek. Ek het verwonderd oor jou maagspiere, soos blokkies melksjokolade, gestreel.

Dit was sterk skemer. Die spanning tussen lig en donker het in jou oë kom lê; jou pupille was groot. Met jou wysvinger het jy spoortjies oor my wange getrek, soos iemand wat trane wegvee. Ek het gesigte getrek en jy het gelag.

KOEK IS KONING

Mense het my gewaarsku teen jou, maar ek het niks as net die niks in jou oë gesien nie. Op 'n manier het ek beskermend teenoor jou gevoel - ek moes jou beskerm teen mense se ongevoeligheid, hulle emosionele wreedheid as jy vreesbevange platval in die eetsaal as 'n helikopter oor Denmar vlieg en ek jou bewend en met 'n nat broek onder die tafel uit op jou stoel help.

Jy het gesukkel met die kondoom.

"Jy is nie op die pil nie?"

"Nee."

"Toemaar, ek weet wat ek doen."

Jy het versigtig op my gaan lê. Jy was 'n swaar man, maar ook so lig soos 'n veer.

"Is dit jou eerste keer?"

"Ja." (Bastard!)

"Gaan ek jou nie seermaak nie?"

"Ek glo nie."

Ek het begin ontspan. Die donker het die grense van ons liggame uitgevee. Dit het ons meer vertroue en vryheid gegee.

Ons was mekaar se akteurs én gehoor. Ons asemhaling het mekaar aangemoedig. My enigste begeerte was om jou oor die drumpel te dra. Die sweet het begin brand op jou gesig, en ek het gedink aan 'n loopgraaf, en aan leopard crawl.

DIS DIE PYN OP MY MAAG WAT MY ------------------ TOE JAAG
(Wie sou die kru taal in die sinspeling op Celliers se gedig met 'n rooi kokipen doodgetrek het?)

Skielik het jy begin huil. Jou penetrasie was te diep, pynlik, ek het gekreun maar om jou onthalwe gehoop jy verwar dit met genot.

"Jy weet nie hoe dit voel om 'n baba deur die kop te skiet nie...dan vlug die ma met die lykie op haar rug! En toe sy val..."

Iets het in my begin meegee.

"Ek kon nooit mense skiet nie."

"Kom, Maartin, jy gaan kom, ek wag vir jou..."

Jy het met 'n wilde beweging die kondoom afgepluk en geskiet. Ek het agtertoe geval.

VOTE LAND VOTE PAC

DIS DIE -------------- SE DEUR WAT MY IN VOLLE VAART KEER

Ons het lank daarna nog so gelê.

"Was dit lekker?"

"'n Bietjie seer, maar dit word seker beter met die tyd?"

"Sit aan die lig."

"Here, die kondoom! Sê nou net jy word..."

Die kondoom het soos 'n verlepte blom, wat aan die vergeel was, op die mat gelê.

GOD LOVES TUTU
GOD LOVES MANDELA

THE GODS MUST BE CRAZY

"Ek is lief vir jou," het jy gesê en geglimlag, iets wat selde gebeur het. Jou oë het vasgesteek op 'n rooskleurige bloedvlek op die laken. Ek het oopgegrawe gevoel van my hart dwarsdeur my baarmoeder en ondertoe.

"Glo jy dat daar iets soos 'n G-kol is?"

"Ja," het ek hom geterg, "maar net as die man 'n skerpskutter is."

Jy het skielik op jou knieë gekom en jou kop laat sak.

"Nie nou nie, Maartin."

"Hoekom nie?"

"Ek bloei."

"Wat maak dit saak?" Toe, met 'n vreemde uitdrukking: "Mag ek maar jou wonde lek?"

GEKKE EN DWASE SKRYF OP MURE EN GLASE

JA, SOOS JY

Nadat jy my jou huis en medaljes gaan wys het, het ons by die Carousel gaan dobbel en hulpeloos dronk geword. Jy het dikwels gaan dobbel, "want keuses tel nie - 'n mens handel nie, daar word met hom gehandel." Ons het eintlik geen toekomsplanne gehad nie. Maar ons het bly hoop op 'n wonderwerk, iets wat ons pyn en doelloosheid eenvoudig kon laat rasionaliseer in 'n sinvolle toekoms.

Dit was baie laat toe ons terugkeer van die Carousel.

Jy was te lank in die toilet. Ek het gedink jy is naar, ons was albei siek van medikasie saam met alkohol. Ek het die deur oopgestoot.

Gebukkend voor die toilet het jy gestaan en pille uitstulp, een vir een, en in die toilet probeer spoel. Maar die pille het skrikwekkend uitgeswel, rondgeduik soos paddavissies. Jy het weer probeer spoel, maar dit het aanhou vog absorbeer en net groter uitgeswel.

Toe jy my sien, het jy radeloos teen die toiletbak gehamer en gesnik. "Ek wil nie meer verslaaf wees aan kodeïen nie...jy gee sin aan...ek spoel dit weg, ek belowe dis verby..."

DIS DIE --------- IN MY BROEK WAT MY SO GEWELDIG LAAT VLOEK

Ek het jou probeer troos en gesê ek sal jou help om die Sinutab te los. Jy het ook agt botteltjies hoesstroop in die wasbak afgegooi en my in jou arms geneem. In die oorkantse spieël het jy na jou gesig en my agterkop gekyk.

"Ek is nie meer mens nie. Ek is 'n nagdier wat aan lig uitgelewer is."

Ek het vir jou gesê jy sal weer mens word - leef.

Die volgende oggend nege-uur moes ons weer inboek in Denmar, dagpas was verstreke. Die susters het ons sakke deurgegaan vir drank, dwelmmiddels of vreemde medikasie.

"Ek hoop nie julle was saam op pas nie. Dis teen die reëls vir pasiënte om saam uit te gaan."

"Nee, Suster, hy't net vir my 'n lift gegee," het ek gelieg.

DIS 'N -------- WAT VAL

Jy is voor my ontslaan. Jy het belowe om elke dag vir my te kom kuier, en my te kom haal met ontslag. Ons het ons liefde aan mekaar bevestig - jou egskeiding is 99% afgehandel, het jy belowe.

Jy het nooit kom kuier nie en my nooit kom haal nie. Ek het jou huisnommer geskakel; jou vrou het geantwoord en gehuil - jy is oorlede in jou slaap. Jou psigiater het gesê dis nie duidelik of dit 'n doelbewuste oordosering (selfmoord) was nie.

Jy is stil en sag dood in jou slaap; soos 'n voël het jy eenvoudig gravitasie ontsnap.
Nou lê jou ses voet lyf begrawe ses voet diep - dus bly daar vir my niks meer oor as om die daad (dood?) te simuleer met vroue nie. Want ek het jóú tog immers liefgehad.
Ek het begin verdwyn in die naglewe van die gay-community, en daar was baie vroue - butch, femme, geskei of net gewoon. Maar nooit enige penetrasie nie, hetsy met 'n dildo, vibrator, hand. Baie verhoudings, maar altyd anoniem - soos 'n nagdier, ónder die wind.

Graffiti het my nog altyd gefassineer. Veral in toilette en ná Maartin se dood.
Ek het egter nooit gedink die dag sal aanbreek dat ek self met 'n pen voor die muur staan nie. Ek het versigtig my plekkie gesoek. Dit was onder

MAKE LOVE NOT WAR

I SAW GOD AND SHE WAS BLACK

DIS AL

---

DONKERKAMER

---

*Almal het 'n muse.*

*Gestel dit is iemand vir wie jy lief was.*

*'n Jeugherinnering.*

*Jy buk, potsierlik oor 'n stoel. Jy durf nie dink nie.*

*"Ek straf jou omdat ek jou liefhet."*

*Met elke hou ruk die stoel se rug teen jou borsspiere. 'n Stoel moet 'n mens se gewig kan hóú, dink jy dan ironies.*

*Liefde, straf, en 'n jeugherinnering: gestel die muse word moord.*

Die skoon vingernaels hou op tik. Die vel onder sy oë voel branderig; sweet.

Hy knip sy oë, probeer verder visualiseer. Maar die gebeure wat volg, sien hy deur 'n Pentax se lens.

*Klik*. 'n Jong man, nakend, met swart hare lê op sy sy. Fetusposisie. Sy heupe is smal; die heupbeen prominent. *Klik*.

Die zoemlens word ingetrek, 'n nabyskoot: sy boude, twee spierwit halfmane. *Klik*: 'n skroewedraaier se hef.

Die gesig op die identikit is skraal, tussen veertig en vyftig jaar oud. Die vel, grof, of hy op 'n stadium 'n velkwaal gehad het. Oë: bruin en effens versonke. Hare: kort en grys; die verdagte het ook 'n welige grys snor.

Die zippo klap toe; Superintendent Berg rook.

"Hy het vermoedelik al sy slagoffers in nagklubs ontmoet. Almal gay mans tussen die ouderdomme van vyf-en-twintig en dertig." Hy kyk op van die drie verskillende verslae, na Inspekteur Jooste. "Dit gaan moeilik wees om nog getuies - ek bedoel nou dié wat sal praat - te kry."

Jooste knik. "Die gay-gemeenskap is geslote. Uit vrees dat hulle identiteit dalk openbaar gemaak kan word..."

"...maar hulle kan mos anoniem bly."

"Superintendent weet die publiek wil nie maklik betrokke raak nie. 'n Beloning?"

Berg ril as hy dink aan die polisiefoto's: die starende, opgehewe gesigte van drie mans, op dieselfde wyse om die lewe gebring - met 'n stuk telefoondraad verwurg. *Verwurging,* onthou hy die definisie, *is die sirkelvormige beknelling van die nek met 'n swagtel gepaardgaande met direkte toepassing van druk.* Hy voel mislik. En dan nog die herhaaldelike snywonde in die slagoffers se lieste. Die dyslagaar is intiem, en baie kwesbaar.

Hy kyk hoe Jooste se lippe beweeg: "Want 'n beloning sal die moffies laat sing soos kanaries."

Hy trek die John Rolfe diep in sy longe, kyk deur 'n waas rook na hom. Wie sal iemand sodomiseer met 'n skroewedraaier? Of is dit verkrag? Was dit voor- of nadoods?

Berg beduie met sy hand na Jooste.

Hulle sit in stilte; wag op forensiese verslae.

Die Caterpillars wat die nagklub van die straat se kant nader, voel die musiek; aardtrillings deur die sole.

*Lovers Lane* is skemerdonker en vol. Die *drag* van die jaar is aangewys en die after party het begin. Gereelde klubvlieë weet dat tienuur, elfuur die beste tyd is om te gaan.

Hy ook, as hy vir die bouncer met sy opgerolde moue knik.

Dan is hy binne. (Volgens gerugte was die klub eers 'n spookhuis - 'n drieverdieping kasarm wat die eienaar teen 'n appel en ei opgekoop het. Op die grondvlak is die kroeg en dansbaan,

waar die shows ook gehou word; op die tweede vlak, ruskamers met sofas waar XXX-rated videos vertoon word; op die derde vlak, die donkerkamer.)

Die man staan 'n rukkie rond. Sy leerhandskoene het hy uitgetrek en in sy Pierre Cardin baadjie gedruk.

Niemand slaan ag op hom nie. Hy is maar net nog een wat hom tuis voel, hier, besig om te kyk, te kamp, om te drink, kyk en kamp. Dalk sal hy later vir iemand 'n drankie koop. Of - as die DJ iets romanties speel, sal hy iemand vra vir 'n dans. Close dance.

Die man bestel 'n whisky met soda. 'n Rap-nommertjie ruk deur die sprekers. Hy retireer deur die rûe, arms, bene en boude voor hom en gaan sit op 'n bankie; 'n man tussen veertig en vyftig met 'n akneevel. Het hy 'n hangmaag gehad - of 'n gemoedelike glimlag - sou 'n mens hom kon tipeer as 'n 'oom' - een dié soort wat volgens sy vrou en kinders 'laat werk.' Maar sy lyf is verbasend atleties in teenstelling met sy sakkerige gesig.

Hy drink sy whisky stadig; kyk hoe die fluoressentligte die mansfigure voor hom flikkerend opbreek. Hy haal vinniger asem.

Dit raak onwerklik, dié fluktuasies van polsende lywe, drukkend, skurend in neonskerwe lig.

Rondom hom hoor hy asems.

Iemand steek 'n sigaret aan; die vlamtongetjie flik: 'n slang se pik.

Dan is dit weer donker. Méér as donker: reël nommer een in die donkerkamer is algehele duisternis. Jy staan teen die muur en wag tot jy iemand langs jou voel; dan probeer jy met jou hande die kontoere van sy liggaam uitmaak - wag op 'n reaksie terug - dan vát jy.

'n Ritssluiter girts. Die aansteker lig weer.

"Fokof!" Iewers uit die donker.

'n Paar sekondes is dit stil; dan ritsel die klere en asems verder. 'n Belt kletter oop.

In die donkerkamer word daar ook nooit gepraat nie. Reël nommer twee.

Die man teen die muur voel 'n hand; maer vingers gly oor sy been.

Hy reageer. Die lyf teen hom wat aandag soek, is jonk. Die wang waaraan hy vat, is sag, en skoongeskeer.

*"Dit bly net tussen die twee van ons."*

*"Ja, Oom."*

*"Jy weet wat sal gebeur as jy praat."*

*Die seun knik, kyk skaars na die gryskopman agter die stuurwiel. Die motorsitplek vibreer liggies onder hom. Die BMW luier.*

*"En jy weet wat sal gebeur as jy stilbly..." Die man kyk belonend na die seun se profiel; lang wimpers en swart hare wat opspriet uit die kroontjie bo sy voorkop.*

*"Nou toe," sê hy en sien die spiere in die seun se nek roer as hy sluk: "Saterdag gaan koop ons die rolskaatse. Jou ma weet..." en sy stemtoon verander, "...dat jy hard leer vir Wetenskap. Dis altyd lekker om so iets van die hoof te hoor."*

*"Ja, Oom." Die kind glimlag by die gedagte aan die rolskaatse. Dan versomber hy. Asof sy oom sy gedagtes kan lees, sê hy sag: "En as jy nie wil luister nie, is dit weer die afspraak met die swepie."*

*Die seun knip sy oë vinnig; hy verstaan.*

*"Nou toe, Grootman," klap die man hom op die bobeen. Sy groot hand bly 'n paar sekondes te lank bo die seun se skurwe knie lê.*

*Die seun vat sy handboek: Elementêre Wetenskap vir St. 1. Hy hou dit voor sy bors; "totsiens, Oom." Hy glimlag senuagtig. Sy twee voortande is besig om te wissel.*

*Die man met die raspervel ry.*

Die bouncer knik vir die gryskopman.

Skuins agter hom volg 'n jonger man, sy swart hare in 'n modieuse step gesny. Nog 'n one night stand.

Maar die bouncer, besig om sy moue bo sy elmboë op te skuif, frons. Waar het hy daardie gesig gesien? Die swartkop-queen is elke tweede aand hier. Maar dis die eerste maal dat hy die ouer man opmerk. *Lovers Lane* is soos een groot familie: hy ken 'n nuwe gesig as hy hom sien.

Nee, dit moes elders gewees het. In 'n restaurant. Supermark. Die poskantoor se tou.

lewers.

# GAY-GEMEENSKAP LEEF IN VREES

## Reeksmoordenaar eis vierde slagoffer

**Jacobus Conrad Fouché (26) van Parkhurst, Johannesburg is gisteroggend omstreeks agtuur dood in sy woonstel aangetref. Volgens Sean Matthews, 'n kennis van Fouché wat hom elke oggend 'n saamrygeleentheid gebied het na sy werk in Florida, het hy onraad begin vermoed toe Fouché nie opdaag nie. Hy het onmiddellik die polisie ontbied toe hy Fouché se bebloede lyk op die sitkamermat aantref.**

**Volgens Supt. Berg van die Brixtonse Moord-en-Roofeenheid is Fouché met 'n stuk telefoondraad verwurg. Hy is ook grusaam met 'n skroewedraaier aangerand.**

**Fouché was 'n uitgesproke homoseksueel wat verskeie bedmaats gehad het, aldus familie en kollegas. Volgens Pretoriase forensiese sielkundige, dr. Florence Johnson bestaan daar geen twyfel dat Fouché se moordenaar dieselfde persoon is wat verantwoordelik is vir die moorde op Hennie van Schalkwyk (28), Chris Smith (27) en Francois Davids (30) die afgelope vier weke nie.**

**Die modus operandi stem in al vier gevalle ooreen.**

**Die publiek word gevra om op die uitkyk te wees vir 'n moontlike verdagte in Gauteng-omgewing. Hy is in sy veertigerjare, het kort, grys hare en 'n snor, bruin oë en is ongeveer 1.8 m lank en skraalgebou. 'n Opvallende eienskap is die pokmerke aan sy gesig.**

**Enige iemand met nadere inligting kan Supt. Berg kontak by: (011) 8393322.**

Die forensiese deskundige betaal vir die koerant en stap na sy skoongewaste City Golf.

Voor hy die berig op die voorblad lees, stryk hy sy gladde swart hare reg in die truspieël.

Die Golf kies koers na die Ben Schoeman-snelweg, onderweg na die oorledene se woonstel.

In sy gedagtes gaan hy die vorige ondersoeke na. Met die eerste drie moorde was dit duidelik: dié moordenaar is professioneel. Die kontakspore wat hy gelaat het, was min, en eintlik onbeduidend: linnevesels van 'n syhemp, en die droë bloed op al die tonele was uitsluitlik dié van die slagoffers. Die snywonde in al drie oorledenes se lieste is lateraal, van regs na links toegedien; 'n aanduidieng dat die moordenaar dalk linkshandig is.

Maar - en dít het hy duidelik beklemtoon in sy verslag - is dat hy vermoed dat daar dalk *twee* persone op die een moordtoneel teenwoordig was. Hy kon duidelik 'n grys haar aan die driesydige kontoervorm identifiseer as 'n haar, afkomstig van die (moordenaar?) se snor. En die swart pubishaar (herkenbaar aan die sterk, ononderbroke medulla) was nie dié van òf die slagoffer òf die waarskynlike moordenaar nie. Dus: die pubishaar is 'n aanduiding van moontlike seksuele kontak. Maar geen semen is aan enige liggame van die oorledenes gevind nie.

Die moordenaar(s) hoef dus nie noodwendig homoseksueel te wees nie. Gay bashing kan maklik oorgaan tot moord. Dalk reeksmoord. Die enigste definitiewe stempel wat die moordenaar op elke toneel gelaat het - (asof hy wou sê: hier's 'n leidraad, vat dit en ontleed dit) - was leerknope, afkomstig van 'n Pierre Cardin-baadjie. Dit is onwaarskynlik dat al drie knopé tydens 'n struweling tussen moordenaar en slagoffers kon losgeruk het. Dit is daar geplant.

Die Golf hou stil voor 'n roomkleurige woonstelgebou.

Die man wag tot dit heeltemal donker is.

Straatligte gaan een een aan; die verkeer word stil. In Pretoria se kleiner voorstede word die inwoners reeds ná sonsondergang rustig. Veral in die vroeë herfs.

Maar van 'n sonsondergang is daar weinig sprake, merk die man. Hy sit op die stoep van sy tweeslaapkamerhuis en drink whisky. Hy kyk hoe die grys hemel bo hom geleidelik verdiep tot grafiet; verdonker tot nag.

Dit word koud. Hy gaan in.

Hy skakel die sitkamerlig af voor hy die donkerkamer se deur agter hom toetrek. Die man is

alles behalwe nagblind. Sy hande word verlengstukke van sy oë.

*"Hou vas," beveel die stem.*
*Jy gehoorsaam: jou arms omklem die rugleuning. Nou is jy vyftien jaar oud; jou bolyf vou dubbel oor die stoel.*
Die man druk die vergroter se skakelaar: lig val deur die negatief. Ses sekondes; hy staan gereed met die tangetjie. Die rooi lig is aan.
*"Jy weet hoekom ek dit doen," vervolg die stem.*
*"Ek het niks gesê nie - ek belowe, Oom!" Agter hom hoor hy 'n swaar asemhaling. Sy boudspiere span.*
Die man kyk na die drie plastiekbakke voor hom. Bak een: die ontwikkelaar. Bak twee: die stop. Bak drie: die fixer.
*"Jy het vir jou ma gesê ons doen 'gunsies' vir mekaar."*
*"...soos om Oom se gras te sny! Dan vergoed Oom my daarvoor!" Die seun byt op sy tande. Die man druk sy heupe teen hom aan.*
*"Toe jou pa dood is, het jou ma net vir my gehad. Sy het al hoeveel keer gesê: wat sou ek sonder 'n broer soos jy gedoen het..."*
Die man gooi die beligte glanspapier in die eerste bak. In die rooi lig lyk dit soos bloed. Hy kyk hoe die beeld vorm begin aanneem.
*Die seun snik. Dan sing die swepie. Sy kop stamp teen die stoel se sitoppervlak met elke hou. Die kneukels wat om die stoelpote knel, is wit.*
Die man lig die papier met die tangetjie en sit dit in die tweede bak. Sy arms voel lam en bewerig, soos ná ongewone spierinspanning. As hy nóú die kamerlig aanskakel, sal die beeld stol tot swart.
*Die are in die seun se nek bult. Maar erger as die sweephale - wat brand soos lang snywonde oor sy rug - is die groeiende ereksie met elke hou.*
Die man sit die papier vir dertig sekondes in die derde bak, om te verhoed dat die beeld nie geel of swart word nie.
*Die man laat sak sy arm. Die seun, wat oor die stoel hang, is uitasem en rooi in die gesig. Dan kom hy regop, kop onderstebo. Langs sy gulp is 'n nat kol.*
*"Grootman..." fluister die stem teen sy oor. Die grys snor probeer sy dun bolip verbloem. Sy gesig is nou baie na aan die seun s'n.*
*Die seun retireer. Dit lyk of iets aan sy vel gevreet het, dink hy beangs.*
Die man skakel die kamerlig aan en spoel die foto. Die kraanwater is koud.
Dan hang hy die foto op aan 'n lyn, wat hy spesiaal vir dié doel gespan het: teen 'n grys agtergrond lê 'n jong man op sy maag oopgespalk, die wit van sy oë bloedstollend in die geswolle gesig. Dan, grotesk en fallies groei daar uit skadu's, uit boudnate, 'n skroewedraaier se hef.

"Enige nuwe inligting?"
Inspekteur Jooste neem plaas oorkant Superintendent Berg; besef dadelik dat hy in 'n slegte bui is.
"'n Crank call, ja. Ek skat dis 'n April's fool joke."
"Vandag is een April," sê Jooste onnodig. En dink: ons het nog nie veel met die ondersoek gevorder nie.
Berg se wenkbroue vernou: "Een of ander donner het gebel met 'n wenk."
Jooste knik.
"Die man op die identikit is 'n skoolhoof wat tien jaar terug dood is! Ha!"
Jooste begin lag; onbedaardelik. "So, het hy uit die graf opgestaan om te kom moor? Of is dit sy gees?"
Berg grinnik. "Dalk moet ons Theron by Okkult Verwante Misdrywe inroep. Hy's goed met spoke."
Hulle lag. "Die ou wat gebel het," vervolg Berg, "wou anoniem bly. Hy's oortúig die moordenaar lyk op 'n druppel na wyle Petrus Burger van die Hoërskool Zwartkoppen in Pretoria."
Jooste maak met sy vinger 'n sirkelbeweging langs sy oor. "Enige iets anders?"
"Ja," sê Berg ernstig. "Vingerskraapsels onder die oorledene se naels - stukkies vel van die moordenaar. Kan dui op verset of intieme kontak....speeksel teen die rant van 'n glas - die

verdagte het whisky gedrink. Die speeksel is met stysel behandel om die moordenaar hopelik deur die ensieminhoud daarvan te identitseer. Dan, gipsgietsels van skoenspore...Caterpillars, nommer tien. En sy gebruiklike Pierre Cardin-leerknoop."

"Enige getuies verder?"

Berg skud sy kop stadig van regs na links. "Nee, hierdie was 'n ander nagklub." Hy leun vertroulik vorentoe: " Sien, die moordenaar cruise van gay-klub na gay-klub, die hele Pretoria en Johannesburg vol. Sy slagoffers het almal swart hare, is jonk en skraalgebou."

"Die simboliek van die leerknoop?" vra Jooste.

Iets val Superintendent Berg by. "Daar wás nog 'n getuie..." Hy trek sy oë op skrefies. "Sersant Steyn is met 'n leerknoop en ons identikit na al die Pierre Cardin- winkels in Gauteng. Een van die winkels in Brooklyn het die man herken. Hy het twee weke gelede 'n baadjie by hulle gekoop. Die winkelassistent sê sy onthou hom, want dit is die tweede keer in een maand dat hy dieselfde baadjie koop. Hy het kontant betaal."

"Enige ander opvallende eienskap?"

"Nee. hy het glo direk na die afdeling gestap waar die baadjies hang en die spesifieke een van die hanger afgehaal. Hy het niks gepraat nie. Ons het die knoop met dié van soorgelyke baadjies in die winkel vergelyk. Dis presies dieselfde. Die assistent het die regte man herken."

Die man droom. Weer dieselfde nagmerrie. Hy probeer sy ledemate beweeg, maar hulle is van lood. Dis of iets hom teen die bed vasdruk. Hy lê op sy rug ; haal rukkerig asem. Sy ooglede begin flikker.

*Die wit moue met die mansjette wat by die leerbaadjie se arms uitskuif, druk hom teen die bank vas.*

*Hy kan sy Wetenskaphandboek hoor klap op die vloer.*

*Hy wil die growwe gesig voor hom wegdruk, maar sy oom beur nog nader, steel sy laaste krag. Die grys snor wil hom soen.*

*Die skok, walging en gewigsvoordeel van die man dwing die seun gedeeltelik in 'n stupor.*

*Die man se hand beweeg oor die seun se heupe en onder die rek van sy kortbroek in. Hy soek die opening. Eers gebruik hy een vinger, dan twee; dan sy hele vuis.*

*Die seun voel hoe hy stelselmatig sy voorarm in hom opwoel; die baadjiemou word opgedwing tot by sy elmboog. Met 'n vry hand probeer die seun hom van hom afstamp, maar ruk in die proses net 'n knoop los.*

*"NEE!"*

*Dikderm, milt en maag.*

*"GOD, NEE!" Maar die drang om nog dieper in hom op te gaan, is te sterk. Sy arm is nou feitelik heeltemal in.*

*Die seun begin kerm: "LOS MY HART...LOS ASSEBLIEF NET MY HART..."*

Die man ruk regop. Sy swart kuif kleef oor sy voorkop. Hy knip sy oë. Tienuur.

Vrydagaand.

Hy staan op en gaan stort. Trek sy knooplose Pierre Cardin-baadjie aan; voel met 'n leerhandskoen die vyfde en laaste knoop in die baadjiesak.

In sy kas hang nog 'n baadjie.

Dan volg die silikoon-gesig en pruik: 'n perfekte replika van die oorlede skoolhoof, Petrus Burger. Só perfek, dit kan weliswaar net die werk van 'n top forensiese deskundige wees. Langs die bed, op die bedkassie, staan 'n kop: 'n gipsskedel met sy oom se gesig, perfek gerekonstrueer met modelleerklei. Dit was maande se werk om die silikoon-masker - met die gesigsrekonstruksie as uitgangspunt - te voltooi.

Die gryskopman stap na sy skoongewaste City Golf.

Die gebeure wat volg, geskied deur 'n Pentax se lens.

'n Jong man, nakend, met kort swart hare lê op rug. *Klik.* Sy gesig kyk reg in die lens: sy mond nog half oop, of hy iets wou sê; sy tong styf in een mondhoek, tot swye gewurg.

Die man laat sak sy kamera. Hy durf nie nóú die masker afhaal nie. Want hy wens dit was hy wat daar gelê het.

Maar 'n seun, gou weg om sy oom se gras te gaan sny.

# DIE GENERAAL EN DIE SIENER

Die siener vat die generaal se hand en buig haar kop: "Ag, Here, lei my asseblief om haar ook te kan help met haar probleme. Open vir my die weg...gee vir my die wysheid en insig...alles tot eer van U Naam. Dankie, Vader. Amen."

Die generaal haal diep asem. Sy ken dié ritueel al goed.

Die siener knip haar oë 'n oomblik voor sy die swart fluweeldoek van die ewe swart kristalbal afskuif. Sy staar. Die generaal, wat 'n liniaalbreedte van haar af sit, sien slegs skuinsweg 'n weerkaatsing in die bal; 'n ou tannie met 'n uitgepluiste wit perm: tannie Martie Smit, een van Suid-Afrika se voorste sieners en met die helm gebore. Sy is tagtig jaar oud en woon saam met haar man, oom Piet, in die sub-ekonomiese woonstelblok Schubartpark.

Die generaal kruis haar been gespanne. Die lendelam bed kraak. 'n Minuut gaan verby.

"Vraagtekens...ek sien vraagtekens," sê tannie Martie en vee met 'n tissue oor haar mond. Met haar regterhand trek sy die fluweeldoekie weer oor die bal. Ektoplasma, dink die generaal opgewonde, sy begin nou ektoplasma afskei. Sy maak nou kontak met die astrale vlak.

"Ek het probleme..." huiwer die generaal.

Weer vee tannie Martie die nattigheid uit haar mondhoeke weg. Haar kliënte weet nie sy pruim nie. "Jy wonder oor iets. Dit is weer daardie vrou met die blonde hare."

Die generaal knik en kyk op van haar hande, wat gedwee op haar skoot lê. Só, in haar jeans, T-hemp en tekkies sou 'n mens skaars glo sy is Generaal-Majoor Gerda Meyer, hoof van personeelverhoudinge, vereer met elke denkbare medalje binne die SAW en SANW. (Behalwe die Honores Crux vir dapperheid - maar laasgenoemde sou sy ook ontvang het as vroue destyds toegelaat was om die vyand in 'n kontaksituasie aan te durf.)

"Dis Elmien, my sekretaresse," sê die generaal. "Ek wonder of sy iets vir my voel. Ek..ek..." Sy begin bloos; sien haar eie gesig vlugtig in die spieël voor haar en wens sy het nie haar donkerbril afgehaal nie.

Tannie Martie se hand reik instemmend na die fluweeldoekie. "Daar is 'n ander man ook..." kyk sy na haar eie weerkaatsing, want die dansende beelde in die bal sien die generaal nooit self nie. "Hy dra 'n uniform...en sy pipps...o, hy's ook 'n generaal. Hy het swart hare en 'n snor."

"Dis Brigadier-Generaal Brandt," sê die generaal ergelik. "Hy's geskei. Ek vermoed al 'n geruime tyd hy't 'n verhouding met Elmien. Is dit so?" Haar vraag klink eerder na 'n bevel, maar tannie Martie vee ongestoord oor haar mond voor sy die doekie weer oplig: "Ek sien 'n bed. Ek sien hulle...nou ja..."

Die bliksem is net op rebound; Elmien is háre!" dink die generaal en bal haar vuis.

"Maar hy gaan met ander meisies ook uit," vervolg tannie Martie simpatiek." Dinge sal regkom. Jy sal sien." Sy streel die fluweeldoek versigtig oor die bal en wag. Die generaal frons, nou onbewus van die radio en televisie wat gelyktydig in die sitkamer speel en waar die hardhorende oom Piet gewoonlik in sy stoel sit en slaap. 'n Stortseil aan 'n verroeste reling skei die slaapkamer van die sitkamer en waarborg die kliënte hul "privaatheid."

"Kom ons kyk," sê tannie Martie en vroetel met die doekie. Haar swart kraalogies begin blink. Sy het 'n plan. As siener is sy baie gewild - sy "werk" tot in die Kaap en haar voorspellings is gewoonlik akkuraat - maar sy is op haar kristalbal aangewese vir oorlewing. Haar kliënte moet

terugkom.

Die generaal se skouers is waterpas as tannie Martie opkyk: "Ek sien die vlag van oorwinning in jou liefdeslewe. Ek sien jou en die sekretaresse saam. Maar ek moet jou eerlikwaar sê...dit gaan nie maklik wees nie. Jy sal moet baklei vir haar, want sy is baie mooi." Sy wag tot die woorde insink. "Maar," vervolg sy ernstig, "ek kan jou help."

"Hoe?"

"Ek het potpourri-kussinkies wat ek self maak. Die potpourri is ingevoer uit China en beskik oor magiese kragte. Dit hou alles wat sleg is, van 'n mens weg. Dit trek die goeie aan en bring geluk." Sy glimlag vertroulik. "Iemand wat nie weet nie, sal dink dis toorgoed. Dié kussinkie werk vir liefde en sukses ook. Alles wat mooi is."

"Het Tannie vir my..."

"Ja, ja, ek kan vir jou een gee. Jy dra dit aan jou lyf, naby jou hart. Jy moet ook daarmee slaap. Maar ek moet dit self aan jou klere vassteek."

Die generaal dink na. Sy het iewers gelees dat potpourri, soos sout, bose geeste weghou.

'Netnou," sê tannie Martie sag.

Die generaal knik. Haar lippe word 'n dun lyn. Sy vra tannie Martie uit oor die staatsgreep in Lesotho, oor haar ma wat aan Alzheimer ly (sy is ses en negentig) en oor haar huidige lover, 'n sielkundige, met wie sy al tien jaar 'n verhouding het.( Die verhouding het begin wankel toe die generaal haar sekretaresse geteiken het. Soos met haar werk, is sy ook taakgeoriënteerd in haar liefdeslewe.)

"Die sielkundige is baie jaloers op Elmien, sy vermoed iets," sê tannie Martie voor sy haar kristalbal in 'n swart kissie bêre. "Nou vir die kussinkie. Ruik net hoe lekker," vonkel haar swart ogies.

Die generaal staan kiertsregop. Tannie Martie lig haar T-hemp op, en met groot konsentrasie steek sy die haakspeld met die kussinkie deur die glipperige materiaal van haar bra, onder haar linkerbors. Die generaal staar na die vuilgeel plafon. Sy het selde so weerloos gevoel.

Sy betaal die dertig rand vir die kussinkie, asook die dertig rand vir die "konsultasie".

"Onthou, die kussinkie mag nooit nat word nie, anders verloor dit sy krag," sê tannie Martie toe die generaal 'n gespierde voorarm na haar uitsteek Sy groet haar altyd met die hand.

"Dankie vir alles. Ek bel Tannie weer." Sy sit haar donkerbril op haar neus en groet ook vir oom Piet, veteraan-bokser en -HNP, maar dié sit en snork voor die televisie.

Toe tannie Martie die geroeste veiligheidshek agter die generaal sluit, glimlag sy en bêre die sestig rand in 'n blikkie, dat oom Piet dit nie uitmors op Klipdrift nie.

Haar plan begin vorm aanneem. Sy hét die gawe van heldersiendheid, maar sy is ook 'n terggees. Sy is 'n fyn mensekenner. Sy skep plots en intriges en sit dan terug, kyk wat gebeur, wetende dat haar kliënte weer by haar sal aanklop. Life soap opera.

Maar, as regisseur van baie mense se lewens, het sy ook 'n goeie hart. Sy laat dinge ten goede uitwerk. Jare se ervaring het haar geleer wat se krag daar in selfvervullende profesie skuil.

Dieselfde tyd wat die generaal haar silwer Mercedes oopsluit, kyk tannie Martie op haar horlosie. Elmien se polvye klink reeds oor die betonplaveisel, op pad na nommer 804, C-blok, Schubartpark.

Die generaal skuif verlig agter die stuurwiel in. Só, in haar siwwies, voel sy nie heeltemal seker van haarself nie. Veral nie in die gevaarlike Schubartpark nie.

Sy vleg vinnig deur die middagverkeer na haar huis in Brooklyn, om weer haar uniform te gaan aantrek. As 'n generaal durf sy nie by 'n siener opgemerk word nie. Nie dat die inwoners van Schubartpark sal ag slaan op haar nie; in die mikrokosmos van drie woonstelblokke, 'n droogskoonmaker, drankwinkel, apteek en supermark voer hulle 'n onafhanklike bestaan van hulle eie - is hulle gewikkel in hulle eie daaglikse oorloë van huismoles en bendegevegte.

By 'n rooi robot vat sy vir 'n oomblik aan haar kussinkie. Elmien, dink sy.

Maar by die gedagte aan generaal Brandt trap sy die petrolpedaal diep in. Haar elmboog rus op die afgerolde ruit. Vir geen man sal sý die knie buig nie.

Elmien is mollig en blond. By die werk skinder die generalestaf dat sy nie mooi weet aan watter kant van die draad haar seksuele oriëntasie lê nie, maar een ding is seker: sy is mal oor generaals.

Sy kyk hoe die hysbak se liggie flits; stilstaan by nommer ses. Die hysbak haak altyd vas by nommer ses. Langs die verweerde poshokkies lees sy die graffiti teen die muur; draai haar oë beleefd weg en vas in 'n klomp kinders, elk met 'n sigaret in die hand, lui in die sonnetjie op die klipmuurtjie. Hulle is nie in die skool nie.
Die hysbak skuif oop. Die tiental gesigte, gehawend van swaarkry, skrik haar nie af nie. Gisteraand het sy weer 'n baksel rotskoekies - gepeper met die daggablare - uit die oond gehaal. Met Operasie Boleas werk hulle onder geweldige druk en generaal Meyer se humeur is nog korter as gewoonlik. Vanoggend het sy weer haar PA met paperclips gegooi.
Dit is dalk 'n goeie idee, dink Elmien, om vir haar soggens 'n daggakoekie saam met haar tee te bring.
Toe die hysbak stilhou, beur sy verby 'n man met 'n sweterige frokkie, verskuif haar slingbag van skouer en probeer haar vrae aan tannie Martie onthou: soek generaal Brandt haar op uit eensaamheid? Of soek hy haar lyf? Gee generaal Meyer vir haar om - en wat beteken die handgeverfde ring, vasgeplak met kleefband op ryspapier wat sy vir haar tydens haar vakansie in China gekoop het? Gaan sy, wat Elmien is, ook gerasionaliseer word? Wat is haar gelukkige datums vir Oktober? En - hoe lank kan sy haar potpourri-kussinkie nog dra voor dit sy krag verloor?

By die HK in Thaba Tswane, oftewel die ou Voortrekkerhoogte, gaan dit dol.
So vinnig as wat generaal Meyer van klere verwissel het, het sy ook van gedaante verander: bestuur, leiding en beheer is haar wagwoorde; ook: winners don't quit and quitters don't win. Alhoewel sy as die ystervrou van die weermag bekend staan, besef min mense dat sy eintlik militaris én romantikus is, dink die generaal. Sy lyk imposant agter haar yslike patryshoutlessenaar. Haar skouers is breed en haar oë 'n skerp blou in teenstelling met haar vaalbruin uniform.
Sy reik haar hand na die stapel pos wat ingekom het. *SANDF blotted proud record*, val haar oog op die uitknipsel uit die Citizen.
Bo die gedruis van lugreëling, stemme en telefone hoor sy weer tannie Martie se stem: jy sal moet baklei vir haar.
Haar hand skiet na die telefoon.
Generaal Brandt moet net móói verstaan.

Die bal lieg nie, oordink Elmien tannie Martie se woorde, nog vars in haar geheue. Sy trek haar magneetkaart deur die gleuf en die dik glasdeure gly elektronies oop.
Sy weet die sielkundige se geduld met generaal Meyer se woedebuie en perfeksionisme raak nou min. Maar dit is omdat die generaal nie aanhoudend so ontleed wil word nie. Sy, wat Elmien is, weet hoe om met haar te werk. Sy weet nou ook (bevestig deur tannie Martie) dat die generaal iewers 'n sagte plekkie het. Vir háár, altans. En sy glo vir tannie Martie, want sy is te oud en te arm om skelm te wees.
Ja, dit is soos sy gedink het: mans in uniforms is almal dieselfde. Bastards. Maar vir generaal Meyer het sy baie respek, want sy is 'n militaris in murg en been - sy staan elke oggend vyfuur op om haar skoene te bone en haar bed te byt en stryk.
Ek sien die vlag van oorwinning in jou liefdeslewe en werk, het tannie Martie gesê. Sy voel nou meer gerus; ten minste gaan sy nie gerasionaliseer word nie, en sy was so bang daarvoor, want sy sukkel al tien jaar om oor te skakel tot 'n volgende kerf.
Sy loop droomverlore deur die lang gang. Die stelseladministrateur sit en dut agter sy lessenaar, salig onbewus van die byklanke wat uit sy Pentium se sprekers sing. Hy was laas besig om Doom te speel. Dan generaal Meyer se PA se kantoor; sy sproei ingedagte twee hale Anti-tabacco bo haar kop, sigaret in die hand. in die hoek is die finansie-offisier druk aan die werk voor haar rekenaar, seker weer besig om fondse rond te skuif en oor te plaas na hulle eenheid. Sy is verlede jaar gesekwestreer. Geld is net glimmende getalle op die rekenaarskerm.
"Gert, sit," hoor Elmien die generaal se bevelende stem.
"Ja, Generaal."
Sy laat gly haar handsak van haar skouer af; knik vlugtig vir die grimeringlose gesig agter die patryshoutlessenaar. Hier kom moeilikheid. In haar kantoortjie links van die generaal se persoonlike sitkamer kan sy hulle nie sien nie, maar duidelik elke woord uitmaak: "Is jy dalk

adjunkhoof, Personeelbeplanning?"

"Ja, Generaal."

"Wérklik?"

"Ja, Generaal."

"En hoe verklaar jy dít?" Elmien hoor 'n dowwe plofgeluid, wat sy interpreteer as die generaal se vuis op haar stapel pos.

"Dit...is die media se reaksie op Ops Boleas."

"Ja?! En wat sê jy daarvan?"

"Ek reken dis 'n verwronge beeld van die weermag wat hulle daar skets."

"Só?"

Stilte.

"Nou, Gert, laat ek vir jou 'n ding vertel: jy het nie die regte mense ontplooi nie. En hopeloos te min: te min medics, te min vlieëniers, te min skerpskutters...logistiek..."

"Maar die týd was te min, Generaal. Ek moes binne vier en twintig uur...":

"Wat?! Wat se tipe soldaat is jy? Jou beplannig, vooruitskatting, organisasie is beróérd!"

"Generaal, generaal Nyanda sal die weermag se beeld in perspektief stel met die persverklaring wat hy..."

Die telefoon lui. Dit is die sielkundige se sagte, beleefde stem. "Hou aan," sê Elmien kortaf en druk die transfer-knoppie. Sy is besig om die gelukkige datums wat tannie Martie vir Oktober voorspel het, in haar dagboek te omkring.

"Jy beter jou sokkies blitsvinnig optrek, ou kêrel. Ek laat jou merietebonus vir November áfsny."

"Ja, Generaal."

"Toe, laat jy gaan werk." Elmien hoor 'n stoel kraak.

Die generaal is rooi in haar gesig. Sy is nie verniet Aries nie. Maar dit is die woorde wat sy in die verbygaan hoor wat haar bloeddruk éérs laat styg: "Hallo Elmien. Gaan dit goed?"

"Middag Generaal. Nee, baie goed, dankie."

"Sê my - wat doen jy vanaand?"

Stilte. Generaal Meyer lyk nou op haar gevaarlikste - wanneer dit wit bo haar oë begin uitsteek.

"Ongelukkig besig Generaal. Ek het 'n ete-afspraak."

"O. Nou goed dan."

Generaal Brandt stap by die kantoor uit sonder om te groet.

Skaars sewe meter van mekaar vat Elmien en generaal Meyer gelyktydig aan hulle kussinkies. Elmien bly ingedagte na die rooi kring om 30 Oktober staar. En die generaal na die landswapen teen die muur: Ex Unitate Vires.

In die dae wat volg, sien haar persoonlike staf generaal Meyer selde. Sy is daagliks in vergadering - oor die instandhouding van militêre grafte, die toename van VIGS in die weermag en die herskryf van die Verdedigingswet (Wet 44 van 57).

Die tye wat sy wel op kantoor is, bederf sy Elmien met snackers en energy bars uit haar persoonlike swart ysterkluis, waarin sy - afgesien van geheime dokumente en vuurwapens - ook ander lekkernye (gekoop by Woolies) toegesluit hou.

Een nag, kort voor die Suid-Afrikaanse soldate onttrek aan Maseru, kry die generaal 'n droom.

Sy droom sy is 'n instrukteur. Die peleton onder haar bevel is besig om te dril. Met haar hand teen haar voorkop hou sy hulle met 'n valkoog dop: die vrou, derde, links van voor trippel eienaardig.

"Hey jy!" hoor sy haar eie stem, maar toe die blondekop senuagtig na vore tree, sien sy dit is Elmien.

"Wat dink jy is jy? 'n Trompoppie?"

"Nee, ek is 'n soldaat," en Elmien begin huil.

"Ons sal sien," sis die generaal.

Sy oorhandig 'n R-1 aan haar. "Teikenskiet," sê sy en stel die swart mannetjie 'n 100 meter van haar op. "Dit is jou straf: jy moet hom ráákskiet."

Elmien sukkel met die swaar geweer. Toe die eerste skoot uit haar skouer ruk, begin sy weer huil; " 'n Vrou se kurwes is nie híérvoor bedoel nie."

"Skiet," sê die generaal en verskuif die teiken, nog 'n 100 meter verder.

Elmien se lang, blonde hare golf oor haar heupe. Nou vliet die trane vrylik oor haar wange. "Ek kan nie die sneller trek nie," kerm sy.

"'n Mens drúk die sneller, jy trek hom nie," brom die generaal.

Elmien haal 'n tissue uit haar sak en vee die trane uit haar oë. Dan span sy die R-1 en begin desperaat en verwoed skiet. Die papierman word groter, en tot die generaal se ontsteltenis begin dit beweeg.

Dit stap nader. Dit lewe; verrys tot die gestalte van generaal Brandt.

Die generaal sluit haar oë: maak dit oop teen die son. Waar die teiken was, is daar nou niks; hulle is heeltemal alleen. Op die horison lê 'n enkele wolk, soos 'n kwashaal oor die hemelruim.

Sy kyk na Elmien. Sy word teer. Tussen haar wimpers, nat en blink, vlok 'n stukkie tissue.

"Hy's weg," sê sy sag.

Die volgende oggend word die generaal traag wakker. 11h00 het sy 'n afspraak by tannie Martie, merk sy in haar persoonlike dagboek.

Vir die eerste keer in weke besluit sy om die oggend af te vat. Sy haal haar knipper uit die badkamerkassie en stel dit op nommer vier.

Terwyl sy sorgvuldig die lem deur haar donker, styllose hare stuur, oordink sy die verband tussen mag, invloed en gesag.

Dan skud sy die haarlokke van haar skouers af. Hare afskeer is 'n stropingsproses, groet sy haar gesig in die badkamerspieël.

Die beddegoed is lank laas gewas, dink Elmien. Dit ruik soet, na mens. Sy kyk weer na die biddende hande in koperbeslag teen die muur. Tannie Martie is besig om vir hulle koffie in te skink.

Intussen vleg die generaal deur Vermeulenstraat se verkeer. Sy verlustig haar in die Mercedes se kragtige enjin en die wyse waarop haar kuitpiere bo die pedaal speel.

Hulle drink die koffie in stilte.

*Govt 'lost war' in Lesotho - SANDF,* lees die generaal 'n koerantopskrif teen 'n boomstam. Haar elmboog rus op die afgerolde ruit.

Tannie Martie sit die leë koffiebekers in die wasbak en tap water daarin.

11:00, kliek die generaal se elektroniese horlosie as sy haar donkerbril terugstoot en die Mercedes oor 'n spoedboggel wip.

Tannie Martie raak geheg aan haar kliënte. Maar daar breek 'n tyd aan wat sy hulle moet laat gaan, wanneer rolle uitgespeel raak en oorgaan in predestinasie - die selfvervullende waarheid van haar voorspellings. Of dit soms die waarheid gelieg is, maak nie saak nie: tannie Martie weet hoe om haar kliënte na hulle onderskeie bestemmings te stuur. En niemand vermoed dat sy haar potpourri self maak nie; roosblare, gepluk uit Schubartpark se welige tuin, besprinkel met 'n goedkoop parfuum en haar geloof in Prediker 9:11.

Tog kon sy nie help om te wonder nie: Elmien, wat so moeiteloos kon terugglip in die "closet", waar sy en die generaal nou gelukkig saamwoon.

Die bal lieg nie, het sy die towerwoorde gespreek.

Tannie Martie oortree selde haar etiek as 'n siener, maar toe die generaal haar hand skud en Elmien blosend bly glimlag, het sy besluit sy wil ook 'n glimps kry.

Sy kon hulle voetstappe hoor wegraak in die gang toe sy die fluweel versigtig oplig, kyk hoe die laaste beelde dans in die bal: 'n muiter wat vervaard verby 'n brandende Shoprite hardloop, 'n bevrore hoender in die hand.

Dan is sy in die hysbak. Elmien en die generaal is alleen: die rooi liggie staan stil op nommer ses. Sy kyk gefassineer hoe hulle liefderik mekaar se kussinkies streel.

# NAKENNIS

Mevrou Jones kyk hoe die rooi liggie van haar telefoonantwoordmasjien flits. Sy druk PLAY en die geskreeu van 'n baba breek deur die luidspreker. Met kort pouses is die vlak asempie hoorbaar voor dit in snikke teruggeruk word - 'n stilte volg - en die baba weer van voor af begin huil.

"Good heavens," sê mevrou Jones en haar wysvinger druk die bandmasjien dood.

*Op die ronde geelhouttafel lê ses en twintig kaartjies in 'n sirkel versprei, elkeen met 'n letter van die alfabet daarop.*

Sy voel die antwoordmasjien met die rugkant van haar hand, versigtig, soos iemand wat 'n koors voel. Dis warm: 'n elektromagnetiese apparaat wat krag trek.

Sy gaan lê op haar dubbelbed met haar oë afwesig op haar kamervenster. Die kantgordyn beweeg in die versigtige lentewind, al is die takke van die bome in haar tuin stil.

Sy het nog die videomasjien op *Pause* gestel toe sy die klop hoor. Toe lui die voordeurklokkie lank en dringend. Toe die geklop en klokkie tegelyk.

Geïrriteerd het sy die belt van haar kamerjas geknoop terwyl sy *ja, ek kom!* geroep het. Haar elektriese kombers was op III.

Toe sy die voordeur oopmaak, was sy reeds omgekrap. "Wat wil jy hê? Besef jy dis al kwart oor elf?"

Voor haar het 'n verwaarloosde swart vrou gestaan. Haar arms was grys van skurfheid. Haar gesig het gesmeek nog voor sy gepraat het - rukkend, stamelend - (was dit die koue of kontraksies? Of beide?)

"Madam, kan ek jou telephone gebruik, sablief Madam. Ek moet my broertjie bel." Toe het sy gesien dat die armoedige vrou hoog swanger is.

"Wat? Dink jy dis die Welsyn dié?"

"Sablief, Madam. Bel dan net die ambulance Madam. My mense is in Atteridegeville. Die baby kom, die baby kom...!"

"Ek is besig. Dis nie my verantwoordelikheid om jou in die hospitaal te kry nie."

Die vrou het geruk, dubbel gevou en afgryslik opgekyk in mevrou Jones se gesig. "Help my Madam, help my ek gaan die baby kry..."

"Lóóp net! Ek's besig!" Die voordeur klap toe.

Mevrou Jones skrik. Haar oë ruk los van die kantgordyn.

Terug in die bed het sy nog 'n glasie Port - haar night cap - geskink, tevrede dat die gesprek by die voordeur nie langer as die videomasjien se pouse geduur het nie. Sy het 'n sigaret aangesteek en behaaglik die duvet opgetrek tot by haar ken.

Die naam van die video bly haar ontgaan, al is dit skaars 'n maand gelede. As sy die video probeer herroep, onthou sy net dat dit vriespunt was, daardie nag in Augustus. Vriespunt, en die warm lomerigheid van haar Port.

Nie eens die eufemisme van 'n drankie kan haar nou laat ontspan nie.

Sy moes aan die slaap geraak het met die elektriese kombers op III, want skuins ná twaalf het sy wakker geskrik, natgesweet. Duidelik kon sy - 'n straat, of blok verder? - 'n baba hoor huil. Honde het geblaf.

Geïrriteerd het sy die elektriese kombers op 0 gestel en die duvet oor haar kop getrek. Sy het haar sintuie probeer afskakel van alle steurende naggeluide.

Sy het weer aan die slaap geraak.

*Op die ronde geelhouttafel lê ses en twintig kaartjies in 'n sirkel versprei, elkeen met 'n letter van die alfabet daarop. Mevrou Jones, haar buurman en sy vrou raak liggies met hulle voorvingers op die omgekeerde wynglas in die middel van die tafel.*
*"Is iemand daar?" vra die buurman.*

Sy speel die band in haar antwoordmasjien terug en druk weer PLAY. Die geskreeu van die baba breek deur die luidspreker. Sy weet, sy weet intuïtief dat die kind die volle bandjie van vyftien minute deurhuil.
"Dit is nie crank calls nie, Beatrice," fluister sy asof haar buurvrou teenwoordig is. "Selfs Telkom kan dit nie verklaar nie."
Maar die gille van die baba raak so erg dat haar vrees die oorhand kry - dat haar vrees sterker word as haar morbiede fassinasie met die baba se gehuil.
Sy druk STOP.
Selfs in die totale afwesigheid van enige klank of geluid is dit nooit heeltemal stil nie. 'n Mens kan nog altyd die bloed in jou slape hoor suis. Of jou hart hoor klop in jou kop.

*"Is iemand daar?" vra die buurman.*
*Die glas begin beweeg - eers na die 'J', waar dit 'n sekonde stilstaan, dan na die 'A', waar dit ook 'n sekonde vertoef en dan na die middel van die tafel waar dit tot stilstand kom.*
*"Wie is die medium?" wil die buurman weet.*
*Die naam 'Alida' word uitgespel. Mevrou Jones kyk verbaas na haar bure. Sy is nog nooit voorheen as medium aangewys nie.*
*Die buurman: "Alida, kommunikeer met die gees."*
*"Wat is jou naam?" vra mevrou Jones senuweeagtig.*
*Die glas begin bewe, maak 'n paar rukbewegings en staan weer stil.*
*"Waaraan het jy gesterf?"*
*Dan, soos 'n koeël uit 'n geweer skiet die glas weg en spat aan skerwe teen die oorkantste muur. Die kaartjies vlieg van die tafel af asof 'n onsigbare hand dit wegvee.*

Madame Rose peins.
Die mure van die groot leefvertrek is blou, groen en swart geverf. Die reuk van wierook, iewers. In die agtergrond, eentonige, rinkelrige musiek. Oosters, pikant. Die gordyne is diggetrek.
In haar palm lê 'n diamantring, wat sy aan mevrou Jones oorhandig.
"Die baba se gehuil op jou antwoordmasjien dui op 'n soort katarsis of abreaksie van die dramatiese gebeurtenis daardie nag, wat homself weer afspeel op astrale vlak. Jou bewussyn is ingeskakel op vibrasies van die astrale wêreld. Sonder dat jy dit geweet het, het jy oor psigiese vermoëns beskik toe jy Glasie gespeel het. As gevolg van die elektromagnetiese kragveld wat jy, as mediumistiese persoonlikheid besit, kan jy jou antwoordmasjien op prikkels laat reageer, wat die baba wat daardie nag gesterf het in staat stel om in oorspronklike voordoodse prikkels te reïnkarneer."
Mevrou Jones se bolip raak vogtig.
"Dié baba, wat gesterf het as gevolg van jou selfsug, is steeds 'n aardgebonde entiteit in die digste, donkerste gebied van die astrale. Jou antwoordmasjien is die skakel, letterlik die spreekbuis wat hy of sy tot jou het. Die baba is wreed dood - koue en ontbering. Die katarsis van die gebeure en die gehuil op jou bandmasjien is 'n vorm van nákennis, of retrokognisie."
Mevrou Jones begin huil. "Jy is die enigste een wat verstaan." Madame Rose hou 'n Oosterse sakdoekie na haar uit.
"Jy weet," - en sy blaas haar neus - "dat Telkom se rekenaar in my area nie 'n nommer kan naspoor nie. Hierdie oproepe - boodskappe - op my masjien wys eenvoudig nie op Telkom se rekenaar van inkomende oproepe nie."
Madame Rose frons simpatiek; knik haar kop.
"Toe vat ek die kassette polisie toe. Volgens die Forensiese laboratorium se verslag is daar hoegenaamd geen agtergrondgeluide nie. Die polisie dink die opnames is in 'n klankdigte vertrek gemaak. Digitale opnames."
"Ja?"

"Hulle reken dis een van Telkom se werknemers wat die gek probeer skeer, en die oproepe verduister. Maar alle oproepe word geregistreer - dis onmoontlik vir enige iemand om dit uit te vee!"

"En toe?"

"...verloor Telkom en die polisie belangstelling."

Madame Rose se swart oë trek klein. "Hou op om realistiese verklarings vir paranormale verskynsels te soek. Ek en jy ken die waarheid." Mevrou Jones se skouers ruk. "Jou ring het baie gehelp met die séance gisteraand. Aktiwiteite binne 'n liggaam en gees word ook in lewelose dinge soos persoonlike besittings gestruktualiseer. Jou ring beskik oor 'n sterk kragveld. Maar nie sterk genoeg om invloed te laat geld om met die ontliggaamde baba kontak te maak nie. Ek is bevrees..."

Mevrou Jones laat sak haar kop.

"...jy het die grootste gebod van die Spirituele Wet, die liefde, oortree. Nou staan jy self onder die Wet - jou slegte Karma. Jy is in 'n soul sleep, 'n psychoma. Net liefde kan die wanbalans herstel."

Mevrou Jones is bleek.

"Ek kan nie kontak maak met die kind nie en is bevrees..."

Van daardie oomblik af het mevrou Jones geweet dat vrees nooit tevergeefs is nie. En dat die waarheid selde ontbloot is van vrees.

Dokter Vermaak is 'n psigiater. Hy lyk soos 'n psigiater: dun en wit. Sy donker oë kyk skerp en besorgd.

Vir mevrou Jones lyk hy na iets tussen 'n lyksbesorger en predikant. Sy oë het al alles gesien, maar hy rek sy vokale soos 'n predikant. Tog troos sy dralende stemtoon nie.

Sy vertrou nie sy deurdringende oë wat haar probeer begrens binne die raamwerk van die psigo-analise nie. Sy vertrou nie Madame Rose se oë - swart en onbegrens - wat die waarheid in duistere magte soek nie.

"Ek vertrou niemand meer nie," sê sy vir haar terapeut by Weskoppies-hospitaal se Buite-Pasiënte afdeling. Hy skryf.

"Hoor u enige stemme, of sien u visioene, mevrou?"

"Nee, ek sien niks. Ek hoor net 'n astrale baba op my telefoon se antwoordmasjien huil. Almal kan dit hoor - dis tog op band."

Sy vertel hom haar verhaal; hy luister aandagtig.

"Voel u dis u skuld dat die baba en haar moeder gesterf het daardie nag?"

"Ja. Sy...sy het in 'n oop stuk veld 'n blok verder, daar waar ek woon in Valhalla...gekraam. My buurvrou het my vertel dat die polisie hulle die volgende oggend gekry het. Die vrou, dood. En die baba, in haar arms, dood." Sy snik. Dokter Vermaak gee vir haar 'n tissue uit die boks op die lessenaar.

"Eers het ek gedink dat iemand my huis dophou, omdat ek die 'boodskappe' net kry as ek die huis verlaat het. Ek het al die bandmasjien aangelos terwyl ek in die huis is. Dan is dit net vriende en familie wat bel."

"Het u nog kontak met u bure?"

"Nee. Hulle vermy my."

Die psigiater skryf: *Delusies van vervolging*
*sonde*
*kontrole*
*Moontlik skisotipies. Trekke van skisofrenie? OBSERVASIE*

Hy kyk op: "Is dit moontlik dat u môre-middag twee uur hier kan wees? Ek wil u graag help, maar het ander professionele opinies ook nodig."

"Vir hierdie geval moet julle maar 'n X-file open." Die psigiater lag nie. "Ek is regtig nie besig om u te vermaak nie, Dokter. Ek is dodelik ernstig."

"Dan môre-middag twee uur," sê hy.

By die deur vat hy simpatiek aan haar rug. "Die baba se gehuil is net jou gewete..."

Nákennis, dink mevrou Jones die aand in haar slaapkamer.

Dit is stil. Sy kyk na die venster en diggetrekte gordyne. Die liggie op haar antwoordmasjien flits.

Sy besluit om na die volle boodskap te luister.

"Ek is nie nou hier...laat asseblief 'n boodskap..."

Maar dit is nie die baba se gehuil wat sy ná haar eie stem hoor nie. Dit is 'n stilte, 'n doodse, digitale stilte sónder die geluid van iemand wat die gehoorbuis neersit. Sy voel hoe sy yskoud word; sy voel hoe haar kopvel krimp en haar hare in hul sakkies lig.

Dwarsdeur die nag neem sy haar eie stem op: "....laat asseblief 'n boodskap...", dan vee sy dit weer uit.

Sy neem op en vee uit, inkanterend.

Of soos iemand wat repeteer.

Die paneel, bestaande uit psigiaters, sielkundiges, 'n maatskaplike werker en mediese en sielkunde studente skryf; hul veselborde gestut op hulle skote.

Weer vertel mevrou Jones haar verhaal. Sy trek nege van honderd af, so vinnig moontlik, soos hulle vereis. Sy praat en beantwoord hulle vrae. Sy kan nie onthou wat die datum is nie.

Twintig pare oë teken haar woorde en bewegings aan.

Die hoof-psigiater verwys haar na saal 21, (die "senuwee-afdeling"), maar later die aand vertel 'n suster haar dat sy oorgeplaas is na saal 54.

Nou deel sy 'n kamer met 'n pasiënt, maar toe sy haar kamermaat groet, gluur die vrou haar net vyandig aan.

In Weskoppies leef 'n outonome gemeenskap, voer die pasiënte 'n onafhanklike bestaan met hul eie sosiolek, gewoontes, kodes en reëls. Net soms en terloops word daar na die "wêreld daar buite" verwys. Helder oordag word seks gepleeg tussen die bosse wat die groot gronde omring, of "bosterapie", soos die pasiënte daarna verwys. Saal 12, of die P.P's * smokkel met enige iets, van tee tot LSD. Die gebruik van dagga en Akineton ("Aggies") is baie gewild. Wanneer urinetoetse onverwags geëis word, word 'n vertroueling wat "skoon" is gevra om 'n monster te maak - in urinebotteltjies wat ook vir dié doel gesmokkel word.

Daar word verskeie fasiliteite aan die pasiënte beskikbaar gestel, byvoorbeeld 'n kapel, danssaal, ouditorium, sokkerveld, kafee en biblioteek. Daar is selfs klein gevangenisse vir mans en dames, waarvan Afdeling 11, die Maksimum vir mans, die bekendste is. Dames in die gevangenis word gedwing om geblomde hospitaalrokke te dra; die mans moet gestreepte groen pajamas of donkergroen hemde dra.

Die dae in Weskoppies het baie ure.

"Certified?" loop 'n pasiënt mevrou Jones agterna op die groot terrein waar die bosse baie word.

"Onbepaald."

Hy lag. "Onbepaald kan bepaald 'n lang tyd wees. Tyd wees. Tyd wees." In sy hand is 'n gebreekte bottelkop en boksie vuurhoutjies. Hy ruik na sweet. Op sy bo-arm is 'n tatoeërmerk.

"Ek is 'n PP*," giggel hy trots. "Ek is al van standerd vyf af hier. Dagga, en mandrax gemeng. You want some? Wys jou hoe." Hy kyk waarskuwend om hom. Daar is niemand in sig nie.

Dan trek hy 'n vuurhoutjie; ruk 'n diep teug uit die bottel se opening. 'n Rooi-blou vlam skiet by die geskerfde kant uit.

Hy steier, sug genotvol.

Sy neem die bottelkop by hom. "Is hier baie mense gesertifiseer omdat hulle die waarheid gepraat het?"

Sy oë dop om. "Die waarheid is 'n snaakse ding. Snaakse ding. Snaakse ding."

Hy trek 'n vuurhoutjie. " ' sal jou vang as jy val."

Selfs die gedagte aan nakennis is nou oorbodig, dink sy en lig die bottelkop:

* Prisoner Patients

Mozart se veertigste, 'n skerp klingel uit die Ericsson.

Hy kyk versigtig na die nommer op die skerm, laat dit lui: "Hierdie ou soek my al lank, maar ek rol hom 'n bietjie. Vir tyd. Hy soek sy geld."

"Sit af daai foon," sê sy, klap die zippo oop: 'n gasasem. Sy rook Cartier. (Rook buffer mense van jou af, mymer sy. Jou sigaretrook is jou comfort zone.)

"Sal ons begin?" Die bandjie het teruggespoel: skoon. Sy kyk na sy profiel, die mooi, reguit neus, die ontwerperstoppelbaard. (Word ook skimmel, dink sy.)

"Ja."

"Ek druk RECORD PLAY..."

Hy skraap sy keel, draai dan sy mond na die stemgeaktiveerde bandmasjien: "Ter wille van die storie...noem ons hom Jeff. En vir haar...Engela."

Sy giggel. Die bed kraak as hy sy knieë optrek en 'n kussing agter sy kop indruk: "Jeff is 'n smokkelbaas. Hy sou 'n uitgeknipte charismatiese kerkleier kon gewees het – daar is geen skerp hoeke in sy persoonlikheid nie. Hy is 'n amorfe wese."

(Met JR as rolmodel. Hy sal hom naboots : sy oë van kant tot kant rol en met 'n jakkalslaggie vir hom 'n drienk skink, hoog in sy skik met wie hy so pas bedonner het.)

"Jeff is gewikkel in drie hofsake tegelyk; onder andere het hy probeer om die Ontvanger om te koop. Hy is 'n kêrel met 'n goeie selfbeeld - hy dra flambojante dasse en hy rook brandewynsigare."

(En hy dra 'n Air Flex II-gordel onder sy hemp wat hom met 'n b-z-z-geluid waarsku om sy maag in te trek.)

"Wag 'n bietjie," val sy hom in die rede. "Hy het die snaakse gewoonte om sy meisie, Engela, te manipuleer met sy bloeddrukmonitor – hoë bloeddruk lei tot hartaanvalle en beroerte, en as jy 'n mafia-man is, dan..."

"Die mafia bestaan net in Italië. Ons het nie mafia in Suid-Afrika nie," sê hy verdedigend.

(Of geïrreteerd? wonder sy. Engela weet presies in watter bui hy is as die bloeddrukmonitor tjoef-tjoef-tjoef-pi-e-e-p – en sug as hy die klep oopdraai...dan sal hy ook sug en haar verwytend inlig dat die diaboliese lesing wéér oor die honderd-en-vyf is.)

Hy vervolg: "Jeff is 'n dark horse, en sy gunsteling sêding aan sy smokkelpêlle is: ek is so bang een van julle gaan dood, want dan is ek die grootste bullshitter op aarde."

Sy druk PAUSE. " Al het die smokkelbaas baie gesigte, is Engela eintlik die eksentrieke een."

"Sy is 'n rommelkunstenaar," bring hy die bandmasjien weer na sy mond. "Verbeel jou: sy beoefen Junk art. Die 'throw away'-mentaliteit daarvan fassineer haar. Sy is mal oor ashope."

"En geld," val sy hom te vinnig in die rede. "Maar daar is iets suiwerends omtrent rommelkuns. Iets van 'n katarsis. Soos die dogtertjie in *The Red Shoes* wat met sorg vir haar skoene uit weggooimateriaal gemaak het..."

(As Engela op vullishope grawe vir rommel vir haar kuns, sal sy dagdroom oor Kurt Schwitters wat ná die Eerste Wêreldoorlog deur strate vol bomskerwe gedwaal het op soek na gemors en inspirasie. Of sy sal dink aan Dada, en haar eerste muse onthou, kort ná haar peetpa se dood toe sy op 'n ashoop gaan sit en huil het. Haar peetma het 'n begrafnisrok op sig geneem – daar was nie geld nie – en vir ure voor die spieël geoefen om flou te val as die kis sak. Engela het 'n eierdoos (Kekkelvars 30) opgetel en besluit om haar eie begraafplasie te bou: of ek nou die dood gestalt of dekonstrueer, dis om't ewe, het sy wrang gedink.)

"Daar is baie vullishope op die smokkelroete, want die roete loop meesal oor die Oos-rand, met sy stank en geel mynhope vol bloekombome,"sê hy. "Die smokkelroete strek oor baie paaie. Elke dag klim Jeff en Engela in sy silwer Mercedes, en soos die runners, agente en informante bel, word ontmoetings gereël. Elke dag lewer sy eie schemes op. Maar daar is sekere stasies waar daar gereeld aangedoen word."

"Vertel," hits sy hom aan.

"Op een voorwaarde."

Sy druk STOP. "En dit is?"

"Jy tape my nie nou nie."

"Maar dis fiksie! Vir my storie!" Sy vou 'n seekatarm om sy nek.

Hy sug. "Jy skryf dit net nie."

"Goed dan..."

PLAY: "Jeff en Engela swerf by tye rond, afhangend waar goeie 'besigheid' gedoen kan word. Tans bly hulle by 'n wewenaar iewers in Pretoria-Oos."

(In 'n klinkerhuis met 'n driehoekige rooi dak wat nes 'n kindertekening lyk – net die skoorsteen ontbreek. Die verstrooide landlord weet nie dat sy woning eintlik 'n safety house vir sy twee loseerders is nie.)

"In 'n safety house," sê sy.

"Ag, jy met jou mafia-fantasieë..!"

"Vroue in die mafia is net daar om mooi te lyk," se sy tuitmond; laat 'n lang, rooi nael agter sy kraag ingly.

(Engela klee elke dag in duur katpakkies; sy skitter met 'n bybelse swygsaamheid (onderdanigheid?) aan Jeff se sy, want op die smokkelroete word daar nooit besigheid met vroue gedoen nie. Vroue is temperamenteel, en daarom 'n sekerheidsrisiko.)

Asof hy haar gedagtes kan lees, sê hy: "Dit is darem nie heeltemal waar nie. Soms versteek sy 'n paar blink klippe in haar beursie, sommer so tussen die kleingeld. Die klippe kan eg wees - of só na aan die voorkoms van egte diamante dat net 'n kenner, soos 'n juwelier, die verskil kan sien. Moïzanites en zirkonias is ook gewilde smokkelgoed."

"Maar dis gevaarlik om 'n smokkelbaas se meisie te wees. Jy kan maklik as gyselaar aangehou word..."

"As jy iemand bedonner het, ja," onderbreek hy haar. "As iemand *Jeff* bedonner, dan stuur hy 'n klomp Libanese heavies – of skuldinvorderaars – om sy arms te breek. Die Libanese hou daarvan om iemand seer te maak wat verneuk en nie wil deel nie. Sien, in so 'n smokkeltransaksie beweeg die items waarmee handel gedryf word teen 'n ketting af: die verskaffers, middelmanne en kopers wil elk sy persentasie hê.

There is honour among thieves, or no honour among thieves."

(Tussen die munisipale werkers, fortuinsoekers en boemelaars op 'n reuse vullishoop in Alberton het Engela se begraafplasie begin vorm aanneem. Sy het 'n tamatiekis opgetel en met 'n lemmetjie noukeurig die 'grafstene' uitgesny, wat sy met Prestik op die grys heuweltjies van die eierboks staangemaak het. Die grafstene het sy met Tipp-ex wit geverf. Regs, in die hoek, is 'n takkie van 'n kersboom as 'sipres' opgerig. Die holtes waarin die eiers eers gelê het, het sy opgevul met katsand - 'gruis'. By die plaaslike bloemiste het sy 'n paar klein gedroogde blommetjies gebedel en 'ruikers' gemaak, wat sy voor sommige grafte neergelê het. Dit was 'n vrolike begraafpaas.)

Sy duim speel oor die PAUSE-knoppie. "Engela maak ook 'n studie van lugspieëls. As sy en Jeff bedags die smokkelroete volg, sit sy gefassineer – en onpeilbaar – en staar na die blink poele in die pad. Daar is 'n eenvoudige verklaring vir Fata morganas, sal Jeff dan gewoonlik sê, waarop sy sal antwoord: ek ken elke detail daarvan, maar ek verkies om dit poëties te benader, soos my kuns."

(Na haar peetpa se begrafnis – en nadat haar peetma veilig in die arms van 'n fris neef geval het toe die kis sak, het Engela die begraafplaas binne-in 'n swart veselbordboks gesit. Haar peetma se balans en koördinasie – en tydsberekening – was perfek, het sy gedink, en met 'n Tipp-ex-pen agterop die veselbordboks geskryf:

I balanced all, brought all to mind,
The years to come seemed waste of breath,
A waste of breath the years behind
In balance with this life, this death.

\- W. B. YEATS)

"Misdaad is nie werklik nie. Misdaad is fantasie." Sy steek weer 'n Cartier op, kyk na die rook: grys dons. "Om oneerlik te wheel en deal vir 'n lewe is soos om 'n fiktiewe bestaan te voer. Ja, die drome – die bedrog en leuens – maar veral die beloftes, dit is wat 'n mens aan die smokkelroete kan verslaaf. 'Eendag, as my skip inkom...' - die smokkelbedryf is 'n bullshitbedryf. Altyd die verwagting, dan die terleurstelling."

"Kan wees," sê hy afgetrokke. "Daar is meer vals as egte produkte in omloop. Daar is baie kansvatters op die swartmark."

"Om te wérk is werklik. Maar Jeff *genereer* geld, hy het soveel *geïn,* hy het 'n *cut* hier, 'n *share* daar, soms kom daar nie nog deals in nie dan sien hy sy gat, want 'n *quick buck* is soms 'n baie slow buck." Sy raak driftig.

"Maar Jeff kon al meer as een maal 'n meter* agter sy naam skryf..." Hy lag onderlangs. "Hy het weggekom met diamante - naelskraap. Maar hy's 'n bliksem. Hy het 'n 4.5-liter – of gallon - oliekan met 'n pyp en kraantjie aan sy Merc se agterste uitlaatpyp gekoppel. Toe die cops hom begin inhaal – dit was op 'n grondpad - het die olie op die vangwa se voorruit gespuit, en in die jaagtog het stof op die olie saamgepak en moes die cops aftrek, want hulle ruitveërs het vasgesit in die gemors."

Hulle lag.

(Daar kom nooit 'n einde aan rommel nie, dink sy, en dit weet die munisipale werkers, wat winsbejagtend kyk na vragte nuwe swart sakke al te goed. Hulle sal ywerig werk: wat is herwinbare koper, aliminium, gietyster en lood wat na die skrootmetaalhandelaars moet gaan? 'n Ou gordynkap, stuk telefoondraad, patroondoppies, batterye...of karton, papier en plastiek. Jy mag nie motorbande op 'n

ashoop gooi nie, want dit vergaan nooit. Daar is ook oorgenoeg karton vir boemelaars om vuur te maak in die winter. Of oorskietkos.)

Van tyd tot tyd besluit die munisipaliteit om die vullishoop te brand.

"Tydens die jaagtog het Jeff weggekom met 'n groen diamant, wat hy in agtien karaat goud laat set het vir 'n ring," sê hy.

Sy draai haar gesig na die venster met die vuilgeel kantgordyn. Soos 'n bruid se sluier, dink sy hartseer. "En nou is die ring aan Engela se vinger," klink haar stem in die mikrofoon; "Jeff het vinnig en dikwels verlief geraak op meisies, gewoonlik veel jonger as hy self. Die diamantring het hy sommer aan sy Mercedes se sleutelhouer gehaak – byderhand, of noem dit romanties as jy wil. Die ring het hy al soveel kere groter en kleiner laat maak om aan sy meisies se vingers te pas, dat die juwelier hom aangeraai het om eerder 'n nuwe een te koop. As hy dit wéér moet verstel, gaan dit breek, so bros is die goud."

"Hy het met nuggets ook gesmokkel," sê hy sag. "Nuggets goud of nikkel. Dan kry hy gereeld Clintons, of dollars om te verkoop; ook blokkies olifanttand, vrugteflesse vol platinum, renosterhoring, soms tot so vier kilo's, as hy gelukkig is..."

(Tussen 'n klomp gebreekte wynbottels en ou Lotto-kaartjies, langs 'n graspol met 'n gespikkelde kiewieteier het sy 'n gipsafdruk van iemand se tande opgetel. Hy/sy het seker gegaan vir krone, het sy opgewonde gedink en die grond uit die gebit geskud. Sy het lank na die gipsgrynslag (skedellag?) gekyk, gevisualiseer hoe dit sal lyk as sy dit netjies verf en 'n pap ballon of sigaretstompie tussen die tande indruk. Dood het haar geleer om kreatief om te gaan met rommel.)

"Jeff is 'n ou wat goed – en groot – kan scheme," sê hy lakoniek.

"Ja." Sy kyk na die oop venster, hoe die wind die kantgordyn na buite probeer suig deur die diefwering.

"Ek het goeie nuus vir jou."

"Wat?"

"Jy onthou daardie munisipale stortingsterrein in Alberton..."

"Ja?"

Die selfoon begin lui. "Weer daai ou," sug hy. (Sy wonder wat Mozart sou gesê het van die klingel.)

Hy antwoord nie; vervolg: "Ek het 'n tender gekry op daai ashoop. Dis nou myne. Jy sal verbaas wees hoeveel geld 'n mens daaruit kan maak."

"O."

"Is jy nie bly nie?"

"Ja, natuurlik," lieg sy.

Maar dit sal nie meer dieselfde wees nie. Sy moet vir haar 'n ánder ashoop kry. Waar sy tussen die *anti-waste* dromme, die trokke, bakkies, en motors (die kattebakke met draad vasgebind, so vol rommel is hulle) - kan wag dat haar skip inkom.

* miljoen

## LêERS

Karen was in baie sale.

Gedurende haar tien jaar van sertifisering in Weskoppies-hospitaal het sy in 1994 'n maand in Saal 21, oftewel die senuwee-afdeling vir vroue deurgebring. "Maar eintlik is ek gebore vir 'n toesluitsaal," het sy eendag vertroulik teenoor my opgemerk en met haar locker se sleutel gespeel. Die sleutel het in 'n rooi lintjie om haar nek gehang en sy het dit nooit afgehaal nie; ook snags het sy daarmee geslaap. Presies wat in die locker was, het niemand geweet nie, maar dit was nie onwettig nie, want die susters het gereeld die kaste geskud vir dwelms en drank of lemmetjies. Karen het in elk geval haar vuurhoutjieboksies vol dagga weggesteek in die aantrekkamertjie se gordyn - dit was van 'n dik katoen en die soom was breed. Dalk het die personeel en pasiënte haar agterdog oor haar sleutel beskou as deel van haar diagnose: paranoïede skisofrenie. Maar Karen was self 'n psigiater en het beweer dat sy aan die Amfetamine-psigose ly ná jarelange misbruik van Dexedrines toe sy as mediese student snags in 'n padkafee moes werk om vir haar studies te betaal. As topstudent aan Wits se mediese skool het sy 'n beurs verwerf om haar studie in psigiatrie aan The Guys Hospital in London voort te sit. "Dit was met die skip terug Suid-Afrika toe dat ek vir die eerste keer stemmetjies gehoor het," het sy my vertel en ek het gewonder waarom pasiënte nooit na akoestiese hallusinasies verwys het as "stemme" nie, maar altyd in die verkleiningsvorm.

"*Red sails in the sunset* het gespeel en ek was baie naar, maar ek word nooit seesiek nie. Toe weet ek - hulle het my vertel - van die komplot. Die passasiers, die bemanning, almal het teen my gedraai. Die wêreld is te klein vir jou," het die stemmetjies gesê.

Met tussenperiodes van normaliteit het Karen insig gehad in haar paranoïa, en was daar selfs die moontlikheid van permanente ontslag. Sy het Weskoppies se bladjie, *Pille en Grille* begin en op my eerste dag, kort na my opname, het sy na my gedraai, (haar bed was links van myne), en gevra: "Wat skryf jy?"

"Ek hou my maar besig," het ek gesê en die geel kartonlêer op my knieë toegemaak.

"Hier is die eerste uitgawe van ons nuwe blad. Jy kan bydraes gee as jy wil - verkieslik kort, soos gedigte. In Pretoria - Wes is 'n vriendelike drukker wat dit vir ons verniet doen."

"Dankie."

Sy het ingedagte gekyk na die voorbladskets van 'n laggende vrou met 'n vlag in haar hand. Op die vlag was "Ooskoppies" geskryf.

"Corpus luteum," het sy sag gesê.

Die vrou aan my regterkant, die een met die vaalblonde hare en oumensgesiggie, het haar bene nuuskierig van die bed laat afhang.

"Ek het die voorblad ontwerp," en sy het gevat-vat aan die verband om haar linkerpols.

"Joe is 'n skilder," het Karen gesê. "Al vyf jaar hier vir depressie." Dan in 'n fluisterstem: "Hoekom het jy dit weer gedoen..?"

"Omdat ek dit nooit Daar Buite sal maak nie."

In Weskoppies het die wêreld Daar Buite baie gesigte. Dit is persoonlike besittings in 'n locker,

soos 'n foto-album of kerskaart van familie. Dit is 'n verlede wat hiperbolies grusaam of beminlik word; dienooreenkomstig idealiseer of vrees pasiënte die dag van hulle ontslag. In Saal 21 lê daar altyd 'n dagkoerant op die diensstasie se verweerde houtcounter - om in voeling met "die buitewêreld" te bly - maar vir die meeste bly dit slegs 'n ontglippende en onbereikbare *buite*.

Joe het haar T-hemp se mou opgetrek en (triomfantlik?) die littekens op haar linker bo-arm vir my gewys. "Twee en vyftig snye. Die dokter het gesê as ek dit weer doen, gaan ek strafsaal toe." Sommige littekens was wit. Ander het gewissel van 'n ligpienk tot 'n dieprooi.

Sy het gesug en die mou afgetrek. "Nou lyk hulle beter, want dit is somer. Maar in die winter, in die winter word al my littekens pers." Sy het gewag op my reaksie, maar Karen het die *Pille en Grille* toegevou en nader aan my geleun: "Corpus luteum. Jy moet dit lees. Ek het dit geskryf."

"Sy is 'n shrink," het Joe in 'n lagbui oorgegaan. "'n Mal psigiater." Haar vel was aknee soos suurlemoenskil. *God didn't make junk*, het my oog 'n pienk plakkaat teen die oorkantste muur gevang.

"Bitch," het Karen gesis. Dan laag en sag: "Vir jou maak ek nog dood."

Versigtig nou, het ek gedink, maar verstom bly kyk hoe haar oë soos 'n trapsuutjie s'n stadig na links, na die deur, dan weer na regs, na my en Joe draai.

"Vertel my van Corpus luteum..?"

Ek kon haar vertoue wen.

"Dit gaan oor hoe ek wil sterf. Sewe maagde van Weskoppies, sewe seenimfe sal my liggaam in 'n reuse wit skulp neerlê."

"Ja?"

"Die geliefde wat ek nooit ontmoet het nie, sal onder dié sewe wees. Sy sal die ring van my regtervinger afhaal en aan haar linkervinger steek. Wat is trane anders as sout van die okeanide? Dan sal die sewe wenende maagde die skulp stadig in die see instoot; eers sal dit gesus word in die vlak water, al dieper meegesleur deur die aankomende hoogty. Die golwe sal hulle spore inhaal...glad stryk... asof hulle nooit daar was nie. Nooit..."

Joe het begin huil en met haar verband oor haar wange gevee.

"En in die agtergrond sal *Red sails in the sunset* speel."

Daar was 'n lang stilte; my oë het die blink groen gang gevolg en in my geestesoog tot by die stasie, waar die susters nooit opgehou het om pille uit te tel nie.

Sandra is uit hoësorg ontslaan en oorgeplaas na Saal 21.

In die daaropvolgende dae het ons haar dikwels met 'n tros druiwe sien rondloop, meesal in die rigting van die diensstasie. Haar tandvleise het gebloei en haar oë was só diep, starend in die donker kasse dat ek gewonder het of sy hulle kan knip.

"Sy probeer net afshow met daai druiwe," het Karen droog opgemerk. Voor die druiwe verskrompel het, het sy weer 'n nuwe tros gehad. Soms het daar 'n korrel in die badkamer se wit plastiekasblik gelê.

Sandra is ingeweeg op ses en dertig kilogram, nadat sy vier kilogram in hoësorg opgetel het. Hoësorg is 'n klein, skemer kamertjie regoor die susters se stasie waar veral Anorexia-lyers opgesluit word; hulle mag geen voorregte soos besoeke ontvang alvorens hulle eet nie. Deur die eenrigting-glas sien die susters presies wat hulle met hulle kos doen - wanneer hulle toilet toe gaan, wag 'n suster voor die deur om te luister of die geraamtes nie die kos opbring nie. Weier 'n Anorexia-lyer steeds om te eet, soos in Sandra se geval, word ander "voorregte" soos tande borsel ook van haar ontneem. Maar Sandra was 'n lady en dié vernedering was genoeg. Sy het weer begin eet, al het sy lank gekou aan een druiwekorrel om die susters te impress.

Deurentyd was ons bewus van ons Cardex- kaarte: verslae wat die verpleegpersoneel oor ons moes skryf - eet, slaap, bad en sosialiseer die pasiënt? Soms was die stasie leeg en het ek vinnig die groen ringlêer oopgeslaan by my van, my kaart gelees.

Nooit kon ek my psigiater in geheel onthou nie. (Sou my selfontbloting gelei het tot 'n nihilisme van hom - op sy bles was sewe hare, deurgekam met Brylcream, soos snare; sy neus was rooi en sy bril baie dik - ?) Ek was meer bewus van die Gideons-Bybel en boks tissues voor my; meer geïnteresseerd in sy benerige hand wat skryf in my lêer.

"In hoeverre 'n lêer 'n representasie van 'n pasiënt is, is 'n ope vraag," het Karen een middag in die eetsaal gewonder. Haar mond was vol kos. Sandra het die mince en stampkoring lusteloos rondgestoot op haar bord. Joe het nie geëet nie, maar na die verfkolle op haar Doc Maartens-

stewels gestaar. Ons het altyd aan een tafel gesit, die enigste vier vroue daardie stadium in Saal 21; rondom die ander tafels het Saal 20, die Senuwee-afdeling vir mans se pasiënte gesit.

"'n Lêer voer 'n onafhanklike lewe van sy eie. Ek dikteer my diagnoses, my lot aan my kwak. In die rolverdeling van waansin is daar baie speling. Dít sê ek as pasiënt. En dit weet ons almal. Kyk hoe baie pasiënte kom terug, want hulle kon dit nie maak Daar Buite nie. Want hulle wíl nie."

"Stront." Joe het weggekyk van haar Docs en haar muisgesiggie na die lang metaaltafel met die reuse, stomende kastrolle gedraai. Die lyne langs haar mond was diep en dun, of dit met 'n skalpel ingesny is.

"'n Psigiater staan op die rand van ander se lewens - hy is die fiktiewe skrywer van baie lewens, lêers. Dít sê ek vir jou as psigiater. Ek het self baie lewens op lêer gehad. Maar my eie lêer sal ek nooit kan open nie." Weer die oë soos 'n trapsuutjie; Sandra se vurk het vinniger deur die stampkoring geploeg.

"Ek wens so ek kon ook gelukkig wees Daar Buite...maar my mense kom kuier nie eens meer vir my nie." Joe het steeds weggekyk.

"Want jy's 'n lost case, dis hoekom." Ek het probeer om Sandra se oog te vang - wat in Joe het die paranoïa in Karen getrigger? - maar sy het haar vurk sorgvuldig na haar mond gebring: langs die metaaltafel het 'n suster kom check of ons eet.

"Jy is besig om saam te span teen my. Jy hou jou verniet so hulpeloos. Jy - jou tipe - is uiters gevaarlik. Ek het baie met julle gewerk."

Uit die bloute, sonder aanloop of waarskuwing kon Karen se agterdog en aggressie ontvlam; die eerste paar dae moes ek haar paranoïede kruisverhore deurstaan, seker die moeilikste ondervragings van my lewe. Maar op 'n vreemde manier het sy my begin "vertrou" omdat ek volgens haar 'n "virgin" was, die enigste wesenlike "sane" pasiënt in Weskoppies.

Die rooi lintjie met die sleutel het oor haar linkerbors geval. Daar was wit kolle op haar soel gesig en 'n aar het ontstuimig geklop in haar nek.

Toe het Joe opgestaan. Lank nadat haar smal skouers by die eetsaal se deur uit is, het Karen nog na die kosyn bly gluur.

Dit was eers vyfuur die middag toe die susters Saal 20 en 21 se pasiënte in die voorportaal moes tel dat ons besef het Joe is weg. Die suster het my gestuur om haar te gaan soek - "'n risiko vir selfmoord of wegloop."

Sy het my nie hoor aankom nie, in elk geval nie in die wind wat so swaar kon sug deur die wilgerbome op die hospitaalgronde nie. Nie eens toe ek langs haar gaan staan het sy my gewaar nie. Sy was besig om haarself te sny; met 'n morbiede fassinasie het ek elke beweging gevolg. Metodies het sy die hoek van 'n Minora- blade diep in die vleis van haar linker bo-arm ingedruk en geruk: vir 'n paar sekondes was die snywond spierwit voor die bloed eers stadig boontoe sypel, dan oorvloediglik deurbreek en in strome op haar jean en die gras afdrup.

Vir 'n oomblik het sy na my gekyk, maar sy het nie geregistreer nie - dit was die oë van 'n lyk. Ek het omgevlieg en gehardloop - gedink aan haar esel met die halfvoltooide skildery in die voorportaal - toe haar oë weer voor my opdoem: blink en rond en bleekblou soos albasters, soos die souties wat ek as kind for keeps gespeel het.

"Ek het weer my diagnose verander," het Karen gegiggel en diep aan haar zol gesuig; die flikkerende kool het die Rizzla laat kraak.

"Nou ly ek nie meer aan die Amfetamine-psigose nie. Nee, ek het vir my kwak gesê ek is 'n Borderline personality disorder. 'n Lekker label eintlik - 'n Borderline is te mal vir die samelewing, maar te sane vir 'n malhuis!" Sy het begin hyg, lag, hygend gelag soos 'n gans.

"Vat 'n trek. Dope is 'n safe drug." Ek het my kop geskud.

"Bang, nè?"

"Net versigtig."

"Toemaar, ek verstaan. Jy hoort in elk geval nie hier nie. Jy't net gecrack...en sonder 'n mediese fonds land mens ongelukkig in Weskoppies."

Sy het haar bene opgetrek, lang, seningrige bene en haar rok het afgegly tot op haar broekie se rek. Ek het my gesig weggedraai: sy het gesien ek kyk.

"Ek kan nie 'n langbroek dra as ek my Rizzlas en dope in my pantie wegsteek nie."

"O."

"Kom, vat 'n trek..?"

"Karen, ek... "

Iewers het 'n man begin gil maar dit was ver - ons het onder die wilgerbome naby die afgeleë toesluitsale gesit. Waar dit veilig is om dagga te rook sonder dat 'n suster of security jou sien.

"Jy is ook deel van die komplot! Jy en Joe is kop in een mus..."

Die man het ophou gil. Ons was alleen. Te alleen.

Ek het die zol by haar geneem en sy het ekstaties geglimlag.

"Nee, ek is tóg reg. Jy is my virgin...jy sal dit maak Daar Buite. Jy sal sien."

Ek het lank en diep getrek, begin hoes maar gevoel hoe alles om my wegdryf, lig word...die sale met die mislike groen gange en helder plakkate vol trooswoorde teen die mure; die vlag, haperend in die wind, iewers by die hek; die donker are op my psigiater se skrywende hand; die roosbome wat so geil groei op die grafsteenlose grafte van pasiënte wat gesterf het en wie se familie hulle lankal vergeet het. My ma is dood, het ek onthou. Die verlies het van my 'n kluisenaar gemaak, outisties van verlange en my mense het my aan die hand motor toe gelei - (wie het my tas gepak?) - en gesê rus, jy moet gaan rus.

"Lekker, nè?

Haar oë was sag. En hoe langer ek na haar gekyk het, hoe mooier het sy vir my geword. Haar lang swart hare en hoë wangbene.

"Jy lyk soos 'n sigeuner," het ek gesê en nie omgegee toe sy omrol en my soen nie.

Haar asem was warm en soet teen my mond en die lintjie met die sleutel swaaiend, koel iewers in my nek.

Joe is nie strafsaal toe gestuur nie. Haar psigiater het haar dosering anti-depressante verhoog en die susters moes die snye in haar arm met steke toewerk. Sy het haar onttrek - vir drie dae - met haar esel en halfklaar skildery. Bedags het sy in die aantrekkamertjie tussen die lockers gesit en skilder. Sy het nie meer gaan eet nie.

"Jy gaan vir EKB's as jy dit weer doen," het Karen gewaarsku. In die eetsaal het sy my vertel:

"Die pasiënte word wakker met 'n verskriklike hoofpyn. Soms kan hulle niks onthou nie - toe Joe laas jaar gegaan het vir skokke, het sy nie eens geweet wat is haar naam nie. Sy was vir maande 'n zombie. Stukke van haar verlede het permanent in die slag gebly as gevolg van amnesie." Sy het gegrynslag. "Maar dit is darem mensliker as vroeër jare. Vandag gee hulle skokbehandeling onder narkose en nie meer lewendig nie."

Sandra se oë het in die rigting van die metaaltafel geflits; die suster se breë rug het in die deur verdwyn en sy het haar mes en vurk bymekaar gesit.

"Deal," het sy die oorblywende rys en visvingers na Karen se kant gestoot.

"Deal," het Karen herhaal en háár bord, skoon geëet, voor Sandra neergesit. In ruil vir dié guns sou Sandra - sy was skoon, sy het nie dagga gerook nie - 'n urinemonster maak vir Karen indien die susters dit vereis. Saal 12 se Prisoner Patients het 'n waterdigte dwelmnetwerk gerun en sommige certifieds het hulle hele hele mediese pensioen op dwelms uitgegee. Die personeel was daarvan bewus, maar dit was moeilk om te onderskei tussen die uitwerking van voorskrifmedikasie, 'n ander, onwettige trip byvoorbeeld Ecstasy en ware psigose. Weskoppies het in elk geval nie oor die fondse beskik om pasiënte gereeld te laat toets nie.

"En as jý uitpraat..."

"Jy weet mos jy kan my trust."

Sy het stip na my gekyk: haar kop skuins gedraai en haar oë op skrefies getrek.

"Hoe weet ek verseker ek kan jou trust?"

Ek moes vinnig dink: Karen se vertroue kon ek nie wen met mooipraatjies oor "integriteit" of "lojaliteit" nie. Ek moes haar "bondgenoot" teen denkbeeldige samesweerders wees. Of haar deelgenoot in iets, soos in 'n geheim.

"Het jy dan vergeet?" Ek het wantrouig na Sandra gekyk; sy het gesnap en op haar beurt weer wantrouig na die metaaltafel gekyk, of sy die suster enige oomblik verwag. Vertroulik het ek my mond teen Karen se oor gehou: "Ek is dan jou virgin." Sy het goedkeurend geglimlag. "Die dope gee my soms stemmetjies."

Ek het nie geantwoord nie, maar in my gedagtes gebid dat Karen nooit gevang word met dagga nie; sy sou my sonder twyfel uitwys as die judasbok.

Of dit die dagga was wat haar vervolgingswaan gesneller het of Joe se broeiende

teenwoordigheid tussen die lockers, was moeilik om te sê. Dit kon ook die skildery op sig self wees.

Op los velle papier het ek probeer dagboek hou in my geel lêer, maar van inskripsies by datums was weinig sprake. Die kontinuïteit het ontbreek.

Dalk kon ek eendag 'n lêer open op my woordverwerker en 'n storie skryf oor my missing dates, daardie maand in Weskoppies.

Vyfuur die volgende middag - teltyd - het Joe met 'n skoon T-hemp en jean by die voorportaal ingestap. Haar Docs het geblink en sy het geglimlag: "My painting is klaar."

"Wys! Wys!" het 'n paar mans uitgeroep.

"Môre," het sy geheimsinnig geantwoord en haar mou opgetrek. Die verband was af en sy het die pienk riwwe vol steke gekrap.

Die suster het ons vanne begin uitroep, afgetik met 'n regmerkie.

"Volschenk?"

Stilte.

"Is Volschenk hier?"

Karen? het Joe se oë vir 'n oomblik opgekyk van haar rooi, jeukerige snye.

"Volschenk afwesig," het die suster se altstem voortgedreun.

Ek het my gesig vinnig weggedraai van die venster.

Niemand het gesien nie: Karen het die telling van buite af dopgehou; in 'n breuksekond het haar swart hare agter die vensterbank verdwyn.

Ook met aandete was Karen se plek aan tafel leeg. Toe ons later die aand gaan bad, was sy steeds weg. Eers nege-uur, tyd vir nagmedikasie, kon ek haar sluimerende teenwoordigheid iewers in die omtrek voel.

Sy het skielik agter ons kom staan - die reuk van 'n goedkoop parfuum en haar hande het sy aanhoudend met 'n stukkie pietersielie gevryf; Weskoppies se daggarokers was deeglik daarvan bewus dat susters dope aan hande en klere kon ruik.

Ek het my *Immovane* met die plastiekglasie vol water afgesluk. Dit was 'n wit, langwerpige pilletjie en weliswaar nie meer as 'n sederende middel nie - ek het dikwels in die nag wakker geword, ook as die susters met flitse oor ons gesigte skyn om seker te maak ons slaap.

"Kom kyk my painting," het Joe terug in die slaapsaal gesê. Van die agt beddens was dit ná 'n maand nog net ons vier in Saal 21.

In die skemer lig van die aantrekkamertjie het sy selfvoldaan die esel omgedraai, hande in die sye gekyk na my reaksie.

'n Vrou met donker hare en toe oë; in die agtergrond iets wat lyk na 'n oseaan vol bloed; haastige kwashale kruis en dwars oor die vrou se gesig; DEATH, in spieëlskrif, oor haar voorkop geverf.

"Wie is dit?"

Ons het gelyktydig omgeswaai: Karen het 'n manier gehad om op 'n mens af te sluip.

"Dis ek," het Joe gehakkel.

Weer die trapsuutjie-oë. Maar sy was buitengewoon gespanne - paraat? - Haar skild van aggressie en die groot vrees daaragter.

"Die see..."

"Ja," het Joe huiwerig gesê. "Daardie stukkie wat jy in *Pille en Grille* geskryf het - corp...corp..."

"Corpus luteum." Sy het haar vuiste gebal.

"Ja. Dit was vir my so mooi dat dit my..e...geïnspireer het om die skildery te maak en..."

"Death?"

Joe het afgekyk. "Jy weet mos hoe ek voel."

"En hierdie vrou - is dit jy?"

"Ja!"

"Maar ék het Corpus luteum geskryf!"

Ek het deur toe retireer.

"Jy lieg! Jy fokken lieg! Dink jy nie ek kan dwarsdeur jou sien nie?! Daai vrou met die death op haar voorkop is ék - 'n slinkse, sinistêre toespeling op my! Jy probeer 'n bespotting van my Corpus lutuem maak. Ek weet dat jy besig is om planne te beraam om my uit die weg te ruim en jou skildery is net die begin; as jy 'n mind game..."

"Karen, kom, rustig nou." Dit was die suster se paaiende stem en haar lyf, groot en ferm en

kalm in die kosyn. Joe het haar arm senuagtig gekrap. Die steke het geritsel en geroer soos insekpote.

"Dokter Volschenk..." Die suster het geglimlag. Karen het deur haar kuif na Joe geloer, haar kop na die lockers gedraai of sy vir 'n oomblik na iets luister.

"Ja, Suster."

"En onthou - tienuur is ligte uit."

"Ja, Suster..."

Ek het vinnig ingesluimer: 'n droomlose, *Immovane*-slaap; twee maal die laken oor my kop getrek - (flitslig in my gesig!) maar die derde keer het ek geweet dit is nie die suster nie.

Dit was Karen. Reëlmatig het ek aanhou asemhaal: haar deur my wimpers dopgehou - sy het haar nagrok en broekie versigtig uitgetrek en in 'n bondel onder die deken ingedruk. In die flou lig van die stasie se kant - die saaldeur was half oop - kon ek sien hoe sy twee bonkige swart goed van die bed oplig, een in elke hand, en op die vloer gaan sit. Gelukkig het ek op my linkersy gelê.

Sy het haar bene voor haar uitgestrek en ek het my ore gespits: die geluid van leer wat kraak..? In die dowwe skynsel het sy geril; met kort, abrupte bewegings aan die swart goed gepeuter - sy was besig om Joe se Docs aan te trek!

Dieselfde oomblik het ek onthou dat Weskoppies nie noodknoppies in hulle beddens het soos in algemene hospitale nie.

Karen het opgestaan en vir 'n paar sekondes na my gesig gekyk. Die simulasie van 'n diep, reëlmatige asemhaling het my lighoofdig gemaak.

Nakend, met net 'n paar Docs (*slaap* die suster in die stasie?) het sy weer gevroetel met haar beddegoed; ek kon nie mooi uitmaak nie, maar dit het gelyk na 'n lang, dunnerige stuk materiaal. Sandra het gekreun in haar slaap, gesug en op haar ander sy gedraai.

Soos 'n sammajoor het Karen in die rigting van die deur begin loop: ek het op my rug gedraai en my kop stilgehou. Uit die hoek van my oog het ek probeer vasstel wat in haar hand is.

Joe het liggies gesnork.

Toe herken ek dit: 'n paar sykouse - in Karen se hand was dieselfde paar sykouse wat Sandra vroeër die dag aangehad het! Ek het my regterhand gereed langs my heup gevoel. Die deur was nog half oop.

Karen het wydsbeen voor Joe se bed gaan staan. Sy het die bene van die sykous lank in 'n V uitgerek; asemloos het ek elke beweging van haar arms gevolg, hoe sy die V saambind in 'n knoop en Joe se slapende kop oplig -

Die hospitaalvloer was hard en koud onder my voete.

"Etomine, tagtig!" het die fris suster in bevel vir die verpleegster in die verbygaan geskree. Sy het haar *Huisgenoot* verskrik toegevou.

"DOKTER VOLSCHENK!"

Joe se gesig het afskuwelik rooier en groter geswel; die sykous se bene langer en dunner, dunner in haar geaarde nek gewurg.

Dis eers toe die verpleegster die spuitnaald hard en sekuur in Karen se kaal boud druk dat Joe begin roggel en hoes, geluide soos 'n radio se kringfluit maak.

Sandra het onrustig in haar slaap gemompel.

My maag het geruk: ek het badkamer toe gehardloop maar toe ek oor die toiletbak hang, was dit net sweet wat oor my voorkop geloop het. *Don't worry about tomorrow, God is already there* was 'n rooi plakkaat teen die deur.

Die inspuiting het blitsvinnig gewerk: sekondes later het Karen verdwaas rondgesteier in Joe se Docs, op soek na haar bed; die verpleegster het vir Joe ook - toe sy weer behoorlik kon asemhaal, maar nog nie mooi besef het wat gebeur het nie - gespuit, ook 180 mg Etomine.

"Moet môre liewer niks vir haar sê nie. Dalk onthou sy nie en dink dit was net 'n nagmerrie," het die suster my gevra. Daar was 'n pers pofferigheid onder haar oë.

"Spuit my ook," het ek gesmeek. Toe eers het agter gekom dat ek huil - dat 'n mens siender blind kan huil.

"Ek kan nie. Jou dokter het nie Etomine voorgeskryf nie."

"Môre RHT ek. Spuit my, Suster, asseblief!"

Sy het simpatiek na my gekyk. "Staf," het sy die verpleegster nader geroep, "spuit haar ook maar tagtig. Dan teken jy honderd en twintig elk vir die ander twee aan." Die verpleegster het geknik.

"Ons moet verslag gee van alle medikasie. Alles moet deur 'n lêer gaan, sien."
Sy het haar arm om my nek gesit. Haar troupand het diep in haar ringvinger se vlees ingesny en ek het gedink: dalk is sy maar net 'n ma.

Die volgende oggend het ek verslaap vir ontbyt. Toe ek wakker word is Karen se bed reeds opgemaak.

"Sy's strafsaal toe. Saal 28."

Ek het my kop na regs gedraai; 'n paar Docs, 'n verbleikte jean, 'n tekenbord op die knieë.

"Sy moes laas nag weer iets probeer aanvang het."

Ek het begryp.

Ek het gaan bad; met 'n spons en waslap en borsel my lyf hard en herhaaldelik gewas en gewonder hoe dit voel om te kan vervel. Toe het ek die RHT (Refuse Hospital Treatment-vorm) in die diensstasie gaan teken.

Joe het gehuil. "Is jy reg om dit..Daar Buite..?"

"Ja, Joe."

"Gaan jy 'n nuwe begin maak?" Ek het nagedink.

"Nee."

"Nou gaan jy weer terugkom?"

"Nee. Nooit weer nie." In my geestesoog kon ek bloot 'n klomp bladsye sien wat hardhandig uit 'n dagboek geskeur is, 'n stukkie niemandsland; daar sou vars blomme op my ma se graf wees, ja, ek sou weer 'n verhouding aangaan met die lewe soos met 'n ou en bitter geliefde.

"Nou is daar net Sandra," het Joe gesê.

"Maar daar kom altyd weer nuwe opnames..."

Ek het vir Karen gaan groet.

In Saal 28 was die vroue verplig om gestreepte hospitaalpajamas of geblomde rokke te dra. In 'n strafsaal is dit teen die reëls om bedags op jou bed te lê. Pasiënte moet regop sit, onder die wakende oog van 'n suster. Alle besoeke of gesprekke moet ook in die teenwoordigheid van die suster geskied:

"Ek gaan jou mis. Maar ek het geweet jy gaan dit maak Daar Buite." Sy was kalm. Van haar middernagtelike waansin was daar geen teken nie.

"Hulle sê ek gaan dalk toesluitsaal toe. Sal maar sien. Jy weet mos Sandra se kos..."

Ek het begryp: as Karen haar psigiater van die dagga vertel, dien sy net haar vonnis in die "tronk" of strafsaal uit en ontduik sy die eensame opsluiting in 'n saal vir pasiënte wat òf 'n gevaar vir hulle self òf vir ander is. Dit is haar lewe, lot, háár lêer.

Die suster het geïrriteerd na haar horlosie gekyk en Karen het die rooi lintjie van haar nek afgehaal.

"Voordat jy gaan...kyk in my locker, daar is iets wat ek wil hê jy moet saamneem." Sy het geglimlag.

"Strongs," en sy het die lint met die sleutel vir my gegee soos 'n mens 'n lint met 'n medalje aan iemand oorhandig.

Ek het haar kas vinnig oopgesluit, die enkele karton in my handsak gedruk en die sleutel op die stasie se houtcounter neergesit. Die suster was uit.

Buite het ek die karton uit my handsak gehaal. My oogkasse het gepyn teen die helder sonlig.

Ek het die karton gebêre en teruggeloop stasie toe. Die suster was terug. Aan 'n hakie het die sleutel nou gehang, by die ses ander.

My tas was onverwags lig in my hand. Ek het vinnig begin aanstap in die rigting van die hek; die wind uit die wilgerbome het van agter teen my aangestoot.

In my handsak was 'n foto van 'n dogtertjie met swart hare, ongeveer tien jaar oud.

## MYNVELD

"Jy beter vinnig sluk. Ons het vir die nurse gesê ons vat jou vir 'n wandeling - dat jy vars lug kan kry. En moenie die peppermints vergeet nie."

Tertia kyk hoe Louise haar handsak oopzip, die rolletjie Endearments uithaal; Swannie haal diep asem, bring die waterbottel met rooi koeldrank en cane na sy mond en drink die laaste kwart met een teug leeg. Hy is uitasem. Onder die spreiligte van Een Mil se parkeerarea is sy wange rooi, of hy blusher aanhet, maar kyk jy van naderby sien jy die honderde gebarste aartjies.

"Daar's geen cure vir hom nie," sê Tertia gereeld vir Louise, "en hy's useless in die bed. Al vir tien jaar," waarop dan Louise antwoord: "Dis van al die drank. Wanneer kry jy vir jou 'n skelm? Kan hy jou dan kwalik neem?"

Weer zip Louise haar groot vlooimarkhandsak oop, druk die leë plastiekbottel daarin en haal 'n tydskrif uit, wat sy dubbelgevou in Swannie se hand druk.

"Die *Hustler,*" sê hy bly.

Tertia: "Toe. Die nurse gaan jou kom soek."

"Thanks, girls. Net toe ek dog die DT's raak te erg..."

"Dis orraait."

"Thanks, girls."

"Bye, Swannie." Tertia soen hom vinnig op die wang, 'n staalgrys stoppelbaard en kyk dan anderpad: daar is 'n fyn grens tussen jammerte en veragting. Die rooi koeldrankvlekke op sy handdoekkamerjas en sy tone wat dreig om deur die Stokies te boor. Sy drinks wat hy nou al in blompotte moet skink omdat gewone glase te klein is. En hy raak al hoe meer vergeetagtig. En jaloers. Soos: "Het jy en Louise 'n lesbiese verhouding aan die gang?" Sy skud haar kop. Dis nou al tien jaar, Swannie en sy kaal papiermeisies en sy wat saans sugtend en versugtend wegsink in 'n Radox-skuimbad - alleen.

"Vanaand is die aand," sê Louise en kry die Mazda in rat, "wat ek en jy gaan inhaal. Onthou net die effies."

"Is jy nie bang vir AIDS nie?"

"Aag," en sy draai die ruit af, "dalk loop dit nie eens uit op iets romanties nie."

"Ja, dis nou al ses jaar vir jou...sonder 'n man."

" In my mind was ek steeds getrou aan Fanie. Na die skeisaak. En nou raak dit te erg, hierdie...velhonger." Sy glimlag en knik instemmend: "Ek is velhonger, en jy ook, Tertia. Met die rat race van die army en al die red tape op generalevlak het ek nie die tyd of krag vir 'n affaire nie."

"Velhonger," herkou Louise, "is mooi gestel." Dan lag sy: "En dis net generaal Louw wat 'n pass maak op jou."

Louise hou voor Tertia se tweeslaapkamerhuis stil en sug vir haar gesig in die truspieël: "En sy's moerse butch. Néé dánkie. Maar dis moeilik, jy weet, ek's haar PA."

"Ja, Luitenant."

"Tertia..."

"Hm?"

"Vergeet die range, vanaand is ons sosioloë. Van die...sommer die NRF. Ons doen navorsing. Dit sal keer dat ons nie wolwe optel nie."

"Slim," sê Tertia en maak die deur oop, "ons doen navorsing oor mans wat in single clubs uithang."

"Mans oor veertig, let wel. En..." Louise voel die bloed opstoot van haar kraag, hoe dit vuurrooi versprei oor haar gesig - (bloos ek? Of is dit menopause?) - "...onthou om jou wonderbra aan te trek."

"Definitief," en Tertia klim uit; "Thanks vir die lift. Sien jou dan half- nege."

Voor die oop hangkas huiwer Louise se hande tussen haar rokke; 'n rooi mini, 'n blou two-piece, by Queenspark gekoop; 'n swart minirok.

Tertia wonder seker ook wat om aan te trek, dink sy fronsend. Staande Mag vrouens het maar min siwwies.

Die swart minirok? Sê nou sy lyk soos 'n tert? Wag, 'n swart nommertjie vir die aand is altyd in die kol. Mans hou van mini's. En dis 'n klub vir verlangende, alleenloper-mans.

Dan die Black mail-kouse en high heels. Sy haal die minirok van die hanger af en 'n blou baadjiemou beweeg: 'n blou kleurbaadjie, eers weggesteek tussen ander klere, kom te voorskyn langs die kaal hanger.

Sy haak die baadjie af en druk dit teen haar bors vas.

"Steve," onthou sy. Sy sug en hou die Matriek-baadjie voor haar uit. Erekleure, rugby. Erekleure, atletiek. Prefek.

Sy huil. Sewe jaar al, dink sy en druk haar gesig in die baadjie. Hy sou nou ses-en-twintig gewees het. Die appel van haar oog: vars uit standerd tien, Angola, en 'n landmyn. Sy wys altyd die baadjie vir almal wat kom kuier.

Die nattigheid onder haar oë en neus vee sy af met die voering. Dan is daar nog haar dogter, Liddie, by haar tweede man.

Sy bêre die baadjie weer in die kas. Nooit, het sy aan haarself belowe, sal sy dit laat droogskoonmaak nie. Daar is nog iets van hom, iets lewends daarin. Sy tienersweet toe hy sy laaste somer prefekrondtes gedoen het. 'n Bietjie naskeermiddel, miskien.

Sy gaan draai die krane oop en bad in 'n aromaterapie-badolie. Haar lyf vryf sy met 'n gegeurde room in. Dan kam sy haar lang, blonde hare tot dit vol body en elektrisiteit kleef aan die borsel.

Daar is baie mans in haar lewe, ja. Maar vriende - die army se old boys network. En nou, met al die gays wat uit die kas klim, goeie vriendinne ook.

"Is jy ook part of the family?" het 'n korporaal met fris skouers en 'n snor haar 'n maand terug gevra.

"Ja, ten minste het ek ook dan 'n family. Wat sal 'n mens sonder familie in hierdie lewe doen?" Die luitenante, almal vroue, het uitgebars van die lag. Dit was ná die luitenantevroueforum. En sederdien dra hulle haar op die hande: sjokolade langs haar faksmasjien, geselsies in die gang, gunste na ure. Tog sal sy graag eendag vir hulle wil vra hoe dit kan werk tussen vroue...so sonder die instrument?

"Gedress to kill," sê Tertia en steek twee Dunhills op. Oor haar cleavage hang 'n kruisie aan 'n dun, silwer kettinkie. Haar lippe is pruimrooi. Met die gratis kosmetiese operasies in die Weermag is haar en Louise se lywe en borste ferm, rimpel- en rekmerkvry. Die Weermag het ook sy voordele. Sy sou darem graag 'n tweede facelift wou kry voor sy dalk teen April volgende jaar gerasionaliseer word.

Toe die Mazda voor *Secrets* in Garsfontein stilhou - onmiskenbaar 'n nagklub: die lewendige musiek resoneer deur die pavement, deur haar high heels - onthou sy die baie blou kolle onder Swannie se uniform: " Sammajoor Swanepoel, ek wil jou dringend spreek. Dis in verband met jou gesondheid."

Links van die reuse houtkroeg lê die dansbaan met sy stralende fluoressent ligte. Netjiese, semi-formele drag, dink Louise. 'n Ordentlike plek.

Tertia sukkel met die aansteker. Die vlammetjie brand laag en blou.

"Wat gaan ons drink?" *I am...I said,* sing Neil Diamond.

"Hooch. Black current." Daar is nog vier leë stoele by die kroeg.

"Next round is mine," vat sy die sigaret by Tertia.

Regs van die kroeg is 'n klein eetarea; agt two seater-tafeltjies, tel Louise. Maar hulle wag nie

lank nie.

Stereotiep, uit 'n donker hoek kom twee glimlaggende mans aangestap, en oor die dansbaan met die draaiende neon-sterre. Die middeljarige een met die groot snor stel hulle voor: hy is Jim, die bestuurder van 'n Pizza-take away en dit is sy vriend Jean, die hoofsjef op Dikhololo vakansie- oord.

Dit is sy vriend Jean met die lang, blonde hare wat besluit dat hy dadelik van Louise hou; sy is 'n sosioloog by die NRF, (en Tertia ook), en hulle bestudeer die profiel van die alleenloper-man in single clubs. Om hulle saak te regverdig, vra Louise met 'n militaristiese houding: "Sal julle gou vir ons iets teken? 'n Psigometriese toetsie...soort van, voor ons die aand geniet?"

"Geen probleem," knipoog Jim vir Tertia, wat op dieselfde oomblik onthou dat hulle geen papier saamgebring het nie.

Servette, dink Jim die restaurant-bestuurder gou aan 'n oplossing, kan ons maar op servette teken?

"In die haak," pruil Tertia. Ná 'n cane en passionfruit is sy tevrede met haar vangs, 'n goedgeboude, flambojante gryskopman, pas geskei. Hulle is altyd pas geskei...behalwe Jean - is hy al dertig? Maar 'n mooi seun, amper soos 'n manlike engel met sy indigo-blou oë en wit hare.

Jim kom terug met twee servette uit die eetarea.

"Nou moet julle die volgende vir my teken," vervolg Louise in 'n rangtrek-stem: "'n Slang, 'n huis, 'n swembed, 'n son, en 'n boom. Moenie nadink nie. Teken presies soos julle voel."

Hulle teken; met rooi lippe om sigaretfilters hou Tertia en Louise dop.

"Jou groot boom simboliseer 'n sterk moederfiguur," sê Louise en hou Jean se servet teen die lig.

"En jou swembad - uitstaande gesondheid," peins Tertia en kyk na Jim se bruingebrande gesig.

"Jou...e...slang is abnormaal groot in verhouding met die ander tekeninge. Jy is seksueel gefrustreerd," waag Louise. Jean bloos; lag. Met 'n slap pols beduie hy dit is sommer niks.

Die aand is twee drankies oud. Hulle dans, close dance en two-step en sakkie.

Hulle praat naby mekaar se ore want die musiek is hard. Hulle oë word rooi van al die rook.

Nog 'n rondte Hooch en cane met passionfruit, en nog een; Jim en Jean stick by hulle whisky en ys. Nou is Tertia en Jim amper permanent op die dansvloer.

"Lady Diana was altyd my role model. Ek het snot en trane gehuil toe sy dood is," bring Louise haar glas stadig na haar mond. Haar linkerhand is in Jean se regterhand. Dit voel of haar kop saam met die dansbaan se neonsterre draai. Jean druk haar hand; hy dink na.

"Sy het mos baie gedoen vir sanksies teen landmyne...Angola, Bosnië..."

Sy vat nog 'n sluk. Swannie slaap al lankal, met die *Hustler* onder die kussing. Swannie met sy blompotte vol cane en dreigende Korsakoffs, net om te kan vergeet van die oorlog, die oorlog.

Sy huiwer: sal sy vir Jean vra of hy ook geveg het op die grens? Nee, besluit sy daarteen. Nie Jean, 'n soldaat nie: natuurlik was hy 'n sjef.

*The power of love,* kom Celine Dion se stem deur die spreker.

Jim se vrou het inderdaad uitgetrek. Die spaarkamer wat hy aan Jean en Louise toegewys het, se dubbelbed is sonder beddegoed. Nou sit hulle op die enkele kunsleerbank in die sitkamer. Drie-uur, wys haar horlosie in die flou lig van die kers op die koffietafel. Sy lê in Jean se arm, 'n skraal arm soos 'n sekelmaan om haar.

"Ek het nie 'n meisie nie. Ek het 'n liefdesterleurstelling gehad." Die kers flikker en gooi skadu's oor sy gesig. Sy wangbene is prominent.

"Ek kan nie kinders hê nie."

Haar stilte antwoord; hy vervolg: "Ek het pampoentjies gehad." Sy druk stywer teen hom aan. En watter pragtige man, dink sy hartseer. En met 'n bietjie ironie: my luck met 'n man is weer uit.

"Ek wil jou iets wys," sê hy dan. Hy vat haar hand en laat dit afgly oor sy borskas en gespierde diafragma; onder die dun viscose-hemp voel sy sy naeltjie. Met sy regterhand maak hy die knoop van sy denim los, huiwer en vat haar hand weer versigtig, soos dié van 'n blinde.

Die kers se skadu's teen die muur is rukkerig en abrup.

"Jy ken baie van sielkunde. Ek sal jou nie skok nie."

Sy sprei haar vingers; onder die jockey se rek voel sy die sagte, skamel geslagsdele. Iewers in die groot, halfgemeubileerde huis hoor hulle Tertia kreun.

"Belowe jy sal niks vir Swannie sê nie," het sy gevra.
Sy trek haar hand uit: 'n bevryding. Hy wag vir haar om iets te sê.
"Ek gaan vir jou 'n afspraak maak by dokter Craig Stewert."
"Wie's dit?"
"'n Uroloog. Hy's ook 'n psigiater. Jy kan hom gaan sien vir terapie, maar hy kan jou ook ondersoek as dit nodig is. Hulle sê hy's die voorste ekspert op seksprobleme. Hy het 'n kantoor by Pretoria Akademiese Hospitaal ook."
"O."
"Ja. Sal jy gaan?"
"As jy saamgaan. En saam ingaan."
Sy lyk verbaas. "Ek kan mos nie dit doen nie."
"Asseblief." Sy oë pleit, sy mondhoeke trek afwaarts.
"Ek sal kyk..."
Lank sit hulle so in stilte, tot die kersvlam begin knetter en die dag breek.
In die helder daglig lyk alles te skerp, dink Louise en krap in haar handsak vir Beechies. Sy hoef nie haar grimeerspieëltjie oop te slaan nie, sy weet sy lyk bleek. En sonder grimering voel sy weerloos.
"Net 'n bietjie war paint aansit," lag sy onderlangs na Jean maar vermy sy oë.

Vir generaal Louw sê sy Liddie se mangels word uitgehaal, sy moet verlof insit vir Donderdag.
"Jim was stunning," het Tertia die Sondagoggend in die Mazda terug huis toe gesê. "Ek gaan hom weer sien."
Dieselfde aand het sy vir Swannie besoek, maar die cane in die waterbottel het sy stywer gegooi, en die rooi koeldrank minder.
"Ek gaan 'n lelike stel aftrap as hy uitvind - "
Sy verander die Mazda se ratte behendig. Langs haar sit Jean. Sy blonde hare is in 'n netjiese poniestert vasgebind. Hy dring aan dat sy saam in die wagkamer ingaan:
"Dit is tog privaat. Ek kan nie."
"Asseblief, Louise." Sy kneukels span om die veiligheidsgordel.
"Die dokter sal dit ook nie toelaat nie." Sy trap die petrolpedaal dieper: 'n geel robot word rooi.

In die wagkamer sit twee vroue.
Jean en Louise staan besluiteloos rond voor hulle op die lae bankie aan die oorkant gaan sit. Hy vul 'n vorm in.
"En hoe was hy toe?" het Tertia gevra. Sy moes jok. Nie net vir Jean se verleentheid nie - vir hare ook.
"O, wonderlik. 'n Jong hings."
"Genuine?" Tertia se oë het ongelowig geblink.
"Katelknapie," het sy te hard gelag.
Hy is stil; blaai lusteloos deur 'n *Sarie.* Louise kyk na die wagkamer se vuil vloer, die mure se afdopverf, die gat in die plafon.
"Jean," maak 'n bleskop-dokter die spreekkamer se deur oop. Hy knik, glimlag en neem die vorm by die suster. Kom maar binne, wys sy hand.
Die deur agter sy lyf gaan toe soos 'n bladsy verbyblaai. Nou is sy alleen. Sy luister: die twee vroue praat Xhosa. Die groot een met die geel kopdoek begin huil. "
"My hart is baie seer," sê sy kopskuddend aan Louise. "Ai."
"Wat is fout?"
"Ek het die psychiatrist kom sien." Die trane rol vinniger oor haar vet wange en vertak in klein riviertjies oor haar gesig.
"Dis oor die huis waar ek gewerk het. Ek het tien jaar vir die mense in Villiera gewerk. Die madam het 'n baby gehad. 'n Seuntjie van drie jaar. En toe...een oggend ry die kind met sy tricycle in die huis rond. Ek was besig om die meubels te polish. Toe hoor ek net glas, glas wat breek en die seuntjie skree - ek los alles net so en hardloop: die kind het deur die glas gery! jaag my bloed."
Die ander vrou skud haar kop stadig heen en weer. Haar oë is groot.
"Toe ek in die lounge kom, sien ek die kind het teen die glastafel vasgery en die glas het sy

keel gesny."
Louise draai haar kop na die toe deur.
Met die rugkant van haar hand vee sy oor haar wang en vervolg:

"Sa-lu-jéér," lag Steve en lig 'n mollige armpie na sy kop.
Tien treë verder wag Louise op haar hurke. "As jy nou mooi vir Mamma loop, salueer ek jóú," moedig sy aan.
"Mamma toe loop," kraai hy en val op doekboude.
"Kom, Stevie. Jy sal nie seerkry nie. Ek sal jou vang."
Hy hys hom teen 'n tafelpoot op.
"Loop..."
Hy kyk wantrouig na Louise se uitgestrekte hande; na sy rooi trekker wat langs haar lê.
Huiwerig gee hy sy eerste treë. Dis ver.
"Kom, Stevie! Jy sal nie val nie! Mamma wag vir jou."
Die tafelpoot raak weg, buite sy bereik. Voetjie vir voetjie voel hy; sy ma se hand kom nader.
"Oppas vir die hobbel in die mat," waarsku sy.
Hy staan stil.
"Loop óór hom."
Hy lig sy been hoër, steier:
"Nie val nie."
Hy herwin sy balans.
"Amper daar." Haar arms wag hom in.
Versigtig trap hy.

Louise leun stadig terug. Die muur druk swaar en koud teen haar rug. Sy voel met haar hand oor haar skouer. Amper het sy vergeet, sy het siwwies aan, die twee sterre is nie daar nie.
Die deur bly toe.
Dan gly haar hand versigtig oor haar borste, en haar vinnige hartklop onder die linkerbors. Sy sal hom oorbring. Sy sal hom veilig deurkry tot aan die ander kant, soos sy nooit met Steve kon doen nie.

# STOORNIS

*"It seems like nothing ever stops. Thoughts just keep coming in and racing round in my head...and getting broken up...sort of into pieces of thoughts and images...like tearing up a picture. And everything is out of control..."*

- skisofreen

Elektrodes temporaal, weerskante van haar voorkop. Hare klewerig van die gel. Plakkers op haar skouers en naby haar hart.

"Lekker slaap," glimlag die narkotiseur, lig die inspuitingnaald.

Die psigiater knik.

Sy maak haar oë toe. Salig die gedagtelose wegsink in narkose.

Die suster se palm rus koel op haar voorarm. "Nie eers seer nie, nè?"

Die meisie op die teaterbed beweeg nie haar kop nie; maak haar oë weer oop. *Die buislig is die laaste wat ek nou sien. Soos al die ander vóór my. 'n Buislig is so kil.*

"Die dae van One flew over the cuckoo's nest is verby, moenie bang wees nie." Die psigiater se gerusstellende stem.

Dan tol sy in 'n swart spiraal af, onbewus van die suster wat die radio aanskakel - (Classic FM) - en die psigiater wat na die flikkerende hartjie op die Cardio Scope staar: "Herinner nogal aan Louis Wain."

"Die skilder?" vra die narkotiseur.

"Hy het katte in menslike situasies geskilder. Sy werk was surreël, bisar..."

"Soos die een van die kat met 'n pels vol slierte wat in vlamme verander, die oë rooi driehoeke..?"

"Distorsie," sê die psigiater. "Louis Wain was 'n skisofreen," draai hy terug na die skokmasjien. Hy kyk na die blonde meisie op die teaterbed. "Dis tyd," sê hy, en lyk skielik oud vir sy vyf en veertig jaar. "Tagtig volt, honderd milliampère. Ai, sy' nog 'n kind."

Die spiere aan haar slape bult toe sy die mondstuk raakbyt; haar lyf ruk, ontspan, ruk. Haar tone spring.

Die simulasie van die Grand mal duur dertig sekondes.

Die narkotiseur, psigiater en suster luister na Mahler se Tiende oor die radio.

"Dis weird, amper vals," sê die mollige suster met die koel hande. Sy het verlede jaar haar swart balkie in psigiatrie gekry.

Die psigiater draai sy kop skuins op die reëlmatige tiek-tiek van die Cardio Scope. Dink: As die a-tonale die gebrek aan tonaliteit is, is waansin noodwendig die gebrek aan realiteit?

"Dis a-tonaal," sê hy vir die suster. Sy glimlag verleë, want sy verstaan nie; trek die uitdruk van die EEG nader en kyk kamma-belangstellend na die skerp breingolwe.

Dan raak sy haastig voor die psigiater se tam gesig - ("ons het vanoggend al agt geskok") - en sit die lugweg in.

*My kamermaat ryg die antenna van haar radio uit. Sy is 'n ou vrou, met 'n afdraand op haar rug.*

*Ek kyk weg, soek my donkerbril in my bedkassie, druk dit inderhaas skeef op my gesig.*

*Lit vir lit trek sy die antenna, 'n tentakel gevoelig gespan teen lug, en skakel die radio aan.*

*Sesuur-nuus.*
*Ek draai my rug op haar en gaan staan voor die venster. My vrese en fantasieë is privaat.*
*Die son sak. Soos 'n nagloed gaan lê die skemer oor die stad met sy abrupte verkeer.*
*Ek verlang na Maudie. Hier in die gestig is daar ook katte, vier of vyf van hulle, wat in die kombuis van ons saal wag vir die oorskietkos wat in die asblik uitgekrap word. Dis al wat my nog hier hou - die katte.*
*'n Mirage breek soos 'n haai deur die wolke.*
*Die ou vrou soek antwoorde op my rug.*
*Ek ruk die blinder af, weet die krysgeluid laat haar skrik uit haar nuusbullitin. Ek bind die blinder af; die son se bloedbelope oog knip weg.*
*Die donker is blind. Soos 'n stootskraper. 'n Ou angs.*
*Die donker laat jou weer onthou.*

*Maudie is grys en petite. Onopvallend, soos een van die katte wat mens soms by stormwaterslote aantref. Of dié wat ongehinderd aanteel in vervalle woonstelblokke.*
*Ná drie weke het haar eienaar haar verkoop aan 'n pet shop - die kleinste katjie wat ek nog gesien het. Sy het in my hand gepas en onophoudelik mi-e-e-e-u! geskree.*
*Ek het die sterilisasie-litteken onder my naeltjie voel trek. Die senuwees het teruggekom, branderig, maar vir die eerste keer in 'n lang tyd was ek weer moederlik; hierdie klein katjie wat my T-hemp punte gesuig het, skaars gespeen: as sy geëet het, moes ek haar anus met 'n nat lappie masseer, soos haar ma haar nog sou gelek het.*
*Maudie? het ek haar na my hand geleer: sy het op my skouer gesit soos 'n parkiet, of tussen my borste; soos 'n buideldier het ek haar onder my hemp gedra.*
*Darem mak vir 'n kat, het mense begin sê.*
*Waar die steke van my sterilisasie-wond begin rofies maak het, het sy gelek tot die litteken blink en pienk was. Iets van my kinderloosheid het sy verstaan, my vrugbaarheid waarmee ek brutaal weggedoen het op twintig deur 'n ou Hollandse butch "wat die vrouens op 'n ry reggemaak het."*

Die psigiater se kantoor.
Hy druk die bolpunt van sy Bic-pen in, uit, in, uit. 'n Ou trick: suggestie. *Ek val nie meer daarvoor nie. Dit laat my nie praat nie.*
- Hoelom het jy jou laat steriliseer?
Daar is 'n vingerafdruk op die dokter se brilglase. Nog dowwer as die vetterige lense is die oë wat na haar staar. Sy bly ontoeganklik in haar swart klere en donkerbril. Sy draai haar kop skuins; dit is bewolk buite.
Sy klem 'n swart sambreel tussen haar knieë vas.
Kliek-kliek-kliek, tik die Bic-pen.
*Dink aan die kneusings van die wolke. Dit reën nie, maar die dag ween onderhuids soos 'n groot blou kol.*
*Nee, nie daaraan dink nie. Dit was ook bewolk daardie dag.*
Die psigiater lyk moeg. Moeg van geduld, of is geduld al deel van sy lewensmoegheid?
- Die verkragting..?
Sy ruk onwillekeurig die sambreel tussen haar bene in; die handvatsel boog erektiel na buite.
*Vertel hom hoe jy op 'n stoel langs 'n ander slagoffer gesit en kyk het hoe sy bad.*
Die bruin staatslêer het 'n groot donkie-oor.
*Ek het haar dopgehou soos sy uit die bad klim. Haar borste was arkadies en sy het lang bene gehad; haar gesig nog rond, dié van 'n kind, maar vol graveermerke. Teen haar linkerlies het 'n straaltjie bloed afgesyfer. Die beeld het begin vervaag. Ek was bysiende van trane; my weerkaatsing in die badwater het opgebreek tot ek blind uitstrompel en dink: blyer as die geute in die reën is die verligting van daardie vuil bloed ná verkragting.*
*Swart. Charleen Swart was haar naam. Sy was sestien jaar oud.*
Die psigiater swaai skielik in sy draaistoel. Sy is besig om in 'n stupor te gaan, besef hy en versnel sy bewegings: maak die lêer 'n paar keer oop en toe, skuif sy penne bymekaar en sê hard: "Dis genoeg vir vandag."
Die meisie staan stadig op. Die dokter staan ook onseker op: sy vou haar sambreel oop.

*Só sal ek opgaan in my sambreelweb. Dit was bewolk daardie dag - ek het nog nat gereën.*
"Môre weer," sê die psigiater.
Skielik raak die meisie vyandig. "Jou bleddie bastard. Dis jý. Jý rig my af om depressief te wees."
Die psigiater sê niks.
*Hy beroof my van my Lebensraum.*
Sy stap met haar sambreel en donkerbril terug na haar kamer, ignoreer die suster, gaan lê op haar bed en draai haar gesig weg van die ou vrou wat besig is om 'n blokraaisel in te vul.
*Maar hoe diep in die lewe kan hy my nie grein nie tot die blindekolle van insig.*

*Ek het langs hom voor 'n hysbak in 'n woonstelgebou in Sanlampark gestaan en wag. Hy het gerook en gekyk hoe die groen syfers bo die deur verbyflits.*
*Toe die deure oopskuif, het ek eerste ingeloop.*
*"Dit beteken eintlik mens mag nie stompies dooddruk teen die mure nie," het hy skertsend na die ROOK VERBODE-bordjie verwys. Hy het 'n plat voorkop en kort, dik nek gehad. Neanderthalgelaatstrekke.*
*Ek het oogkontak vermy en steeds boontoe, na die syfers, gekyk.*
*Hy het omgedraai - (gepeuter met sy gulp?)*
*2,3,4.*
*'n Hand op my skouer.*
*In die drie spieëls, in drievoud: 'n romp wat opgeruk word 'n penis soos 'n spuugrinkhals orent 'n sigaret wat val op die grond.*
*6,7,8.*
*Rook soos pampasgras en in een spieël 'n arm wat gryp na die OPEN-knoppie maar ses arms en ses bene gekruisig teen die toe deure.*
*10,11,12,13.*
*Hees gille uit 'n vrouekeel soos 'n screamer in 'n Death Metal Band tot daar geen klank meer uitkom nie - net spysbry wat opstoot: 15, 16, 17.*
*Hy het die knoppie met sy linkerarm afgedruk en met sy vry hand sy gulp opgeruk. 17.*
*Twee vrouehande beurend teen die spieël; tien sweetstrepe vir vingers.*
*Toe die deur oopgaan - (hy lakonies 'bye!' roep) - het die vingermerke nog nie verdamp nie en het dit buite begin drup.*
*Die duiwe op die goed versorgde grasperke het vervaard opgevlieg en ek het my enkel geswik, maar grasieus my styl probeer hou vir 'n vrou met 'n erdekruik op haar kop wat by my verbygeloop het in die gang.*
*Dan, asof ek dit vir die eerste maal sien: modderpote van 'n kat, soos klawers, teen 'n wit muur onder 'n oop kombuisvenster op.*

Die ou vrou met die gentian violet- hare slaan haar HAT krakerig oop. Sy lek haar nikotienvinger 'n paar keer nat en blaai in die alfabet af. Sy het in haar jong dae die roomyskarretjie getrap op Secunda, waar sy verslaaf geraak het aan gom.
Snags vraagteken haar knieë, pienk en geswel, in gebed op die koue vloer.
*Sy bid hardop, sodat ek kan hoor. Sy bid tot haar gebede vasgroei aan die bedlamp, dan staan sy weer swaar op.*
*Elke oggend stof die skoonmaker my Gideonsbybel af. Die Bybel sê niks van katte nie. Katte is geassosieer met pagaanse rituele van onheil, vrugbaarheid en dood. Soos die twee kante van 'n muntstuk, 'n heks en haar kat. Die siele van katte het glo in hekse gevaar, en andersom.*
*Ag, Here.*
*Ek steek 'n sigaret op, tik die as in die leë sigaretdosie.*
Met 'n sug slaan die ou vrou haar HAT toe.
*Ek draai my kop weg. Waar die donkerbril al so lank op my neus rus, raak die vel rooi en branderig.*
Die ou vrou broei in stilte op 'n woord.
*Ek rook; net my asem is hoorbaar. In die hoek van my bedkassie is 'n spinnerak, merk ek verras.*
*Ek rook; so stil dat ek die spinnekop se snaarmusiek kan hoor. Die sigaret lewe in my mond*

*maar sterf weer in my longe terug.*
*Môre kry ek vir die vierde maal skokbehandeling.*

Die psigiater se kantoor.
- Hoekom meng jy nie met die ander pasiënte nie?
Vandag het hy 'n safaripak aan.
- Hoe reageer jy op die skokterapie?
Die meisie voor hom knik.
- Goed, dus?
Geen reaksie.
Hy beweeg sy vinger - (veronderstel om 'n ingedagte gebaar te wees) - op en af.
- Jy meng glad nie met die ander pasiënte nie?
*Tussen ander mense word my eensaamheid méér as hulle ritmies gesprekke teen die lug teken of hul lag stoccato die trappe van 'n toonleer uithardloop.*
Die psigiater laat sak sy kop. Duidelik voel die meisie voor hom bedreig. Vermy direkte oogkontak, dink hy. Hy wens hy kon haar déúr die swart glase van haar bril peil.
*Maudie het nagsig. Ek leef nou in 'n wêreld waar dit altyd skemer is. Snags sien ek haar groen oë soos fosfor, soos vuurvliegies as sy teen my aanskuur.*
- Oorweeg jy selfmoord?
*Met opname, bloedtoetse.*
*'n Terugflits.*
*'n Vampiernaald byt in die fris aar in die vou van my arm, suig twee ampulles vol bloed. Ek wil flou word.*
*'n Skielike oomblikfloute op die sewentiende verdieping van Sanlampark se woonstelle toe ek afkyk ondertoe - die reling was so laag.*
*Spring.*
*My bewussyn wat dreig om uit te sny.*
*Sou ek spring, my gewig verloor in die lug, sonder lyf sou ek net val -*
*Dit het harder begin reën.*
*- Val en net kop wees, vinnig, in die afgrond wat ek self gebaan het, die karre klein en ver soos kewers, val, vinnig, ver in my afgrond klam en uitgehol soos 'n vagina of skedelholte.*
*Nee.*
'n Stadige kopbeweging: nee. Die psigiater skryf; sy wenkbroue opgetrek in vier rimpels oor sy voorkop.
- Het jy en jou vriendin nog kontak?
*Ek het onder die stort uitgekom en met die handdoek oor my blaaie gevryf.*
*Onder die lakens het sy vir my gelê en wag, haar oë toe.*
*Ek het die handdoek oor die reling gehang en langs haar gaan lê. Die teer haartjies aan haar slape gesoen. Sy het gesteun toe ek die lakens aftrek, haar bene om my heupe gevou en oor my maag gestreel. Haar tepels was styf.*
*Ek het my mond oor haar laat gaan, al die skaduplekke en skuilplekke van haar lyf gesoen. Haar hande het vashouplek op my rug gesoek. Onder my vingers het haar silhoeët vervloei: sy was 'n amoeba op soek na vorm.*
*Sy het regop probeer kom, maar teruggeval teen die kussing. Met haar tong en tande wild begin byt in my nek.*
*Ek het haar vasgedruk teen die bed; haar bene van mekaar gedwing. Maar waar haar vagina moes wees, was 'n oog: die labia pienk ooglede met 'n groen iris wat geskok na my opdraai. Rondom die oog was haartjies soos weerbarstige wimpers.*
*My God, het ek gesê en met my kop op haar diafragma geval. Haar borste blinde hoogtes voor my gesig.*
- Jou vriendin het jou verlaat ná jy opgeneem is?
Ja.
Girts, skryf die pen.
"Hoekom moet ek alles uitkots voor jou voete? Put jy 'n sadistiese genot uit my verleentheid?" Haar stem is skerp.
- As jy nog nie reg is om...

Die meisie staan op.
- Verkies jy eerder 'n vroulike psigiater?
Sy antwoord nie; draai haar rug op hom en stap uit.
In die kombuis gaan sy op haar hurke. 'n Gemmerkat kom aangedraf en skuur teen haar uitgestrekte hand.
"Twee katte, nè, een met vier bene en een met twee bene. Ha ha ha!"
"Loop," sis sy vir die pasiënt wat weggeloop het uit 'n ander saal.
Die man gryns met onegalige geel tande en vou sy hande agter sy rug. "Ek sê, ek is die James Bond hier rond. Ek het 'n goue gun en soek net 'n gorgeous blonde."
"Fokof," spoeg sy die woord; buk en tel die kat op.

*Maudie lê in 'n halfmaan in die mik van my skouer. Ek voel soos die godin Bast, en die leë huis is my tempel. As sy eendag doodgaan, sal ek my wenkbroue afskeer en 'n week lank rou. Miskien sal ek haar mummifiseer soos die katte in die kelder van Beni-Hassan.*
*Maudie, sê ek en sy spin, byt my kraag met tande soos skerp spykertjies.*
*My lover is nou al 'n week weg, maar sy het nog nie 'amptelik' getrek nie. Haar halfgeëte pizza muf in die yskas.*
*Maudie spring van my skouer af. Sy swaai haar stert heen en weer en skuur teen die meubels.*
*My sterilisasielitteken begin verbleek. Maudie begin snags skree. Ek weet al lankal van die Burmese mannetjie wat haar dophou - dit is koue Augustusnagte, en as ek snags wakker word, is sy nie in die bed nie. Maar dis goed so.*
*Ek word die godin Freyia wat deel in haar liefde en vrugbaarheid.*
*Bedags lees ek boeke oor die teel van katte en luister Schönberg met my oorfone. Maudie spring op die bed en byt my vingers; raak verstrengel in die CD-speler se drade. Sy druk haar lyf voor my boeke in en begin met haar pote my bors knie. Haar naels is dun weerhakies, maar ek verduur die seer. Dis immers háár manier van liefde wys.*

Die arbeidsterapie-saal is leeg. Die meisie gaan sit voor die groot werksoppervlakte. Uit die foeliepapier haal sy 'n skeefgedrukte bol modelleerklei.
Haar hare val oor haar gesig. Sy konsentreer; maak haar hande nat in die die bak water langs haar en begin die klei brei en knie.
Haar tong huiwer in een mondhoek. Onder haar vingers begin 'n kat vorm aanneem, soos een van die bronskatte wat in die godin Bast se tempel gevind is. Kompleet met oorbel en al in die linkeroor.
Haar hande liefkoos die gladde klei. Sekuur, soos 'n chirurg, sny sy die lyne van die ovaalvormige oë, die oorskulpe, die neus en die onvoltooide driehoek van die mond. Haar gedagtes is op 'n reis van hul eie.

*Ek hou nie meer tred met tyd nie. My horlosie het gaan staan; ek haal dit af en gooi dit in my juwelekissie.*
*Maudie se flanke begin hang. Haar tepels swel. Ek verloor gewig, leef al meer in 'n wêreld van my eie: in 1933 het 'n huisvrou in Oxford 'n kat met vlerke in haar tuin opgemerk, lees ek in Mystery, Intrigue & Suspense. Die kat het probeer vlieg, soos 'n tarentaal, maar kort-kort geval.*
*Ek hou Maudie deur die venster dop. Sy laat sak haar kop, swaai haar stert stadig van regs na links en trippel op haar agterpote. Sy bekruip 'n duif. Haar ore trek plat: sy vries, wikkel haar lyf en skiet vorentoe.*
*Vlerke waaier oop; vere draal deur die lug. Sy byt die duif aan die nek dood en sleep hom agterdogtig voordeur toe.*
*Voëls, vryheid? En katte vang die vryheid?*
*Dit is amper einde Oktober; die laaste week.*
*Die tyd raak min. Maudie begin haar onttrek in die donkerte van my kas, onder my bed, en klim in die laaie van my lessenaar.*
*Ek gaan koop 'n rektale koorspen en kry die koerante en handdoeke gereed. Ek maak vir haar 'n nes langs my bed, in die hoek.*
*Dan val haar liggaamstemperatuur skielik van 39°C na 37°C. Binne 'n dag...*
*Die Burmese mannetjie sluip om die hoeke van die huis. Hy weet. Ons leef albei nou op ons*

*biologiese horlosie.*

*Die volgende aand begin Maudie hortend asemhaal. Sy spin diep, trap met haar voorpote, loop in sirkels en lek haar vagina kort-kort.*

*Dan miaau sy lank en grommend: die plasentale prop kom af. Sy lê in die hoek wat ek vir haar voorberei het. Hoe afsydig 'n kat ook kan wees - sy vertrou my ten volle; hoe dikwels het ek nie saam met haar Epol uit haar bakkie geëet nie, op my knieë, my nek lank vorentoe gerek. Sy het geduldig haar beurt afgewag.*

*Die drie kleintjies word omtrent 'n kwartier uit mekaar gebore. Sy verslind die nageboorte om sterk te word en lek wild die blinde katjies se gesiggies skoon.*

*Die een wat die meeste op 'n Burmees trek, versmoor amper, en ek trek versigtig die plasentale membraan van sy gesig af.*

*Sy eet die naelstringe ook op en begin haar werpsel skoon lek. Soos bloeiknoppe aan stingels het die fetusse gegroei.*

*Sy is moeg. Ek gaan haal die veselbordboks wat ek twee maande gelede gekoop het en sit skoon handdoeke en kussings daarin.*

*Ek lê Maudie op haar sy en laat die katjies drink.*

*Volgens 'n legende in Italië het 'n kat kleintjies gekry onder die einste krip waarin Jesus gebore is.*

Maudie, fluister sy en buig vooroor, soen die kleikat op die neus.

"Jy is perfek. Jy kort net die snorre, en hoe maak ek snorre uit klei?"

Met 'n speld druk sy gaatjies langs die neus.

"Nylondraad, my kat, sommer die nylon waarmee die susters steke insit. Word nou mooi droog, môre kry jy jou snorre."

Die psigiater se kantoor. Plakkate teen die mure: INTELLIGENSIE, GELD EN STATUS IS GEEN WAARBORG TEEN GEESTESSIEKTE NIE. En 'n kondoom in die kleure van die landsvlag: AIDS.

- Hoekom het jy die mannetjie doodgemaak?

*Ná 'n paar dae gaan die kleintjies se oë oop. Hulle drink gulsig aan Maudie. Ek gaan op in haar moederskap.*

*As die Burmees my sien, vlug hy rats oor die muur of verdwyn in 'n bos, vyandig en arrogant.*

*Snags lê Maudie en die kleintjies by my in die bed. Ek slaap skaars uit vrees dat ek een van hulle kan doodlê. Maar haar oë word swart en sy dra hulle versigtig aan die nekvel na my hangkas, waar sy hulle agter 'n ou japon skuilhou.*

*Ek laat haar haar gang gaan; neem 'n boek uit oor die Rooms-Katolieke kerk se uitwissing van katte.*

*Maudie, sê ek vir die kasdeur, as jy nou in die Middeleeue geleef het, is jy en jou kroos lewendig geslag of verbrand.*

*Ek gaan slaap vroeg.*

*Soos 'n oog wit van angs kyk die volmaan by my venster in.*

*Dan is ek wakker: 'n beweging by die kasdeur. Maudie en die Burmees is aan die baklei. Sy blaas en kap na hom: hy het 'n kleintjie aan die nek beet!*

*Bloed aan my japon.*

*Hy laat val die kat en probeer vlug. Ek duik oor my bed en klap die venster toe.*

*Maudie spin; lek haar drie dooie katjies. Ek gryp 'n baksteen - book stand - van die boekrak af; die Burmees is onder die bed.*

*My asem fluit in my bors. Kom uit, jou bliksem.*

*Hy skiet na die toe deur.*

*Ek breek. Soos 'n stuk hout meegee op teer kwas.*

*Eers toe ek die skedel hoor kraak, los ek die baksteen. Dan sit ek die verbryselde kat by die drie ander in die kas.*

*Maudie begin dadelik die bloed van die mat en my hande aflek en ek huil en huil tot ek gesigloos gehuil is.*

Die psigiater stoot 'n boks tissues oor die groot lessenaar na die meisie. Die bruin lêer word al dikker. Suggestie werk nie; sy is 'n moeilike geval.

Bewapen met 'n donkerbril vee die meisie die trane wat langs haar neus afloop, weg. Die nattigheid nerf onder die rame van haar bril.

Die psigiater drink aan sy tee. Laat sy huil. Dalk begin ons nou vorder, hoop hy.

Die meisie kyk hoe sy adamsappel op en af beweeg met elke sluk. *Ek het 'n solder in my kop. 'n Slot op my tong. Ek alleen heers oor my niemandsland, staan alleen die bod op myself toe.*

Haar oë draai na die grys gordyn agter die psigiater. *So grys soos hy: maar net 'n tabula rasa.*

Die ou vrou vorder met haar blokkiesraaisel. Sy kou aan haar potlood, druk gaatjies in haar uitveër, herkou aan elke woord.

"Ek het ook maar 'n raw deal in die lewe gehad, " sug sy telkens.

*Ek draai op my sy. Die kussing is hard teen my nek. Vir mý sal sy nie 'n woord vra nie.*

*Sterilisasie.*

*Verby die stink wagkamer, hawelose pasiënte in gestreepte wit en groen pajamas op krukke, in rolstoele of in beddens, die halfskoon mure en novilonteëls en verouderde trollies: GINEKOLOGIE.*

*Die mediese vorms was afgehandel. Ek het geteken sonder om te kyk wat die inhoud behels. Dit maak nie saak as jy nie mondig is nie, het die Hollandse dokter gesê. Ná so 'n traumatiese ervaring met 'n man wil jy seker nie kinders hê nie?*

*In 'n syvertrek het ek gewag, met omtrent vyftien ander vroue, enige iets van sestien tot sewentig.*

*"Next!" het 'n assistent-verpleegster elke paar minute geroep. Die operasie is onomkeerbaar, het sy vinnig verduidelik. Die buise word nie geknoop of afgebind nie, maar afgesny.*

*'n Geel pilletjie onder die tong.*

*Geen narkose nie, net lokale verdowing. Jy word onmiddellik ontslaan.*

*Die teatertjie was klein, met net die nodigste geriewe. 'n Benoude reuk het in die lug gehang.*

*"Die kraamsaal is langsaan - hoop nie dit ontstel jou nie; dis maar alles deel van ginekologie. Ontspan, dis tjop-tjop verby," het die butch met die Hollandse aksent gesê en my teaterjurk opgeruk.*

*"Nou vir die klampe. Trek jou maagspiere styf, ons gaan jou baarmoeder lig."*

*Pyn. Dink aan iets anders. Die oulike grou katjie wat jy vanoggend in die pet shop gesien het en wil koop. Jou lover wat bleek en bedeesd op jou wag. Die rou gille van 'n baba langsaan.*

*Newels; swart.*

*"Weg vir 'n bier en terug oor 'n uur!" het die dokter gelag toe ek my oë oopmaak. Sy was besig om steke in te sit.*

*"So ja, " het sy haar veearts-hande gevryf. "Kry vir haar 'n rolstoel." Sagter: "Hierdie wit goedjies kan ook nie die punch vat nie."*

*"Next!" Die verpleegster se skril stem.*

Die ou vrou begin bitterlik huil. Haar mense het vir die soveelste aand nie kom kuier nie.

Die suster in die kosyn lyk skuldig, of dit háár skuld is.

Ek haal my donkerbril af. "Tannie," sê ek sag. "Tannie."

Haar gesig skeur in honderde groewe en kontoere. "Ek kort net een woord vir my blokkiesraaisel," sê sy skielik. "Vir 'stoornis'. Drie letters."

Ek skud my kop, probeer dink aan moontlikhede, verwerp hulle dan. Dis nie drie letters nie.

"Ek sal dink," belowe ek.

Die suster bring ons pille. Ek hou myne in my kies en maak of ek dit sluk uit die plastiekbekertjie.

Dan loop ek deur die lang gang, deur die sitkamer vol besoekers en trek die deur agter my toe.

Ek spoeg die pille in my palm uit en vee dit teen my bobeen droog.

*Maudie lê nou op die vensterbank in my kamer en kyk hoe die son sak. Haar oë is 'n sonleser: die skerp lig van die namiddag twee strepies in die groen irisse.*

Dit is so lank reeds dat alles verby is. Die halfmane van my naels kruip ver oor my vingertoppe; ook my haarwortels het 'n hele paar sentimeter donkerder uitgegroei.

Ek stap tot by 'n koorsboom en leun teen die stam. Die mak duiwe kom nader. Ek gaan op my hurke, hou my palm oop.

Die duiwe kom nog nader. Party pasiënte bêre die sny brood wat ons saam met elke ete kry, spesiaal vir die duiwe.

Werp jou brood op die water, en ná vele dae.

Ek gooi my pille vir die duiwe.

# VYF VROUE

Voor die spieël van 'n openbare kleedkamer staan vier vroue.

Die een sit mascara aan - haar mond effens oop in konsentrasie -, 'n ander borsel haar rooi krulkop sorgvuldig en die derde blaas haar hande met die handdroeër droog.

Die middeljarige vrou met 'n donkerbril stoot een van die toiletdeure oop. Sy gil - retireer só vinnig - dat sy in 'n wasbak beland.

Dan is die rooikop eerste op die toneel. "Iemand het flougeval!" Maar ook sy gee 'n paar treë agteruit.

Die een met die donkerbril is bleek: wit kolle op haar blas wange. Die waardige dame se mascarastokkie het met die gil in haar oog beland. Sy vee 'n swart traan oor haar wang en sit haar bril vinnig terug op haar neus.

Die rooikop kom weer nader en buk oor die figuur. Dit is duidelik dat die persoon wat op die toilet gesit het, vanaf haar posisie op die toiletsitplek vorentoe geval het.

"Ek dink sy's dood!" Die rooikop kyk wankelrig na die geel kopdoek wat nou haar hande aan haar los rok droogvee: "Maar got - dis dan 'n MAN!"

Onmiddellik herwin die donkerbrilvrou haar teenwoordigheid van gees. Sy skuur by die twee verby en hurk voor die toilet.

Fronsend kyk sy na die star blou oë. Dan lig sy die figuur se hand en met haar wysvinger voel sy die pols; met die rugkant van haar hand voel sy die voorkop en wange. Sy hou haar vinger voor die neus, druk op die longe en borskas en draai die kop heen en weer. Die oë beweeg nie.

Die ouerige dame met die swart streep op haar wang lyk benoud. "Ek dink ons moet sekuriteit inroep."

"Nee, " sê die rooikop ferm en kyk hoe die soel vrou die oë toedruk.

"O jirre tog," kerm die geel kopdoek; vryf steeds haar hande teen haar rok, "kyk daar," en sy wys na die ontblote figuur, " dis 'n man daai, 'n trassie!"

Die rooikop buk vinnig en trek die fyn kantbroekie op en die ligpers viscose-rok af.

Die waardige dame het nou van haar seer oog en sekuriteit vergeet en waggel nader.

"Hey jy - " beduie die rooikop na die geel kopdoek.

"Sommer Nancy."

"Charlotte -" en sy wys vlugtig na haarself - "ons moet haar uit die pad kry."

Sonder seremonie kry sy die lyk aan die voete beet en sleep hom 'n entjie, tot Nancy hom onder die skouers lig en hulle hom sukkelend, met 'n kop wat slap agtertoe swaai, tot in die middel van die kleedkamer dra.

Intussen het die donkerbrilvrou 'n Serepax in haar mond gedruk en by die kraan gesluk. "Mimi," het sy haarself voorgestel (sy't steeds nie haar donkerbril afgehaal nie), waarop die ouerige dame hees "Anne" geantwoord het.

"Die handsak." Koorsagtig klim Charlotte bo-oor die lyk en tel 'n elegante slangvelsakkie sonder skouerband langs die toilet op, asook 'n vals rooi duimnael. Sy pak die inhoud sorgvuldig langs sy kop uit: Tampons, parfuum, 'n silwer zippo, sigarette, 'n pamflet oor Queenspark se nuutste modes, sleutels, Estée Lauder-grimering.

Hulle staar verbysterd na die toneel voor hulle.

"Gross," is al wat Anne kan uitkry.

Nancy gaan sit. Die ander volg haar voorbeeld: Mimi, steeds fronsend, maar met 'n bietjie meer kleur in haar wange, en Anne wat bewerig op Charlotte se skouer druk voordat sy haar plek

tussen hulle twee inneem.

Geen mediese fonds besonderhede nie, dink Mimi. Geen Medic Alert-bandjie om die pols nie. Geen medikasie in sy handsak nie. Geen beursie, bankkaart, dokumente, I.D., - niks. Geen leidraad oor hierdie naamlose wat so geheimsinnig gesterf het in 'n openbare kleedkamer in Centurion City nie.

Sy skat hom nie ouer as so drie-, vier-en-twintig nie. Te jonk vir 'n beroerte of hartaanval. Dwelms, miskien. Maar op die oog af is daar geen *sigbare* tekens wat verklap dat hy moontlik 'n verslaafde was nie. Skielik dink sy aan Harry.

Charlotte se altstem dreun voort; haar oë blink. Sy geniet elke oomblik van die onverwagse avontuur: "Hy sou 'n perfekte vrou gewees het. Die regte lengte en bou vir 'n loopplankmodel. Ek sê julle ouens -" en sy vryf oor haar plat bors - "as hy nóú hier moet opstaan, sal julle 'n flair sien wat net 'n mannekyn kan hê."

Anne kyk na sy hande. Bleek en delikaat, met lang, dun vingers. Soos Kurt se hande daardie aand toe hy - na 'n manjifieke vertolking van Chopin se Fantasie-Impromptu in C-kruis minieur - haar gevra het om te trou. Dieselfde hande wat skares oorsee op hulle voete gebring het...

Die vier vroue staar na hom. Hy is besonder fyn gebou, glad, sy mooi gesig keurig gegrimeer. Die donker wenkbroue is gepluk.

Twee rubberballetjies duik in toe Mimi aan die borste vat - groot genoeg om 'n bra se C-cup te vul. Aan sy ore is twee diamantkrabbertjies.

Dronkgeslaan kyk Mimi na die dun troupand aan sy ringvinger. In die sewentigerjare, toe sy nog as sekretaresse by dr. Steenkamp, 'n psigiater, gewerk het, het sy gereeld sulke gevalle se lêers getik. "Transvestisisme," het die diagnose gelui, en seksuele voorkeur is nie bepalend vir 'n diagnose nie, het die dokter altyd gesê. Sy dink aan haar seun, en daardie Vrydag toe hy die bekentenis aan haar gedoen het. Sy was verpletter, maar 'n vriendin by die biduur het dadelik Barbara Johnson se *Steek 'n malva in jou hoed, en lag!* vir haar by Cum-boekwinkel gaan koop.

"Barbara se seun is ook homoseksueel," het sy gesê. "Maar Jesus is besig om in sy hart te werk."

Charlotte vlam 'n Winfield met die silwer zippo. Op haar T-hemp is HANDS OFF en *Centurion Community chest* gedruk.

"Waar's jou rooi neus?"

Charlotte kyk skerp na Anne. "Rooineusdag is lankal al verby. Ons het baie geld ingesamel vir die weeshuis."

"Wat doen jy daar?"

"Ek kollekteer."

"O."

"Iemand wat rook?" Sy hou die pakkie sigarette na hulle toe uit.

"Dankie." Nancy neem een en steek dit self aan. Háár seun moes ook nou so oud gewees het, dink sy tussen die rookkringe deur. Haar ma het self die baby gevang, 'n seuntjie met 'n spierwit vel en blou oë. Bokkie het geweet dis nie sy kind nie. Sy saad kon nie vat nie. Ná nege maande se spanning op Onverwagsfontein in die Sneeuberge het haar water gebreek. Bokkie het nie gemind nie. Die Seur het hom baie note in die hand gestop en hulle treinkaartjies betaal. Sy het nog familie in Eersterust gehad.

Kort daarna, het sy gehoor, het hy vrou gevat. 'n Ma vir haar kind, dink sy wrang.

"Tot Tampons ook, " giggel Charlotte.

Mimi se hart gee 'n ruk. Verward probeer sy onthou wat in daardie een geel lêer gestaan het - dit was 'n Kolonel van Zyl, reeds afgetree toe - wat gevang is vir sodomie, hy moes later tot Tampons gebruik omdat sy kringspiere so gerek was.

Sy maak haar oë toe; probeer vergeet, want skielik doem die letters uit die tikmasjien se klawers in haar geestesoog op met dieselfde skok en mislikheid wat sy dit daardie herfsoggend getik het.

"Geen terapie help daarvoor nie, " het dr. Steenkamp gesê.

"Ons moet die demoon van die homoseksueel uitdryf," het die pastoor by Die Lewende Woord gesê.

Aanvanklik het Harry geweier. Sy het geweet hy gaan Vrydagaande na *Steamers* naby Pretoria-stasie en dat hy eers vroegoggend terugkom; sy het gehoor van die donkerkamers daar en haar gebede deurgehuil oor haar enigste seun wat sulke afskuwelike dade met mans pleeg.

Met Romeine I in haar kop maar met Barbara Johnson se troos in haar hart - dat daar niks is wat God en 'n ma nie kan regmaak nie - het sy saans met rooi oë aan die slaap geraak.
Toe het hy geswig onder die druk.

Voor die gemeente staan 'n jong man.
Die pastoor met die glimmende bleskop slaan die Bybel toe en stap die trappies van die verhoog manhaftig af.
In die voorste bank kyk sy na sy maer skouerblaaie en lang bene in die baggy jean. My seun, soos 'n lam ter slagting, klem sy haar hande in twee vuiste saam.
"Uit, Satan! In die Naam van Jesus!" begin die gemeente Gees vang.
Die pastoor kyk die man waterpas in die oë, of hy die demoon wil peil. Hy lê sy sagte hande op sy kop. "Vandag is die duiwel bang!" dreun sy sopraanstem deur die gebou.
"Prys die Here!" klink dit uit een keel.
Die pastoor druk sy hande harder op die man se kop. (Die man se knieë word slap.) In die agtergrond begin 'n paar tromme roffel om die regte atmosfeer te skep.
"In die Naam," sê die pastoor, en sper sy lippe weg van sy tande, "van Jé-é-sus," en hy wieg die man se kop, "beveel ek die demoon van die homoseksueel om uit te gaan!"
(Toe 'n simbaal sidderend wegsterf, gee die man se bene mee en val hy soos 'n ballerina in twee helpers se arms.)
Die pastoor pink die sweet van sy voorkop met 'n groot, wit sakdoek weg.
(Die man se oë is toe; die helpers draai hom versigtig op sy sy. Dan skerm hy sy gesig in die halfmaan van sy arm af en loer na die pastoor se skoene.)
Die pastoor rits al die teksverse in die Ou en die Nuwe Testament wat homoseksualiteit verbied, af. Die gemeente sê dit agterna.
In die voorste bank begin sy bid. Die hele gemeente kruisig haar vlees en bloed met tekste, en die enigste Een na wie sy haar kan wend, is die Here self.
(Die man wat voor die pastoor se voete lê, begin ruk. Nou is sy gesig heeltemal verberg.)
"Satan!" gil die pastoor.
(Die man ruk van die lag.)

Kurt het ook so 'n skoon, oop gesig gehad, dink Anne. In sy laaste dae, toe die arthritis sy hande al heeltemal kromgetrek het, het hy net geluister, altyd na Ashkenazy se vertolking van Chopin, en dan ontroerd uitgeroep: "Daar is niemand wat die siel van Chopin beter verstaan as hy nie..."
Haar bril raak wasig, of is dit haar oë?
"Miskien wou hy vir 'n sex change gaan." Charlotte kyk kopskuddend na Nancy.
Dan, in 'n onbewaakte oomblik, druk sy die zippo in haar denim se sak.
Mimi voel duiselig.
"Ja, Ma, niks het verander nie! Ek is nog steeds *so."* Hy het in haar gesig vir haar gelag: "En kan ek Ma nog iets vertel? Ek het daar in die kerk geval omdat die mense wou gehád het ek moet. Daar is niks uit my 'uitgedryf' nie – ek het julle maar net gegee wat julle wou gehad het: 'n show! En nog iets, Ma, het Ma geweet ek *drag* ook? Sal ek julle nog 'n show gee?"
Sy sou eers later uitvind wat dit beteken - is dit ooit te laat? Maar die sagte gesig van die lyk swyg; só, met sy oë toe, lyk dit bloot asof hy slaap, ver weg van enige pyn of bekommernis.
"Die tema bly altyd herhaal," het Kurt gesê daardie aand toe hy die Fantasie-Impromptu vir haar gespeel het en hy het soet boontoe geglimlag of hy in die hemel inkyk.
"Kom ons bid," sê Mimi hartseer en staan regop. "Ons moet bid vir sy siel, want in Christus is ons almal een. En wie in Christus is, sal in alle Ewigheid nie verlore gaan nie."
NANCY:(staan ook regop) "Onse Vader wat in die jemele is..."
MIMI: (hef haar hande op) "U het ons almal geroep: elkeen op sy naam..."
CHARLOTTE: (sag, prewelend)" Amen, amen..."
NANCY: "Ons bid vandag vir hierie seun, en vir elke verlore seun..."
MIMI: "Omdat dit ons erfreg is, Vader, soos belowe in U Woord..."
CHARLOTTE: "Amen, amen..."
NANCY: "Want U het U Eniggebore Seun aan die krys vir onse sône lat hang..."
Anne begin huil. Here, sê sy woordeloos en kyk na die lyk. Dit was maar net 'n fantasie.
MIMI: ..".sodat elkeen wat in U glo gered kan word en omdat U genade groot en oneindig is..."

CHARLOTTE: "Amen..."

Dit is waar wat Georges Sand in *Impromptu* gesê het, dink Anne. "Chopin is eternity." Sy haal haar bril af en merk nie die donkerblou uniform van 'n sekuriteitswag wat sprakeloos na die vyf vroue staan en staar nie.

# BLOEDGELD

Diep in die nag, toe my ma se asemhaling reëlmatig raak, trek ek die slaapkamer se deur dig en loop deur die groot huis studeerkamer toe. My pa wag: alles is gereed. Waar hy die geld geleen het om die skandeerder te koop, wil ek nie weet nie. Die hoë-kwaliteit papier het hy in 'n weggesteekte kunswinkel in Pretoria-middestad opgespoor. Daar is honderd velle in 'n pak.

Op 'n kleiner tafeltjie langs die groot lessenaar met die rekenaar staan die bottel Natriumfluoroseen met die mediese spuit; langs dit, twee pare chirurgiese handskoene.

"Is jy seker sy slaap?" Ek knik.

My pa neem 'n *Royal*-sigaret uit die pakkie wat ek na hom uithou. Die verkope van *Royals* het die hoogte ingeskiet sedert die prys van sigarette weer gestyg het; *Royals* bly die no. 1-verkoper onder armes.

Sy hand bewe. Skielik dink ek hoe kuns en misdaad soms oorvleuel. Veral witboordjie-misdaad. Muse en modus-operandi verg beide fyn beplanning. Met 'n bevlieging van inspirasie - soos 'n misdaad wat impulsief gepleeg word - is 'n mens dikwels die slagoffer van jou eie kortsigtigheid en subjektiwiteit.

"Hierdie platbed-skandeerder kan 1200 by 600 dpi, 36 bit kleure lees," sê my pa.

"Verduidelik?"

Hy trek diep aan sy sigaret en kyk na my: "Dots per Inch - een duim is twee en 'n half sentimeter. As jy die prent onder die mikroskoop beskou, sal jy sien dat die prent uit klein kolletjies saamgestel is. Elke kolletjie het sy eie kleur en die dpi is dus die aantal kolletjies oor die lengte van 'n duim. Dis 'n besonder hoë resolusie - die beste wat op die oomblik beskikbaar is."

Ek lig die skandeerder se deksel op. Dit lyk baie soos 'n miniatuur-fotokopieermasjien. Agter die glasplaat van die deksel gloei 'n blou lig en onder die glasplaat op die basis is 'n silweragtige rooster sigbaar wat soos 'n heuningkoek lyk.

"Gaan jy koffie maak?" My pa praat sag; agter die huiwering in sy oë sien ek vrees.

Sonder om te antwoord, loop ek in die lang gang af kombuis toe.

Terwyl ek so geluidloos moontlik probeer koffie maak, gaan ek ons beplanning weer oor in my gedagtes.

Papier waarop geld gedruk word, is 'n mengsel van katoen, linne en pulp - (volkome wasbaar.) Dié papier word ook vir die Reserwebank alleen vervaardig en daar is streng kontrole op die hantering en verpakking daarvan. Maar die papier wat my pa by die kunshandelaar gekoop het, sal deug. Die watermerk is die enigste probleem. Dit word deur Sappi tydens die vervaardigingsproses ingesit met 'n vyftig ton hidrouliese pers. Met 'n oplossing van Natriumfluoroseen word die note ook gemerk - 'n industriële geheim vir die Reserwebank, maar my pa is 'n chemikus en het juis 'n bottel van die laboratorium saamgebring. Natriumfluoroseen veroorsaak dat note 'n blou-pers gloed afgee onder 'n ultravioletlamp, en die kassiere is tevrede, want die note is "eg". Omdat transaksies dikwels teen tyd en onder groot druk geskied ( en omdat almal behep is met moderne tegnologie) maak minder mense gebruik van die ou, onfeilbare metode om 'n noot teen die lig te hou om die watermerk te sien.

Daar pas ses R50-note op 'n A4-folio in; die vals geld moet met 'n guillotine gesny word, want die geringste oneweredigheid aan die randte van 'n noot is 'n duidelike teken dat dit vervals is. Ek roer drie lepels suiker in ons koffie: dit gaan 'n lang nag wees.

In die studeerkamer gaan sit ek op die enkelbed in die hoek van die vertrek. My pa is besig om die skandeerder uit te toets. As ons vannag honderd velle kan druk, is dit R30 000. 'n Ander probleem is om die vals geld so vinnig moontlik te ruil vir egte note; dit moet sirkuleer. Daarom dra ons chirurgiese handskoene tydens die vervalsingsproses - geen vingerafdrukke hoegenaamd op die note nie. Met die betaalslag word die note natuurlik aan die randte vasgehou.

Vir 'n paar weke reeds het ek kafees, winkels, supermarkte en vulstasies ondersoek. Ek en my pa het beoog om goedkoop items te koop by "veilige" handelaars - groot, besige supermarkte waar ultravioletlesers gebruik word - en só die egte kleingeld te bekom. Dié transaksies - veilige afsetpunte vir vervalste geld - sal ook geskied in verskillende voorstede van Pretoria en Johannesburg. Maar die risiko dat iemand die note teen die lig kan hou, is altyd daar. Dit gaan ook 'n lang proses wees om die duisende rande te ruil.

My pa drink swyend sy koffie. Ek maak my oë toe en dink skielik aan my kinderjare.

Die eerste ding wat ek ooit geskryf het, was 'n tjek. Ek was toe ses jaar oud en het vir drie maande by my ouma op Graaff-Reinet gebly. Die tweede ding wat ek geskryf het, was 'n gedig.

Aan die einde van my vyfde jaar is ek "geskors" uit Kabouterland- kleuterskool in Eldoraigne nadat ek reeds vroegoggend my eerste dag daar kougom in die juffrou se lang hare gevryf het toe sy gehurk het om 'n skreeuende kind te troos. Na pouse het ek en 'n seuntjie stry gekry oor toffies en ons het aan die stoei geraak.Ek het die geveg gewen, maar in die proses per ongeluk een van sy hempsknope afgeruk. Die juffrou het my ma gebel en gesê sy moet my kom haal, want ek ontwrig hulle klassie.

Ná 'n lang gesprek agter die toe deur van hul slaapkamer het my ma besluit om haar "probleemkind" na my ouma te neem; sy was vir veertig jaar 'n onderwyseres en het nie nonsens van 'n kind geduld nie. Haar bynaam onder die kinders was "koperslang".

My pa het nie 'n woord gesê nie - net 'n paar blink muntstukke in my hand gedruk voor ons gery het: dit is ons geheim.

Ek was ooraktief en het uitgesien om te leer lees en skryf. My eerste boek was *Mossie en Baas*. Elke middag na "dinner", nadat my ouma die silwer klokkie gelui het en die huishulpe die tafel begin afdek, het ons in haar sonstoep gaan sit. Die lessenaar was van 'n blink, donker stinkhout met koperbeslag. Dan het my ouma die hortjies in die huis toegemaak en die blinders in die sonstoep driekwart afgetrek. Met die wit Karooson in strepe op die lessenaar het ek die alfabet geleer en my eerste letters gevorm. Ná elke les het ek gewoonlik lekkergoed gekry, afhangend hoe mooi my letters was of hoe vinnig ek kon lees.

Later het my ouma my leer sing; sy het begelei. Met huisbesoek moes ek *Baba Black Sheep* en *Sterretjies vonkel* vir die dominee en sy vrou sing. Ek het dit geniet, want die dominee het altyd Smarties in sy baadjie se binnesak vir my gehou.

Die grootmense het baie deeglik besef dat ek weier om te lees, skryf of sing as daar nie 'n beloning op die spel is nie. Só het die dominee een middag die Smarties vergeet, en dít nadat ek *Wegkruipertjie* vir hom gesing het. Met sy volgende besoek het ek 'n gesmokte rokkie en lang wit kouse aangehad. Ek het op my ouma se knie gery; vies. Elke vloekwoord waaraan ek kon dink, het ek ingespan en uit die bloute my "vloekrympie" aan die geskokte pastoriepaar afgerammel.

Die res van die middag moes ek in die badkamer sit met 'n mond vol peper, maar die dominee het besef dat ek sing vir my Smarties.

Die daaropvolgende Sondag is ek en my ouma kerk toe. Ons het in die familiebank (gereserveer met 'n silwer plaatjie: Steynberg) gesit.

My pa sit sy koppie langs die skandeerder neer. Hy steek nog 'n sigaret aan. Ons moenie oorhaastig wees nie. Dán sluip daar foute in. Ook nie gulsig nie. Om R100- en R200-note te vervals is 'n risiko; hoe hoër die waarde van 'n noot, hoe groter die noodsaak om te bepaal of dit eg is. Om R10- en R20-note te vervals is onsinnig - dit sal ook te lank neem om te sirkuleer.

My ma sou vanuit die staanspoor gekant gewees het teen die idee, maar ons het die geld broodnodig.

"God is my unfailing supply", sê sy die affirmation 'n paar keer 'n dag, en kyk na niks, kyk by my verby. Het Martin Luther, toe hy die woord *Blutgelt* in volksmond laat leef het, ooit gedink aan vals geld?

My pa het reeds die skandeerder deur die seriepoort aan die rekenaar gekoppel. Die beeld word in digitale vorm na die rekenaar se geheue gestuur, vanwaar dit in 'n bitmáp-lêer op skyf gestoor word. Die skandeerder neem 'n foto van dit op die plaat en stuur die foto na die rekenaar.

Asof hy my gedagtes kan lees, sê hy: " Die bitmap is 'n spesiale soort formaat om prente in grafika te stoor sodat dit met die Paint-program gelees kan word. Vanaf die Paint-program kan jy dit na die kleurdrukker stuur. Nadat jy die kleure eers reggestel het, want die kleur-interaksie tussen die skandeerder en die drukker is nie perfek nie."

'n Spiertjie onder my oog begin spring. Ek stut 'n kussing agter my kop:

Party middae ná my les het my ouma gaan tee drink by haar vriendinne. Sy het my streng vermaan om nie met "verkeerde" kinders te speel nie. (Eintlik mog ek net met die Dokter, Dominee en Prokureur se kinders gespeel het. Hulle was verbeeldingloos. Veral die dominee se dogtertjie was die verveligste. Op elke voorstel vir 'n nuwe speletjie het sy gedreig om haar ma te sê.) Ek het eerder verkies om in die grootmense se geselskap te sit en is dikwels aangespreek om op te hou tande tel.

My ouma het my ook verbied om met Gideona Gous te speel, maar Gideona kon die lekkerste van al die dorpskinders speel. Die Laer Volkskool was reg agter my ouma se huis, en die middae wat sy nie tuis was nie, het ek by die hekkie uitgeglip; meesal het ek Gideona raakgeloop op die rugbyveld waar sy alleen 'n bal geskop het.

"Kom ek gee jou 'n lift op my carrier," het sy dan uitgelate geskree. Swaaiend het ons met haar geroeste fiets na haar ma se huis toe gery. Ek het agterop geklou vir al wat ek werd is, maar Gideona was sterk en kon my gewig hou.

Haar ma kon ons van ver af hoor aankom. Met 'n laggende gesig en vuil voorskoot het sy ons ingewag; 'n geel blik met gemmerkoekies op die pienk panelite-tafel in die kombuis neergesit en koffie gemaak. Sy het altyd gesê hulle is nie geleerde mense nie, maar sy maak haar dogter "streetwise" groot.Ek onthou sy was mollig en het 'n swart snor gehad.

Gideona was taai en lewendig; teen háár kon ek nie stoei nie. Sy het my *Lucky Strike* leer rook langs die spoorlyn en my vertel "hoe maak jy 'n kind." Sy het my ook in kleur en geur vertel hoe haar ma eers haar pa se tand met die stukkie goud in getrek het direk nadat hy dood is aan 'n beroerte, en voor sy die dominee laat kom het.

As ons moeg gespeel was, het ons op die dubbelbed in die hoofslaapkamer gaan lê en gekyk wie eerste 'n akkedis in die rietplafon kan sien. Toe Gideona se ma een dag uit was, het ons "blaasoperasies" op mekaar uitgevoer. Die gevaarlikste - maar opwindindste speletjie - was om .22- patrone (wat Gideona spesiaal vir dié doel op die skietbaan opgetel het) met rubbergom op die spoorlyn vas te plak. As die stoomlokomotief aankom, het ons giggelend in die bosse verdwyn en na die ontploffings geluister - gekyk hoe die masjinis vervaard die noodrem trek en met skreeuende, vonkende staalwiele 'n ent verder stop. Gideona se ma moes iets vermoed het, want sy het ons gewaarsku om nie langs die spoorlyn te speel nie - "die trein gaan julle nog doodry."

My ouma het ook intussen uitgevind wat aangaan, want die dorpie is klein en die dorpenaars se monde groot. Sy het my gedreig met 'n pak slae as ek weer met Gideona speel. Op my vraag hoekom dan nié, het sy ferm geantwoord: "Want hulle bly aan die verkeerde kant van die rivier."

Tog het ek steeds by die hekkie bly uitglip smiddae. Ek en Gideona het op haar ma se Statebybel gesweer dat ons lewenslank maatjies sal bly.

My pa druk sy sigaret dood. Ek voel jammer vir hom en ek voel skuldig, maar my vrees dat ons uitgevang kan word, weeg die swaarste. Hoeveel afkoopboetes gaan my gewete nog eis? Geld vir liefdadigheid? Geskenke vir my familie en vriende?

Ons praat nie: hy kyk vinnig na my, sit die R50-noot in die skandeerder en maak die deksel toe.

"Eers kopieer ons die een kant, dan die ander kant. Twee afsonderlike beelde word op die skyf gevang. Daarna gee ons die laserdrukker opdrag om die prente weerskante van die papier te druk. Dit sal 'n minuut 'n kant neem..."

Ek voel lighoofdig. Hoe onwerklik raak die kille feite rondom ons bedrog nie; hoe helder breek my herinneringe aan onskuld deur soos 'n middagson in die Karoo:

In die Koörporasie het Gideona een dag 'n Dinky-toy gesien wat sy begeer het. Dit was 'n pragtige karretjie - 'n swart Mercedes met deure wat kon oopmaak. Dit was ook die enigste keer wat ek haar sien huil het, terug in haar ma se huis onder die rietplafon.

"Ons het nie geld nie," het sy gesnik.

"Dan moet jou ma maar 'n tjek skryf," het ek haar probeer troos.

" Maar my ma hét nie 'n tjekboek nie!" en sy het harder gesnik.

"Toemaar, my ouma het 'n tjekboek. En as sy nie 'n tjek wil skryf nie, dan skryf ek hom sélf."

Ek het by my ouma begin neul vir tien rand. "Ek sal later sien," was haar voorspelbare antwoord. Toe stel ek haar voor 'n ultimatum: as ek my tweede leesboek vinnig deurlees, dan moet sy vir my die tien rand gee. My ouma het ingestem, en 'n stokou boek uit die boekrak in die sonstoep gaan haal: *Sus en Daan.*

Ek het my bes gedoen. Teensinnig moes ek nou lees vir my ouma se broers as hulle Donderdae dorp toe gekom het in hulle kispakke, hoed in die hand. Maar nadat ek *Sus en Daan* feitlik uit my kop geken het en my ouma herinner het aan haar belofte, het sy eenvoudig geskerm met: "Jy kan nie altyd jou sin kry nie."

Die derde leesboek het my ouma bestempel as 'n uitdaging. Dit was *Elma se gans,* 'n pragtig geïllustreerde boek oor 'n beseerde kolgans wat geluister het na haar mannetjie se geroep en die daaropvolgende herfs (onherroeplik?) weggevlieg het uit Elma se lewe.

Intussen het my ouma se geldsake my begin interesseer. Sy het my altyd Maandae saamgeneem as sy Volkskas toe gegaan het Die geneul oor my tien rand het niks opgelewer nie, en ek het nuuskierig begin dophou hoe sy tjeks invul.

Een middag, toe sy nie tuis was nie, het ek haar tjekboek uit die lessenaar se boonste laai gehaal en 'n tjek uitgeskeur. Ek het nie die teenblaadjie ingevul nie, maar agter die swart lessenaar gaan sit (op kussings, soos altyd) en met 'n potlood vir my 'n tjek van tien rand uitgeskryf. Die uitveër het ek byderhand gehou indien ek foute maak. Op die lyntjie regs van "Betaal" het ek "ouma" geskryf; verder het ek die bedrag in woorde en syfers asook die datum korrek ingevul. In groot, los letters het ek my naam onder aan geskryf.

Die volgende Maandag het ek, met die tjek in 'n klein blokkie gevou in my hand, saamgegaan; terwyl 'n teller my ouma help, het ek in 'n ander tou ingeval. Ek moes op my tone staan om die vrou in die glashokkie te sien.

Swyend, maar vol selfvertroue het ek die tjek vir die verbaasde vrou gegee. My ouma het intussen haar transaksie afgehandel en langs my kom staan. Met gemengde gevoelens - skok,

woede, lag, verstomming - het sy die geamuseerde teller om verskoning gevra en my aan die hand beetgekry - die bank uit.

Tuis het ek haar tranerig vertel dat sy nie by die belofte van die tien rand gehou het nie, en dat ek spaar vir my Dinky-toy.

My ouma het diep gesug, gedreig met "nooit weer nie, anders..." en eindelik die swart karretjie vir my gaan koop.

(Later sou my pa my wys hoe om 'n tjek korrek in te vul. Ek kon die bedrag self kies - gewoonlik 'n getal met ses nulle.

"Fake money", het hy gelag. "Maar as ons eendag miljoenêrs is, moet jy weet hóé."

"Dan speel ek bank-bank", het ek geantwoord.)

Ek en Gideona het nie die nuwe Mercedes met ander kinders gedeel nie. Besitlik op ons geheim het ons paaie en brûe onder die groot sipresboom voor hulle huis gebou: ons was ryk.

Die skandeerder maak 'n biep-geluid. My pa draai die noot om en herhaal die proses.

Aan die betaalslag het ek al baie gedink. Dis 'n kwessie van taktiek - net soos 'n kulkunstenaar onophoudelik praat en grappe maak, lei hy in 'n mate die kykers of gehoor se aandag af van sy hande.

Ek sal sjarmant wees: die kassiere komplimenteer oor byvoorbeeld haar mooi gesig, haarstyl, ring, ensovoort. Met die mans agter die kasregister kan ek flirt. Dit is belangrik om die fokus persoonlik en subtiel te verskuif na die een wat die geld ontvang en wég van die note af. Of ek kan 'n vriendelike geselsie aanknoop oor "die wonderlike winkel", die weer, rugby of die voorblad van die koerant. Alles sal afhang van die tyd, plek, persoon en moontlikhede tot my beskikking.

My pa sluk. "Nou vir die..." en hy draai die rekenaar se intensiteit op. Twee perfekte prente verskyn op die skerm.

"Dit lyk goed, Pa!"

"Die drukstuk," en hy kliek op die opdrag PRINT IMAGE.

'n Paar sekondes later spoeg die drukker die een kant van 'n R50- noot uit.

"Dink Pa nie die pienk is 'n bietjie te diep nie? Dis amper maroon."

Hy knik: "Ek sal dit afstel. Iets anders: elke R50-noot het 'n unieke nommer. As daar skielik duisende R50-note op die mark verskyn met dieselfde nommer, gaan dit baie maklik wees om op te spoor. Ons druk ses note op een vel papier en met elke vel verander ons die nommer."

"Shit - dis goed dat Pa daaraan dink." (Waaraan het ons nóg nie gedink nie?)

"Moenie worry nie. Mens kan prente met die Paint-program redigeer. Windows het 'n magdom fonts en ons soek die een wat die beste pas."

Hy kliek op FORMAT en 'n sekonde later verskyn 'n reeks fonts op die skerm. Hy skuif die merker op die skerm op en af.

"Wat van Times New Roman? Kon die Reserwebank nie meer oorspronklik gewees het nie? Hulle maak dit vir ons maklik."

Hy stel die merker op die nommer CA759628C (van die egte noot) en verander dit na CX765201D.

"Dis te veel moeite om dit honderd keer te verander. Kom ons programmeer die rekenaar om dit self te doen met makro-instruksies."

'n Honderd prente flits oor die skerm: elk met 'n nuwe unieke nommer.

"Nou het ons een honderd prente van perfekte R50-note op die skyf gestoor. Al wat ons moet doen, is om dit uit te haal."

Ek gaan lê weer teen die kussing:

Ek en Gideona het voortgegaan om patrone op die spoorlyn vas te gom, 'n game wat sy by ouer seuns geleer het. My noodlotsuitdaging van ses jaar was om op die spoorlyn te staan terwyl die stoomtrein in aantog is - deels omdat Gideona my gedare het om dit te doen. Dan het ek gillend die bosse ingehardloop want my status in haar oë het gestyg.

Met die gesis en gedonder nog vars in my ore, en Gideona se gesig in die bosse - die angs, die outoriteit, die opwinding op haar gesig - het ek een middag 'n "gedig" geskryf vir my pa, dit eiehandig geadresseer en gepos. My ouma het nie daarvan geweet nie.

My pa vee sy grys kuif terug oor sy voorkop en kliek; 'n rukkie later kom nog 'n vel papier te voorskyn.

My hart klop: dis 'n perfek vervalste noot!

"Sny dit met die guillotine." Toe hy die papier vir my gee, merk ek dat hy sy trouring aan sy regterhand dra. Hy het baie gewig verloor.

Langs die rekenaar op die groot lessenaar sny ek die noot versigtig uit. Ek tel die egte een op, ruil die twee note 'n paar keer agter my rug om en hou hulle vir my pa: "Watter een is eg?"

"Ongelooflik - ek weet nie, ek weet regtig nie. Net die watermerk sal kan sê. Die skandeerder se kleurweergawe is so goed dat selfs die metaalstrokie soos die ware een lyk." Sy oë rek.

"Tot die SARB in die strokie het uitgekom!"

Ek voel opgewonde, maar bang: sê nou net dit werk? En sou iets skeefloop, sal die baie verskillende unieke nommers op die note die polisie op 'n dwaalspoor plaas. Dit kan lyk of dit afkomstig is van verskillende vervalsers, selfs 'n sindikaat. Sal iemand sommer 'n jong meisie verdink?

My pa skeur die vals noot op en gooi dit in die snippermandjie.

"Daar is vingerafdrukke op."

Hy gee vir my 'n verseëlde paar chirurgiese handskoene aan.

"Die prototipe lyk perfek. Nou gaan ons met die produksie begin."

Hy kliek met die muis en die laserdrukker begin sing; spuug elke tien sekondes 'n vel papier uit, elkeen met ses R50-note op, weerskante van die papier gedruk en byna perfekte replikas van ware geld.

Ek het my handskoene aangetrek en met die guillotine begin ek die geld uitsny.

"Oppas vir jou vingers," sê my pa skielik of ek nog 'n kind is.

Die Paasnaweek van 1978 het my ouers my kom haal.

Ek het kontak met Gideona verloor maar tydens die Desembervakansie (st. 9) by my ouma in die Graaff-Reinet Advertiser gelees dat sy St. 8 in 1988 aan die Hoër Volkskool geslaag het, en dat sy die daaropvolgende jaar aangewys is as Miss Humewood. Onder die beriggie getiteld GRAAFF-REINETTER MAAK OPGANG IN SKOONHEIDS WêRELD was 'n foto van haar: lank, slank, bruingebrand en laggend in haar bikini op die strand. Haar donker hare het op haar skouers gehang; sy was aantreklik, ryp - reeds vrou.

Ek stapel die eerste hopie geld netjies op mekaar en steek 'n sigaret aan.

My pa sit kruisbeen in sy stoel en kyk, selfvoldaan. Hy lyk ook nie soos 'n skelm nie, eerder soos 'n nerd. Hy neem die aansteker by my en skrik as die staanhorlosie in die sitkamer drie maal slaan; in die nagstilte klink dit soos 'n kerkklok.

My ma is in droomland, en R30 000 in aantog - bedrog onder haar dak, wat weet sy van bedrog af? Maar by die gedagte aan haar vreugde - ek sal vir haar sê ek het 'n kompetisie gewen - skep ek nuwe moed.

In die parkeerterrein voor Brooklyn-Mall, voor haar Mercedes en ek op pad na my Mini toe. My herontmoeting met Gideona.

Ten spyte van haar Ray-Ban-sonbril. Ten spyte van die negentien jaar wat verloop het. Ook sy het my dadelik herken.

Vir 'n paar oomblikke het ons net na mekaar gekyk: gewaarwording, herkenning - en van my kant af 'n skielike selfbewustheid.

Gideona was uitbundig, soos altyd. Sy het my teen haar vasgedruk en gelag.

Die gesprek was kort.

Sy is al vier jaar getroud met 'n sake-analis. Hulle woon in Hatfield. Ja, hulle het 'n seuntjie. Hy is drie. Nee, sy werk nie.

Nee, ek werk ook nie. Ek studeer nog. Nee, ek is nog nie getroud nie.

Sy is ongelukkig haastig, vanaand speel sy brug. Môre het sy tennis aan. Môre-aand iewers 'n partytjie. Die naweek kom haal sy my, sy sal my bel. Ons gaan uiteet; sy bespreek solank by Gerrit Moerdyk. In haar donker oë - soos die lagplooitjies, soos haar voorkoms, figuur en die son wat die kluster diamante aan haar vinger terloops gevang het - het die selfvertroue en sorgvryheid van 'n rykmansvrou gelê.

In my Mini kon ek duidelik in my geestesoog Gideona se gesig sien toe ek kort voor die Paasnaweek vir haar 'n lucky packet gegee het. Ek kon ook my ouma se stem hoor wat sê: "Sy kan nogal ietsie agter haar naam skryf."

Wanneer is 'n misdaad waterdig? Kán 'n mens 'n waterdigte plot skep? My pa rook; loer na my oor sy eksentrieke brilletjie. In sy oë lees ek die vrae, die spoke, die bekommernis oor die toekoms.

Ons het begin misbruik maak van kredietfasiliteite. My pa het nog een dag gelag: "Die definisie van 'n kredietkaart is wanneer jy agterkom geld is niks werd nie."

Salomo was reg, dit oorval jou soos 'n dief in die nag.

Eers het die aanmanings en dreigbriewe gekom. (Later het my pa nie meer sy pos oopgemaak nie, maar in die BMW se kattebak gegooi.) Later was die Swartlys vir Skuld ook nie meer 'n skande nie.

Die balju het die dagvaarding gebring - as die skuldeisers nie binne 'n maand betaal word nie, sal 'n geregtelike veiling geskied. Maar die ergste: ons huis sal op 'n bankrotvendusie verkoop word.

Vir oulaas het ons probeer red - die skilderye waaronder die oorspronklike Christo Coetzees, die Tinus de Jongh en die Pierneef teen die mure afgehaal. Die antieks, persiese matte, volledige Royal Albert-eetservies, juwele, Amati-viool, elektroniese toerusting, die leerstel in die sitkamer, geelhoutmeubels ensovoort.

My pa het een hele nag ses keer met 'n bakkie gery, na sy niggie toe en terug, om die meubels te "stoor".

Waar die verf teen die mure ligter was, het ons aan die spykers in die wit blokke gehang: van my sertifikate vir getroue skoolbesoek, 'n Sondagskoolsertifikaat en my ouers se graadsertifikate. Verder het ons Anne Geddes-plakkate teen die mure in die slaapkamers geplak.

In die garage het 'n afgeleefde sitkamerstel (wat toe nooit op 'n jumbo-sale verkoop is nie) gestaan. Dié stoele en tafels is oor die duike in die mat, wat die oorspronklike meubels gemaak het, geskuif. Die huis het aansienlik kaler en armoediger gelyk.

Die balju kon enige dag opdaag om 'n waardebepaling van die inhoud te doen.

"Waar's die bokse?" hoor ek my pa se bekommerde stem.

"Het jy die bokse onthou?"

Ek staan skuldig op. Ten spyte van ons fyn beplanning het ek vergeet om die bokse te kry.

Waarin gaan ons die pakke note wegsteek vir my ma?

Wat gaan van ons word?

Wie gaan al my studieskuld betaal?

En - wat gaan ek aantrek na Gideona toe?

"Hier moet nog bokse wees." Ek staan op my tone om by te kom: heel bo in die liasseerkabinet is 'n groterige wit boks. Ek lig die kartondeksel op. Uit die hoek van my oog sien ek my dat my pa besig is om die note een vir een te merk met Natriumfluoroseen.

"Hoekom vat jy so lank? Netnou raak die geld deurmekaar. Hoe moet ek weet watter het ek gedokter?"

Met my handskoen hou ek die stokou papier teen die lig; die potlood is dof. Dan maak ek my oë toe en laat val die gedig wat heel bo in die boks gelê het.

Al was dit vir jare lank soek, ken ek die inhoud steeds uit my kop.



pappa

Die see. Die huis.

Ek het goud.

Ek het die son se goud gevat.

een twee drie die
trein het my dood
gery

# B. 'N FEMINISTIESE LESING VAN STOORNIS

## INLEIDING

In die bespreking wat volg, distansieer ek, N Bennett, my doelbewus as konkrete outeur van *Stoornis*. Die skrywer is dood, verkondig Roland Barthes, die voorste eksponent van die *Nouvelle Critique*, in 'n artikel, "La mort de l'auteur." Rice & Waugh (1992:114) beweer: "Writing is that neutral, composite, oblique space where our subject slips away, the negative where all identity is lost, starting with the very identity of the body writing." Dit is taal self wat spreek en nie meer die outeur nie; die teks se eenheid moet in sy bestemming eerder as sy oorsprong gesoek word. In die bestemming van die teks verskuif die klem dus na die leser. In die plek van die outeur kom daar slegs 'n skriptor ('scriptor') wat saam met die teks ontwikkel, en nie soos die outeur bokant die boek staan nie.

Met dié afstandname sal ek *Stoornis* posisioneer en bespreek binne die feministiese diskoers. Omdat die verhale dikwels uiteenlopend is, sal die feministiese aksente in die bespreking vra vir verskillende invalshoeke/'n kreatiewe benadering: teorie en kritiek sal wedersyds gegenereer en teruggeploeg word in die individuele tekste.
In die feministiese literatuur kan daar nie 'n formele onderskeid tussen teorie en kritiek getref word nie. Driver (1982:205) voer in hierdie verband aan dat "feminist literary criticism is a developing criticism, with a developing theoretical base, and must be approached as such." Volgens Schumacher (1975:30) is feministiese kritiek nie 'n reaktiewe wyse van lees bloot ter wille van literêre begrip nie, maar 'n aktiewe, interpreterende, bepaalde leesmodus wat op sigself betekenis genereer. Deur dié kritiese aktiwiteit word 'n bepaalde "concern for gender" geskep.

### B. 1. DIE BESOEKER

Op 'n onverklaarbare, mistiese wyse het die besittings wat Die Besoeker ingepak het toe hy besef het Marguerite is weg, in 'n esoteriese boekwinkel beland. Die ek-figuur reïnkarneer tot 'n man deur regressie (hipnose) haar vorige lewe in. Seksuele rolle tussen haar en haar verloofde, Jacques, ruil. By implikasie was Jacques dus Marguerite, en die ek-figuur Die Besoeker.

Die surrealistiese sfeer van die teks word omlyn as Leonore, bestuurder van die boekwinkel en "droomskrywer", haar metaforiese flits of "inner eye" aanskakel om die verhaal op te teken. In der waarheid kyk die ek-verteller oor Leonore se skouer: "Ek kan my voorstel hoe Leonore wakker word"

Sentraal in dié verhaal staan die polêre spanning tussen die manlike (Yang-) en die vroulike (Yin-) elemente in die ek-figuur se psige. Vergelyk: "In die kantoor kyk Mario hoe ek my arms om Jacques vou. En Jacques sy arms om my. Ons is 'n Yin en 'n Yang. Ineen." Volgens Jung sal 'n mens sin kon vind in sy bestaan indien hy/sy daarna strewe om tot die bereiking van 'n Self, en tot volledigheid/balans/eenheid te kom. In DIE BESOEKER word daar (binne 'n feministiese register) gestreef na bg. ideaal, nl. Androgeniteit, wat volgens Malan (1978:165-166) gesien word as die psigiese personifikasie wat die manlike en die vroulike psige bewustelik in balans hou. Met ander woorde, die karaktereienskappe van die manlike en vroulike geslag

word saamgevoeg sonder dat dit in mekaar opgeneem word. Die anima (die siel) verteenwoordig die vroulike aard in die man, en die animus (voortbrenger van menings) die manlike aard in die vrou.

Deur die ruil van seksuele rolle tussen die vroulike ek-figuur/die (manlike) Besoeker en Jacques/Marguerite oor twee leeftye, word die integrasie van die Yang/animus en Yin/anima geïmpliseer. Dít sou in Jungiaanse terme as die integrasie van die Self bekend staan, en binne die feministiese diskoers gelees kan word as 'n versoeningsaksie tussen die anima en die animus (die androgiene ideaal van die feminisme).

**B.2. DIE SLAGDING**

In die verhaal vind die titel, DIE SLAGDING, gestalte aan die hand van die volgende:

a) Die werklike slagding wat mevroudominee vir die feesgety in haar kisvrieskas bêre.
b) Die verhaal speel af oor Paasnaweek; die suggestie van Jesus Christus se kruisiging (die Lam wat geslag is vir ons sonde) word voor die gees geroep.
c) Willem Wittmakers is waarskynlik tydens bg. Paasnaweek (1998) vermoor ("geslag") voor sy lyk in 'n kisvrieskas gegooi is.
d) Wanda se *abortus provokatus* kan as 'n metaforiese slagting van die fetus gesien word.

Feministe word allerweë bestempel as voorstanders van aborsie. Volgens die Grondwet het die vrou nou die reg om oor haar eie liggaam te besluit (die fetus te termineer).

In dié teks word Wanda uitgebeeld as 'n naïewe jong meisie wat as gevolg van haar Calvinistiese opvoeding met skuldgevoelens sit as sy besef sy is swanger. Die ek-figuur pleeg 'n aborsie "namens haar" deur 'n aborsiepil in haar drankie te gooi. Hier word die offermotief (vergelyk "slagding") 'n simboliese protesaksie teen die man: die mag van die kerk en die oorlede predikant ("kerkvader") en patriarg, word ondermyn – ("Vreemd watter offers liefde van 'n mens kan eis).

Die swaartepunt van die feministiese denke sentreer rondom die destruksie van die penis (Van Rooyen 1991:79). Deur die pleeg van 'n aborsie word ook die fallogosentrisme gedekonstrueer. En deur dekonstruksie vind die ontmaskering van die man plaas; in die ek-figuur se gedagtes vra die oorlede predikant (se gesig in die raam) haar om mevroudominee 'n ongewenste swangerskap te spaar. Deur die blootlegging van sy skynheiligheid, en die "voltrekking" van die aborsie, word ook die inskripsies voor in die familiebybel (en die voortsetting van die stamboom) omdermyn.

Parallel met Wanda se aborsie (as "slagding") word die moord op Willem Wittmakers ('n man: "slagding") gestel. In lyn met die grusame moord op Wittmakers staan die kruisdood van Christus, wat teen die slot kan dui op die finale aftakeling van die man en van patriargalisme, of anders gestel: die ideëleer van die meerderwaardigheid van die man in terme van 'n gelykstelling met God (De Jong 1991:406)

**B.3. IMAGINE**

'n Man en 'n meisie rook dagga en drink wyn terwyl hulle bespiegel wat hulle sal doen as hy drie miljoen rand wen by die Carousel. Die man vra die meisie om te trou, en belowe om vir haar te sorg met dié geld wat hy "gewen" het. Die man en meisie glo later hulle het drie miljoen rand – (moontlik 'n delusie as gevolg van die dagga en wyn).

Die man vertel haar hoe hy die geld gaan "bestuur"; sy glo hom, en dring aan op die helfte – (een en 'n half miljoen rand); by implikasie dring sy daarop aan om *sy* gelyke te wees. Hy weier, en sy begin om hom te verwyt en te manipuleer. Die harde werklikheid van hul armoede word afgespeel teen 'n soetsappige Hallmark-kaartjie wat sy geskryf het. Die idilliese uitbeelding van die huwelik (kaartjie) en die man se chauvinistiese begeerte om in beheer van die geld te wees, word teen die slot op 'n makabere wyse gedekonstrueer as sy hom teen die klipmuur stamp (doodmaak).

**B.4. WAG OP DIE KONINGIN**

Die feministiese sfeer van dié verhaal kan gesien word teen die agtergrond van verskeie koninginne (m.a.w. "vroue met mag".) Ook word die matriargale voorop gestel met die ouma as hooffiguur – self 'n sterk feministiese figuur, al besef sy dit nie. Twee ander matriarge wat onderskei word, is koningin Elizabeth en die oupa-figuur se ma – vergelyk: "En ek vertel haar van die koningin, 'n arm ou vrou wat in 'n washuis gewerk het om haar nege kinders groot te maak. Haar man het haar in die steek gelaat, want hy het gaan delf op Last Hope."

Die ouma se identifikasie met koninginne vind uitdrukking in haar versoek aan haar kleindogter, die ek-figuur, om vir haar stories oor koninginne te vertel. Parallel hiermee kom die kleindogter op leuens aangaande die familie af, wat sy, tesame met haar sêgoed oor koninginne, bêre in 'n skoendoos. Die "waarheid" omtrent haar familie word gereduseer tot die inhoud van 'n skoendoos; (kan ook gesien word as die ondermyning van die patriargale tradisie).

Prinses Diana, vrou en een van die grootste ikone van die twintigste eeu, sterf. Die ouma se versoek aan die kleindogter om haar trourok aan te trek (metafories haar rol aan te neem), laat 'n leemte – haar oorlede oupa, met wie sy sterk identifiseer, kan nie (metafories) aan haar sy wees nie.

Dié leemte word egter gevul deur die kleindogter se minnares wat onverwags opdaag. Die ongewone lesbiese "huwelikstoneel" teen die slot is 'n finale afrekening met die stamboomtradisie – sy gaan nie trou nie en is " 'n nul op die familiekontrak." Soos in DIE SLAGDING word die voortsetting van die familietradisie (- patriargaal gesproke -) gedekonstrueer. Lesbianisme is die manifestasie van die uiterste of militantste vorm van feminisme. Brown (in Kramarae & Treichler 1985: 229) verstaan onder lesbianisme: "You forget the male power system and...you give women primacy in your life – emotionally, personally, politically."

**B. 5. BUS 7070**

Rita, 'n poshanteerder, raak verlief op 'n man, Anton, wat sy deur 'n oop poshokkie "ontmoet" het.

Onbewus van die feit dat Anton gestrem is, (hy is vasgekluister in 'n rolstoel), droom en fantaseer Rita oor 'n stereotipiese "held" van 'n man – sy neem baie liefdesverhale by die biblioteek uit, en herroep die smaak van die Black Magic-sjokolade wat Anton vir haar gegee het.

Die poshokkies en die twee groot hokke is metafories van haar eng ( en selfs gekoesterde) siening van die liefde. Vergelyk byvoorbeeld: "Haar enigste geheim is dat sy soms by winkels, wat tweedehandse trourokke verhuur, inglip en droomverlore die rokke aanpas." Ten spyte van haar gebrek, 'n rugprobleem, is sy geweldig naïef, maar vind ironies in die "hok" waar sy werk 'n beskermende omgewing. Haar bevangenheid en ónvryheid as mens (vrou) word duidelik teen die slot as sy "wegvlug" (soos 'n duif) van Anton se gestremdheid.

Haar siening van die man as "held" word só verpletter; dit is ironies (en tragies) dat man en vrou in hierdie verhaal mekaar nié kan vind en aanvul in hul onderskeie gebreke nie.

**B.6. AGTER DIE LIG**

Alle feministiese denke is daarop gerig om die magsmanipulasie (waaraan vroue onderwerp is) te dekonstrueer (Van Rooyen 1991:46). In dié verhaal kompeteer die ek-figuur met 'n gay-onderwyser om Pieter. Sy is 'n matriekleerling wat die onderwyser, meneer Smit, se gesag openlik in die klaskamer uitdaag. Sy is ook die inisiërende faktor agter die wraakaanval – (die gooi van die bom op die lapa.)

Dit word duidelik dat die onderwyser hatig staan teenoor die ek-figuur, en haar as die sg. **Ander** (vrou) beskou. Sy voel deurlopend bekermend teenoor Pieter, wat sy seksuele attensies vrees. Die onderwyser moet 'n les geleer word: die man as teiken staan sentraal in dié teks. Van Rooyen (1991:84) beweer: "As teenvoeter vir haar terleurstelling in die man, loods die vrou 'n protesaksie teen die man. Gevolglik demonstreer sy haar aggressie in die afwysing/wegwysing, verwerping of aftakeling van die man by wyse van vernedering, snedige opmerkings, sarkastiese uitlatinge, ironie, spot, seksuele koudheid of onbetrokkenheid, en so meer."

Deur doelbewus te konsentreer op die onderwyser se geslagtelikheid – waar sy magspunt setel – en hom só kwesbaar te maak: sy homoseksualiteit "aan te val" deur 'n bom op die lapa te gooi, verkry sy "mag" oor die onderwyser. Ná sy "Damaskus-ontmoeting" bekeer hy hom weg van seuns af, en tree sy as oorwinnaar uit die stryd om seksuele mag.

**B. 7. STAATSGREEP**

In dié teks ontmoet pa en dogter (die ek-figuur) as gelykes. Myns insiens impliseer laasgenoemde reeds 'n destruksie van die patriargale/die mag van die vader. Daar word ook na die pa-figuur verwys as "weerloos"; ook is hy "'n uiters gevaarlike dromer".

Voorts word die pa se rekenaar, Suzie, in vroulike terme geskets. Vergelyk ook: "Sy is sy kameraad, sy student, sy *meesteres*, soms, sy terapeut." (My kursivering). Ook die pampoen, wat die ek-figuur aan boere wil smous, word vervroulik. As "vrou" word hier egter 'n "super-pampoen" geïmpliseer: "sy" weeg honderd kilogram en leef nog steeds, ten spyte van die winterkoue!

Pa en dogter leef in hulle eie wêrelde. Dit word duidelik uit haar gesprek met Blanje dat sy haar verset teen die konvensionele siening dat 'n vrou se leefwêreld bestaan uit huishoudelike take en pligte waarin haar rol beperk word tot dié van moeder en huisvrou. In haar verset poog sy om in haar verbeelding te ontvlug van Blanje en haar moederskap (lg. se seuntjie en die verwysing na die vrou wat drie-en-twintig miskrame gehad het). Haar verset/ontvlugting wat gestalte vind in astrale projeksie, hou ook die moontlikheid in van 'n berig wat sy na Reuters stuur. "My vingers vlieg oor die sleutelbord – of skryf ek 'n storie?" impliseer dat dié berig óók storie kan word. Van Rooyen (1991:89) beweer: "Om binne die sfeer van haar menswees haarself in die teks te kan uitleef/uitskryf, of om haarself in 'n woordgestalte te projekteer, hou bevryding vir die vrou as skrywer en as leser in."

Die ek-figuur dikteer die berig aan die rekenaar, Suzie, (en haar pa wat dit tik). Sy aktiveer 'n onvoorsiene magspolitiek, en staan aan die einde van die verhaal verbaas oor die aktivisme wat hulle ontketen het. In der waarheid het sy generaal Johannes X "geskep" as hy na vore tree. Pa en dogter beland in 'n manlike milieu van mag, militêre ingrype, ens. Deur gestalte te kon gee aan 'n man (Johannes X) dekonstrueer sy implisiet patriargale samelewingskonvensies.

**B. 8. DIE MEESTER**

Aanvanklik is Emma 'n "goeie" vrou vir haar man – getrou, lojaal, ens. – maar 'n bleeksiel wat hom nie seksueel kan bevredig nie. Lg. kom neer op 'n stereotipe siening van die vrou, wat noodwendig weer aanleiding gee tot seksistiese vooroordele, byvoorbeeld dat 'n vrou haar man seksueel "móét" bevredig, anders gaan hy haar "verneuk". Die verhaal sinspeel op lg. chauvinistiese uitgangspunt, maar met die klemverskil: die vrou is in beheer.

Met die hulp van haar neef en Cyber Demon, 'n hacker op Internet se onderwêreld, word Emma telkens (op voyeuristiese wyse) voorsien van slagwoorde, wat sy nodig het om Johan en Michelle se liefdesbriewe aan mekaar te onderskep. Maar dié "kuber-voyeur", Cyber Demon, is aan Emma se kant en hul einddoel is dieselfde: Johan moet 'n les geleer word.

Emma word geteken as 'n hoogs intelligente vrou. (Sy het 'n "Pentium Pro se geheue"; sy lees saans *10000 IQ Puzzles* en sy slaag daarin om Johan se skryfstyl na te boots en te stuur in die rigting van 'n psigotiese denkwyse.) Die suggestie is dat sy die indruk by Michelle wil skep dat hy afstuur op totale deteriorasie – paranoïede skisofrenie.
Die mag van haar (vroulike) intelligensie word teenoor Johan se seksuele mag (die fallokratiese = Grieks **kratos** mag) gestel. Deur briewe aan Michelle te stuur onder sy naam, neem sy die rol van sy minnares oor en verkry so "mag" oor hom. Sy dryf Johan en Michelle uitmekaar, en troef hom op seksuele, intelektuele en psigiese vlak.

So "straf" sy hom nie net vir sy verhouding met Michelle nie, maar ook met al die ander vroue en prostitute.

**B.9. MAARTIN**

Maartin, voormalige recce wat aan post-traumatiese stressindroom ly, word in Denmar-kliniek behandel waar hy die ek-figuur ontmoet. Sy identifiseer onmiddellik met hom, 'n "bondgenoot", omdat sy self 'n 'n slagoffer en lyer van PTSS is.

Maartin word deurlopend met deernis geskets. Die ek-figuur voel beskermend teenoor hom: "Jy was baie weerloos, só in jou uniform" lees ironies in teenstelling met die tradisionele opvatting dat 'n soldaat "weerbaar" is. Vgl. ook: "Op 'n manier het ek beskermend teenoor jou gevoel – ek moes jou beskerm teen mense se ongevoeligheid, hulle emosionele wreedheid as jy vreesbevange platval in die eetsaal as 'n helikopter oor Denmar vlieg en ek jou bewend en met 'n nat broek onder die tafel uithelp. Lg. dui op die destruksie van die beeld van 'n soldaat: dapper, onverskrokke, sterk. Dit is ironies dat die vroulike ek-figuur 'n soldaat moet beskerm.

Maartin vertel haar dat hy nooit emosioneel toegerus was vir die oorlog nie – "ek kon nooit mense skiet nie", en dat hy verslaaf is aan kodeïen. Alhoewel hy gebeeld word met deernis, word hy (as man) steeds gedekonstrueer in die verhaal.

In die sekstoneel word sy metafories slagoffer as hy 'n orgasme bereik – haar "skiet", en sy "agtertoe val".

Ná Maartin se dood (aan 'n oordosis pille) beweeg die ek-figuur oor na lesbiese verhoudings, maar altyd "sonder penetrasie". Die afwesigheid van 'n penis, of fallus, word gesuggereer. By implikasie verskuif die klem na die rudimentêre penis, of klitoris by die vrou. Vergelyk in hierdie verband: "Binne 'n enigsins radikale feministiese denkraam beskou, word die pen (ars poëtikale) hier deur die vrou in terme van haar klitoris (=penis) gestel." (Van Rooyen 1991:278). Dus: by die vrou gaan dit nie net om 'n poging om in beheer van die pen te wees nie, maar 'n doelbewuste aksie om in beheer van haar eie metaforiese penis te kom. Teen die einde van die verhaal "verbreek" die ek-figuur die "stilte" – (vgl. die Dürrenmatt-aanhaling) – deur sélf graffiti op die toiletdeur aan te bring. Deur te fokus op haar pen/rudimentêre pen(is), beweeg sy ook verder weg van die man deur lesbiese verhoudings aan te knoop. Binne Jungiaanse terme kan hier gepraat word van die skaduwee van die vagina wat metafoor vir die grafholte is en tegelykertyd **dood** aan die man gelykstel: "Nou lê jou ses voet lange lyf begrawe ses voet diep".

**B. 10. DONKERKAMER**

In stede van die "tradisionele" heteroseksuele, manlike reeksmoordenaar, is die hooffiguur (moordenaar en forensiese deskundige) homoseksueel. Nóg 'n "afwyking" van die "norm": die slagoffers is nie vroue nie, maar mans. Die seksuele mag in die teks is dus tussen (gay-) mans, wat óók 'n afwyking van die chauvinistiese "norm" is.

Soos reeds genoem, is die destruksie van die penis die spilpunt van feministiese denke. Dit is interessant om te noem dat 'n vrou nêrens in dié verhaal figureer nie. Die man word teiken en word geviktimiseer, maar dié slag nie deur 'n vrou nie. Dit is egter die skrywende hand van 'n vrou wat seëvier as sy in 'n (afwysende) manlike

diskoers inskryf: "Die skryf van 'n gay teks is ook 'n politieke daad, potensieel subvertief en bevrydend". (De Lange 1990:11) Dié verhaal wyk ook af van 'n tradisionele "vroulike" styl. In hierdie verband merk Higonnet (1986:69) op: "There are extant feminist approaches to language...One is a tough, hard language riddled with fierce evocations of power, exploitation, manipulation, and violence".

**B. 11. DIE GENERAAL EN DIE SIENER**

As karakter, is generaal Meyer 'n yslike feminis. Binne militêre geledere is dit uitsonderlik vir 'n vrou om die rang van generaal-majoor te hê: sy beskik dus oor baie (militêre) mag. Tog word daar implisiet gewys op die diskriminasie teen die vrou in die weermag: "...sy is Generaal-Majoor Gerda Meyer, hoof van personeelverhoudinge, vereer met elke denkbare medalje binne die SAW en SANW. (Behalwe die Honores Crux vir dapperheid – *maar laasgenoemde sou sy ook ontvang het as vroue destyds toegelaat was om die vyand in 'n kontaksituasie aan te durf.*" (My kursivering).

In stede van die "tradisionele cliché" waar die man in 'n magsposisie 'n verhouding met sy (ondergeskikte) sekretaresse aanknoop, is dit nou 'n vrou. Elmien, die sekretaresse, is mal oor generaals – by implikasie *mag* – al skinder die generalestaf dat sy nie mooi weet aan watter kant van die draad haar seksuele oriëntasie lê nie.

"Vir geen man sal sy die knie buig nie" dui daarop dat generaal Meyer bereid is om generaal Brandt, wat ook verlief is op Elmien, uit te daag: sy blameer hom (indirek) vir die media se nagatiewe reaksie op Operasie Boleas. Deur hom te verneder, herbevestig sy haar magsposisie as soldaat en ding hulle as gelykes mee om Elmien se guns. Die stryd tussen lesbiese en manlike, heteroseksuele liefde word hier, om Stander (1990:38) ietwat buite konteks aan te haal, "gepolitiseer...want die geslagstryd is immers 'n politieke stryd."

In die generaal se droom, dwing sy Elmien om haar mededinger in liefde, generaal Brandt, te skiet – op 'n aggressiewe, "falliese" wyse. ('n Geweer is 'n bekende falliese simbool.)

Ten slotte tree generaal Meyer as oorwinnaar uit die stryd. In hierdie verband is dit dalk gepas om Ryan (1988:94) by te haal wat stel: "A lesbian consciousness is...radically subversive because it strikes at the basis of androcentism...autoerotism and homosexuality are prime factors in women's liberation from phallocentric domination."

**B. 12. NAKENNIS**

Daar is rassespanning tussen mevrou Jones en 'n swanger, swart vrou. Uit selfsug wys mevrou Jones die vrou weg, wat later die nag geboorte skenk aan haar baba in 'n oop stuk veld. Moeder en baba sterf.

Mevrou Jones, wat as medium tydens Glasiespelery opgetree het, begin geheimsinnige "oproepe" kry – 'n baba se gehuil op haar antwoordmasjien, wat volgens Madam Rose die "astrale" gehuil van die oorlede baba is. Haar psigiater laat haar vir 'n onbepaalde tydperk sertifiseer in Weskoppies-hospitaal. Volgens die

psigiater is mevrou Jones se sielkundige aberrasie toe te skryf aan geïmpliseerde "white guilt": "Die baba se gehuil is net jou gewete".

Maar nòg Madam Rose nòg die psigiater nòg die man by Telkom kan die gehuil op die antwoordmasjien verklaar. Die mag van die gemarginaliseerde (swanger) swart vrou dring deur alle grense, ook dié van lewe en dood. Mevrou Jones, wat nooit die geleentheid gehad het om die "oproepe" te beantwoord nie/ terug te kommunikeer nie, beweeg a.g.v. geïmpliseerde post-Apartheid skuld finaal deur die laaste grense van die reële en delusionele as sy begin dwelms gebruik.

Die mag van die (swart) vrou as draer van lewe word in dié teks sentraal gestel. Volgens Evans (1983:356) is dit interessant om te noem dat sommige resente feminste daarvan oortuig is dat 'n vrou se sterkte in haar seksualiteit geleë is. Haar krag lê in haar vermoë tot voortplanting, waardeur sy in 'n magsposisie teenoor die man gestel word.

NAKENNIS, en die baba wat nie "dood" is nie, roep die gedig "Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga" voor die gees. President Nelson Mandela het in sy openingsrede van die parlement van die nuwe Suid-Afrika 24 Mei 1994 bg. gedig voorgelees. Sederdien het ook die swart feministe hulle beywer vir die regte van die vrou in Suid-Afrika.

**B. 13. DIE SMOKKELROETE**

"(Engela klee elke dag in duur katpakkies; sy skitter met 'n bybelse swygsaamheid (onderdanigheid?) aan Jeff se sy, want op die smokkelroete word daar nooit besigheid met vroue gedoen nie. Vroue is temperamenteel, en daarom 'n sekerheidsrisiko)" kan ongetwyfeld as 'n chauvinistiese siening geïnterpreteer word. Die smokkelroete, met sy mafia-konnotasies, is tradisioneel 'n manlike domein met sy misdaad en oneerlike transaksies.

Engela is die smokkelbaas, Jeff, se meisie. Jeff se chauvinisme blyk voorts uit die feit dat hy sy meisies "reduseer" tot die verstelbaarheid van 'n diamantring. "Sy draai haar gesig na die venster met die vuilgeel kantgordyn. Soos 'n bruid se sluier, dink sy hartseer. "En nou is die ring aan Engela se vinger"" suggereer dat sy nie gelukkig is met hul verhouding nie. Die sinloosheid van haar bestaan word metafories verbeeld deur ashope en rommelkuns (die dood).

Die "sekerheidsrisiko" waarvan vroeër melding gemaak is, lees ironies teen die feit dat Jeff bereid is dat Engela hom op band neem: inligting wat sy wil verwerk vir haar storie. Dit is duidelik dat Jeff die mag van die skrywende vrou onderskat. Van Rooyen (1991:83) beweer tereg: "Die man kan nie aanspraak maak op alleenreg en mag op die pen nie. In die feministiese literatuur neem die vrou die pen op, eien dit vir haarself toe sónder die man. Anders gestel: dit is 'n poging van die kant van die vrou om beheer oor die man te kry, om 'n magsverhouding in die teks tot stand te bring."

**B. 14. LêERS**

Die verhaal speel af in 'n sielsieke-hospitaal ('n saal vir vroue). Die versteurde psigiater, Karen, se paranoïede skisofrenie word metafories vergestalt deur haar

Corpus Liteum. Volgens Goldenson (1987:53) dui Corpus Liteum op 'n geel lewegewende liggaampie wat in die vrou se eierstok vorm, progesteroon en estrogeen vrystel, en as begeleiers van die bevrugte eiersel optree. "Red sails in the sunset het gespeel en ek was baie naar, maar ek word nooit seesiek nie" suggereer dat Karen swanger was. Lg. word bevestig deur die foto van haar dogtertjie in die slotreël.

Karen se *Corpus Liteum,* wat gepubliseer is in Weskoppies se bladjie, handel oor hoe sy wil sterf. Dié doodsfantasie word ook doodserotiek as die geliefde wat sy nooit ontmoet het nie, die ring van haar regtervinger afhaal en aan haar linkervinger steek. Die "huwelikstoneel" word voltrek as haar lyk in die see ingestoot word. Dit is interessant om daarop te let dat 'n skulp ook 'n simbool vir die vagina is. By implikasie is die ek-figuur bg. geliefde, want sy verwys na haar as 'n "virgin" – vergelyk ook die "sewe maagde". Die "maagdelikheid" van die ek-verteller word op sy beurt weer metafoor vir vertroue en normaliteit: ten spyte van haar paranoïa, vertrou Karen die ek-figuur en noem gereeld dat sy dit "Daar Buite" sal maak.

As psigiater en pasiënt manipuleer Karen haar dokters (en lêers), maar vind aan die einde metaforiese bevryding van haar "locker" en haar dogtertjie/Corpus Liteum as sy die foto aan die ek-figuur oorhandig. Só word die dogtertjie dan "vrygelaat" in die wêreld "Daar Buite".

**B. 15. MYNVELD**

Tertia en Louise se aandavontuur (met voorbedagte rade: bedmaats vir die nag) word ironies afgespeel teenoor Tertia se alkoholis-man wat impotent is en in Een Militêre Hospitaal lê. Sy impotensie impliseer reeds 'n afwesigheid van falliese mag.

In dié teks tree die vrou, en nie die man nie, as "jagter" op. Hulle is seksueel aggressief – vergelyk hulle kleredrag, en Tertia se woorde: "Hy's useless in die bed," waarop Louise dan antwoord: "Wanneer kry jy vir jou 'n skelm?" Hier is dus 'n definitiewe ondermyning van die seksistiese siening van die vrou as seksuele onderdaan van die man. Dit blyk ook duidelik dat Swannie bedreig voel deur Louise en Tertia se seksualiteit as hy vra: "Het jy en Louise 'n lesbiese verhouding aan die gang?"

Louise besef dat haar jong minnaar, Jean, 'n moederfiguur in haar soek, omdat hy, soos Tertia se man, seksueel disfunksioneel is. In hierdie verhaal word die man weer teiken omdat daar op sy geslagtelikheid, waar sy magspunt setel, gekonsentreer word. Deur die man op fallokratiese wyse te dekonstrueer, kry die vrou mag oor die man.

Ten slotte besef Louise dat Jean (metafories) haar oorlede seun "word" as sy besluit om hom deur die "mynveld" te kry. Die landmyne ('n verwysing na 'n militêre konteks/manlike domein) word hier metafoor vir die seksuele, sielkundige en emosionele verwonding wat die manlike karakters moes deurmaak. Die man was, soos die vrou, ook 'n slagoffer van die patriargale bestel (oorlog), wat in hierdie teks as gelykes deel in mekaar se verwonding.

**B. 16. STOORNIS**

In dié verhaal doen die ek-figuur weg met haar seksualiteit /vrugbaarheid deur haar te laat steriliseer. Lg. is 'n direkte reaksie op 'n gewelddadige verkragting in die hysbak, waarnaas sy 'n sielkundige ineenstorting kry (skisofrenie).

Haar verminkte seksualiteit en onvrugbaarheid word geprojekteer op haar kat, Maudie wat kleintjies kry. Die Burmese mannetjieskat byt die kleintjies dood, en die ek-figuur gryp 'n baksteen en slaan hóm dood. Die dood van die mannetjieskat kan as 'n geprojekteerde wraakaanval op die naamlose verkragter gesien word; selfs as 'n geprojekteerde "moord" op die man. Brink (1974:68) beweer: "Geboorte is die direkte resultaat van seksuele gemeenskap en dié klein dood is weer sowel uitdaging aan as bevestiging van die dood." Met die dood as metafoor vir gemis, leemte, (graf-)holte, hiaat word die wesenlike verlies liggaamlik, geestelik en emosioneel van die vrou op velerlei wyses in die teks gekonkretiseer. Die reeks leë of ongevulde ruimtes: die vaginale holte, baarmoeder en die onvervulde holte van die hart (metafories) is verteenwoordigend van beide die liggaamlike en geestes-emosionele "dood" by die ek-figuur. Sy besweer hierdie doodskaduwee deur sélf teks te word, deur haarself kreatief in die teks te vergestalt deur die titelname (die ontbrekende (woord in die blokkiesraaisel)): STOORNIS.

**B.17. VYF VROUE**

Die naamlose man/transvestiet/lyk in die openbare kleedkamer dien as katalisator vir vier vroue se onderskeie ervaringswêrelde. By implikasie is die androgene lyk die "vyfde vrou". Feminisme setel in die wanbalans tussen man en vrou. Die herstel van daardie wanbalans het dikwels te make met die wyse waarop die vrou die man sien. Hoe die man in die feministiese literatuur geteken word, verdien om hierdie rede aandag.

Die naamlose lyk word in sy status as man gereduseer tot dié van 'n vrou. Vergelyk byvoorbeeld: "Hy sou 'n perfekte vrou gewees het." As transvestiet het hy só sterk geïdentifiseer met 'n vrou dat hy tot tampons in sy handsak gedra het, op die toilet gesit het, ens.

Ten slotte word die man/transvestiet/lyk/"vyfde vrou" opgedra aan Christus. Volgens verskeie teksaanduidings is die vrou met die koms van Christus bevry – en deur die sametrekking van die karakters se ervarings en herinneringe in die gebed teen die einde, word hulle ook bevry van die impak van mans in hulle lewens. Die transvestiet tree dus op as katalisator in die bereiking van die androgiene ideaal.

**B. 18. BLOEDGELD**

Pa en dogter ontmoet as gelykes op kriminele vlak as hulle begin geld vervals. (Die pa-figuur is 'n "nerd"; die afleiding kan gemaak word dat die leser hier met dieselfde karakter te doen het as in STAATSGREEP.) Die vader, wat tradisioneel gesag en dissipline moet afdwing, word hier ondermyn. Ook identifiseer die ek-figuur sterk met haar pa: sy stuur vir hom 'n gedig uit Graaff-Reinet.

Deur as gelykes in die teks geskets te word, dekonstrueer die ek-figuur indirek baie patriargale samelewingskonvensies. Patriargaal kan ook as vaderregtelik omskryf

word: die meerderwaardigheid van die man in terme van 'n gelykstelling met God-die-Vader, en die vrou as onderdaan daaraan (De Jong 1991:406)

As dogtertjie speel die ek-figuur speletjies met Gideona wat dogtertjies tradisioneel "nie veronderstel is " om te speel nie: hulle stoei, rook, en plak patrone op die spoorlyn. Beide Gideona en die ek-figuur word op seunsagtige wyse geskets – m.i. het hulle eerder met manlike rolmodelle geïdentifiseer.

Die ek-figuur (as dogtertjie) mog net met die dominee, prokureur en dokter se kinders gespeel het. By implikasie was lg. die "gesiene" burgers van die dorp – almal mans. Deur met Gideona te speel, en 'n vloekrympie aan die pastoriepaar af te rammel, dekonstrueer sy die (patriargale) meesterkodes van haar opvoeding. In die slotgediggie aan haar pa sterf sy dan ook metafories die patriargale konvensies af as die trein haar doodry.

## SLOT

Die ongepubliseerde versameling verhale, *Stoornis*, is gelees, bespreek en geposisioneer binne die feministiese literêre diskoers.

Die voorkoms, aard en hantering, maar gevolglik ook die uitkoms van feminisme in die individuele tekste het onder die soeklig gekom.

Soos feminisme self, vertoon ook die feministiese literêre kritiek geen duidelike eenstemmigheid nie. In die bespreking van *Stoornis* het teoretiese beginsels 'n "ontmaskeringsfunksie" uitgevoer om die manlike gesagsordes (geslagsordes!) én mag te dekonstrueer. Hoe dan anders?

- "If human beings were not divided into two biological sexes, there would probably be no need for literature."

  - Barbara Johnson

# OPSOMMING

Hierdie studie het ten doel gehad om 'n versameling kortverhale te skep en te ondersoek uit 'n feministiese invalshoek.

In die agtien uiteenlopende verhale, getitel *STOORNIS*, figureer die vrou sentraal in diverse diskoerse en tematiese registers. Die aksent val onder andere op die rol van die esoterise (vergelyk NAKENNIS en DIE BESOEKER), die rol van die moderne tegnologie en rekenaars (DIE MEESTER en STAATSGREEP), die jukstaponering van misdaad: modus operandi en die kreatiewe muses ( BLOEDGELD en DIE SMOKKELROETE), die rol van die vrou in 'n militêre milieu (MYNVELD en DIE GENERAAL EN DIE SIENER), en die voorkoms van psigologiese aberrasie by die vrou (LêERS en STOORNIS). Ook val die soeklig op verskeie fasette van die vrou se seksuele identiteit, soos aborsie (DIE SLAGDING) en lesbianisme (WAG OP DIE KONINGIN).

In die feministiese bespreking van *STOORNIS* is daar nie 'n formele onderskeid tussen teorie en kritiek getref nie; teorie en kritiek is wedersyds gegenereer en teruggeploeg in die individuele tekste. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die swaartepunt van feminisme sentreer rondom die destruksie van die fallus: deur dekonstruksie word die man in die tekste op velerlei wyses "ontmasker".

Teoretiese feministiese begrippe, byvoorbeeld stereotipering, vooroordele, patriargalisme, seksisme, chauvinisme, fallogosentrisme en androsentrisme het dié "ontmaskeringsfunksie" uitgevoer.

Die studie het uitgewys dat daar deur die metaforiese destruksie van die fallus gepoog is om die magsmanipulasie van mans (waaraan vroue onderwerp is) te dekonstrueer, en só te streef na 'n versoeningsaksie tussen man en vrou, oftewel die androgiene ideaal van die feminisme.

## SUMMARY


The main purpose of this dissertation was to create a series of short stories based on a feminine point of view.

*STOORNIS*, a collection of eighteen widely diverse stories, concentrates on making women the focal point in a diverse discourse and thematic register.

The emphasis is placed on the role of esotericism (compare NAKENNIS and DIE BESOEKER), the influence of modern technology and computers (DIE MEESTER and STAATSGREEP), the juxtaposition of criminal modus operandi and the creative muses (BLOEDGELD and DIE SMOKKELROETE), the role of women in a military environment (MYNVELD and DIE GENERAAL EN DIE SIENER) as well as the occurrence of psychological aberration in women (LêERS and STOORNIS). Many facets of women's sexual identity, such as abortion (DIE SLAGDING) and lesbianism (WAG OP DIE KONINGIN), are scrutinized.

No formal distinction was made between theory and criticism in the feminist discussion of *STOORNIS.* Theory and criticism were mutually regenerated and applied in the individual texts. Based on an assumption, the main point of feminism centres around the destruction of the phallus: through decontruction, men in the texts are "unmasked" on many levels.

Theoretical feminist terms, such as stereotyping, prejudice, patriarchalism, sexism, chauvinism, phallocentrism and androcentrism were used to execute the "unmasking" process.

Through the use of metaphoric destruction of the phallus it was attemted to deconstruct the authorative manipulation of men (which women are succomb to) and to strive towards a reconciliation process between man and woman, in other words, the androgynous ideal of feminism.

# BRONNELYS

BRINK, A.P. 1974. Die kuns is aanstootlik. In: Literatuur in die strydperk. Kaapstad: Human & Rousseau. pp. 63-75.
DE JONG,M. 1991. Feminisme. In: Cloete, (red.). Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr. pp. 403-422. (Ongepubliseerde glossarium).
DE LANGE, J. 1990. Gay letterkunde in Afrikaans. Beeld, 22 Maart. p.11.
DRIVER, D. 1982. Feminist literary criticism. In Ryan, R. & Van Zyl, S. (reds.). An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg: Ad Donker. pp. 203-213.
EVANS, M. 1983. Simone de Beauvoir: dilemmas of a feminist radical. In: Spender, D. (red.). Feminist theorists. London: The Women's Press.
GOLDENSON, R. 1987. Sex A-Z. London: Bloomsbury Publishing Limited. p. 53.
HIGONNET, M. 1986. Speaking silences: women's suicide. In: Suleiman, S. R.(red.). The female body in Western culture: contemporary perspectives. Cambridge: Harvard University Press. pp. 68-83.
JONKER, I. 1994. Versamelde Werke. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 81.
KRAMARAE, C. & TREICHLER, P. A. 1985. A feminist dictionary. Boston: Pandora.
MALAN, C. 1978. Misterie van die alchemis: 'n inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus. Kaapstad: Academica.
RICE, P. & WAUGH, P. 1992. Modern Literary Theory. A reader. 2nd Edition. New York: Edward Arnold. p. 114.
RYAN, P. 1988. Subversive strategies: fictional alternatives by women writers. Journal of Literary Studies, vol. 4, nr. 1: pp. 86-103, Maart.
SCHUMACHER, D. 1975. Subjectivities: a theory of the critical process. In: Donovan, J. (red.). Feminist literary criticism: explorations in theory. Lexington: University Press of Kentucky. pp. 29-37.
STANDER, C. 1990. Knars van patriargale knaters. Die Suid-Afrikaan, nr. 27. pp. 37-38, Junie/Julie.
VAN EEDEN, J. 1998. Polisie in duister oor vrieskas-moord. Rapport, 19 April 1998. p.2.
VAN ROOYEN, G.C. 1991. Om te dwing tot versoen: 'n feministiese lesing van die poësie van Antjie Krog. DLitt. Pretoria: UP.